

# Kom nader aan Jehovah



Jesaja 40:11 sê van Jehovah God: “Hy sal soos ’n herder vir sy kudde sorg. Met sy arm sal hy die lammers bymekaarmaak en hulle teen sy bors dra.” Kyk na die lammetjie teen die herder se bors. Wil jy graag net so na aan jou hemelse Vader wees? Maar hoe kan jy nader aan Jehovah kom?

JW.ORG®

cl-AF
230829

# KOM NADER AAN JEHOVAH

Foto-erkennings: ▪ Bladsy 49: Courtesy of Anglo-Australian Observatory, photograph by David Malin ▪ Bladsy 174: U.S. Fish & Wildlife Service, Washington, D.C./Wyman Meinzer ▪ Bladsy 243: © J. Heidecker/VIREO

**Hierdie publikasie word nie verkoop nie. Dit word gebruik om mense regoor die wêreld oor die Bybel te leer. Hierdie werk word deur vrywillige donasies ondersteun.**

**Gaan asseblief na donate.jw.org as jy 'n donasie wil maak.**

Tensy anders aangedui, kom Bybelaanhalings uit die *Nuwe Wêreld-vertaling* van die Bybel.

*Kom nader aan Jehovah*
*Draw Close to Jehovah*
Druk van Augustus 2023

Afrikaans (*cl*-AF)

© 2002, 2014, 2023
WATCH TOWER BIBLE AND TRACT SOCIETY OF PENNSYLVANIA

Uitgewers
Printed by Watch Tower Bible and Tract Society of South Africa NPC
1 Robert Broom Drive East, Rangeview, Krugersdorp, 1739, R.S.A.

Made in the Republic of South Africa

***Liewe Leser***

*Voel jy na aan God? Vir baie klink dit eenvoudig onmoontlik. Party meen dat hy te ver van ons af is; ander voel heeltemal onwaardig. Maar die Bybel spoor ons liefdevol aan: "Kom nader aan God, en hy sal nader aan julle kom"* (*Jakobus 4:8*). *Hy verseker selfs sy aanbidders: "Ek, Jehovah jou God, gryp jou regterhand vas. Ek is die Een wat vir jou sê: 'Moenie bang wees nie. Ek sal jou help.' " – Jesaja 41:13.*

*Wat moet ons doen om so 'n hegte verhouding met God te verkry? Enige vriendskapsband wat ons smee, is gegrond op kennis van die persoon en bewondering en waardering vir sy unieke eienskappe. Dit is derhalwe noodsaaklik dat ons 'n studie maak van God se eienskappe en weë, soos dit in die Bybel geopenbaar word. As ons nadink oor hoe Jehovah elkeen van sy eienskappe openbaar, sien hoe Jesus Christus hulle volmaak weerspieël het en verstaan hoe ons hulle ook kan aankweek, sal dit ons nader aan God laat kom. Ons sal sien dat Jehovah die regmatige en volmaakte Soewerein van die heelal is. Wat meer is, hy is die Vader wat ons almal nodig het. Hy is sterk, regverdig, wys en liefdevol en verlaat nooit sy getroue kinders nie.*

*Mag hierdie boek jou help om steeds nader aan Jehovah God te kom, om 'n band met hom te smee wat nooit verbreek sal word nie, sodat jy hom vir ewig sal kan loof.*

***Die Uitgewers***

# Inhoud

**Hoofstuk**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | "Kyk! Dit is ons God!" | 7 |
| 2 | Kan jy werklik 'nader aan God kom'? | 16 |
| 3 | "Heilig, heilig, heilig is Jehovah" | 26 |

**DEEL 1 "Ontsaglike krag"**

| | | |
|---|---|---|
| 4 | "Jehovah . . . het groot krag" | 37 |
| 5 | Skeppingskrag – "Die Maker van hemel en aarde" | 47 |
| 6 | Vernietigingskrag – "Jehovah is 'n magtige vegter" | 57 |
| 7 | Beskermingskrag – "God is ons skuilplek" | 67 |
| 8 | Herstellingskrag – Jehovah "maak alles nuut" | 77 |
| 9 | 'Christus is die krag van God' | 87 |
| 10 | 'Word 'n navolger van God' in jou gebruik van mag | 97 |

**DEEL 2 "Jehovah is lief vir geregtigheid"**

| | | |
|---|---|---|
| 11 | "Al sy weë is geregtigheid" | 108 |
| 12 | "Is daar onregverdigheid by God?" | 118 |
| 13 | "Die wet van Jehovah is volmaak" | 128 |
| 14 | Jehovah voorsien "'n losprys in ruil vir baie" | 138 |
| 15 | Jesus 'vestig geregtigheid op die aarde' | 148 |

**Hoofstuk**


16 'Beoefen geregtigheid' terwyl jy met God wandel 158

**DEEL 3 "Wys van hart"**

17 "Hoe diep is God se . . . wysheid . . . tog!" 169

18 Wysheid in "die woord van God" 179

19 "God se wysheid, wat 'n heilige geheim is" 189

20 "Wys van hart" – En tog nederig 199

21 Jesus openbaar "God se wysheid" 209

22 Het "die wysheid van bo" 'n invloed op jou lewe? 219

**DEEL 4 "God is liefde"**

23 'Hy het ons eerste liefgehad' 231

24 Niks kan ons "skei van God se liefde" nie 240

25 "Die genade wat ons God so liefdevol betoon" 250

26 'n God wat 'vryelik vergewe' 260

27 "Hoe groot is sy goedheid tog!" 270

28 "U alleen is lojaal" 280

29 "Om die liefde van die Christus te ken" 290

30 "Hou aan om liefde te betoon" 300

31 'Kom nader aan God, en hy sal nader aan jou kom' 310



# "Kyk! Dit is ons God!"

KAN jy jou voorstel dat jy 'n gesprek met God voer? Die blote gedagte is ontsagwekkend – die Soewerein van die heelal praat met jou! Jy huiwer eers, maar dan kry jy darem 'n antwoord uit. Hy luister, hy antwoord en hy gee jou selfs die geleentheid om enige vraag te vra wat jy wil. Watter vraag sou jy dan vra?

2 Lank gelede was daar 'n man wat hom juis in so 'n posisie bevind het. Sy naam was Moses. Die vraag wat hy besluit het om God te vra, sal jou dalk verbaas. Hy het nie oor homself, sy toekoms of selfs die benarde toestand van die mensdom gevra nie. Nee, hy het gevra wat God se naam is. Jy vind dit miskien vreemd, want Moses het reeds geweet wat God se persoonlike naam is. Sy vraag moes dus 'n dieper betekenis gehad het. Dit was in werklikheid die betekenisvolste vraag wat Moses kon gevra het. Die antwoord raak ons almal. Dit kan jou help om iets noodsaakliks te doen sodat jy nader aan God kan kom. Hoe so? Kom ons kyk na daardie merkwaardige gesprek.

3 Moses was 80 jaar oud. Hy het vier dekades lank as 'n vreemdeling gewoon in 'n land ver van sy volk, die Israeliete, wat slawe in Egipte was. Eendag, terwyl hy sy skoonpa se kleinvee opgepas het, het hy 'n vreemde verskynsel gesien. 'n Doringbos was aan die brand, maar dit is nie verteer nie. Dit het net aanhou brand en soos 'n ligbaken teen die berghang geskyn. Moses het nader gegaan om ondersoek in te stel. Hoe moes hy tog nie geskrik het toe

---

1, 2. (a) Watter vrae sou jy God graag wou vra? (b) Wat het Moses God gevra?

3, 4. Watter gebeure het tot Moses se gesprek met God gelei, en wat was die kern van dié gesprek?

’n stem vanuit die vuur met hom praat nie! Deur middel van ’n engel as woordvoerder het God en Moses toe ’n lang gesprek gevoer. En soos jy miskien weet, het God daar aan ’n huiwerige Moses die opdrag gegee om sy rustige lewe agter te laat en na Egipte terug te keer om die Israeliete uit slawerny te verlos. – Eksodus 3:1-12.

4 Moses kon God enige vraag gevra het. Maar let op watter vraag hy besluit het om wel te vra: “Sê nou ek gaan na die Israeliete en sê vir hulle: ‘Die God van julle voorvaders het my na julle toe gestuur,’ en hulle vra my: ‘Wat is sy naam?’ Wat moet ek vir hulle sê?” – Eksodus 3:13.

5 Daardie vraag leer ons eerstens dat God ’n naam het. Ons moenie hierdie eenvoudige waarheid as vanselfsprekend aanneem nie. Tog doen baie dit. God se persoonlike naam is uit tallose Bybelvertalings verwyder en vervang met titels, soos “Here” en “God”. Dit is een van die betreurenswaardigste en laakbaarste dinge wat in die naam van godsdiens gedoen is. Wat is immers die eerste ding wat jy doen wanneer jy iemand ontmoet? Vra jy nie wat sy naam is nie? Dit geld ook as ’n mens God wil leer ken. Hy is nie ’n naamlose, afsydige wese wat nie geken of verstaan kan word nie. Hoewel hy onsigbaar is, is hy ’n regte Persoon, en hy het ’n naam – Jehovah.

6 En wanneer God sy persoonlike naam openbaar, lê daar iets wonderliks en opwindends voor. Hy nooi ons om hom te leer ken. Hy wil hê dat ons die allerbeste keuse in die lewe moet maak – om nader aan hom te kom. Maar Jehovah het ons nie net vertel wat sy naam is nie. Hy het ons ook geleer omtrent die Persoon wat deur hierdie naam verteenwoordig word.

---

5, 6. (a) Watter eenvoudige, lewensbelangrike waarheid leer Moses se vraag ons? (b) Watter laakbare ding is met God se persoonlike naam gedoen? (c) Waarom is dit so betekenisvol dat God sy naam aan die mensdom geopenbaar het?

## Die betekenis van God se naam

7 Jehovah het sy naam self gekies, 'n naam ryk aan betekenis. Daar word gemeen dat "Jehovah" beteken: "Hy laat word." Hy is uniek in die ganse heelal, want hy het alles geskep. Hy laat ook al sy voornemens 'n werklikheid word, en hy kan selfs sy onvolmaakte menseknegte laat word wat hy ook al wil. Dit is ontsagwekkende gedagtes. Maar is daar nog iets betrokke by die betekenis van God se naam? Moses wou blykbaar meer weet. Die feit is, hy het geweet dat Jehovah die Skepper is, en hy het geweet wat God se naam is. Die goddelike naam was nie nuut nie. Mense het dit al eeue lank gebruik. Toe Moses gevra het wat God se naam is, wou hy eintlik meer weet van *die Persoon wat deur die naam verteenwoordig word.* Hy het in werklikheid gesê: 'Wat kan ek u volk Israel van u vertel wat hulle geloof in u sal versterk, wat hulle sal oortuig dat u hulle werklik sal verlos?'

8 In antwoord hierop het Jehovah 'n opwindende aspek van sy persoonlikheid geopenbaar, iets wat met die betekenis van sy naam verband hou. Hy het vir Moses gesê: "Ek sal word wat ek besluit om te word" (Eksodus 3:14). Baie Bybelvertalings sê hier: "Ek is wat ek is." Maar noukeurige weergawes toon dat God nie bloot bevestig het dat hy bestaan nie. Jehovah het eerder vir Moses – en by uitbreiding vir ons almal – geleer dat Hy sou "besluit om te word" wat ook al nodig is om Sy beloftes te vervul. J. B. Rotherham se vertaling gee hierdie vers baie raak weer en sê: "Ek sal word wat ek ook al wil." 'n Kenner van Bybelse Hebreeus verklaar die frase soos volg: "Wat ook al die situasie of behoefte . . . , God sal die oplossing vir daardie behoefte 'word'."

---

7. (a) Wat word daar gemeen dat God se persoonlike naam beteken? (b) Wat wou Moses eintlik weet toe hy God gevra het wat Sy naam is?
8, 9. (a) Hoe het Jehovah Moses se vraag beantwoord, en wat is fout met die manier waarop Sy antwoord dikwels vertaal word? (b) Wat beteken die woorde: "Ek sal word wat ek besluit om te word"?

9 Wat het dit vir die Israeliete beteken? Ongeag watter struikelblok hulle teëkom, ongeag hoe moeilik die situasie waarin hulle hulle bevind, Jehovah sou word wat ook al nodig is om hulle uit slawerny te bevry en hulle in die Beloofde Land in te bring. Daardie naam het ongetwyfeld vertroue in God by hulle ingeboesem. Dit kan vandag ook dieselfde vir ons doen (Psalm 9:10). Hoe so?

10 Ter toeligting: Ouers weet hoe veelsydig en aanpasbaar hulle moet wees in die versorging van hulle kinders. In die loop van een dag is dit dalk nodig vir 'n ouer om op te tree as 'n verpleegster, 'n kok, 'n onderwyser, 'n dissiplineerder, 'n regter en nog baie meer. Baie voel oorweldig deur die groot verskeidenheid rolle wat hulle moet vervul. Hulle meld die feit dat hulle kinders absolute vertroue in hulle stel en nooit daaraan twyfel dat Pappie of Mammie die pyn kan verlig, alle geskille kan besleg, 'n stukkende speelding kan regmaak en enige vraag kan beantwoord wat weens hulle onversadigbare weetgierigheid by hulle opkom nie. Party ouers voel onwaardig en soms gefrustreerd weens hulle eie beperkings. Hulle voel hopeloos onbekwaam om baie van hierdie rolle te vervul.

11 Jehovah is ook 'n liefdevolle ouer. Maar in die raamwerk van sy volmaakte standaarde is daar *niks* wat hy nie kan word om op die beste manier moontlik vir sy aardse kinders te sorg nie. Sy naam, Jehovah, spoor ons dus aan om aan hom te dink as die beste Vader wat ons ons kan voorstel (Jakobus 1:17). Moses en al die ander getroue Israeliete het gou geleer dat Jehovah getrou bly aan sy naam. Hulle het met ontsag toegekyk hoe hy homself 'n onoorwinlike Militêre Bevelvoerder laat word het, asook die Meester van al die elemente, 'n weergalose Wetgewer, Regter, Argitek, Voorsiener van kos en water en die Een wat

---

10, 11. Hoe word ons deur Jehovah se naam aangespoor om aan hom te dink as die veelsydigste en beste Vader wat ons ons kan voorstel? Lig toe.

toegesien het dat hulle klere en skoene nie verslyt nie – en nog meer.

12 So het God sy persoonlike naam bekend gemaak, opwindende dinge geopenbaar oor die Persoon wat deur hierdie naam verteenwoordig word en selfs getoon dat wat hy oor homself sê, waar is. Dit ly geen twyfel dat God wil hê dat ons hom moet ken nie. Hoe reageer ons hierop? Moses wou God ken. Daardie intense begeerte het Moses se hele lewe beïnvloed en hom baie na aan sy hemelse Vader laat kom (Numeri 12:6-8; Hebreërs 11:27). Ongelukkig het min van Moses se tydgenote dieselfde begeerte gehad. Toe Moses Jehovah se naam voor Farao gemeld het, het daardie trotse Egiptiese koning geantwoord: "Wie is Jehovah?" (Eksodus 5:2). Farao wou nie meer van Jehovah leer nie. Hy het die God van Israel eerder met 'n siniese houding as onbelangrik verwerp. Daardie gesindheid is vandag baie algemeen. Dit verblind mense vir een van die allerbelangrikste waarhede – Jehovah is die Soewereine Heer.

## Die Soewereine Heer Jehovah

13 Jehovah is so veelsydig, so aanpasbaar, dat hy tereg 'n groot verskeidenheid titels in die Skrif het. Hulle is nie van groter belang as sy persoonlike naam nie; hulle leer ons eerder meer oor wat sy naam verteenwoordig. Hy word byvoorbeeld die "Soewereine Heer Jehovah" genoem (2 Samuel 7:22). Daardie verhewe titel, wat honderde kere in die Bybel voorkom, vertel ons wat Jehovah se posisie is. Hy alleen het die reg om die Heerser van die ganse heelal te wees. Kyk bietjie waarom.

14 Jehovah is uniek as die Skepper. Openbaring 4:11 sê: "U is waardig, Jehovah ons God, om die heerlikheid en die

---

12. Hoe het Farao se gesindheid teenoor Jehovah van Moses s'n verskil?

13, 14. (a) Waarom word Jehovah baie titels in die Bybel gegee, en wat is party daarvan? (Sien venster op bladsy 14.) (b) Waarom is Jehovah alleen daarop geregtig om die "Soewereine Heer" genoem te word?

eer en die krag te ontvang, want u het alles geskep, en deur u wil bestaan hulle en is hulle geskep." Hierdie treffende woorde kan op geen ander wese van toepassing wees nie. Alles in die heelal het hulle bestaan aan Jehovah te danke! Jehovah is ongetwyfeld die eer, krag en heerlikheid waardig wat die Soewereine Heer en Skepper van alles toekom.

15 Nog 'n titel wat uitsluitlik op Jehovah toegepas word, is "Koning van die ewigheid" (1 Timoteus 1:17; Openbaring 15:3). Wat beteken dit? Dit is moeilik vir ons beperkte verstand om dit te verstaan, maar Jehovah is ewig in albei rigtings – die verlede en die toekoms. Psalm 90:2 sê: "Van ewigheid tot ewigheid is u God." Jehovah het dus nooit 'n begin gehad nie; hy het altyd bestaan. Hy word tereg "die Oue van Dae" genoem – hy het vir 'n ewigheid bestaan voordat enige iemand of enige iets in die heelal in aansyn gekom het! (Daniël 7:9, 13, 22). Wie kan sy reg om die Soewereine Heer te wees, met rede bevraagteken?

16 Tog bevraagteken party wel daardie reg, soos Farao gedoen het. Die probleem is deels dat onvolmaakte mense te veel waarde heg aan wat hulle met hulle oë kan sien. Ons kan die Soewereine Heer nie sien nie. Hy is 'n gees, onsigbaar vir mense-oë (Johannes 4:24). Boonop sou dit vir 'n mens van vlees en bloed noodlottige gevolge hê as hy in die onmiddellike teenwoordigheid van Jehovah God sou staan. Jehovah het self vir Moses gesê: "Jy kan nie my gesig sien nie, want geen mens kan my sien en lewe nie." – Eksodus 33:20; Johannes 1:18.

17 Dit behoort ons nie te verbaas nie. Moses het Jehovah se heerlikheid net gedeeltelik gesien, blykbaar deur 'n engel as verteenwoordiger. Wat was die gevolg? Moses se gesig het daarna nog 'n ruk lank 'lig uitgestraal'. Die Is-

---

15. Waarom word Jehovah "Koning van die ewigheid" genoem?
16, 17. (a) Waarom kan ons Jehovah nie sien nie, en waarom moet dit ons nie verbaas nie? (b) In watter sin is Jehovah werkliker as enige iets wat ons kan sien of waaraan ons kan raak?

raeliete was selfs bang om direk na Moses se gesig te kyk (Eksodus 33:21-23; 34:5-7, 29, 30). Geen blote mens kan dus ooit na die Soewereine Heer self in al sy heerlikheid kyk nie! Beteken dit dat hy nie so werklik is soos die dinge wat ons kan sien en waaraan ons kan raak nie? Nee, ons aanvaar geredelik die bestaan van baie dinge wat ons nie kan sien nie – byvoorbeeld die wind, radiogolwe en gedagtes. Jehovah bestaan boonop vir ewig en word nie deur die verloop van tyd, selfs duisendmiljoene jare, geraak nie! In daardie sin is hy baie werkliker as enige iets waaraan ons kan raak of wat ons kan sien, want fisiese dinge word oud en vergaan (Matteus 6:19). Maar moet ons aan hom dink as bloot 'n abstrakte, onpersoonlike krag of 'n vae Eerste Oorsaak? Kom ons kyk.

## 'n God met 'n persoonlikheid

18 Hoewel ons God nie kan sien nie, is daar opwindende dele in die Bybel wat ons 'n kykie in die hemel gee. Die eerste hoofstuk van Esegiël is een voorbeeld. Esegiël is 'n visioen gegee van die hemelse deel van Jehovah se universele organisasie, wat hy as 'n groot hemelse strydwa gesien het. Die beskrywing van die magtige geesskepsele by Jehovah is besonder indrukwekkend (Esegiël 1:4-10). Hierdie "lewende wesens" verkeer in noue omgang met Jehovah, en hulle voorkoms vertel ons iets belangriks omtrent die God wat hulle dien. Elkeen het vier gesigte – dié van 'n bul, 'n leeu, 'n arend en 'n mens. Dit stel klaarblyklik die vier eienskappe van Jehovah voor wat die grondslag van sy ontsagwekkende persoonlikheid vorm. – Openbaring 4:6-8, 10.

19 In die Bybel beeld 'n bul dikwels krag af, en dit is gepas, want 'n bul is 'n baie sterk dier. 'n Leeu daarenteen stel dikwels geregtigheid voor, want ware geregtigheid verg moed,

---

18. Watter visioen is Esegiël gegee, en wat stel die vier gesigte van die "lewende wesens" by Jehovah voor?
19. Watter eienskap word voorgestel deur (a) die bul se gesig? (b) die leeu se gesig? (c) die arend se gesig? (d) die mens se gesig?

### Party van Jehovah se titels

**Almagtige.** Sy krag is onbeperk, onstuitbaar. – Openbaring 15:3.

**Vader.** As die Bron van alle lewe, met inbegrip van ewige lewe, het hy vaderlike liefde vir sy knegte. – Spreuke 27:11; Johannes 5:21.

**Groot Onderrigter.** Hy is die alwyse Onderrigter, tot wie ons ons moet wend vir onderrigting en leiding. – Jesaja 30:20; 48:17.

**Die Rots.** Hy is onveranderlik en dus 'n veilige toevlug. – Deuteronomium 32:4.

**Herder.** Hy lei en beskerm sy skaapgeaarde knegte en sorg dat hulle geestelik gevoed word. – Psalm 23:1.

'n eienskap waarvoor leeus bekend is. Arende is bekend vir hulle skerp gesigsvermoë, want hulle kan selfs baie klein voorwerpe kilometers ver sien. Die arend se gesig sou dus 'n gepaste voorstelling van God se versiende wysheid wees. En die mens se gesig? Wel, die mens, wat na God se beeld gemaak is, is uniek daarin dat hy God se oorheersende eienskap – liefde – kan weerspieël (Genesis 1:26). Hierdie fasette van Jehovah se persoonlikheid – krag, geregtigheid, wysheid en liefde – kom so dikwels in die Skrif na vore dat dit God se hoofeienskappe genoem kan word.

[20] Is dit vir ons nodig om te wonder of God dalk verander het in die duisende jare sedert hy in die Bybel beskryf is? Nee, God se persoonlikheid verander nie. Hy sê vir ons: "Ek is Jehovah, en ek verander nie" (Maleagi 3:6). Jehovah verander nie na willekeur nie, maar bewys eerder dat hy die volmaakte Vader is deur die manier waarop hy op elke situasie reageer. Hy openbaar die mees gepaste aspekte van sy persoonlikheid. Liefde is die vernaamste van al God se eienskappe. Dit kan gesien word in alles wat God doen. Hy oefen sy krag, geregtigheid en wysheid op 'n liefdevolle ma-

---

20. Moet ons ons bekommer dat Jehovah se persoonlikheid dalk verander het, en waarom sê jy so?

nier uit. Trouens, die Bybel sê iets buitengewoons omtrent God en hierdie eienskap. Dit sê: "God is liefde" (1 Johannes 4:8). Let op dat dit nie sê dat God liefde *het* of dat God *liefdevol* is nie. Nee, dit sê God *is* liefde. Liefde, die kern van sy hele wese, is die dryfkrag van alles wat hy doen.

## "Kyk! Dit is ons God!"

21 Het jy al 'n kindjie gesien wat vir sy maatjies wys wie sy pa is en dan met kinderlike vreugde en trots sê: "Dis my pappie daardie"? God se aanbidders het alle rede om net so oor Jehovah te voel. Die Bybel voorspel 'n tyd wanneer getroue mense sal uitroep: "Kyk! Dit is ons God!" (Jesaja 25:8, 9). Hoe beter jy Jehovah se eienskappe verstaan, hoe meer sal jy voel dat jy die beste Vader het wat 'n mens jou kan voorstel.

22 Hierdie Vader is nie ongevoelig of afsydig nie – ongeag wat sommige godsdiensyweraars en filosowe mense geleer het. Ons sou nouliks aangetrokke voel tot 'n ongevoelige God, en die Bybel beeld ons hemelse Vader nie só uit nie. Inteendeel, dit noem hom "die gelukkige God" (1 Timoteus 1:11). Hy het sterk asook teer gevoelens. Hy het "hartseer" gevoel toe sy intelligente skepsele op 'n stadium die riglyne oortree het wat hy vir hulle welsyn voorsien het (Genesis 6:6; Psalm 78:41). Maar wanneer ons verstandig optree volgens sy Woord, 'maak ons sy hart bly'. – Spreuke 27:11.

23 Ons Vader wil hê dat ons na aan hom moet wees. Sy Woord spoor ons aan om "ernstig [te] soek en hom werklik [te] vind, want hy is eintlik nie ver van elkeen van ons af nie" (Handelinge 17:27). Maar hoe is dit vir blote mense moontlik om nader aan die Soewereine Heer van die heelal te kom?

---

21. Hoe sal ons voel namate ons Jehovah se eienskappe beter leer ken?
22, 23. Hoe beeld die Bybel ons hemelse Vader uit, en hoe weet ons dat hy wil hê dat ons na aan hom moet wees?

# Kan jy werklik 'nader aan God kom'?

HOE sal jy voel as die Skepper van hemel en aarde van jou sê: "Dit is my vriend"? Vir baie mense klink dit dalk vergesog. Hoe kan 'n blote mens ooit 'n vriendskap met Jehovah God aanknoop? En tog verseker die Bybel ons dat ons werklik na aan God kan wees.

2 Abraham van die ou tyd het so 'n hegte verhouding met hom geniet. Jehovah het daardie aartsvader "my vriend" genoem (Jesaja 41:8). Ja, Jehovah het Abraham as 'n persoonlike vriend beskou. Abraham kon daardie hegte verhouding geniet omdat hy 'geloof in Jehovah gestel het' (Jakobus 2:23). Jehovah soek ook vandag na geleenthede om 'n hegte vriendskap op te bou met dié wat hom dien en om "sy liefde [te] betoon" aan hulle (Deuteronomium 10:15). Sy Woord spoor ons aan: "Kom nader aan God, en hy sal nader aan julle kom" (Jakobus 4:8). Hierdie woorde bevat 'n uitnodiging sowel as 'n belofte.

3 Jehovah nooi ons om nader aan hom te kom. Hy is gereed en gewillig om ons as vriende te aanvaar. En as ons stappe doen om nader aan hom te kom, beloof hy dat hy dieselfde sal doen. Hy sal nader aan ons kom. So kan ons iets waarlik kosbaars verkry – "hegte vriendskap met Jehovah" (Psalm 25:14). "Hegte vriendskap" dra die gedagte oor van vertroulike gesprekke met 'n spesiale vriend.

4 Het jy 'n hegte vriend wat jy in jou vertroue kan neem?

---

1, 2. (a) Wat klink dalk vir baie mense vergesog, maar waarvan verseker die Bybel ons? (b) Watter hegte verhouding kon Abraham geniet, en waarom?

3. Watter uitnodiging rig Jehovah aan ons, en watter belofte hou daarmee verband?

4. Hoe sou jy 'n hegte vriend beskryf, en in watter opsig is Jehovah so 'n vriend vir dié wat nader aan hom kom?

So 'n vriend is iemand wat vir jou omgee. Jy vertrou hom, want hy het sy lojaliteit bewys. Wanneer jy jou vreugdes met hom deel, verskaf dit jou selfs groter genot. Sy simpatieke oor verlig die las van jou leed. Al lyk dit of niemand anders jou verstaan nie, verstaan hy jou. Wanneer jy nader aan God kom, verkry jy eweneens 'n spesiale Vriend wat jou werklik waardeer, baie vir jou omgee en jou ten volle verstaan (Psalm 103:14; 1 Petrus 5:7). Jy vertrou hom met jou diepste gevoelens, want jy weet dat hy lojaal is aan diegene wat aan hom lojaal is (Psalm 18:25). Maar ons kan hierdie voorreg van vriendskap met God slegs geniet omdat hy dit moontlik gemaak het.

## Jehovah het die weg berei

5 Sonder hulp sou ons as sondaars nooit na aan God kon wees nie (Psalm 5:4). "Maar God toon sy eie liefde vir ons deurdat Christus vir ons gesterf het terwyl ons nog sondaars was", het die apostel Paulus geskryf (Romeine 5:8). Ja, Jehovah het gereël dat Jesus "sy lewe . . . gee as 'n losprys in ruil vir baie" (Matteus 20:28). Ons geloof in daardie losprysoffer stel ons in staat om na aan God te wees. Aangesien God "ons eerste liefgehad het", het hy die grondslag gelê sodat ons 'n vriendskap met hom kan aanknoop. – 1 Johannes 4:19.

6 Jehovah het nog iets gedoen: Hy het hom aan ons geopenbaar. In enige vriendskap berus gehegtheid op 'n deeglike kennis van die persoon en waardering vir sy eienskappe en handelswyse. As Jehovah dan 'n verborge, onkenbare God was, sou ons nooit na aan hom kon wees nie. Maar hy verberg hom nie; inteendeel, hy wil hê dat ons hom moet ken (Jesaja 45:19). Boonop is die dinge wat hy omtrent homself openbaar, aan almal beskikbaar,

---

5. Wat het Jehovah gedoen om dit vir ons moontlik te maak om na aan hom te wees?
6, 7. (a) Hoe weet ons dat Jehovah nie 'n verborge, onkenbare God is nie? (b) Op watter maniere het Jehovah hom geopenbaar?

selfs aan dié van ons wat volgens die wêreld se standaarde gering geag word. – Matteus 11:25.

7 Hoe het Jehovah hom aan ons geopenbaar? Sy skeppingswerke maak sekere aspekte van sy persoonlikheid bekend – sy ontsaglike krag, sy omvattende wysheid, sy oorvloedige liefde (Romeine 1:20). Maar Jehovah openbaar hom nie net deur sy skeppingswerke nie. Omdat hy nog altyd die Groot Kommunikeerder was, het hy ’n geskrewe openbaring van homself in sy Woord, die Bybel, voorsien.

## Hoe Jehovah hom in sy Woord openbaar

8 Die Bybel is op sigself ’n bewys van Jehovah se liefde vir ons. In sy Woord openbaar hy hom op maniere wat ons kan verstaan – ’n bewys dat hy ons nie net liefhet nie, maar ook wil hê dat ons hom moet ken en liefhê. Wat ons in hierdie kosbare boek lees, stel ons in staat om nader aan hom te kom (Psalm 1:1-3). Kom ons bespreek ’n paar van die treffende maniere waarop Jehovah hom in sy Woord openbaar.

9 Die Skrif bevat talle direkte verklarings wat God se eienskappe identifiseer. Let op ’n paar voorbeelde. “Jehovah is lief vir geregtigheid” (Psalm 37:28). God se “mag is groot” (Job 37:23). “‘Ek is lojaal,’ sê Jehovah” (Jeremia 3:12). “Hy is baie wys” (Job 9:4). Hy is “’n God wat genadig is en medelye betoon, wat nie gou kwaad word nie en vol lojale liefde en waarheid is” (Eksodus 34:6). “U, o Jehovah, is goed en vergewe vryelik” (Psalm 86:5). En soos in die vorige hoofstuk gemeld is, is een eienskap oorheersend: “God is liefde” (1 Johannes 4:8). Voel jy nie aangetrokke

---

8. Waarom kan daar gesê word dat die Bybel op sigself ’n bewys van Jehovah se liefde vir ons is?

9. Wat is ’n paar direkte verklarings in die Bybel wat God se eienskappe identifiseer?



*Die Bybel help ons om nader aan Jehovah te kom*

tot hierdie weergalose God as jy oor hierdie lieflike eienskappe nadink nie?

10 Jehovah het nie net vir ons vertel wat sy eienskappe is nie, maar hy het ook liefdevol in sy Woord spesifieke voorbeelde ingesluit van hoe hierdie eienskappe geopenbaar is. Hierdie verslae skep duidelike beelde wat ons help om die verskillende fasette van sy persoonlikheid beter te verstaan. En dit help ons om nader aan hom te kom. Beskou ’n voorbeeld.

11 Dit is een ding om te lees dat God “ontsaglike krag” het (Jesaja 40:26). Dit is iets heeltemal anders om te lees hoe hy Israel bevry en deur die Rooisee gelei het en die nasie toe 40 jaar in die wildernis onderhou het. Jy kan jou voorstel hoe die bruisende waters verdeel. Jy kan sien hoe die nasie – moontlik altesaam 3 000 000 – oor die droë seebodem loop terwyl die gestolde waters soos hoë mure weerskante van hulle staan (Eksodus 14:21; 15:8). Jy kan die bewys van God se beskermende sorg in die wildernis sien. Water het uit ’n rots gevloei. Kos, wat soos wit saad lyk, het op die grond verskyn (Eksodus 16:31; Numeri 20:11). Jehovah openbaar hier dat hy nie net krag het nie, maar dat hy dit ten behoewe van sy volk aanwend. Hoe gerusstellend is dit tog om te weet dat ons gebede opgaan na ’n magtige God wat “ons skuilplek en sterkte [is], ’n hulp wat maklik gevind kan word in moeilike tye”! – Psalm 46:1.

---

10, 11. (a) Wat het Jehovah in sy Woord ingesluit sodat ons sy persoonlikheid beter kan verstaan? (b) Watter Bybelse voorbeeld help ons om ons die uitwerking van God se krag voor te stel?

12 Jehovah, wat ’n Gees is, het nog meer gedoen om ons te help om hom te leer ken. As mense is ons beperk tot wat ons met die oog kan sien, en ons kan dus nie tot in die geesteryk sien nie. As God hom in geestelike terme aan ons sou verduidelik, sou dit wees soos om besonderhede omtrent jou voorkoms, byvoorbeeld die kleur van jou oë of jou sproete, te probeer verduidelik aan iemand wat blind gebore is. Jehovah help ons eerder goedgunstig om hom te “sien” in terme wat ons kan verstaan. Soms gebruik hy beeldspraak en illustrasies en vergelyk hy hom met dinge wat ons ken. Hy beskryf hom selfs asof hy menslike gelaatstrekke en liggaamsdele het.*

13 Let op die beskrywing van Jehovah in Jesaja 40:11: “Hy sal soos ’n herder vir sy kudde sorg. Met sy arm sal hy die lammers bymekaarmaak en hulle teen sy bors dra.” Jehovah word hier vergelyk met ’n herder wat lammers met “sy arm” optel. Dit dui op God se vermoë om sy volk te beskerm en te ondersteun, selfs die swakkeres. Ons kan veilig voel in sy sterk arms, want as ons aan hom lojaal is, sal hy ons nooit verlaat nie (Romeine 8:38, 39). Die Groot Herder dra die lammers “teen sy bors” – ’n uitdrukking wat verwys na die los voue van die bo-kleed, waarin ’n herder soms ’n pasgebore lammetjie gedra het. Ons word sodoende verseker dat Jehovah ons liefhet en met teerheid vir ons sorg. Dit is doodnatuurlik om na aan hom te wil wees.

---

* Die Bybel praat byvoorbeeld van God se gesig, oë, ore, neusgate, mond, arms en voete (Psalm 18:15; 27:9; 44:3; Jesaja 60:13; Matteus 4:4; 1 Petrus 3:12). Sulke figuurlike uitdrukkings moet net so min letterlik opgeneem word as verwysings na Jehovah as “die Rots” of “’n skild”. – Deuteronomium 32:4; Psalm 84:11.

---

12. Hoe help Jehovah ons om hom te “sien” in terme wat ons kan verstaan?

13. Watter beeld skep Jesaja 40:11, en hoe raak dit jou?

## 'Die Seun is bereid om hom te openbaar'

14 In sy Woord verskaf Jehovah die duidelikste openbaring van homself deur middel van sy geliefde Seun, Jesus. Niemand kon God se denke en gevoelens beter weerspieël het of 'n duideliker beskrywing van Hom gegee het as Jesus nie. Hierdie eersgebore Seun was immers aan sy Vader se sy lank voor ander geesskepsele en die fisiese heelal geskep is (Kolossense 1:15). Jesus het Jehovah baie goed geken. Daarom kon hy sê: "Niemand weet wie die Vader is nie, behalwe die Seun, en enigeen aan wie die Seun bereid is om hom te openbaar" (Lukas 10:22). Toe Jesus 'n mens op aarde was, het hy sy Vader op twee belangrike maniere geopenbaar.

15 Eerstens, Jesus se *leringe* help ons om sy Vader te leer ken. Jesus het Jehovah beskryf in terme wat ons hart raak. Byvoorbeeld, om die genadige God te beskryf wat berouvolle

---

14. Waarom kan daar gesê word dat Jehovah die duidelikste openbaring van homself deur middel van Jesus verskaf?

15, 16. Op watter twee maniere het Jesus sy Vader geopenbaar?



***Jehovah het hom deur sy skeppingswerke en sy geskrewe Woord geopenbaar***

sondaars terugverwelkom, het Jesus Jehovah vergelyk met 'n vergewensgesinde pa wat so ontroer word wanneer hy sy verlore seun sien terugkeer, dat hy hardloop en sy seun omhels en hom soen (Lukas 15:11-24). Jesus het Jehovah ook uitgebeeld as 'n God wat regskapenes "trek" omdat hy hulle as individue liefhet (Johannes 6:44). Hy weet selfs wanneer 'n klein mossie op die grond val. "Moet dus nie bang wees nie", het Jesus verduidelik, "julle is meer werd as baie mossies" (Matteus 10:29, 31). Ons kan nie anders as om aangetrokke te voel tot so 'n liefdevolle God nie.

16 Tweedens, Jesus se *voorbeeld* toon vir ons watter soort persoon Jehovah is. Jesus het sy Vader so volmaak weerspieël dat hy kon sê: "Enigiemand wat my gesien het, het ook die Vader gesien" (Johannes 14:9). Wanneer ons dan in die Evangelies van Jesus lees – die gevoelens wat hy geopenbaar het en die manier waarop hy ander behandel het – sien ons as 't ware 'n lewende beeld van sy Vader. Jehovah kon ons nouliks 'n duideliker openbaring van sy eienskappe gegee het. Hoe so?

17 Ter toeligting: Stel jou voor jy moet verduidelik wat goedhartigheid is. Jy sal dit dalk met woorde omskryf. Maar as jy na iemand kon wys wat 'n goedhartige daad verrig en sê: "Dít is 'n voorbeeld van goedhartigheid", sou die woord "goedhartigheid" groter betekenis aanneem en makliker wees om te verstaan. Jehovah het iets soortgelyks gedoen om ons te help verstaan watter soort persoon hy is. Hy het homself nie net in woorde beskryf nie, maar ook vir ons die lewende voorbeeld van sy Seun gegee. In Jesus sien ons hoe God se eienskappe toegepas word. Deur middel van die Evangelieverslae wat Jesus beskryf, sê Jehovah as 't ware: "Dit is die soort persoon wat ek is." Hoe beskryf die geïnspireerde verslag Jesus toe hy op die aarde was?

---

17. Lig toe wat Jehovah gedoen het om ons te help verstaan watter soort persoon hy is.

[18] Die vier vernaamste eienskappe van God het pragtig tot uiting gekom in Jesus. Sy *krag* kon gesien word aan die mag wat hy oor siekte, honger en selfs die dood gehad het. Maar in teenstelling met selfsugtige mense wat hulle krag of mag misbruik, het hy nooit wonderdadige krag gebruik om sy eie belange te bevorder of om ander leed aan te doen nie (Matteus 4:2-4). Hy het *geregtigheid* liefgehad. Sy hart was gevul met regverdige verontwaardiging toe hy gesien het hoe oneerlike handelaars die volk uitbuit (Matteus 21:12, 13). Hy het die armes en verdruktes onpartydig behandel en sulke persone gehelp om "nuwe krag" te vind (Matteus 11:4, 5, 28-30). Daar was weergalose *wysheid* in die leringe van Jesus, wat "groter as Salomo" was (Matteus 12:42). Maar Jesus het nooit mense met sy wysheid probeer beïndruk nie. Sy woorde het die harte van gewone mense geraak, want sy leringe was duidelik, eenvoudig en prakties.

[19] Jesus was 'n uitsonderlike voorbeeld van *liefde.* Hy het dwarsdeur sy bediening al die fasette van liefde aan die dag gelê, met inbegrip van empatie en medelye. Hy kon nie die lyding van ander aanskou sonder om vir hulle innig jammer te voel nie. Hierdie simpatie het hom keer op keer beweeg om daadwerklik op te tree (Matteus 14:14). Hoewel Jesus die siekes genees het en dié wat honger was, gevoed het, het hy medelye op 'n baie belangriker manier betoon. Hy het ander gehelp om die waarheid omtrent God se Koninkryk, wat blywende seëninge vir die mensdom gaan bring, te leer ken, te aanvaar en lief te hê (Markus 6:34; Lukas 4:43). Jesus het bowenal selfopofferende liefde getoon deur gewillig sy lewe vir ander te gee. – Johannes 15:13.

---

18. Hoe het Jesus die eienskappe krag, geregtigheid en wysheid geopenbaar?

19, 20. (a) Hoe was Jesus 'n uitsonderlike voorbeeld van liefde? (b) Wat moet ons in gedagte hou terwyl ons van Jesus se voorbeeld lees en daaroor nadink?

### Vrae om oor te peins

**Psalm 15:1-5** Wat verwag Jehovah van diegene wat sy vriende wil wees?

**Psalm 34:1-18** Jehovah is naby wie, en watter vertroue kan hulle in hom hê?

**Psalm 145:18-21** Wat moet ons doen as ons nader aan Jehovah wil kom?

**2 Korintiërs 6:14–7:1** Watter gedrag is noodsaaklik as ons ’n hegte verhouding met Jehovah wil behou?

20 Dit is derhalwe geen wonder nie dat mense van alle ouderdomme en agtergronde aangetrokke gevoel het tot hierdie man met tere geneentheid en diep gevoelens (Markus 10:13-16). Maar terwyl ons van Jesus se lewende voorbeeld lees en daaroor nadink, moet ons altyd in gedagte hou dat ons in hierdie Seun ’n duidelike weerspieëling van sy Vader sien. – Hebreërs 1:3.

## ’n Studiehulp om ons te help

21 Deur hom so duidelik in sy Woord te openbaar, toon Jehovah baie beslis dat hy wil hê dat ons na aan hom moet wees. Terselfdertyd dwing hy ons nie om ’n goedgekeurde verhouding met hom na te streef nie. Dit is ons verantwoordelikheid om Jehovah te soek “terwyl hy gevind kan word” (Jesaja 55:6). Ons soek Jehovah deur sy eienskappe en weë te leer ken soos dit in die Bybel geopenbaar word. Die studiehulp wat jy nou lees, is bedoel om jou hiermee te help.

22 Jy sal sien dat hierdie boek ingedeel is volgens Jehovah se vier hoofeienskappe: krag, geregtigheid, wysheid en liefde. Elke deel begin met ’n oorsig van die betrok-

21, 22. Wat behels dit om Jehovah te soek, en wat bevat hierdie studiehulp om ons hiermee te help?

ke eienskap. Die volgende paar hoofstukke bespreek dan hoe Jehovah die verskillende fasette van daardie eienskap openbaar. Elke deel bevat ook ’n hoofstuk wat toon hoe Jesus ’n voorbeeld in die toepassing van die eienskap gestel het, asook ’n hoofstuk wat bespreek hoe ons dit in ons lewe kan weerspieël.

23 Van hierdie hoofstuk af is daar ’n spesiale kenmerk, naamlik "Vrae om oor te peins". Kyk byvoorbeeld na die venster op bladsy 24. Die tekste en vrae is nie bedoel as ’n hersiening van die hoofstuk nie. Die doel daarvan is eerder om jou te help om oor ander belangrike aspekte van die onderwerp na te dink. Hoe kan jy hierdie venster doeltreffend gebruik? Slaan elkeen van die teksverwysings na en lees die verse aandagtig. Kyk dan na die vraag wat met elke teksverwysing gepaardgaan. Peins oor die antwoorde. Jy kan selfs navorsing doen. Vra jou ’n paar bykomende vrae af: 'Wat leer hierdie inligting my van Jehovah? Hoe raak dit my lewe? Hoe kan ek dit gebruik om ander te help?'

24 Sulke bepeinsing kan ons help om steeds nader aan Jehovah te kom. Waarom sê ons so? Die Bybel verbind bepeinsing met die hart (Psalm 19:14). As ons met waardering nadink oor wat ons van God geleer het, sypel die inligting in ons figuurlike hart in, waar dit ons denke raak, ons gevoelens opwek en ons uiteindelik aanspoor om op te tree. Ons liefde vir God word inniger, en daardie liefde wek dan ’n begeerte by ons om hom as ons dierbaarste Vriend te behaag (1 Johannes 5:3). Om so ’n verhouding op te bou, moet ons Jehovah se eienskappe en weë leer ken. Maar laat ons eers ’n faset van God se persoonlikheid bespreek wat ’n dwingende rede verskaf om nader aan hom te kom – sy heiligheid.

---

23, 24. (a) Verduidelik die spesiale kenmerk "Vrae om oor te peins". (b) Hoe help bepeinsing ons om steeds nader aan God te kom?

# “Heilig, heilig, heilig is Jehovah”

JESAJA was met ontsag vervul toe hy die toneel voor hom sien – ’n visioen van God af. Dit was so werklik! Jesaja het later geskryf dat hy ‘Jehovah gesien het’ waar Hy op sy verhewe troon sit. Jehovah se lang, wye kleed het die enorme tempel in Jerusalem gevul. – Jesaja 6:1, 2.

2 Jesaja was ook met ontsag vervul as gevolg van wat hy gehoor het – sang wat so kragtig was dat dit selfs die tempel se fondamente geskud het. Die sang het gekom van serafs, geesskepsele wat ’n baie hoë rang beklee. Hulle kragtige, harmonieuse sang het sinryke woorde laat weerklink: “Heilig, heilig, heilig is Jehovah van die leërmagte. Die hele aarde is vol van sy heerlikheid” (Jesaja 6:3, 4). Die feit dat die woord “heilig” drie keer gesing is, het besondere klem daaraan gegee, en dit is gepas, want Jehovah is heilig in die hoogste graad (Openbaring 4:8). Jehovah se heiligheid word dwarsdeur die Bybel beklemtoon. Honderde verse verbind sy naam met die woorde “heilig” en “heiligheid”.

3 Dit is dus duidelik dat een van die vernaamste dinge wat Jehovah wil hê ons omtrent hom moet verstaan, is dat hy heilig is. Tog word baie mense vandag deur hierdie gedagte afgestoot. Party assosieer heiligheid verkeerdelik met selfvoldaanheid of valse vroomheid. Mense wat ’n negatiewe beskouing van hulleself het, vind miskien dat God se heiligheid hulle eerder afskrik as aantrek. Hulle is dalk bang dat hulle nooit waardig genoeg sal wees om nader aan hierdie heilige God te kom nie. Gevolglik keer baie mense God die rug toe weens sy heiligheid. Dit is jammer, want God se

1, 2. Watter visioen het die profeet Jesaja ontvang, en wat leer dit ons van Jehovah?

3. Waarom laat verkeerde beskouings van Jehovah se heiligheid baie mense God die rug toekeer in plaas van nader aan hom te kom?

heiligheid is in werklikheid 'n dwingende rede waarom ons nader aan hom moet kom. Hoe so? Voordat ons dié vraag beantwoord, moet ons eers bespreek wat ware heiligheid is.

## Wat is heiligheid?

4 Die feit dat God heilig is, beteken nie dat hy selfvoldaan of trots is of ander minag nie. Inteendeel, hy haat sulke eienskappe (Spreuke 16:5; Jakobus 4:6). Wat beteken die woord "heilig" dan in werklikheid? In Bybelse Hebreeus is die woord afgelei van 'n term wat "afsonder" beteken. In aanbidding word "heilig" toegepas op iets wat afgesonder is van dinge vir gewone gebruik, of op iets wat as heilig beskou word. Heiligheid dra ook die gedagte van reinheid en suiwerheid sterk oor. Hoe is hierdie woord op Jehovah van toepassing? Beteken dit dat hy 'afgesonderd' is van onvolmaakte mense, ver verwyderd van ons?

5 Glad nie. As "die Heilige van Israel" het Jehovah sy volk daarvan verseker dat hy by hulle woon, hoewel hulle sondige mense was (Jesaja 12:6; Hosea 11:9). Sy heiligheid maak hom dus nie afsydig nie. Hoe is hy dan 'afgesonderd'? In twee belangrike opsigte. Eerstens, hy is afgesonderd van die hele skepping deurdat hy alleen die Allerhoogste is. Sy suiwerheid, sy reinheid, is absoluut en oneindig (Psalm 40:5; 83:18). Tweedens, Jehovah is heeltemal afgesonderd van alle sondigheid, en dit is 'n vertroostende gedagte. Waarom?

6 Ons lewe in 'n wêreld waar ware heiligheid seldsaam is. Alles omtrent die mensegemeenskap wat van God vervreemd is, is op die een of ander manier verontreinig, besmet met sonde en onvolmaaktheid. Ons almal moet stry teen die sonde in ons. En ons almal loop gevaar om deur sonde oorweldig te word as ons nie op ons hoede bly

---

4, 5. (a) Wat beteken "heiligheid", en wat beteken dit nie? (b) In watter twee belangrike opsigte is Jehovah 'afgesonderd'?
6. Waarom kan die feit dat Jehovah absoluut afgesonderd van sondigheid is, ons vertroos?

nie (Romeine 7:15-25; 1 Korintiërs 10:12). Jehovah loop geensins hierdie gevaar nie. Omdat hy heeltemal afgesonderd van sondigheid is, sal hy nooit met die geringste spoor van sonde besmet word nie. Dit herbevestig ons indruk van Jehovah as die volmaakte Vader, want dit beteken dat hy volkome betroubaar is. In teenstelling met talle sondige menslike pa's sal Jehovah nooit verdorwe, bandeloos of wreed raak nie. Sy heiligheid maak so iets heeltemal onmoontlik. Jehovah het by tye selfs by sy heiligheid gesweer, want niks kan betroubaarder wees nie (Amos 4:2). Is dit nie gerusstellend nie?

7 Jehovah is inherent heilig. Wat beteken dit? Ter toeligting: Beskou die woorde "mens" en "onvolmaak". Jy kan eersgenoemde nie beskryf sonder om aan laasgenoemde te dink nie. Onvolmaaktheid is deel van ons en beïnvloed alles wat ons doen. Beskou nou twee heeltemal ander woorde – "Jehovah" en "heilig". Heiligheid is deel van Jehovah. Alles omtrent hom is rein, suiwer en reg. Ons kan nie verstaan watter soort persoon Jehovah werklik is as ons nie hierdie betekenisvolle woord – "heilig" – ondersoek en verstaan nie.

## "Heiligheid behoort aan Jehovah"

8 Aangesien Jehovah die verpersoonliking van die eienskap heiligheid is, kan daar tereg gesê word dat hy die bron van alle heiligheid is. Hy hou hierdie kosbare eienskap nie selfsugtig vir homself nie; hy gee dit aan ander, en hy gee dit mildelik. Toe God deur middel van 'n engel met Moses by die brandende bos gepraat het, het selfs die grond rondom heilig geword omdat dit 'n verbintenis met Jehovah gehad het! – Eksodus 3:5.

9 Kan onvolmaakte mense met Jehovah se hulp heilig word? Ja, in 'n relatiewe sin. God het aan sy volk Israel die vooruitsig gegee om "'n heilige nasie" te word (Eksodus

---

7. Waarom kan daar gesê word dat Jehovah inherent heilig is?
8, 9. Wat toon dat Jehovah onvolmaakte mense help om in 'n relatiewe sin heilig te word?

19:6). Hy het daardie nasie geseën met 'n stelsel van aanbidding wat heilig, rein en suiwer was. Heiligheid is dus 'n tema wat keer op keer in die Wet van Moses voorkom. Trouens, die hoëpriester het 'n goue plaat aan die voorkant van sy tulband gedra, waar almal dit in die lig kon sien blink. Daarop was die woorde gegraveer: "Heiligheid behoort aan Jehovah" (Eksodus 28:36). 'n Hoë standaard van reinheid en suiwerheid moes dus hulle aanbidding en ook hulle lewenswyse kenmerk. Jehovah het vir hulle gesê: "Julle moet heilig wees, want ek, Jehovah julle God, is heilig" (Levitikus 19:2). Solank die Israeliete volgens God se wette gelewe het sover dit vir onvolmaakte mense moontlik is, was hulle in 'n relatiewe sin heilig.

10 Hierdie klem op heiligheid was in skerp teenstelling met die aanbidding van die nasies om Israel. Daardie heidense nasies het gode aanbid wie se blote bestaan 'n leuen en bedrog was, gode wat uitgebeeld is as gewelddadig, gierig en losbandig. Hulle was in elke moontlike opsig onheilig. Die aanbidding van sulke gode het mense onheilig gemaak. Jehovah het sy knegte dus gewaarsku om afgesonderd te bly van heidense aanbidders en hulle besoedelde godsdiensgebruike. – Levitikus 18:24-28; 1 Konings 11:1, 2.

11 Selfs onder die gunstigste omstandighede kon Jehovah se uitverkore nasie, eertydse Israel, net in geringe mate die heiligheid van die hemelse deel van God se organisasie weerspieël. Die miljoene geesskepsele wat God lojaal dien, word sy "heilige tienduisende" genoem (Deuteronomium 33:2; Judas 14). Hulle weerspieël die helder, suiwer prag van God se heiligheid volmaak. En dink terug aan die serafs wat Jesaja in sy visioen gesien het. Die inhoud van hulle lied dui aan dat hierdie magtige geesskepsele 'n belangrike rol daarin speel om Jehovah se heiligheid deur die ganse

---

10. Watter teenstelling was daar tussen eertydse Israel en die omliggende nasies wat heiligheid betref?
11. Hoe kan die heiligheid van die hemelse deel van Jehovah se organisasie gesien word in (a) die engele? (b) die serafs? (c) Jesus?

heelal bekend te maak. Een geesskepsel staan egter bo hulle almal uit – die eniggebore Seun van God. Jesus is die hoogste weerspieëling van Jehovah se heiligheid. Hy staan tereg bekend as "die Heilige van God". – Johannes 6:68, 69.

## Heilige naam, heilige gees

12 Wat van God se naam? Soos ons in Hoofstuk 1 gesien het, is daardie naam nie 'n blote titel of etiket nie. Dit verteenwoordig Jehovah God en omvat al sy eienskappe. Gevolglik sê die Bybel vir ons dat sy "naam heilig is" (Jesaja 57:15). Onder die Wet van Moses is iemand die doodstraf opgelê as hy God se naam ontheilig het (Levitikus 24:16). En let op wat Jesus heel eerste in gebed gemeld het: "Ons Vader in die hemel, laat u naam geheilig word" (Matteus 6:9). Om iets te heilig, beteken om dit as heilig af te sonder en om dit te vereer, om dit as heilig hoog te hou. Maar waarom moet iets wat inherent so rein soos God se naam is, geheilig word?

13 God se heilige naam is met leuens en laster onteer en deur die modder gesleep. In Eden het Satan 'n leuen oor Jehovah vertel en te kenne gegee dat Hy 'n onregverdige Soewerein is (Genesis 3:1-5). Sedertdien het Satan – die heerser van hierdie onheilige wêreld – seker gemaak dat leuens oor God vermenigvuldig het (Johannes 8:44; 12:31; Openbaring 12:9). Godsdienste het God voorgestel as eiemagtig, afsydig of wreed. Hulle het beweer dat hy hulle in hulle bloeddorstige oorloë steun. Blote toeval, of evolusie, is dikwels die eer vir God se wonderlike skeppingsdade gegee. Ja, God se naam is erg geskend. Dit moet geheilig word; die heerlikheid wat dit toekom, moet herstel word. Ons sien met verlange uit na die dag wanneer Jehovah sy naam vir ewig van alle oneer sal reinig. Hy sal dit doen deur die Koninkryk waaroor sy Seun sal regeer. Ons is baie bly dat ons 'n rol in daardie wonderlike voorneme kan speel.

---

12, 13. (a) Waarom word God se naam gepas as heilig beskryf? (b) Waarom moet God se naam van alle oneer gereinig word?

14 Daar is iets anders wat baie nou met Jehovah verbonde is en wat feitlik altyd heilig genoem word – sy gees, of werkende krag (Genesis 1:2). Jehovah gebruik hierdie onstuitbare krag om sy voornemens te verwesenlik. Omdat God alles wat hy doen, op ’n heilige, suiwer en rein manier uitvoer, word sy werkende krag gepas heilige gees, of gees van heiligheid, genoem (Lukas 11:13; Romeine 1:4). Laster teen die heilige gees, wat beteken dat Jehovah se voornemens doelbewus teëgewerk word, is ’n onvergeeflike sonde. – Markus 3:29.

## Waarom Jehovah se heiligheid ons na hom toe aantrek

15 Dit is derhalwe nie moeilik om te sien waarom die Bybel toon dat daar ’n verband is tussen die heiligheid van God en ontsag, of vrees vir God, by mense nie. Psalm 99:3 sê byvoorbeeld: "Laat hulle u groot naam prys, want dit is ontsagwekkend en heilig." Hierdie ontsag is ’n diep gevoel van eerbied, respek in sy mees verhewe vorm. Dit is gepas om so te voel, aangesien God se heiligheid ver bo ons verhewe is. Dit is uitermate rein, glorieryk. Ons moet nogtans nie daardeur afgestoot word nie. Inteendeel, die regte beskouing van God se heiligheid sal ons nader aan hom laat kom. Waarom?

16 Om maar een ding te noem, die Bybel verbind heiligheid met prag. In Jesaja 63:15 word die hemel beskryf as God se "verhewe woning van heiligheid en heerlikheid [of, "prag", voetnoot]". Heerlikheid en prag trek ons aan. Kyk byvoorbeeld na die prent op bladsy 33. Trek daardie toneel jou nie aan nie? Wat maak dit so aanloklik? Kyk hoe skoon

---

14. Waarom word God se gees heilig genoem, en waarom is laster teen die heilige gees so ernstig?
15. Waarom is ontsag, of vrees vir God, ’n gepaste reaksie op Jehovah se heiligheid, en wat behels dié soort ontsag?
16. (a) Hoe word heiligheid met heerlikheid, of prag, verbind? Gee ’n voorbeeld. (b) Hoe beklemtoon beskrywings van Jehovah in visioene reinheid, suiwerheid en lig?

lyk die water. Selfs die lug moet skoon wees, want die hemelruim is blou en die lig lyk of dit skitter. As dieselfde toneel nou sou verander – as die stroom vol vullis is, die bome en rotse met graffiti ontsier is, die lug met rookmis besoedel is – sal dit ons nie meer aantrek nie; dit sal ons afstoot. Dit is vir ons natuurlik om prag, of heerlikheid, met reinheid, suiwerheid en lig te verbind. Dieselfde woorde kan gebruik word om Jehovah se heiligheid te beskryf. Geen wonder dat beskrywings van Jehovah in visioene ons boei nie! Stralend met lig, skitterend soos edelgesteentes, gloeiend soos vuur of die suiwerste en blinkste edelmetale – so is die heerlikheid, of prag, van ons heilige God. – Esegiël 1:25-28; Openbaring 4:2, 3.

17 Maar moet God se heiligheid ons minderwaardig laat voel? Die antwoord is natuurlik ja. Ons *is* immers ondergeskik aan Jehovah – om dit baie sag te stel. Moet hierdie wete ons van hom vervreem? Kyk na Jesaja se reaksie toe hy gehoor het hoe die serafs Jehovah se heiligheid verkondig. "Toe het ek gesê: 'Dit is verby met my! Ek is so goed as dood, want ek is 'n man met onrein lippe, en ek woon onder 'n volk met onrein lippe. En nou het ek die Koning, Jehovah van die leërmagte, met my eie oë gesien!' " (Jesaja 6:5). Ja, Jehovah se oneindige heiligheid het Jesaja herinner aan hoe sondig en onvolmaak hy is. Hierdie getroue man was aanvanklik heeltemal oorweldig. Maar Jehovah het hom nie in daardie toestand gelaat nie.

18 'n Seraf het die profeet dadelik vertroos. Hoe? Die magtige gees het na die altaar gevlieg, 'n kool daarvan afgehaal en met die kool aan Jesaja se lippe geraak. Dit klink miskien meer pynlik as vertroostend. Maar onthou dat dit 'n visioen was, vol simboliese betekenis. Jesaja, 'n getroue Jood, het goed geweet dat daar elke dag offerandes op

---

17, 18. (a) Watter uitwerking het Jesaja se visioen aanvanklik op hom gehad? (b) Hoe het Jehovah 'n seraf gebruik om Jesaja te vertroos, en wat het die seraf se daad beteken?



*Net soos prag, moet heiligheid ons aantrek*

## Vrae om oor te peins

**Levitikus 19:1-18** Watter beginsels moet ons toepas as ons wil hê dat ons gedrag heilig moet wees?

**Deuteronomium 23:9-14** Hoe hou persoonlike reinheid met heiligheid verband? Hoe moet dit ons kleredrag en persoonsversorging en ons huis raak?

**Romeine 6:12-23; 12:1-3** Hoe moet ons, in ons strewe na heiligheid, sonde en die invloede van hierdie wêreld beskou?

**Hebreërs 12:12-17** Hoe kan ons heiligheid nastreef?

die tempelaltaar geoffer word om versoening vir sondes te doen. En die seraf het die profeet liefdevol daaraan herinner dat hy, hoewel hy onvolmaak, "met onrein lippe", is, steeds 'n rein posisie voor God kon verkry.* Jehovah was bereid om 'n onvolmaakte, sondige man as heilig te beskou – ten minste in 'n relatiewe sin. – Jesaja 6:6, 7.

19 Dieselfde geld vandag. Al die offerandes wat op die altaar in Jerusalem geoffer is, was slegs 'n skaduwee van iets groters – die een volmaakte offerande wat in 33 HJ deur Jesus Christus gebring is (Hebreërs 9:11-14). As ons werklik berou het oor ons sondes, ons verkeerde weg laat staan en geloof in daardie offerande beoefen, word ons vergewe (1 Johannes 2:2). Ook ons kan 'n rein posisie voor God geniet. Daarom herinner die apostel Petrus ons: "Daar is geskryf: 'Julle moet heilig wees, want ek is heilig' " (1 Petrus 1:16). Let daarop dat Jehovah *nie* gesê het dat ons *net so* hei-

* Die uitdrukking "met onrein lippe" is gepas, want lippe word dikwels figuurlik in die Bybel gebruik om woorde of taal voor te stel. By alle onvolmaakte mense kan baie sondes toegeskryf word aan hoe ons ons spraakvermoë gebruik. – Spreuke 10:19; Jakobus 3:2, 6.

19. Hoe is dit vir ons moontlik om in 'n relatiewe sin heilig te wees, al is ons onvolmaak?

lig soos hy moet wees nie. Hy verwag nooit die onmoontlike van ons nie (Psalm 103:13, 14). Jehovah sê eerder vir ons om heilig te wees, *omdat* hy heilig is. "As geliefde kinders" probeer ons hom navolg so goed as wat ons dit as onvolmaakte mense kan doen (Efesiërs 5:1). Om heiligheid te verkry, is dus 'n volgehoue proses. Terwyl ons geestelik groei, streef ons elke dag daarna om "volmaakte heiligheid te bereik". – 2 Korintiërs 7:1.

20 Jehovah het dinge lief wat reg en suiwer is. Hy haat sonde (Habakuk 1:13). Maar hy haat ons nie. Solank ons dieselfde beskouing oor sonde het as hy – 'n haat vir wat sleg is en liefde vir wat goed is – en probeer om in Christus Jesus se volmaakte voetstappe te volg, vergewe Jehovah ons sondes (Amos 5:15; 1 Petrus 2:21). As ons verstaan dat ons rein kan wees in die oë van ons heilige God, is die gevolge verreikend. Onthou dat Jehovah se heiligheid Jesaja aanvanklik aan sy eie onreinheid laat dink het. Hy het uitgeroep: "Dit is verby met my!" Maar toe hy besef dat sy sondes versoen is, het sy beskouing verander. Toe Jehovah 'n vrywilliger gesoek het om 'n opdrag uit te voer, het Jesaja homself onmiddellik aangebied, hoewel hy nie eens geweet het wat dit sou behels nie. Hy het uitgeroep: "Hier is ek! Stuur my!" – Jesaja 6:5-8.

21 Ons is na die beeld van die heilige God gemaak en is sedelike eienskappe sowel as 'n sin vir geestelikheid gegee (Genesis 1:26). Daar is potensiaal vir heiligheid in ons almal. Terwyl ons heiligheid aankweek, is Jehovah bly om te help. Ons sal terselfdertyd steeds nader aan ons heilige God kom. En wanneer ons Jehovah se eienskappe in die volgende hoofstukke ondersoek, sal ons sien dat daar talle kragtige redes is om nader aan hom te kom!

---

20. (a) Waarom is dit belangrik om te verstaan dat ons rein kan wees in die oë van ons heilige God? (b) Watter uitwerking het dit op Jesaja gehad toe hy uitvind dat sy sondes versoen is?
21. Op grond waarvan het ons die vertroue dat ons heiligheid as eienskap kan aankweek?

DEEL 1

# "ONTSAGLIKE KRAG"

*In hierdie deel sal ons na Bybelverslae kyk wat getuig van Jehovah se krag om te skep, te vernietig, te beskerm en te herstel. As ons verstaan hoe Jehovah God, wat "ontsaglike krag" het, "die oorvloed van sy dinamiese energie" gebruik, sal dit ons harte met moed en hoop vervul. – Jesaja 40:26.*

# "Jehovah . . . het groot krag"

ELIA het al tevore verbasende dinge gesien. Hy het gesien hoe kraaie twee keer per dag vir hom kos bring terwyl hy weggekruip het. Hy het gesien hoe twee houers met meel en olie dwarsdeur 'n lang hongersnood nooit leeg raak nie. Hy het selfs vuur uit die hemel sien val in antwoord op sy gebed (1 Konings, hoofstuk 17, 18). Maar Elia het nog nooit *so iets* gesien nie.

2 Terwyl hy gebukkend naby die opening van 'n grot op die berg Horeb gestaan het, het hy 'n reeks skouspelagtige gebeure aanskou. Eers was daar 'n wind. Dit moes 'n oorverdowende gedreun veroorsaak het, want dit was so sterk dat dit berge uitmekaargeskeur en rotse gebreek het. Toe was daar 'n aardbewing, wat ontsaglike kragte in die aardkors losgelaat het. Daarna het 'n vuur gevolg. Terwyl dit deur die gebied getrek het, het Elia waarskynlik die gloed van die vuur se versengende hitte gevoel. – 1 Konings 19: 8-12.

3 Al hierdie verskillende gebeure wat Elia aanskou het, het een ding in gemeen gehad – dit was vertonings van Jehovah God se groot krag. Ons hoef natuurlik nie 'n wonderwerk te sien om te besef dat God hierdie eienskap besit nie. Dit is baie duidelik. Die Bybel sê vir ons dat die skepping bewys lewer van Jehovah se "ewige krag en Godheid" (Romeine 1:20). Dink net aan die verblindende weerligstrale en harde gedreun van 'n donderstorm, die ontsagwekkende prag van 'n magtige waterval, die oorweldigende uitgestrektheid van die sterrehemel! Sien jy nie die krag van

1, 2. Watter verbasende dinge het Elia in sy lewe gesien, maar watter skouspelagtige gebeure het hy van die grot op die berg Horeb af aanskou?
3. Van watter Goddelike eienskap het Elia bewyse gesien, en waar kan ons bewyse van dieselfde eienskap sien?

God in sulke tonele nie? Tog is daar vandag min mense in die wêreld wat werklik God se krag erken. En nog minder mense het die regte beskouing daarvan. Maar as ons hierdie Goddelike eienskap verstaan, gee dit ons baie redes om nader aan Jehovah te kom. In hierdie deel van die boek gaan ons ’n uitvoerige studie van Jehovah se weergalose krag maak.

## ’n Kenmerkende eienskap van Jehovah

4 Jehovah is uniek wat krag betref. Jeremia 10:6 sê: “Niemand is soos u nie, o Jehovah. U is groot, en u naam is groot en magtig.” Let op dat Jehovah se naam beskryf word as groot en magtig, of kragtig. Onthou dat hierdie naam blykbaar “Hy laat word” beteken. Wat stel Jehovah in staat om enige iets te skep wat hy wil en om te word wat hy ook al besluit? Krag, om maar een ding te noem. Ja, Jehovah se vermoë om op te tree, om sy wil uit te voer, is onbeperk. Hierdie krag is een van sy kenmerkende eienskappe.

5 Omdat ons nooit die volle omvang van sy krag kan begryp nie, gebruik Jehovah illustrasies om ons te help. Soos ons gesien het, gebruik hy die bul om sy krag voor te stel (Esegiël 1:4-10). Dit is ’n gepaste keuse, want selfs die bul wat ons as plaasdier ken, is ’n groot en kragtige dier. Mense in die Palestina van Bybeltye het selde, indien ooit, ’n sterker dier teëgekom. Maar hulle het ’n vreeswekkender soort bul geken – die wilde bul, of oeros, wat sedertdien uitgesterf het (Job 39:9-12). Die Romeinse heerser Julius Caesar het eenkeer gesê dat hierdie bulle beswaarlik kleiner as olifante was. “Groot is hulle krag”, het hy geskryf, “en groot is hulle spoed”. Stel jou voor hoe klein en kragteloos jy sal voel as jy langs so ’n dier staan!

---

4, 5. (a) Hoe word Jehovah se naam beskryf? (b) Waarom is dit gepas dat Jehovah die bul gekies het om sy krag voor te stel?

***“Jehovah het verbygegaan”***



6 Net so is die mens klein en kragteloos in vergelyking met die God van krag, Jehovah. Vir hom is selfs magtige nasies soos 'n blote stoflagie op 'n weegskaal (Jesaja 40:15). In teenstelling met alle skepsele het Jehovah *onbeperkte* krag, want hy alleen word "die Almagtige" genoem (Openbaring 15:3).* Jehovah het 'n "oorvloed van . . . dinamiese energie en . . . ontsaglike krag" (Jesaja 40:26). Hy is die immeroorvloedige, onuitputlike Bron van krag. Hy is van geen ander energiebron afhanklik nie, want "krag *behoort* aan God" (Psalm 62:11). Maar deur middel waarvan oefen Jehovah sy krag uit?

## Hoe Jehovah sy krag uitoefen

7 Die heilige gees wat van Jehovah af uitstroom, is onuitputlik. Dit is God se krag *in werking.* Trouens, in Genesis 1:2 noem die Bybel dit God se "werkende krag". Die oorspronklike Hebreeuse en Griekse woorde wat met "gees" weergegee word, kan in ander kontekste met "wind", "asem" en "geblaas" vertaal word. Volgens leksikograwe dui die woorde in die oorspronklike tale op 'n onsigbare krag in werking. Soos wind, is God se gees onsigbaar vir ons oë, maar die uitwerking daarvan is werklik en waarneembaar.

8 God se heilige gees is oneindig veelsydig. Jehovah kan dit gebruik om enige voorneme uit te voer wat hy in gedagte het. Dit is dan gepas dat God se gees in die Bybel figuurlik sy "vinger", sy "magtige hand" of sy "uitgestrekte arm" genoem word (Lukas 11:20; Deuteronomium 5:15; Psalm 8:3). Net soos 'n man sy hande kan gebruik om 'n groot

---

* Die Griekse woord wat met "Almagtige" vertaal word, beteken letterlik "Heerser oor alles; Een wat alle mag het".

---

6. Waarom word Jehovah alleen "die Almagtige" genoem?
7. Wat is Jehovah se heilige gees, en waarop dui die woorde wat in die Bybel gebruik word in die oorspronklike tale?
8. Wat word God se gees in die Bybel figuurlik genoem, en waarom is hierdie vergelykings gepas?

verskeidenheid take te verrig wat in mindere of meerdere mate krag of delikaatheid vereis, so kan God sy gees gebruik om enige voorneme uit te voer – soos om die mikroskopiese atoom te skep of die Rooisee te verdeel of die eerste-eeuse Christene in staat te stel om vreemde tale te praat.

9 Jehovah oefen ook krag uit deur middel van sy gesag as Universele Soewerein. Kan jy jou voorstel hoe dit moet wees om miljoene der miljoene intelligente, bekwame onderdane te hê wat gretig is om jou bevele uit te voer? Jehovah het sulke heersersmag. Hy het menseknegte, wat in die Skrif dikwels met 'n leërmag vergelyk word (Psalm 68:11; 110:3). Maar 'n mens het min krag in vergelyking met 'n engel. Toe die Assiriese leërmag God se volk aangeval het, het net een engel in een nag 185 000 van daardie soldate doodgemaak! (2 Konings 19:35). God se engele is "sterk in krag". – Psalm 103:19, 20.

10 Hoeveel engele is daar? Die profeet Daniël het 'n visioen van die hemel gehad waarin hy heelwat meer as 100 miljoen geesskepsele voor Jehovah se troon gesien het, maar daar is geen aanduiding dat hy al die engele gesien het wat Jehovah geskep het nie (Daniël 7:10). Daar kan dus honderdmiljoene engele wees. God word gevolglik Jehovah van die leërmagte genoem. Hierdie titel beskryf sy magtige posisie as Bevelvoerder van 'n ontsaglike, georganiseerde skare magtige engele. Hy het een oor al hierdie geesskepsele aangestel, sy geliefde Seun, "die eersgeborene van die hele skepping" (Kolossense 1:15). As die aartsengel – hoof oor al die engele, serafs en gerubs – is Jesus die magtigste van al Jehovah se skepsele.

11 Daar is nog iets waardeur Jehovah krag uitoefen. Hebreërs 4:12 sê: "Die woord van God is lewend en kragtig."

---

9. Hoe omvattend is Jehovah se heersersmag?
10. (a) Waarom word die Almagtige Jehovah van die leërmagte genoem? (b) Wie is die magtigste van al Jehovah se skepsele?
11, 12. (a) Hoe oefen God se woord krag uit? (b) Hoe het Jesus getuig van die omvang van Jehovah se krag?

Het jy al die buitengewone krag gesien van God se woord, of geesgeïnspireerde boodskap, wat nou in die Bybel bewaar is? Dit kan ons versterk, ons geloof opbou en ons help om groot veranderinge in onsself aan te bring. Die apostel Paulus het medegelowiges gewaarsku teen mense wat ’n uiters onsedelike lewe lei. Toe het hy bygevoeg: “Tog is dit wat party van julle was” (1 Korintiërs 6:9-11). Ja, “die woord van God” het sy krag in hulle uitgeoefen en hulle gehelp om te verander.

12 Jehovah se krag is so ontsaglik en die manier waarop hy dit uitoefen so doeltreffend dat niks hom kan keer nie. Jesus het gesê: “Vir God is alles moontlik” (Matteus 19:26). Waarvoor wend Jehovah sy krag aan?

## Krag gerig deur voorneme

13 Jehovah se gees is baie groter as enige fisiese krag; en Jehovah is nie ’n onpersoonlike krag, ’n blote kragbron, nie. Hy is ’n persoonlike God wat in volle beheer van sy eie krag is. Maar wat beweeg hom om dit te gebruik?

14 Soos ons sal sien, gebruik God krag om te skep, te vernietig, te beskerm, te herstel – kortom, om te doen wat ook al nodig is om sy volmaakte voornemens te verwesenlik (Jesaja 46:10). In party gevalle gebruik Jehovah sy krag om belangrike aspekte van sy persoonlikheid en standaarde te openbaar. Bowenal rig hy sy krag om sy wil te vervul – om sy groot naam te heilig deur middel van die Messiaanse Koninkryk, en so te demonstreer dat sy manier van regeer die beste is. Niks kan ooit daardie voorneme dwarsboom nie.

15 Jehovah gebruik ook sy krag tot voordeel van ons as individue. Let op wat 2 Kronieke 16:9 sê: “Die oë van Jehovah deursoek die hele aarde om dié te ondersteun wat met hul-

---

13, 14. (a) Waarom kan ons sê dat Jehovah nie ’n onpersoonlike kragbron is nie? (b) Hoe gebruik Jehovah sy krag?
15. Met watter doel gebruik Jehovah sy krag wanneer dit by sy knegte kom, en hoe kan dit in Elia se geval gesien word?

le hele hart op hom vertrou." Elia se ondervinding, wat aan die begin gemeld is, is 'n voorbeeld hiervan. Waarom het Jehovah hom daardie ontsagwekkende vertoning van Goddelike krag gegee? Wel, goddelose koningin Isebel het gesweer dat sy Elia sou laat teregstel. Die profeet het gevlug vir sy lewe. Hy het alleen, bang en mismoedig gevoel – asof al sy harde werk tevergeefs was. Om die verontruste man te vertroos, het Jehovah Elia op aanskoulike wyse aan Sy krag herinner. Die wind, die aardbewing en die vuur het getoon dat die almagtigste Wese in die heelal daar by Elia was. Waarom sou hy Isebel vrees as die almagtige God aan sy kant is? – 1 Konings 19:1-12.*

16 Hoewel dit nie nou Jehovah se tyd is om wonderwerke te verrig nie, het hy sedert Elia se dag nie verander nie (1 Korintiërs 13:8). Hy is vandag net so gretig om sy krag te gebruik ten behoewe van diegene wat hom liefhet. Al woon hy in 'n verhewe geesteryk, is hy nie ver van ons af nie. Sy krag is onbeperk; gevolglik is afstand geen probleem nie. Ja, "Jehovah is naby almal wat hom aanroep" (Psalm 145:18). Toe die profeet Daniël eenkeer tot Jehovah om hulp geroep het, het 'n engel verskyn nog voordat hy klaar gebid het! (Daniël 9:20-23). Niks kan Jehovah keer om diegene wat hy liefhet, te help en te versterk nie. – Psalm 118:6.

## Maak God se krag hom ongenaakbaar?

17 Moet ons God vrees weens sy krag? Ons moet ja en nee antwoord. Ja, aangesien hierdie eienskap ons alle rede gee

---

* Die Bybel sê: "Jehovah was nie *in* die wind . . . , die aardbewing . . . , die vuur nie." In teenstelling met aanbidders van mitiese natuurgode soek Jehovah se knegte hom nie in die natuurkragte nie. Hy is veels te verhewe om binne-in enige iets te wees wat hy geskep het. – 1 Konings 8:27.

---

16. Waarom kan dit ons vertroos as ons aan Jehovah se groot krag dink?
17. In watter opsig wek Jehovah se krag vrees in ons, maar watter soort vrees wek dit nie?

om vrees vir God te hê – die diepe ontsag en respek wat ons kortliks in die vorige hoofstuk bespreek het. Hierdie vrees, sê die Bybel vir ons, is "die begin van wysheid" (Psalm 111: 10). Maar ons antwoord ook nee, aangesien God se krag ons geen rede gee om 'n morbiede vrees vir hom te hê of om bang te wees om ons tot hom te wend nie.

18 "Mag is geneig om te verderf; absolute mag verderf absoluut." Dit is wat die Britse edelman lord Acton in 1887 geskryf het. Sy woorde is al dikwels aangehaal, miskien omdat so baie mense sien dat dit onteenseglik waar is. Onvolmaakte mense misbruik mag dikwels, soos die geskiedenis al oor en oor getoon het (Prediker 4:1; 8:9). Daarom wantrou baie mense diegene met mag en wil hulle niks met hulle te doen hê nie. Wel, Jehovah het absolute mag. Het dit hom enigsins verderf? Beslis nie! Soos ons gesien het, is hy heilig, heeltemal onverderflik. Jehovah is nie soos die onvolmaakte manne en vroue wat mag het in hierdie verdorwe wêreld nie. Hy het nog nooit sy mag misbruik nie, en hy sal dit ook nooit doen nie.

19 Onthou dat krag nie Jehovah se enigste eienskap is nie. Ons moet nog sy geregtigheid, sy wysheid en sy liefde bestudeer. Maar ons moenie dink dat Jehovah se eienskappe op 'n onbuigsame, werktuiglike manier geopenbaar word, asof hy net een eienskap op 'n slag aan die dag lê nie. Inteendeel, ons sal in die volgende paar hoofstukke sien dat Jehovah *altyd* sy krag in ooreenstemming met sy geregtigheid, sy wysheid en sy liefde uitoefen. Dink aan nog 'n eienskap wat God besit, een wat min wêreldse heersers het – selfbeheersing.

20 Stel jou voor dat jy 'n man ontmoet wat so groot en

---

18. (a) Waarom wantrou baie mense diegene met mag? (b) Hoe weet ons dat Jehovah nie deur sy mag verderf kan word nie?
19, 20. (a) In ooreenstemming met watter ander eienskappe oefen Jehovah altyd sy krag uit, en waarom is dit gerusstellend? (b) Hoe kan jy Jehovah se selfbeheersing toelig, en waarom vind jy dit aantreklik?

### Vrae om oor te peins

**2 Kronieke 16:7-13** Hoe toon die voorbeeld van koning Asa hoe ernstig dit is as iemand nie vertroue stel in Jehovah se krag nie?

**Psalm 89:6-18** Watter uitwerking het Jehovah se krag op sy aanbidders?

**Jesaja 40:10-31** Hoe word Jehovah se krag hier beskryf, hoe omvattend is dit, en hoe kan elkeen van ons daarby baat vind?

**Openbaring 11:16-18** Wat belowe Jehovah om in die toekoms met sy krag te doen, en waarom is dit gerusstellend vir ware Christene?

sterk is dat jy geïntimideerd voel. Maar na 'n ruk sien jy dat hy blykbaar saggeaard is. Hy is altyd bereid en gretig om sy krag te gebruik om mense te help en te beskerm, veral die weerloses en swakkes. Hy misbruik nooit sy krag nie. Jy sien dat hy sonder rede belaster word, en tog is sy houding ferm maar kalm, waardig, selfs vriendelik. Jy wonder of jy sulke vriendelikheid en selfbeheersing aan die dag sou kon lê, veral as jy so sterk was! Sou jy nie, namate jy so iemand leer ken, nader aan hom wil kom nie? Ons het baie meer rede om nader aan die almagtige Jehovah te kom. Kyk na die hele sin waaruit die titel van hierdie hoofstuk kom: "Jehovah word *nie gou kwaad nie* en het groot krag" (Nahum 1:3). Jehovah gebruik nie gou sy krag teen mense nie, nie eens teen die goddeloses nie. Hy is saggeaard en goedhartig. Hy "word nie gou kwaad nie", al is daar dikwels rede daarvoor. – Psalm 78:37-41.

21 Beskou nou Jehovah se selfbeheersing uit 'n ander oogpunt. Dink jy dat jy mense soms sou wou dwing om dinge

---

21. Waarom dwing Jehovah mense nie om sy wil te doen nie, en wat leer dit ons van hom?

op jou manier te doen as jy onbeperkte krag gehad het? Jehovah, met al sy krag, dwing mense nie om hom te dien nie. Hoewel ons die ewige lewe net kan verkry deur God te dien, forseer Jehovah ons nie om sulke diens te verrig nie. Uit goedgunstigheid verleen hy eerder waardigheid aan elke persoon deur aan hulle keusevryheid te gee. Hy waarsku teen die gevolge van slegte keuses en sê wat die belonings vir goeie keuses is. Maar die keuse self laat hy aan ons oor (Deuteronomium 30:19, 20). Jehovah stel eenvoudig nie belang in diens wat uit dwang of uit 'n morbiede vrees vir sy ontsagwekkende krag verrig word nie. Hy soek mense wat hom gewillig, uit liefde, sal dien. – 2 Korintiërs 9:7.

22 Kom ons kyk na 'n laaste rede waarom ons nie in vrees vir die almagtige God hoef te lewe nie. Mense wat mag het, is dikwels bang om hulle mag met ander te deel. Maar Jehovah skep behae daarin om mag of krag aan sy lojale aanbidders te gee. Hy dra groot gesag oor aan ander, soos sy Seun (Matteus 28:18). Jehovah gee ook op 'n ander manier krag aan sy knegte. Die Bybel verduidelik: "O Jehovah, u is groot, magtig, indrukwekkend en vol prag en majesteit. Alles in die hemel en op die aarde behoort aan u. . . . In u hand is daar krag en mag. U hand kan enigiemand verhoog en aan almal krag gee." – 1 Kronieke 29:11, 12.

23 Ja, Jehovah sal graag aan jou sterkte gee. Hy gee selfs "krag wat bo die normale is" aan diegene wat hom wil dien (2 Korintiërs 4:7). Voel jy nie aangetrokke tot hierdie dinamiese God, wat sy krag op sulke goedhartige en beginselvaste maniere gebruik nie? In die volgende hoofstuk gaan ons die aandag vestig op hoe Jehovah sy krag gebruik om te skep.

---

22, 23. (a) Wat toon dat Jehovah behae daarin skep om mag of krag aan ander te gee? (b) Wat gaan ons in die volgende hoofstuk bespreek?

# Skeppingskrag – “Die Maker van hemel en aarde”

HET jy al op ’n koue nag by ’n vuur gestaan? Jy het moontlik jou hande net ver genoeg van die vlamme gehou om die hitte daarvan te geniet. As jy te na aan die vuur gekom het, het die hitte ondraaglik geword. As jy te ver agtertoe beweeg het, het die koel naglug jou omring en het jy koud gekry.

2 Daar is ’n “vuur” wat ons bedags warm maak. Daardie “vuur” brand ongeveer 150 miljoen kilometer hiervandaan!* Watter krag moet die son tog hê as jy die hitte daarvan so ver kan voel! Maar die aarde wentel op presies die regte afstand om daardie ontsagwekkende termonukleêre oond. As dit te naby was, sou die water op die aarde verdamp het; as dit te ver was, sou al die water gevries het. Enige een van die twee uiterstes sou ons planeet leweloos gemaak het. Sonlig is nie net noodsaaklik vir lewe op die aarde nie, maar is ook skoon en doeltreffend, om nie eers van aangenaam te praat nie. – Prediker 11:7.

3 Nietemin neem die meeste mense die son as vanselfsprekend aan, hoewel dit noodsaaklik is vir hulle lewe. Gevolglik besef hulle nie wat die son ons kan leer nie. Die Bybel sê van Jehovah: “U het die lig en die son gemaak” (Psalm 74:16). Die son strek Jehovah, “die Maker van hemel en aarde”, waarlik tot eer (Psalm 19:1; 146:6). Dit is net een van

* Om hierdie ontsaglike syfer in perspektief te sien, kan jy hieraan dink: As jy daardie afstand per motor wou aflê – selfs teen ’n snelheid van 160 kilometer per uur, 24 uur per dag – sou dit jou meer as honderd jaar neem!

1, 2. Hoe lewer die son bewys van Jehovah se skeppingskrag?

3. Van watter belangrike waarheid getuig die son?



***Jehovah “het die lig en die son gemaak”***

ontelbare hemelliggame wat ons van Jehovah se ontsaglike skeppingskrag leer. Kom ons beskou party van naderby en rig dan ons aandag op die aarde en die lewe wat daarop floreer.

## “Kyk op na die hemel”

4 Soos jy moontlik weet, is ons son ’n ster. Dit lyk groter as die sterre wat ons snags sien, omdat dit heelwat nader as hulle is. Hoe kragtig is dit? Die temperatuur by die kern van die son is nagenoeg 15 000 000 grade Celsius. As jy ’n stukkie van die son se kern so groot soos ’n speldekop kon neem en dit hier op die aarde kon neersit, sou jy nie binne 140 kilometer van daardie klein hittebron kon staan en ongedeerd daarvan afkom nie! Die son straal elke sekonde energie uit wat gelykstaande is aan die ontploffing van etlike honderdmiljoene kernbomme.

5 Die son is so groot dat meer as 1 300 000 van ons aardes daarin sou kon pas. Is die son ’n buitengewone groot

---

4, 5. Hoe kragtig en hoe groot is die son, maar hoe vergelyk dit met ander sterre?

ster? Nee, sterrekundiges noem dit 'n geeldwerg. Die apostel Paulus het geskryf: "Die prag van een ster is anders as dié van 'n ander ster" (1 Korintiërs 15:41). Hy kon nie geweet het hoe waar hierdie geïnspireerde woorde is nie. Daar is 'n ster wat so groot is dat, as dit geplaas word presies waar die son is, ons aarde *daarin* sou gewees het. 'n Ander reuse-ster sou, as dít daar geplaas word, tot by Saturnus gestrek het – hoewel dié planeet so ver van die aarde af is dat dit 'n ruimtetuig vier jaar geneem het om daar te kom, al het dit meer as 40 keer vinniger beweeg as 'n koeël wat uit 'n kragtige handgeweer gevuur word!

6 Die talrykheid van die sterre is nog ontsagwekkender as hulle grootte. Trouens, die Bybel gee te kenne dat die sterre

---

6. Hoe toon die Bybel dat die aantal sterre uit 'n menslike oogpunt ontsaglik is?

***"Hy noem hulle almal by naam"***



feitlik ontelbaar is, so moeilik om te tel soos “die sand van die see” (Jeremia 33:22). Hierdie woorde dui aan dat daar baie meer sterre is as wat met die blote oog gesien kan word. As ’n Bybelskrywer, soos Jeremia, na die naghemel opgekyk en die sigbare sterre probeer tel het, sou hy immers net sowat drieduisend getel het, want dit is hoeveel ’n mens op ’n helder nag met die blote oog kan sien. Hierdie getal kan vergelyk word met die aantal korrels in ’n blote *hand vol* sand. Maar die aantal sterre is in werklikheid oorweldigend, soos die sand van die see.* Wie kan tot so ver tel?

7 Jesaja 40:26 antwoord: “Kyk op na die hemel. Wie het hierdie dinge geskep? Dit is die Een wat hulle leërmag uitlei in hulle volle getal. Hy noem elkeen op sy naam.” Psalm 147:4 sê: “Hy tel die aantal sterre.” Wat is “die aantal sterre”? Dit is nie ’n eenvoudige vraag nie. Sterrekundiges skat dat daar meer as 100 miljard sterre in ons Melkwegstelsel alleen is.# Party sê dat daar baie meer is. Maar ons sterrestelsel is net een van baie sterrestelsels, en baie van hulle wemel van selfs meer sterre. Hoeveel sterrestelsels is daar? Sterrekundiges dink dat daar honderdmiljarde, selfs biljoene, kan wees. Sover lyk dit asof mense nie eens die getal sterrestelsels kan bepaal nie, wat nog te sê die presiese getal van al die miljarde sterre daarin. Tog weet Jehovah wat daardie getal is. Wat meer is, hy gee elke ster sy eie *naam!*

---

* Party dink dat die ou volke in Bybeltye ’n primitiewe soort teleskoop moes gebruik het. Hoe anders, redeneer hulle, kon mense van daardie tye geweet het dat die aantal sterre uit ’n menslike oogpunt so ontsaglik, ontelbaar, was? Sulke ongegronde bespiegelinge laat Jehovah, die Outeur van die Bybel, buite rekening. – 2 Timoteus 3:16.

\# Dink bietjie hoe lank dit jou sou neem om 100 miljard sterre net te *tel.* As jy elke sekonde een kon tel – en 24 uur per dag aanhou tel – sou dit jou 3 171 jaar neem!

---

7. Hoe sal jy die aantal sterre in ons sterrestelsel of die aantal sterrestelsels in die heelal beskryf?

8 Die ontsag wat ons voel, kan net toeneem wanneer ons die grootte van sterrestelsels beskou. Die Melkwegstelsel is volgens skatting 100 000 ligjare in deursnee. Stel jou 'n ligstraal voor wat teen die geweldige snelheid van 300 000 kilometer per sekonde beweeg. Dit sal daardie straal 100 000 jaar neem om deur ons sterrestelsel te trek! En party sterrestelsels is baie, baie groter as ons s'n. Die Bybel sê dat Jehovah "die hemel" uitspan asof dit maar net 'n doek is (Psalm 104:2). Hy bepaal ook hoe hierdie skeppingswerke moet beweeg. Van die kleinste interstellêre stofdeeltjie tot die magtigste sterrestelsel beweeg alles volgens die fisiese wette wat God verorden en in werking gestel het (Job 38:31-33). Wetenskaplikes het gevolglik die presiese bewegings van die hemelliggame met die choreografie van 'n ingewikkelde ballet vergelyk! Dink dan aan die Een wat hierdie dinge geskep het. Boesem die God wat sulke ontsaglike skeppingskrag het, nie ontsag by jou in nie?

## "Die Maker van die aarde deur sy krag"

9 Jehovah se skeppingskrag kan gesien word in ons tuiste, die aarde. Hy het die posisie van die aarde in hierdie ontsaglike heelal baie noukeurig vasgestel. Party wetenskaplikes glo dat baie van die sterrestelsels nie geskik is vir 'n planeet met lewe daarop soos ons s'n nie. 'n Groot deel van ons Melkwegstelsel is klaarblyklik nie gemaak om lewe te onderhou nie. Die middelpunt van die sterrestelsel is propvol sterre. Bestraling is hoog, en die sterre beweeg dikwels rakelings by mekaar verby. Aan die buiterande van die sterrestelsel ontbreek baie van die elemente wat noodsaaklik is vir lewe. Ons sonnestelsel is ideaal tussen hierdie uiterstes geleë.

---

8. (a) Hoe sou jy die grootte van die Melkwegstelsel verduidelik? (b) Deur middel waarvan bepaal Jehovah hoe hemelliggame moet beweeg?

9, 10. Hoe kan Jehovah se krag gesien word wanneer dit kom by die posisie van ons sonnestelsel, Jupiter, die aarde en die maan?

10 Die Aarde vind baat by ’n vergeleë maar reusebeskermer – die planeet Jupiter. Jupiter is meer as ’n duisend keer groter as die Aarde en oefen geweldige swaartekrag uit. Die gevolg? Dit absorbeer voorwerpe wat deur die ruimte voortspoed of laat hulle van koers verander. Wetenskaplikes reken dat, as Jupiter nie daar was nie, 10 000 keer meer voorwerpe op die aarde sou neerreën as nou. Nader aan die aarde is ’n buitengewone satelliet – die maan. Die maan is nie net mooi en ’n “naglig” nie, maar dit hou ook die aarde in sy effens oorgehelde posisie. Hierdie helling gee die aarde sy vaste, voorspelbare seisoene – nog ’n belangrike voordeel vir lewe hier.

11 Jehovah se skeppingskrag kan in elke faset van die aarde se ontwerp gesien word. Dink aan die atmosfeer, wat as ’n skerm dien. Die son straal gesonde en dodelike strale uit. Wanneer die dodelike strale die aarde se bo-atmosfeer tref, laat hulle gewone suurstof in osoon verander. Die osoonlaag wat ontstaan, absorbeer dan weer die meeste van hierdie strale. Ons planeet is as ’t ware met sy eie beskermende sambreel gemaak!

12 Dit is net een aspek van ons atmosfeer, ’n komplekse mengsel van gasse wat ten volle geskik is om die skepsele te onderhou wat op of naby die aarde se oppervlak lewe. Een van die wonders van die atmosfeer is die waterkringloop. Elke jaar laat die son meer as 400 000 kubieke kilometer water uit die aarde se oseane en seë verdamp. Die water vorm wolke, wat deur atmosferiese winde wyd en syd gewaai word. Hierdie water, wat nou gefiltreer en gesuiwer is, val as reën, sneeu en ys en vul watervoorrade aan. Dit is net soos Prediker 1:7 sê: “Al die riviere loop in die see in, en tog word die see nie vol nie. Die riviere keer terug na waar hul-

---

11. Hoe is die aarde se atmosfeer gemaak om as ’n skerm te dien?

12. Hoe lig die atmosfeer se waterkringloop Jehovah se skeppingskrag toe?

le vandaan kom, sodat hulle weer kan vloei." Net Jehovah kon so 'n kringloop in werking gestel het.

13 Wanneer ons lewe sien, sien ons bewys van die Skepper se krag. Van die geweldige groot rooihoutbome wat hoër as geboue van 30 verdiepings groei, tot die mikroskopiese plante waarvan die oseane wemel en wat baie van die suurstof voorsien wat ons inasem, lewer getuienis van Jehovah se skeppingskrag. Selfs die grond is vol lewende dinge – wurms, swamme en mikrobes, wat almal op ingewikkelde maniere saamwerk om plante te laat groei.

14 Jehovah is sonder twyfel "die Maker van die aarde deur sy krag" (Jeremia 10:12). God se krag kan gesien word selfs in die kleinste dingetjies wat hy geskep het. Byvoorbeeld, 'n miljoen atome wat langs mekaar gesit word, sou nie so dik soos 'n mensehaar wees nie. En al sou 'n atoom vergroot word totdat dit so hoog soos 'n gebou met 14 verdiepings is, sou die kern so klein soos 'n korreltjie sout op die sewende verdieping wees. Tog is daardie mikroskopiese kern die bron van die ontsagwekkende krag wat in 'n kernontploffing vrygestel word!

## "Alles wat asemhaal"

15 Nog 'n duidelike bewys van Jehovah se skeppingskrag is in die oorvloed van dierelewe op die aarde. Psalm 148 noem baie van die dinge wat Jehovah loof, en vers 10 meld onder meer "wilde diere en al die mak diere". Om te toon waarom die mens ontsag vir die Skepper moet hê, het Jehovah eenkeer met Job gepraat oor diere soos die leeu, die sebra, die wilde bul, die Behemot (of seekoei) en die Leviatan (blykbaar die krokodil). Wat was die punt? As hierdie

---

13. Watter bewys sien ons van die Skepper se krag in die aarde se plantegroei en die grond?

14. Watter potensiële krag is daar selfs in die mikroskopiese atoom?

15. Watter les het Jehovah Job geleer deur verskillende wilde diere te bespreek?

kragtige, vreeswekkende en ontembare diere ontsag by die mens inboesem, hoe moet hy dan oor hulle Skepper voel? – Job, hoofstuk 38-41.

16 Psalm 148:10 meld ook "voëls". Dink net aan die verskeidenheid! Jehovah het vir Job van die volstruis vertel, wat 'die perd en sy ruiter uitlag'. Ja, hierdie voël wat 2,5 meter hoog word, kan miskien nie vlieg nie, maar hy kan 65 kilometer per uur hardloop en treë van tot 4,5 meter gee! (Job 39:13, 18). Die albatros daarenteen bestee die grootste deel van sy lewe in die lug bo die seë. Hierdie voël is 'n natuurlike swewer en het 'n vlerkspan van ongeveer drie meter. Hy kan ure lank sweef sonder om sy vlerke te klap. In teenstelling hiermee is die bykolibrie, wat net vyf sentimeter lank is, die kleinste voëltjie ter wêreld. Hy kan sy vlerke tot 80 keer per sekonde klap! Kolibries, wat soos klein gevleuelde juwele glinster, kan soos helikopters in die lug hang en selfs agteruit vlieg.

17 Psalm 148:7 sê dat selfs die "seediere" Jehovah loof. Kyk 'n bietjie na wat mense dikwels meen die grootste dier is wat nog op hierdie planeet gelewe het, naamlik die blouwalvis. Hierdie dier wat in "diep water" swem, kan tot 30 meter of langer word. Dit kan soveel weeg soos 'n trop van 30 volgroeide olifante. Sy tong alleen weeg soveel soos een olifant. Sy hart is so groot soos 'n klein motorvoertuig. Hierdie groot orgaan klop net 9 keer per minuut – in teenstelling met die kolibrie se hart, wat sowat 1 200 keer per minuut kan klop. Ten minste een van die blouwalvis se bloedvate is so groot dat 'n kind daarin kan kruip. Ons hart beweeg ons ongetwyfeld om die aansporing te beaam waarmee die boek Psalms afsluit: "Laat alles wat asemhaal Jah loof." – Psalm 150:6.

---

16. Wat beïndruk jou omtrent party van die voëls wat Jehovah geskep het?
17. Hoe groot is die blouwalvis, en tot watter slotsom behoort ons uiteraard te kom nadat ons gekyk het na die diere wat Jehovah geskep het?

### Vrae om oor te peins

**Psalm 8:3-9** Hoe kan Jehovah se skeppingswerke ons nederigheid leer?

**Psalm 19:1-6** Wat kan Jehovah se skeppingskrag ons aanspoor om te doen, en waarom?

**Matteus 6:25-34** Hoe kan bepeinsing oor Jehovah se skeppingskrag ons help om bekommernisse die hoof te bied en die regte prioriteite in die lewe te stel?

**Handelinge 17:22-31** Hoe leer Jehovah se gebruik van skeppingskrag ons dat afgodediens verkeerd is en dat God nie ver van ons af is nie?

## Leer uit Jehovah se skeppingskrag

18 Wat leer ons uit Jehovah se gebruik van sy skeppingskrag? Die verskeidenheid skeppingswerke vervul ons met ontsag. 'n Psalmis het uitgeroep: "Hoe baie is u werke, o Jehovah! . . . Die aarde is vol van wat u gemaak het" (Psalm 104:24). Hoe waar tog! Bioloë het nou al baie meer as 'n miljoen spesies onder al die lewende dinge op aarde geïdentifiseer; maar opinies verskil oor hoeveel miljoene meer daar dalk kan wees. 'n Mensekunstenaar vind dalk dat sy skeppingsvermoë hom soms in die steek laat. Daarenteen is Jehovah se skeppingsvermoë – sy vermoë om nuwe en uiteenlopende dinge uit te dink en te skep – klaarblyklik onuitputlik.

19 Jehovah se gebruik van sy skeppingskrag leer ons iets omtrent sy soewereiniteit. Die woord "Skepper" onderskei Jehovah van alle ander dinge in die heelal, wat alles deel van die "skepping" is. Selfs Jehovah se eniggebore Seun, wat gedurende die skepping as "'n meesterwerker" gedien het, word nooit in die Bybel Skepper of Medeskepper genoem nie (Spreuke 8:30; Matteus 19:4). Hy is eerder "die eersgeborene van die hele *skepping*" (Kolossense 1:15). Jehovah se posisie as die Skepper gee hom die intrinsieke reg

18, 19. Hoe uiteenlopend is die lewende dinge wat Jehovah op die aarde gemaak het, en wat leer die skepping ons van sy soewereiniteit?

om alleenheerskappy oor die ganse heelal te voer. – Romeine 1:20; Openbaring 4:11.

[20] Het Jehovah opgehou om sy skeppingskrag aan te wend? Wel, die Bybel sê dat Jehovah, nadat hy sy skeppingswerk op die sesde skeppingsdag voltooi het, "op die sewende dag begin rus [het] van al die werk wat hy gedoen het" (Genesis 2:2). Die apostel Paulus het aangedui dat hierdie sewende "dag" duisende jare lank is, want dit het nog in sy dag voortgeduur (Hebreërs 4:3-6). Maar beteken "rus" dat Jehovah heeltemal opgehou het om te werk? Nee, Jehovah hou nooit op werk nie (Psalm 92:4; Johannes 5:17). Sy rus moet dan eenvoudig daarna verwys dat sy fisiese skeppingswerke ten opsigte van die aarde opgehou het. Sy werk om sy voornemens te vervul, het egter onverpoos voortgeduur. Hierdie werk het ingesluit dat hy die Heilige Skrif geïnspireer het. Sy werk het selfs behels dat "'n nuwe skepping" voortgebring is, soos in Hoofstuk 19 bespreek sal word. – 2 Korintiërs 5:17.

[21] Wanneer Jehovah se rusdag uiteindelik ten einde loop, sal hy kan verklaar dat al sy werk op die aarde "baie goed" is, soos hy aan die einde van die ses skeppingsdae gesê het (Genesis 1:31). Ons sal moet wag om te sien hoe hy besluit om sy onbeperkte skeppingskrag daarna te gebruik. Hoe dit ook al sy, ons kan seker wees dat Jehovah se gebruik van skeppingskrag ons steeds sal fassineer. Ons sal tot in alle ewigheid meer van Jehovah leer deur middel van sy skeppingswerke (Prediker 3:11). Hoe meer ons van hom leer, hoe dieper sal ons gevoel van ontsag word – en hoe nader sal ons aan ons Grootse Skepper kom.

---

20. In watter sin het Jehovah gerus sedert hy sy aardse skeppingswerke voltooi het?
21. Hoe sal Jehovah se skeppingskrag getroue mense tot in alle ewigheid raak?

# Vernietigingskrag – "Jehovah is 'n magtige vegter"

DIE Israeliete was vasgekeer – aan die een kant deur hoë kranse en aan die ander kant deur 'n ondeurganklike see. Die Egiptiese leërmag, 'n genadelose moordmasjien, was kort op hulle hakke en was vasbeslote om hulle uit te wis.* Tog het Moses God se volk aangespoor om nie moed te verloor nie. "Jehovah sal vir julle veg", het hy hulle verseker. – Eksodus 14:14.

2 Nietemin het Moses Jehovah klaarblyklik aangeroep, en God het geantwoord: "Waarom bly jy tot my roep? . . . Lig jou staf op en steek jou hand uit oor die see en verdeel dit in twee" (Eksodus 14:15, 16). Stel jou net voor hoe die gebeure ontvou het. Jehovah gee onmiddellik opdrag aan sy engel, en die wolkkolom trek na Israel se agterhoede, terwyl dit moontlik soos 'n muur uitsprei en die Egiptiese aanval stuit (Eksodus 14:19, 20; Psalm 105:39). Moses steek sy hand uit. 'n Sterk wind verdeel die see. Die waters stol op die een of ander manier en staan soos mure, met 'n pad daartussen wat wyd genoeg is vir die hele nasie om deur te trek! – Eksodus 14:21; 15:8.

3 In die lig van hierdie vertoning van krag moet Farao eintlik sy troepe beveel om die aftog te blaas. Maar trotse Farao beveel hulle om aan te val (Eksodus 14:23). Die Egiptenare jaag die see in agter die Israeliete aan, maar hulle

* Volgens die Joodse geskiedskrywer Josefus is die Hebreërs "agternagesit deur 600 strydwaens sowel as 50 000 ruiters en ongeveer 200 000 swaar gewapende voetsoldate". – *Jewish Antiquities,* II, 324 [xv, 3].

1-3. (a) Hoe het die Egiptenare die Israeliete bedreig? (b) Hoe het Jehovah vir sy volk geveg?



aanval verander gou in chaos wanneer die wiele van hulle strydwaens begin afval. Toe die Israeliete veilig aan die ander kant is, beveel Jehovah Moses: "Steek jou hand uit oor die see, sodat die waters kan terugvloei oor die Egiptenare, hulle strydwaens en hulle perderuiters." Die watermure stort ineen en oordek Farao en sy krygsmag! – Eksodus 14: 24-28; Psalm 136:15.

4 Die verlossing van die nasie Israel by die Rooisee was 'n betekenisvolle gebeurtenis in die geskiedenis van God se handelinge met die mens. Daar het Jehovah "'n magtige vegter" geword (Eksodus 15:3). Maar hoe voel jy oor hierdie voorstelling van Jehovah? Om eerlik te wees, oorlog het die mensdom al baie pyn en lyding besorg. Lyk God se gebruik van vernietigingskrag dalk meer na iets wat ons daarvan afskrik om nader aan hom te kom as iets wat ons aanspoor om dit te doen?

## Goddelike oorlogvoering teenoor mensekonflikte

5 God word byna tweehonderd en sestig keer in die Hebreeuse Geskrifte en twee keer in die Christelike Griekse Geskrifte die titel "Jehovah van die leërmagte" gegee (1 Samuel 1:11). As Soewereine Heerser voer Jehovah bevel oor 'n ontsaglike engeleleërmag (Josua 5:13-15; 1 Konings 22: 19). Die vernietigingspotensiaal van hierdie leërmag is ontsagwekkend (Jesaja 37:36). Dit is nie aangenaam om aan die vernietiging van mense te dink nie. Maar ons moet onthou dat God se oorloë van kleinlike mensekonflikte verskil. Militêre en politieke leiers probeer dalk edele beweegredes

4. (a) Wat het Jehovah by die Rooisee geword? (b) Hoe reageer party dalk op hierdie voorstelling van Jehovah?
5, 6. (a) Waarom word God gepas "Jehovah van die leërmagte" genoem? (b) Hoe verskil Goddelike oorlogvoering van menslike oorlogvoering?

***By die Rooisee het Jehovah "'n magtige vegter" geword***

aan hulle aggressie toeskryf. Maar menseoorloë het sonder uitsondering met gierigheid en selfsug te doen.

6 Jehovah daarenteen word nie deur blinde emosie gedryf nie. Deuteronomium 32:4 sê: "Die Rots, volmaak is sy werk, want al sy weë is geregtigheid. 'n God van getrouheid, wat nooit onregverdig is nie, regverdig en reg is hy." God se Woord veroordeel onbeheerste woede, wreedheid en geweld (Genesis 49:7; Psalm 11:5). Jehovah tree dus nooit sonder rede op nie. Hy gebruik sy vernietigingskrag spaarsaam en as 'n laaste uitweg. Dit is soos hy deur sy profeet Esegiël gesê het: " 'Gee die dood van 'n goddelose my enige vreugde?' vra die Soewereine Heer Jehovah. 'Sou ek nie eerder wou hê dat hy moet ophou met wat hy doen en bly lewe nie?' " – Esegiël 18:23.

7 Waarom gebruik Jehovah dan vernietigingskrag? Voordat ons antwoord, kan ons miskien eers aan die regverdige man Job dink. Satan het dit bevraagteken of Job – of enige ander mens – sy integriteit onder beproewing sou handhaaf. Jehovah het op daardie uitdaging geantwoord deur Satan toe te laat om Job se integriteit op die proef te stel. Job het gevolglik siek geword en sy besittings asook sy kinders verloor (Job 1:1–2:8). Omdat Job nie bewus was van die betrokke geskille nie, het hy verkeerdelik tot die slotsom gekom dat sy lyding onregverdige straf van God was. Hy het God gevra waarom Hy hom 'n "teiken", 'n "vyand", gemaak het. – Job 7:20; 13:24.

8 'n Jong man met die naam Elihu het getoon dat Job se denke verkeerd was en gesê: "Is jy so oortuig dat jy reg is dat jy sou sê: 'Ek is regverdiger as God'?" (Job 35:2). Ja, dit is onwys om te dink dat ons beter as God weet of om aan te neem dat hy onregverdig opgetree het. "Die ware God sal nooit goddeloos optree nie! Die Almagtige sal nooit verkeerd doen

---

7, 8. (a) Tot watter verkeerde slotsom het Job met betrekking tot sy lyding gekom? (b) Hoe het Elihu Job se denke in hierdie opsig reggestel? (c) Watter les kan ons uit Job se ondervinding leer?

nie!", het Elihu verklaar. Later het hy gesê: "Om die Almagtige te verstaan, is buite ons bereik. Sy mag is groot, en hy tree altyd met geregtigheid en regverdigheid op" (Job 34:10; 36:22, 23; 37:23). Ons kan seker wees dat God 'n goeie rede het wanneer hy veg. Laat ons, terwyl ons dit in gedagte hou, kyk na party van die redes waarom die God van vrede soms 'n magtige vegter word. – 1 Korintiërs 14:33.

## Waarom die God van vrede verplig is om te veg

[9] Nadat Moses God as "'n magtige vegter" geloof het, het hy gesê: "Wie onder die gode is soos u, o Jehovah? Wie is soos u, magtig in heiligheid?" (Eksodus 15:11). Die profeet Habakuk het eweneens geskryf: "U oë is te suiwer om te kyk na wat sleg is, en u kan goddeloosheid nie verdra nie" (Habakuk 1:13). Hoewel Jehovah 'n God van liefde is, is hy ook 'n God van heiligheid, regverdigheid en geregtigheid. Soms verplig hierdie eienskappe hom om sy vernietigingskrag te gebruik (Jesaja 59:15-19; Lukas 18:7). God skend dus nie sy heiligheid wanneer hy veg nie. Hy veg eerder *omdat* hy heilig is. – Eksodus 39:30.

[10] Dink aan die situasie wat ontstaan het nadat die eerste mensepaar, Adam en Eva, teen God in opstand gekom het (Genesis 3:1-6). As Jehovah hulle onregverdigheid toegelaat het, sou hy sy posisie as Universele Soewerein ondermyn het. As 'n regverdige God was hy verplig om hulle ter dood te veroordeel (Romeine 6:23). In die eerste Bybelprofesie het hy voorspel dat daar vyandskap tussen sy knegte en die volgelinge van die "slang", Satan, sou bestaan (Openbaring 12:9; Genesis 3:15). Hierdie vyandskap sou uiteindelik slegs beëindig kon word wanneer Satan verbrysel word (Romeine 16:20). Maar daardie oordeelsdaad sou groot seëninge vir regverdige mense meebring deur Satan se invloed van

---

9. Waarom veg die God van heiligheid?

10. Slegs hoe kan die vyandskap wat in Genesis 3:15 voorspel is, beëindig word, en met watter voordele vir regverdige mense?

die aarde te verwyder en die weg tot ’n wêreldwye paradys te baan (Matteus 19:28). Tot dan sou diegene wat hulle aan Satan se kant skaar, altyd ’n bedreiging wees vir die fisiese en geestelike welsyn van God se volk. Soms sou dit vir Jehovah nodig wees om in te gryp.

## God tree op om goddeloosheid uit die weg te ruim

11 Die Vloed van Noag se dag was ’n geval van hierdie soort ingryping. Genesis 6:11, 12 sê: “Die aarde het baie sleg geword in die oë van die ware God. En die aarde was vol geweld. Ja, God het na die aarde gekyk en gesien dat dinge baie sleg was. Al die mense op die aarde het slegte lewens gelei.” Sou God die goddeloses toelaat om die laaste greintjie sedelikheid op die aarde uit te wis? Nee. Jehovah het verplig gevoel om ’n wêreldvloed te bring om diegene wat daarop uit was om geweld en onsedelikheid te pleeg, van die aarde te verwyder.

12 Dit was ook die geval met God se oordeel oor die Kanaäniete. Jehovah het geopenbaar dat daar uit Abraham ’n nageslag sou kom deur wie al die families van die aarde hulleself sou seën. In ooreenstemming met dié voorneme het God verklaar dat die land Kanaän, ’n land wat bewoon is deur ’n volk wat die Amoriete genoem is, aan Abraham se nageslag gegee sou word. Hoe kon dit geregverdig word dat God hierdie volk met geweld uit hulle land verdryf? Jehovah het voorspel dat die uitsetting eers ná sowat 400 jaar sou plaasvind – wanneer “die tyd . . . gekom [het] vir die Amoriete om vir hulle sondes gestraf te word” (Genesis 12:1-3; 13:14, 15; 15:13, 16; 22:18).* Gedurende daardie tyd

---

* Hier sluit die term “Amoriete” blykbaar al die volke van Kanaän in. – Deuteronomium 1:6-8, 19-21, 27; Josua 24:15, 18.

---

11. Waarom het God verplig gevoel om ’n wêreldvloed te bring?
12. (a) Wat het Jehovah omtrent Abraham se “nageslag” voorspel? (b) Waarom moes die Amoriete uitgeroei word?

het die Amoriete al hoe dieper in sedelike verdorwenheid verval. Kanaän het ’n land van afgodediens, bloedvergieting en verdorwe seksgebruike geword (Eksodus 23:24; 34: 12, 13; Numeri 33:52). Die inwoners van die land het selfs kinders in offervure geoffer. Kon ’n heilige God sy volk aan sulke goddeloosheid blootstel? Nee! Hy het gesê: “Die land [is] onrein, en ek sal straf daaroor bring vir sy oortreding, en die land sal sy inwoners uitbraak” (Levitikus 18: 21-25). Maar Jehovah het die mense nie sommer voor die voet doodgemaak nie. Kanaäniete met die regte gesindheid, soos Ragab en die Gibeoniete, is gespaar. – Josua 6:25; 9: 3-27.

## God veg ter wille van sy naam

13 Omdat Jehovah heilig is, is sy naam heilig (Levitikus 22: 32). Jesus het sy dissipels leer bid: “Laat u naam geheilig word” (Matteus 6:9). Die opstand in Eden het God se naam ontheilig deur twyfel te wek oor God se reputasie en die manier waarop hy heers. Jehovah kon nooit sulke laster en opstand oorsien nie. Hy was verplig om sy naam van smaad te suiwer. – Jesaja 48:11.

14 Dink weer aan die Israeliete. Solank hulle slawe in Egipte was, het God se belofte aan Abraham dat al die families van die aarde hulleself deur middel van sy nageslag sou seën, hol geklink. Maar deur hulle te verlos en hulle ’n nasie te maak, het Jehovah sy naam van smaad gesuiwer. Die profeet Daniël het dus vir sy God in gebed gesê: “O Jehovah ons God – u wat u volk met ’n sterk hand uit Egipte uitgelei het en ’n naam vir uself gemaak het.” – Daniël 9:15.

15 Dit is interessant dat Daniël hierdie gebed gedoen het toe die Jode in ’n situasie verkeer het waarin dit vir Jehovah nodig was om weer ter wille van Sy naam op te tree.

---

13, 14. (a) Waarom was Jehovah verplig om sy naam te heilig? (b) Hoe het Jehovah sy naam van smaad gesuiwer?

15. Waarom het Jehovah die Jode uit gevangenskap in Babilon bevry?

Die ongehoorsame Jode was in gevangenskap, dié keer in Babilon. Hulle eie hoofstad, Jerusalem, het in puin gelê. Daniël het geweet dat dit Jehovah se naam sou verheerlik as die Jode in hulle vaderland herstel word. Daniël het dus gebid: "O Jehovah, vergewe tog. O Jehovah, skenk tog aandag en tree op! Tree vinnig op, om u eie onthalwe, o my God, want u stad en u volk dra *u naam."* – Daniël 9:18, 19.

## God veg ten behoewe van sy volk

16 Beteken die feit dat Jehovah daarin belangstel om sy naam te verdedig, dat hy koud en egosentries is? Nee, want hy beskerm sy volk deur in ooreenstemming met sy heiligheid en liefde vir geregtigheid op te tree. Kyk na Genesis hoofstuk 14. Daar lees ons van vier invallende konings wat Abraham se neef Lot sowel as Lot se familie ontvoer het. Met God se hulp het Abraham 'n ongelooflike oorwinning oor 'n groot oormag behaal! Die verslag van hierdie oorwinning was waarskynlik die eerste inskrywing in "die boek van die Oorloë van Jehovah", 'n boek wat blykbaar ook verslae bevat het van sommige gevegte wat nie in die Bybel opgeteken is nie (Numeri 21:14). Daar sou nog baie oorwinnings wees.

17 Kort voor die Israeliete die land Kanaän binnegegaan het, het Moses hulle verseker: "Jehovah julle God sal voor julle uit gaan en sal vir julle veg, net soos hy in Egipte voor julle oë gedoen het" (Deuteronomium 1:30; 20:1). Van Moses se opvolger, Josua, af en dwarsdeur die tyd van die rigters en die bewind van die getroue konings van Juda het Jehovah inderdaad vir sy volk geveg en aan hulle talle dramatiese oorwinnings oor hulle vyande gegee. – Josua 10:1-14; Rigters 4:12-17; 2 Samuel 5:17-21.

---

16. Verduidelik waarom die feit dat Jehovah daarin belangstel om sy naam te verdedig, nie beteken dat hy koud en egosentries is nie.

17. Wat toon dat Jehovah vir die Israeliete geveg het nadat hulle die land Kanaän binnegegaan het? Gee voorbeelde.

## Vrae om oor te peins

**2 Konings 6:8-17** Hoe kan God se rol as "Jehovah van die leërmagte" vir ons in tye van nood bemoedigend wees?

**Esegiël 33:10-20** Watter geleentheid gee Jehovah uit genade aan oortreders van sy wet voordat hy vernietigingskrag gebruik?

**2 Tessalonisense 1:6-10** Hoe sal die komende vernietiging van goddelose mense verligting vir getroue knegte van God bring?

**2 Petrus 2:4-13** Wat beweeg Jehovah om sy vernietigingskrag uit te oefen, en watter lesse bevat dit vir die hele mensdom?

18 Jehovah het nie verander nie; en ook het sy voorneme om hierdie planeet 'n vreedsame paradys te maak, nie verander nie (Genesis 1:27, 28). God haat goddeloosheid nog steeds. Terselfdertyd het hy sy volk baie lief en sal hy binnekort ten behoewe van hulle optree (Psalm 11:7). Trouens, die vyandskap wat in Genesis 3:15 beskryf word, sal na verwagting in die nabye toekoms 'n dramatiese en vernietigende wending neem. Jehovah sal weer eens "'n magtige vegter" word om sy naam te heilig en sy volk te beskerm! – Sagaria 14:3; Openbaring 16:14, 16.

19 Dink aan 'n illustrasie: Gestel 'n man se gesin word deur 'n kwaai dier aangeval en die man spring in en maak die wrede dier dood. Sou jy verwag dat sy vrou en kinders deur hierdie daad afgestoot sou word? Inteendeel, jy sou verwag dat hulle diep getref sou wees deur sy onselfsugtige liefde vir hulle. Net so moet ons ook nie deur God se gebruik van

---

18. (a) Waarom kan ons dankbaar wees dat Jehovah nie verander het nie? (b) Wat sal gebeur wanneer die vyandskap wat in Genesis 3:15 beskryf word, 'n klimaks bereik?

19. (a) Lig toe waarom God se gebruik van vernietigingskrag ons nader aan hom kan bring. (b) Watter uitwerking moet God se bereidwilligheid om te veg, op ons hê?

vernietigingskrag afgestoot word nie. Sy bereidwilligheid om te veg om ons te beskerm, moet ons liefde vir hom vergroot. Dit moet ons ook groter respek vir sy onbeperkte krag laat opbou. Ons kan dus "aanvaarbare heilige diens aan God . . . bied met vrees en ontsag vir hom". – Hebreërs 12:28.

## Kom nader aan die "magtige vegter"

20 Die Bybel verstrek natuurlik nie in elke geval al die besonderhede oor Jehovah se besluite aangaande sy oorlogvoering nie. Maar ons kan hiervan seker wees: Jehovah oefen nooit vernietigingskrag op 'n onregverdige, onbeheerste of wrede manier uit nie. As ons die konteks van 'n Bybelverslag of sekere agtergrondinligting ondersoek, kan dit ons dikwels help om dinge in perspektief te sien (Spreuke 18:13). Selfs wanneer ons nie al die besonderhede het nie, kan dit ons help om van enige moontlike twyfelgedagtes ontslae te raak as ons eenvoudig meer van Jehovah leer en oor sy kosbare eienskappe peins. As ons dit doen, sien ons dat ons meer as genoeg rede het om ons God, Jehovah, te vertrou. – Job 34:12.

21 Hoewel Jehovah "'n magtige vegter" is wanneer die situasie dit vereis, beteken dit nie dat hy oorlogsugtig is nie. In Esegiël se visioen van die hemelse strydwa word Jehovah uitgebeeld as iemand wat gereed is om teen sy vyande te veg. En tog het Esegiël 'n reënboog – 'n simbool van vrede – rondom God gesien (Genesis 9:13; Esegiël 1:28; Openbaring 4:3). Dit is duidelik dat Jehovah kalm en vredeliewend is. "God is liefde", het die apostel Johannes geskryf (1 Johannes 4:8). Al Jehovah se eienskappe is in volmaakte ewewig. Hoe bevoorreg is ons dan om nader aan so 'n kragtige dog liefdevolle God te kan kom!

---

20. Hoe moet ons reageer as ons Bybelverslae oor Goddelike oorlogvoering lees wat ons miskien nie ten volle verstaan nie, en waarom?
21. Watter soort persoon is Jehovah in wese, hoewel hy soms "'n magtige vegter" is?

# Beskermingskrag – "God is ons skuilplek"

DIE Israeliete het in gevaar verkeer toe hulle vroeg in 1513 VHJ die Sinai-streek ingetrek het. 'n Vreeswekkende tog het vir hulle voorgelê, 'n reis deur 'n "groot en gevaarlike woestyn vol giftige slange en skerpioene" (Deuteronomium 8:15, *Die Bybel,* 1983). Daar was ook die gevaar van aanvalle deur vyandige nasies. Jehovah het sy volk in hierdie situasie laat kom. As hulle God, sou hy hulle kon beskerm?

2 Jehovah se woorde was baie gerusstellend: "Julle het self gesien wat ek aan die Egiptenare gedoen het, sodat ek julle op die vlerke van 'n arend kon dra en julle na my toe kon bring" (Eksodus 19:4). Jehovah het sy volk daaraan herinner dat hy hulle uit die hand van die Egiptenare verlos het, as 't ware deur arende te gebruik om hulle na veiligheid te bring. Maar daar is ander redes waarom "die vlerke van 'n arend" 'n gepaste simbool van Goddelike beskerming is.

3 Die arend gebruik sy groot, sterk vlerke nie net om in die lug te sweef nie. In die hitte van die dag sal 'n moederarend haar vlerke – met 'n spanwydte van soms meer as twee meter – uitsprei om 'n beskermende sambreel te vorm wat haar jong kuikens teen die skroeiende son kan beskut. Op ander tye vou sy haar vlerke om haar kleintjies om hulle teen die koue wind te beskerm. Net soos 'n arend haar kuikens beskerm, het Jehovah die jong nasie Israel beskut en beskerm. Daar in die wildernis sou sy volk toevlug in die

---

1, 2. In watter gevaar het die Israeliete verkeer toe hulle in 1513 VHJ die Sinai-streek ingetrek het, en hoe het Jehovah hulle gerusgestel?
3. Waarom is "die vlerke van 'n arend" 'n gepaste simbool van Goddelike beskerming?

skaduwee van sy magtige vlerke vind solank hulle getrou bly (Deuteronomium 32:9-11; Psalm 36:7). Maar kan ons vandag tereg verwag dat God ons sal beskerm?

## Die belofte van Goddelike beskerming

4 Jehovah is beslis in staat om sy knegte te beskerm. Hy is "God die Almagtige" – 'n titel wat aandui dat hy onstuitbare krag het (Genesis 17:1). Soos 'n onkeerbare gety kan Jehovah se krag nie teëgehou word wanneer hy dit uitoefen nie. Aangesien hy enige iets kan doen wat volgens sy wil is, kan ons vra: 'Is dit Jehovah se wil om sy krag te gebruik om sy volk te beskerm?'

5 Die antwoord is: Ja! Jehovah verseker ons dat hy sy volk sal beskerm. "God is ons skuilplek en sterkte, 'n hulp wat maklik gevind kan word in moeilike tye", sê Psalm 46:1. Aangesien God "nie kan lieg nie", kan ons volle vertroue in sy belofte van beskerming hê (Titus 1:2). Kom ons kyk na 'n paar van die treffende illustrasies wat Jehovah gebruik om sy beskermende sorg te beskryf.

6 Jehovah is ons Herder, en "ons is sy volk en die skape van sy weiveld" (Psalm 23:1; 100:3). Min diere is so hulpeloos soos skape. Die herder van Bybeltye moes dapper wees om sy skape teen leeus, wolwe en bere sowel as diewe te beskerm (1 Samuel 17:34, 35; Johannes 10:12, 13). Maar daar was tye dat teerheid nodig was om die skape te beskerm. Wanneer 'n skaap ver van die kraal af gelam het, het die sorgsame herder wag gehou oor die ma gedurende haar hulpelose oomblikke en dan die weerlose lammetjie opgetel en kraal toe gedra.

---

4, 5. Waarom kan ons volle vertroue in God se belofte van beskerming hê?
6, 7. (a) Hoe het die herder van Bybeltye sy skape beskerm? (b) Hoe illustreer die Bybel Jehovah se opregte begeerte om sy skape te beskerm en te versorg?

***"[Hy sal] hulle teen sy bors dra"***



7 Deur homself met 'n herder te vergelyk, verseker Jehovah ons dat dit sy opregte begeerte is om ons te beskerm (Esegiël 34:11-16). Dink aan die beskrywing van Jehovah in Jesaja 40:11, wat in Hoofstuk 2 van hierdie boek bespreek is: "Hy sal soos 'n herder vir sy kudde sorg. Met sy arm sal hy die lammers bymekaarmaak en hulle teen sy bors dra." Hoe kom die lammetjie teen die herder se "bors" – in die voue van sy bo-kleed? Die lam kom miskien na die herder toe, stoot dalk selfs teen sy been. Maar dit is die herder wat moet buk, die lam moet optel en dit sagkens teen die veiligheid van sy bors moet sit. Wat 'n gevoelvolle voorstelling van ons Groot Herder se bereidwilligheid om ons te beskut en te beskerm!

8 God se belofte van beskerming is voorwaardelik – net diegene wat nader aan hom kom, kan dit geniet. Spreuke 18:10 sê: "Die naam van Jehovah is 'n sterk toring. Die regverdige hardloop daarin en word beskerm." In Bybeltye is torings soms in die wildernis gebou as toevlugsoorde. Maar dit was die verantwoordelikheid van die een wat in gevaar verkeer, om vir veiligheid na so 'n toring te vlug. Dieselfde geld as iemand in God se naam skuilplek wil vind. Dit behels meer as om net God se naam oor en oor te sê; die Goddelike naam is nie 'n towerwoord nie. Ons moet eerder die Draer van daardie naam ken en hom vertrou en in ooreenstemming met sy regverdige standaarde lewe. Hoe goedhartig is dit tog van Jehovah om ons te verseker dat hy 'n toring van beskerming vir ons sal wees as ons ons in geloof tot hom wend!

## 'Ons God kan ons red'

9 Jehovah het beskerming nie net *belowe* nie. In Bybeltye het hy op wonderdadige maniere bewys dat hy in staat is

---

8. (a) Aan wie word God se belofte van beskerming gerig, en hoe word dit in Spreuke 18:10 aangedui? (b) Wat behels dit om in God se naam skuilplek te vind?
9. Hoe het Jehovah meer gedoen as om beskerming net te belowe?

om sy volk te beskerm. Gedurende Israel se geskiedenis het Jehovah se magtige “hand” dikwels sterk vyande teruggehou (Eksodus 7:4). Maar Jehovah het ook sy beskermingskrag ten behoewe van individue gebruik.

10 Toe drie jong Hebreërs – bekend as Sadrag, Mesag en Abednego – geweier het om hulle voor koning Nebukadnesar se goue beeld neer te buig, het die woedende koning gedreig om hulle in ’n oorverhitte oond te gooi. “Wie is die god wat julle uit my hand kan red?” het Nebukadnesar, die magtigste koning op aarde, getart (Daniël 3:15). Die drie jong manne het volkome vertroue gehad in God se krag om hulle te beskerm, maar hulle het dit nie as vanselfsprekend aangeneem dat hy dit sou doen nie. Daarom het hulle geantwoord: “As dit gebeur, kan ons God wat ons dien, ons . . . red” (Daniël 3:17). Ja, daardie vuuroond, selfs toe dit sewe keer warmer as gewoonlik gemaak is, was geen probleem vir hulle almagtige God nie. Hy het hulle dan ook beskerm, en die koning was verplig om te erken: “Daar is geen ander god wat kan red soos dié een nie.” – Daniël 3:29.

11 Jehovah het ook ’n werklik merkwaardige vertoning van sy beskermingskrag gegee toe hy die lewe van sy eniggebore Seun na die baarmoeder van die Joodse maagd Maria oorgeplaas het. ’n Engel het vir Maria gesê dat sy “swanger [sou] word en geboorte [sou] gee aan ’n seun”. Die engel het verduidelik: “Heilige gees en krag van die Allerhoogste sal oor jou kom” (Lukas 1:31, 35). God se Seun was blykbaar nog nooit so kwesbaar nie. Sou die sonde en onvolmaaktheid van die menslike ma die embrio besmet? Sou Satan hierdie Seun skade kon aandoen of doodmaak voordat hy gebore word? Onmoontlik! Jehovah het as ’t ware ’n beskermende muur om Maria gevorm sodat niks – geen onvolmaaktheid, geen skadelike invloed, geen moorddadige

---

10, 11. Watter Bybelvoorbeelde toon hoe Jehovah sy beskermingskrag ten behoewe van individue gebruik het?

mens, geen demoon – die groeiende embrio van die oomblik van bevrugting af kon beskadig nie. Jehovah het voortgegaan om Jesus gedurende sy jeug te beskerm (Matteus 2:1-15). Tot God se bestemde tyd was sy geliefde Seun onaantasbaar.

12 Waarom het Jehovah sekere individue op sulke wonderdadige maniere beskerm? In baie gevalle het Jehovah individue beskerm om iets baie belangriker te beskerm: die vervulling van sy voorneme. Die oorlewing van die baba Jesus was byvoorbeeld noodsaaklik vir die vervulling van God se voorneme, wat uiteindelik die hele mensdom tot voordeel sal strek. Die verslag van al die vertonings van beskermingskrag is deel van die geïnspireerde Skrif, wat "geskryf is . . . sodat ons daaruit kan leer, sodat ons deur ons volharding en deur die vertroosting uit die Skrif hoop kan hê" (Romeine 15:4). Ja, hierdie voorbeelde versterk ons geloof in ons almagtige God. Maar watter beskerming kan ons vandag van God verwag?

## Wat Goddelike beskerming nie beteken nie

13 Die belofte van Goddelike beskerming beteken nie dat Jehovah verplig is om wonderwerke vir ons te verrig nie. Nee, ons God waarborg ons nie 'n probleemvrye lewe in hierdie ou stelsel nie. Talle getroue knegte van Jehovah kom voor kwaai beproewinge te staan, onder meer armoede, oorlog, siekte en die dood. Jesus het reguit vir sy dissipels gesê dat hulle as individue moontlik om die lewe gebring sou word weens hulle geloof. Daarom het Jesus beklemtoon dat dit nodig is om tot die einde toe te volhard (Matteus 24:9, 13). As Jehovah sy krag sou gebruik om in elke geval wonderdadige verlossing te bewerkstellig, sou Satan ongetwyfeld vir Jehovah uittart en die opregtheid van ons toegewydheid aan ons God bevraagteken. – Job 1:9, 10.

---

12. Waarom het Jehovah sekere individue in Bybeltye wonderdadig beskerm?
13. Is Jehovah verplig om wonderwerke vir ons te verrig? Verduidelik.

14 Selfs in Bybeltye het Jehovah nie sy beskermingskrag gebruik om elkeen van sy knegte teen 'n ontydige dood te beskerm nie. Die apostel Jakobus is byvoorbeeld omstreeks 44 HJ deur Herodes tereggestel; en tog is Petrus kort daarna "uit Herodes se hand" gered (Handelinge 12:1-11). En Johannes, Jakobus se broer, het langer as Petrus én Jakobus gelewe. Dit is duidelik dat ons nie kan verwag dat ons God al sy knegte op dieselfde manier moet beskerm nie. Boonop tref "tyd en onverwagse gebeure" ons almal (Prediker 9: 11). Hoe beskerm Jehovah ons dan vandag?

## Jehovah bied fisiese beskerming

15 Kom ons kyk eers na die kwessie van fisiese beskerming. As Jehovah se aanbidders kan ons verwag dat ons sulke beskerming *as 'n groep* sal geniet. Anders sou ons maklike prooi vir Satan gewees het. Dink hieraan: Satan, "die heerser van hierdie wêreld", sou wát wou gee om ware aanbidding uit te wis (Johannes 12:31; Openbaring 12:17). Party van die magtigste regerings op aarde het al ons predikingswerk verbied en ons heeltemal probeer uitwis. Maar Jehovah se volk het standvastig gebly en voortgegaan om sonder ophou te preek! Waarom kon magtige nasies nie daarin slaag om die werk van hierdie betreklik klein en oënskynlik weerlose groepie Christene stop te sit nie? Omdat Jehovah ons met sy kragtige vlerke beskerm het! – Psalm 17:7, 8.

16 Wat van fisiese beskerming gedurende die komende "groot verdrukking"? Ons hoef nie die voltrekking van God se oordele te vrees nie. "Jehovah weet . . . hoe om mense wat hom met toegewydheid dien, uit moeilike omstandighede te red. Maar hy bewaar onregverdige mense om vernietig te

---

14. Watter voorbeelde toon dat Jehovah nie altyd al sy knegte op dieselfde manier beskerm nie?

15, 16. (a) Watter bewys is daar dat Jehovah fisiese beskerming aan sy aanbidders as 'n groep gebied het? (b) Waarom kan ons seker wees dat Jehovah sy knegte nou en gedurende "die groot verdrukking" sal beskerm?

word op die dag van die oordeel" (Openbaring 7:14; 2 Petrus 2:9). Intussen kan ons altyd van twee dinge seker wees. Eerstens, Jehovah sal nooit toelaat dat sy lojale knegte van die aarde af uitgewis word nie. Tweedens, hy sal handhawers van integriteit met ewige lewe in sy regverdige nuwe wêreld beloon – deur middel van 'n opstanding, indien nodig. Vir diegene wat sterf, is daar nie 'n veiliger plek om te wees as in God se geheue nie. – Johannes 5:28, 29.

17 Jehovah beskerm ons ook nou deur sy lewende "woord", wat die motiveringskrag het om harte te genees en lewens ten goede te verander (Hebreërs 4:12). As ons die beginsels daarvan toepas, kan dit ons in sekere opsigte teen fisiese kwaad beskerm. "Ek, Jehovah, . . . leer [jou] om jouself te bevoordeel", sê Jesaja 48:17. As ons in ooreenstemming met God se Woord lewe, kan dit ongetwyfeld ons gesondheid verbeter en ons lewe verleng. Omdat ons byvoorbeeld die Bybelse raad toepas om ons van seksuele onsedelikheid te onthou en ons van besoedeling te reinig, vermy ons die onrein gebruike en skadelike gewoontes wat die lewens van talle goddeloses verwoes (Handelinge 15:29; 2 Korintiërs 7:1). Hoe dankbaar is ons tog vir die beskerming van God se Woord!

## Jehovah beskerm ons geestelik

18 Van die allergrootste belang is dat Jehovah geestelike beskerming bied. Ons liefdevolle God beskerm ons teen geestelike skade deur ons toe te rus met wat ons nodig het om beproewinge te verduur en ons verhouding met hom te bewaar. Jehovah tree dus op om ons lewe te bewaar, nie net vir 'n paar jaar nie, maar vir ewig. Beskou party van God se voorsienings wat ons geestelik kan beskerm.

19 Jehovah is die "Hoorder van gebed" (Psalm 65:2). Wan-

---

17. Hoe beskerm Jehovah ons deur sy Woord?
18. Watter geestelike beskerming bied Jehovah ons?
19. Hoe kan Jehovah se gees ons opgewasse maak teen enige beproewing waarvoor ons te staan kom?

### Vrae om oor te peins

**Psalm 23:1-6** Hoe beskerm en sorg Jehovah as die Groot Herder vir sy skape, sy volk?

**Psalm 91:1-16** Hoe beskerm Jehovah ons teen geestelike rampspoed, en wat moet ons doen om onder sy beskerming te kom?

**Daniël 6:16-22, 25-27** Hoe het Jehovah 'n koning van die ou tyd van Sy beskermingskrag geleer, en wat kan ons uit hierdie voorbeeld leer?

**Matteus 10:16-22, 28-31** Watter teenstand kan ons verwag, maar waarom moet ons teenstanders nie vrees nie?

neer dit voel of die druk van die lewe te erg raak, kan dit vir ons groot verligting bring as ons ons hart voor hom uitstort (Filippense 4:6, 7). Hy sal ons beproewinge moontlik nie wonderdadig wegneem nie, maar in antwoord op ons opregte gebede kan hy ons die wysheid gee om dit te bowe te kom (Jakobus 1:5, 6). Wat meer is, Jehovah gee heilige gees aan diegene wat hom vra (Lukas 11:13). Hierdie kragtige gees kan ons opgewasse maak teen enige beproewing of probleem waarvoor ons te staan kom. Dit kan ons "krag wat bo die normale is", gee om te volhard totdat Jehovah alle pynlike probleme uit die weg ruim in die nuwe wêreld wat so naby is. – 2 Korintiërs 4:7.

20 Soms word Jehovah se beskermingskrag deur middel van ons medeaanbidders geopenbaar. Jehovah het sy volk in 'n wêreldwye "gemeenskap van broers" saamgebring (1 Petrus 2:17; Johannes 6:44). In die liefdevolle milieu van hierdie broederskap sien ons lewende bewys van die krag van God se heilige gees om mense ten goede te beïnvloed. Hierdie gees dra vrug in ons – pragtige, kosbare eienskappe wat liefde, goedhartigheid en goedheid insluit (Galasiërs

---

20. Hoe word Jehovah se beskermingskrag deur middel van ons medeaanbidders geopenbaar?

5:22, 23). Wanneer ons dus in benoudheid verkeer, en ’n medegelowige word beweeg om goeie raad te gee of broodnodige woorde van aanmoediging uit te spreek, kan ons Jehovah dank vir hierdie blyke van sy beskermende sorg.

21 Jehovah voorsien iets anders om ons te beskerm: tydige geestelike voedsel. Om ons te help om krag uit sy Woord te put, het Jehovah “die getroue en verstandige slaaf” aangestel om geestelike voedsel te versprei. Hierdie getroue slaaf gebruik gedrukte publikasies, insluitende *Die Wagtoring* en *Ontwaak!,* asook ons webwerf jw.org en vergaderinge en kring- en streekbyeenkomste om ons te voorsien van “voedsel op die regte tyd” – wat ons nodig het, wanneer ons dit nodig het (Matteus 24:45). Het jy al ooit iets by ’n Christelike vergadering gehoor – in ’n kommentaar, in ’n toespraak of selfs in ’n gebed – wat jou die krag en aanmoediging gegee het wat jy juis op daardie oomblik nodig gehad het? Is jou lewe al ooit geraak deur ’n spesifieke artikel in een van ons tydskrifte? Onthou dat Jehovah al hierdie voorsienings verskaf om ons geestelik te beskerm.

22 Jehovah is beslis ’n skild “vir almal wat beskerming by hom kom soek” (Psalm 18:30). Ons verstaan dat hy nie sy krag gebruik om ons nou teen alle rampspoed te beskerm nie. Maar hy gebruik altyd sy beskermingskrag om te verseker dat sy voorneme vervul word. Op die lange duur is dit in sy volk se belang. As ons nader aan Jehovah kom en in sy liefde bly, sal hy ons tot in alle ewigheid volmaakte lewe gee. Met hierdie vooruitsig in gedagte kan ons werklik enige lyding in hierdie stelsel as iets wat ‘net ’n kort rukkie duur en lig is’, beskou. – 2 Korintiërs 4:17.

---

21. (a) Watter tydige geestelike voedsel voorsien Jehovah deur “die getroue en verstandige slaaf”? (b) Hoe het jy al baat gevind by Jehovah se voorsienings om ons geestelik te beskerm?

22. Hoe gebruik Jehovah altyd sy krag, en waarom is dit in ons belang?

# Herstellingskrag – Jehovah "maak alles nuut"

'N KIND verloor of breek 'n gunstelingspeelding en bars in trane uit. Wat 'n hartverskeurende geluid! Maar het jy al gesien hoe 'n kind se gesig verhelder wanneer 'n ouer die verlore ding terugbesorg? Vir die ouer is dit dalk maklik om die speelding te vind of om dit selfs heel te maak. Maar die kind glimlag van oor tot oor en is vol verwondering. Wat hy gedink het vir altyd weg is, is terug!

2 Jehovah, die allerbeste Ouer, het die vermoë om terug te besorg wat sy aardse kinders miskien dink heeltemal verlore is. Ons verwys natuurlik nie na blote speelgoed nie. In hierdie 'swaar tye wat moeilik is om deur te kom', ly ons baie ernstiger verliese (2 Timoteus 3:1-5). Dit lyk of baie van die dinge wat vir mense kosbaar is, voortdurend bedreig word – hulle huis, besittings, werk, selfs hulle gesondheid. Dit ontstel ons moontlik ook wanneer ons dink aan die vernietiging van die omgewing en die gevolglike verlies van baie spesies. Maar niks tref ons so hard soos die dood van 'n geliefde nie. Die gevoel van verlies en magteloosheid kan oorweldigend wees. – 2 Samuel 18:33.

3 Hoe vertroostend is dit dan om van Jehovah se herstellingskrag te leer! Soos ons sal sien, is die omvang van wat God vir sy aardse kinders kan en sal herstel, verstommend. Trouens, die Bybel toon dat Jehovah van voorneme is om '*alle dinge* te herstel' (Handelinge 3:21). Jehovah sal dit doen deur middel van die Messiaanse Koninkryk, met sy Seun, Jesus Christus, as koning. Die getuienis toon dat hierdie Koninkryk in 1914 in die hemel begin heers het (Matteus 24:

---

1, 2. Watter verliese tref die mensdom vandag, en hoe raak dit ons?
3. Watter vertroostende vooruitsig word in Handelinge 3:21 uiteengesit, en deur middel waarvan sal Jehovah dit vervul?

3-14).* Wat sal herstel word? Kom ons kyk na ’n paar van Jehovah se wonderlike herstellingsdade. Een hiervan kan ons alreeds sien en ervaar. Ander sal in die toekoms op groot skaal plaasvind.

## Die herstelling van rein aanbidding

4 Iets wat Jehovah reeds herstel het, is rein aanbidding. Kom ons ondersoek kortliks die geskiedenis van die koninkryk van Juda om te verstaan wat dit beteken. Dit sal ons opwindende insig gee in hoe Jehovah se herstellingskrag werk. – Romeine 15:4.

5 Stel jou net voor hoe getroue Jode in 607 VHJ moes gevoel het toe Jerusalem vernietig is. Hulle geliefde stad was verwoes, sy mure was afgebreek. Nog erger, die glorieryke tempel wat Salomo gebou het, die enigste sentrum vir die rein aanbidding van Jehovah op die hele aarde, het in puin gelê (Psalm 79:1). Die oorlewendes is in ballingskap na Babilon weggevoer, en hulle vaderland het ’n verlate woonplek van wilde diere geword (Jeremia 9:11). Uit ’n menslike standpunt gesien, het alles verlore gelyk (Psalm 137:1). Maar Jehovah, wat lank tevore hierdie vernietiging voorspel het, het hulle die hoop gegee dat ’n tyd van herstelling voorgelê het.

6 Trouens, herstelling is ’n tema wat oor en oor in die ge-

* “Die tyd wanneer alle dinge herstel word”, het begin toe die Messiaanse Koninkryk opgerig is met ’n erfgenaam van getroue koning Dawid op die troon. Jehovah het aan Dawid belowe dat een van sy erfgename vir ewig sou heers (Psalm 89:35-37). Maar nadat Babilon Jerusalem in 607 VHJ vernietig het, het geen menslike afstammeling van Dawid op God se troon gesit nie. Jesus, wat as ’n erfgenaam van Dawid op die aarde gebore is, het die langbeloofde Koning geword toe hy in die hemel op die troon geplaas is.

4, 5. Wat het in 607 VHJ met God se volk gebeur, en watter hoop het Jehovah hulle gegee?
6-8. (a) Watter tema kom oor en oor in die geskrifte van die Hebreeuse profete voor, en hoe is hierdie profesieë aanvanklik vervul? (b) Hoe het God se volk in hedendaagse tye die vervulling van baie herstellingsprofesieë ondervind?

skrifte van die Hebreeuse profete voorkom.* Deur hulle het Jehovah 'n herstelde land belowe wat herbevolk en vrugbaar sou wees en teen wilde diere en vyandelike aanvalle beskerm sou word. Hy het hulle herstelde land as 'n ware paradys beskryf! (Jesaja 65:25; Esegiël 34:25; 36:35). Bowenal sou rein aanbidding herstel word, en die tempel sou herbou word (Miga 4:1-5). Hierdie profesieë het die Jode in ballingskap hoop gegee en hulle gehelp om hulle 70 jaar lange gevangenskap in Babilon te verduur.

7 Uiteindelik het die tyd vir die herstelling aangebreek. Die Jode is uit Babilon bevry en het na Jerusalem teruggekeer en Jehovah se tempel daar herbou (Esra 1:1, 2). Solank hulle rein aanbidding beoefen het, het Jehovah hulle geseën en hulle land vrugbaar en voorspoedig gemaak. Hy het hulle beskerm teen vyande en teen die wilde diere waarvan hulle land dekades lank gewemel het. Hoe moes hulle hulle tog in Jehovah se herstellingskrag verheug het! Maar hierdie gebeure was slegs 'n aanvanklike, beperkte vervulling van die herstellingsprofesieë. 'n Groter vervulling sou "aan die einde van die dae", in ons tyd, plaasvind, wanneer die langbeloofde Erfgenaam van koning Dawid op die troon geplaas word. – Jesaja 2:2-4; 9:6, 7.

8 Kort nadat Jesus in 1914 in die hemelse Koninkryk op die troon geplaas is, het hy aandag gegee aan die geestelike behoeftes van God se getroue knegte op aarde. Net soos die Persiese oorwinnaar Kores in 537 VHJ 'n oorblyfsel Jode uit Babilon bevry het, het Jesus 'n oorblyfsel geestelike Jode – sy voetstapnavolgers – bevry van die invloed van "Babilon die Grote", die wêreldryk van valse godsdiens (Openbaring 18:1-5; Romeine 2:29). Van 1919 af is rein aanbidding tot sy regmatige plek in die lewens van ware Christene herstel (Maleagi 3:1-5). Sedertdien het Jehovah se volk hom aanbid in sy gereinigde geestelike tempel – God se reëling vir rein aanbidding. Waarom is dit vandag vir ons belangrik?

---

* Moses, Jesaja, Jeremia, Esegiël, Hosea, Joël, Amos, Obadja, Miga en Sefanja het byvoorbeeld almal hierdie tema ontwikkel.

## Geestelike herstelling – Waarom dit belangrik is

[9] Beskou die geskiedkundige perspektief. Eerste-eeuse Christene het baie geestelike seëninge geniet. Maar Jesus en die apostels het voorspel dat ware aanbidding verderf sou word en sou verdwyn (Matteus 13:24-30; Handelinge 20:29, 30). Ná die apostoliese tydperk het die Christendom ontstaan. Sy geestelikes het heidense leringe en gebruike aangeneem. Hulle het dit ook vir mense feitlik onmoontlik gemaak om God te nader deur hom as ’n onverstaanbare Drie-eenheid voor te stel en mense te leer om aan priesters te bieg en tot Maria en verskeie “heiliges” te bid in plaas van tot Jehovah. Wat het Jehovah nou, ná baie eeue van hierdie verdorwenheid, gedoen? Hy het in vandag se wêreld – ’n wêreld vol godsdiensleuens en wat besoedel is met goddelose gebruike – ingegryp en rein aanbidding herstel! Sonder om te oordryf, kan ons sê dat hierdie herstelling een van die belangrikste gebeure in hedendaagse tye is.

[10] Ware Christene geniet dus vandag ’n geestelike paradys wat Jehovah al hoe beter en al hoe mooier maak. Wat behels hierdie paradys? Dit het hoofsaaklik twee elemente. Die eerste is die rein aanbidding van die ware God, Jehovah. Hy het ons geseën met ’n vorm van aanbidding wat vry is van leuens en verdraaiings. Hy het ons geseën met geestelike voedsel. Dit stel ons in staat om van ons hemelse Vader te leer, om hom te behaag en om nader aan hom te kom (Johannes 4:24). Die tweede element van die geestelike paradys het te doen met mense. Soos Jesaja voorspel het, het Jehovah sy aanbidders “aan die einde van die dae” die weë van vrede geleer. Hy het ’n einde gemaak aan oorlogvoering onder ons. Ondanks ons onvolmaakthede help hy ons om

---

9. Wat het die kerke van die Christendom ná die apostoliese tydperk met die aanbidding van God gedoen, maar wat het Jehovah in ons dag gedoen?

10, 11. (a) Watter twee elemente het die geestelike paradys, en hoe raak dit jou? (b) Watter soort mense het Jehovah in die geestelike paradys versamel, en wat sal hulle die voorreg hê om te aanskou?

"die nuwe persoonlikheid" aan te trek. Hy seën ons pogings deur sy heilige gees aan ons te gee, wat pragtige vrugte in ons voortbring (Efesiërs 4:22-24; Galasiërs 5:22, 23). As jy in ooreenstemming met God se gees werk, is jy waarlik deel van die geestelike paradys.

11 Jehovah het in hierdie geestelike paradys die soort mense versamel wat hy liefhet – mense wat hom liefhet, wat vrede liefhet en wat "besef dat hulle God nodig het" (Matteus 5:3). Dit is die soort mense wat die voorreg sal hê om 'n selfs skouspelagtiger herstelling te aanskou – dié van die mensdom en van die hele aarde.

## "Kyk! Ek maak alles nuut"

12 Baie van die herstellingsprofesieë verwys blykbaar nie net na 'n geestelike herstelling nie. Jesaja het byvoorbeeld geskryf van 'n tyd wanneer die siekes, die kreupeles, die blindes en die dowes genees sou word en selfs die dood vir ewig weggeneem sou word (Jesaja 25:8; 35:1-7). Hierdie beloftes het nie 'n letterlike vervulling in eertydse Israel gehad nie. En hoewel ons in ons dag 'n geestelike vervulling van hierdie beloftes sien, bestaan daar alle rede om te glo dat daar in die toekoms 'n letterlike, algehele vervulling sal wees. Hoe weet ons dit?

13 Jehovah het destyds in Eden sy voorneme met die aarde duidelik gemaak: Dit moes deur 'n gelukkige, gesonde, verenigde mensegesin bewoon word. Die man en sy vrou moes na die aarde en al die skepsele daarin omsien, sodat die hele aarde 'n paradys kon word (Genesis 1:28). Dit is heeltemal anders as die toestande wat vandag heers. Maar ons kan seker wees dat Jehovah se voornemens nooit gedwarsboom word nie (Jesaja 55:10, 11). Jesus, as die Messiaanse Koning wat deur Jehovah aangestel is, sal hierdie wêreldwye Paradys tot stand bring. – Lukas 23:43.

---

12, 13. (a) Waarom moet die herstellingsprofesieë nog 'n vervulling hê? (b) Wat is Jehovah se voorneme met die aarde soos hy dit in Eden uiteengesit het, en waarom gee dit ons hoop vir die toekoms?

[14] Stel jou voor hoe dit sal wees om te sien dat die hele aarde ’n paradys word! Jehovah sê van daardie tyd: “Kyk! Ek maak alles nuut” (Openbaring 21:5). Dink aan wat dit sal beteken. Wanneer Jehovah sy vernietigingskrag klaar teen hierdie goddelose ou stelsel uitgeoefen het, sal daar “nuwe hemele en ’n nuwe aarde” oorbly. Dit beteken dat ’n nuwe regering vanuit die hemel sal regeer oor ’n nuwe aardse gemeenskap wat bestaan uit mense wat Jehovah liefhet en wat sy wil doen (2 Petrus 3:13). Satan, tesame met sy demone, sal buite aksie gestel word (Openbaring 20:3). Vir die eerste keer in duisende jare sal die mensdom vry wees van daardie verderflike, haatlike, negatiewe invloed. Die gevoel van verligting sal ongetwyfeld oorweldigend wees.

[15] Uiteindelik sal ons na hierdie pragtige planeet kan omsien soos ons oorspronklik veronderstel was om te doen. Die aarde het natuurlike herstelkragte. Besoedelde mere en riviere kan hulleself reinig as die bron van besoedeling verwyder word; landskappe kan van oorlogskade herstel as die oorloë ophou. Wat ’n genot sal dit tog wees om in ooreenstemming met die natuur te werk en te help om die aarde in ’n tuinagtige park te omskep, ’n wêreldwye Eden met ’n eindelose verskeidenheid! Die mens sal in vrede met die hele skepping op die aarde lewe eerder as om diere- en plantlewe moedswillig uit te roei. Selfs kinders sal glad nie vir wilde diere bang hoef te wees nie. – Jesaja 9:6, 7; 11:1-9.

[16] Ons sal ook as individue by die herstelling baat vind. Ná Armageddon sal die oorlewendes wêreldwyd wonderdadige genesings sien. Jesus sal, net soos toe hy op die aarde was, sy godgegewe krag gebruik om die blindes weer te laat sien, die dowes weer te laat hoor, die kreupeles en siekes gesond te maak (Matteus 15:30). Die bejaardes sal hulle verheug in hernieude jeugdige krag, gesondheid en energie (Job 33:

---

14, 15. (a) Hoe sal Jehovah ‘alles nuut maak’? (b) Hoe sal die lewe in die Paradys wees, en waarna sien jy die meeste uit?
16. Hoe sal elke getroue persoon in die Paradys by die herstelling baat vind?

25). Plooie sal verdwyn, ledemate sal nie meer krom wees nie en spiere sal hernieude krag hê. Alle getroue mense sal daarvan bewus wees dat die gevolge van sonde en onvolmaaktheid geleidelik afneem, verdwyn. Hoe sal ons Jehovah God tog bedank vir sy wonderdadige herstellingskrag! Kom ons kyk nou na 'n besonder aangrypende aspek van hierdie opwindende tyd van herstelling.

## Die dooies word opgewek

17 In die eerste eeu HJ het party godsdiensleiers, wat Sadduseërs genoem is, nie in die opstanding geglo nie. Jesus het hulle bestraf met die woorde: "Julle misgis julle, want julle ken nie die Skrif nie en ook nie die krag van God nie" (Matteus 22:29). Ja, die Skrif openbaar dat Jehovah sulke herstellingskrag het. Hoe so?

18 Stel jou voor wat in Elia se dag gebeur het. 'n Weduwee het die slap liggaam van haar enigste kind in haar arms vasgehou. Die seun was dood. Dit moes 'n skok gewees het vir die profeet Elia, wat 'n ruk lank die weduwee se gas was. Hy het vroeër help verhoed dat hierdie kind van honger sterf. Elia het die seuntjie heel waarskynlik liefgekry. Die ma was eenvoudig ontroosbaar. Hierdie seun was haar enigste lewende herinnering aan haar oorlede man. Sy het moontlik gehoop dat haar seun in haar oudag vir haar sou sorg. Die verwese weduwee het gedink dat sy dalk vir die een of ander oortreding in die verlede gestraf word. Elia kon dit nie verduur om te sien dat hierdie tragedie só vererger word nie. Hy het die lyk sagkens uit die ma se arms geneem, dit na sy kamer opgedra en Jehovah God gevra om die kind se lewe te laat terugkeer. – 1 Konings 17:8-21.

19 Elia was nie die eerste persoon wat in die opstanding

17, 18. (a) Waarom het Jesus die Sadduseërs bestraf? (b) Watter omstandighede het daartoe gelei dat Elia Jehovah gevra het om 'n opstanding te verrig?

19, 20. (a) Hoe het Abraham getoon dat hy geloof in Jehovah se herstellingskrag gehad het, en wat was die grondslag van hierdie geloof? (b) Hoe het Jehovah Elia se geloof beloon?

geglo het nie. Eeue vroeër het Abraham geglo dat Jehovah sulke herstellingskrag het – en hy het goeie rede gehad om dit te glo. Toe Abraham 100 jaar oud was en Sara 90, het Jehovah hulle voortplantingsvermoëns, wat dood was, herstel en Sara op wonderdadige wyse in staat gestel om aan ’n seun geboorte te gee (Genesis 17:17; 21:2, 3). Later, toe die seun volgroeid was, het Jehovah Abraham gevra om sy seun as offerande te bring. Abraham het geloof getoon en gereken dat Jehovah sy geliefde Isak weer lewend sou kon maak (Hebreërs 11:17-19). Hierdie sterk geloof verklaar moontlik waarom Abraham, voordat hy teen die berg opgeklim het om sy seun te offer, sy knegte verseker het dat hy en Isak saam sou terugkeer. – Genesis 22:5.

20 Jehovah het Isak gespaar, en daarom was ’n opstanding toe nie nodig nie. Maar in Elia se geval was die weduwee se seun reeds dood – maar nie vir lank nie. Jehovah het die profeet se geloof beloon deur die kind op te wek! Elia het toe die seun aan sy ma gegee, met hierdie onvergeetlike woorde: “Kyk, jou seun lewe”! – 1 Konings 17:22-24.

21 Hier sien ons vir die eerste keer in die Bybelverslag hoe Jehovah sy krag gebruik het om ’n mens weer lewend te maak. Later het Jehovah ook aan Elisa, Jesus, Paulus en Petrus die krag gegee om die dooies op te wek. Dié wat opgewek is, het natuurlik later weer gesterf. Nietemin gee hierdie Bybelverslae ons ’n wonderlike voorskou van toekomstige dinge.

22 In die Paradys sal Jesus sy rol as “die opstanding en die lewe” vervul (Johannes 11:25). Hy sal tallose miljoene opwek en hulle die geleentheid gee om vir ewig in die Paradys op aarde te lewe (Johannes 5:28, 29). Stel jou die herenigings voor wanneer geliefde vriende en familielede, wat lank deur die dood geskei was, mekaar omhels, heeltemal

---

21, 22. (a) Wat was die doel van die opstandings wat in die Skrif opgeteken is? (b) Hoe omvattend sal die opstanding in die Paradys wees, en wie sal dit verrig?

***“Kyk, jou seun lewe”!***



### Vrae om oor te peins

**2 Konings 5:1-15** Hoe het ’n man in Bybeltye by Jehovah se herstellingskrag baat gevind omdat hy nederigheid aangekweek het?

**Job 14:12-15** Watter vertroue het Job gehad, en hoe kan hierdie verse ons hoop vir die toekoms raak?

**Psalm 126:1-6** Hoe kan Christene vandag voel oor die herstelling van rein aanbidding en hulle aandeel daaraan?

**Romeine 4:16-25** Waarom is dit belangrik om geloof in Jehovah se herstellingskrag te stel?

oorstelp van vreugde! Die hele mensdom sal Jehovah loof vir sy herstellingskrag.

23 Jehovah het ’n rotsvaste waarborg voorsien dat hierdie hoop seker is. In die allergrootste vertoning van sy krag het hy sy Seun, Jesus, as ’n magtige geesskepsel opgewek en hom slegs aan Jehovah ondergeskik gemaak. Die verrese Jesus het aan honderde ooggetuies verskyn (1 Korintiërs 15: 5, 6). Hierdie getuienis behoort selfs vir skeptici genoeg te wees. Jehovah het die krag om mense weer lewend te maak.

24 Jehovah het nie net die krag om die dooies op te wek nie, maar hy het ook die begeerte om dit te doen. Die getroue man Job is geïnspireer om te sê dat Jehovah daarna *verlang* om die dooies terug te bring (Job 14:15). Voel jy nie aangetrokke tot ons God, wat gretig is om sy herstellingskrag op so ’n liefdevolle manier te gebruik nie? Onthou egter dat die opstanding maar net een aspek van Jehovah se groot herstellingswerk vir die toekoms is. Terwyl jy steeds nader aan hom kom, moet jy altyd die kosbare hoop koester dat jy daar sal wees om te sien hoe Jehovah ‘alles nuut maak’. – Openbaring 21:5.

---

23. Wat was die allergrootste vertoning van Jehovah se krag, en hoe is dit ’n waarborg vir ons hoop vir die toekoms?
24. Waarom kan ons seker wees dat Jehovah die dooies sal opwek, en watter hoop kan elkeen van ons koester?

# ‘Christus is die krag van God’

DIE dissipels was baie bang. Hulle het oor die See van Galilea gevaar toe ’n storm skielik oor hulle losbars. Hulle het ongetwyfeld al voorheen storms op hierdie meer gesien – party van die manne was immers ervare vissermanne (Matteus 4:18, 19).* Maar dit was “’n baie groot windstorm”, en die see het gou baie onstuimig geword. Die manne het wanhopig probeer om die vaartuig te stuur, maar die storm was te sterk. Groot golwe het “by die boot ingeslaan”, en dit het vol water begin word. Ondanks al die geraas was Jesus vas aan die slaap in die agterstewe, uitgeput nadat hy die skares heeldag onderrig het. Die dissipels het vir hulle lewens gevrees en hom wakker gemaak en gesmeek: “Here, red ons, ons staan op die punt om dood te gaan!” – Markus 4:35-38; Matteus 8:23-25.

2 Jesus was nie bang nie. Vol vertroue het hy die wind en die see bestraf: “Bedaar! Wees stil!” Die wind en die see het hom onmiddellik gehoorsaam – die stormwind het gaan lê, die golwe het bedaar en “’n groot kalmte het oor die see gekom”. Die dissipels het nou baie bang geword. “Wie is hy regtig?” het hulle vir mekaar gesê. Ja, watter soort mens kan die wind en die see bestraf asof hy ’n stout kind teregwys? – Markus 4:39-41; Matteus 8:26, 27.

3 Maar Jesus was nie ’n gewone mens nie. Jehovah se krag is op buitengewone maniere teenoor hom en deur

* Skielike storms is algemeen op die See van Galilea. As gevolg van die see se lae ligging (ongeveer 200 meter onder seespieël) is die lug daar baie warmer as in die omliggende gebied, en dit veroorsaak atmosferiese steurings. Sterk winde waai deur die Jordaanvallei van die berg Hermon af, wat in die noorde lê. Die een oomblik is alles kalm, die volgende is daar ’n kwaai storm.

1-3. (a) Watter skrikwekkende ondervinding het die dissipels op die See van Galilea gehad, en wat het Jesus gedoen? (b) Waarom kon die apostel Paulus tereg sê ‘Christus is die krag van God’?

hom getoon. Die geïnspireerde apostel Paulus kon tereg sê: 'Christus is die krag van God' (1 Korintiërs 1:24). Op watter maniere word God se krag in Jesus geopenbaar? En hoe kan Jesus se gebruik van krag ons lewe raak?

## Die krag van God se eniggebore Seun

4 Dink aan die krag wat Jesus gedurende sy voormenslike bestaan gehad het. Jehovah het sy eie "ewige krag" gebruik toe hy sy eniggebore Seun geskep het, wat later as Jesus Christus bekend gestaan het (Romeine 1:20; Kolossense 1:15). Daarna het Jehovah baie groot krag en gesag aan hierdie Seun oorgedra en hom die taak gegee om Sy voornemens in verband met die skepping uit te voer. Die Bybel sê aangaande hierdie Seun: "Alles het deur hom ontstaan, en sonder hom het nie 'n enkele ding ontstaan nie." – Johannes 1:3.

5 Ons kan net 'n vae idee vorm van die omvang van dié toewysing. Dink aan die krag wat nodig is om miljoene magtige engele, die fisiese heelal met sy duisendmiljoene sterrestelsels asook die aarde met sy oorvloedige verskeidenheid lewensvorme te skep. Om hierdie take te verrig, het die eniggebore Seun die sterkste krag in die heelal – God se heilige gees – tot sy beskikking gehad. Dit het hierdie Seun groot vreugde verskaf om die Meesterwerker te wees, wat deur Jehovah gebruik is om alle ander dinge te skep. – Spreuke 8:22-31.

6 Kon die eniggebore Seun selfs groter krag en gesag ontvang? Ná Jesus se dood op aarde en sy opstanding het hy gesê: "Alle gesag in die hemel en op die aarde is aan my gegee" (Matteus 28:18). Ja, Jesus is die vermoë en die reg gegee om krag universeel uit te oefen. As "Koning van die konings en Here van die here" is hy die gesag gegee om "alle regering en alle gesag en mag" – sigbaar en onsigbaar – wat in verset

---

4, 5. (a) Watter krag en gesag het Jehovah aan sy eniggebore Seun gegee? (b) Hoe is hierdie Seun toegerus om sy Vader se voornemens in verband met die skepping uit te voer?

6. Watter mag en gesag is Jesus ná sy dood op aarde en sy opstanding gegee?

teen sy Vader is, 'tot 'n einde te bring' (Openbaring 19:16; 1 Korintiërs 15:24-26). God het "niks uitgesluit wat nie aan [Jesus] onderwerp is nie" – dit is natuurlik met uitsondering van Jehovah self. – Hebreërs 2:8; 1 Korintiërs 15:27.

7 Hoef ons ons te kwel dat Jesus sy krag sal misbruik? Glad nie! Jesus het sy Vader baie lief en sal nooit enige iets doen wat hom mishaag nie (Johannes 8:29; 14:31). Jesus weet goed dat Jehovah nooit sy almag misbruik nie. Jesus het self gesien dat Jehovah geleenthede soek "om dié te ondersteun wat met hulle hele hart op hom vertrou" (2 Kronieke 16:9). Ja, net soos sy Vader het Jesus die mensdom lief, en daarom kan ons die vertroue hê dat Jesus altyd sy krag ten goede sal gebruik (Johannes 13:1). Jesus het 'n onberispelike rekord in hierdie opsig opgebou. Kom ons kyk na die krag wat hy gehad het toe hy op aarde was en hoe hy dit gebruik het.

## 'Kragtig in woord'

8 Jesus het klaarblyklik geen wonderwerke verrig toe hy 'n kind was en in Nasaret grootgeword het nie. Maar dit het verander nadat hy in 29 HJ op die ouderdom van ongeveer 30 gedoop is (Lukas 3:21-23). Die Bybel sê vir ons dat "God [hom] met heilige gees en krag gesalf [het] en dat hy deur die land gegaan het en goeie dinge gedoen het en almal gesond gemaak het wat deur die Duiwel onderdruk is" (Handelinge 10:38). Dui die feit dat Jesus "goeie dinge gedoen" het nie aan dat hy sy krag reg gebruik het nie? Nadat hy gesalf is, het hy ''n profeet geword wat kragtig was in woord en daad'. – Lukas 24:19.

9 Hoe was Jesus kragtig in woord? Hy het dikwels in die ope lug onderrig – langs mere en teen heuwelhange asook

7. Waarom kan ons seker wees dat Jesus nooit die krag sal misbruik wat Jehovah hom gegee het nie?
8. Waarvoor het Jesus krag ontvang nadat hy gesalf is, en hoe het hy sy krag gebruik?
9-11. (a) Waar het Jesus 'n groot deel van sy onderrigting gedoen, en voor watter uitdaging het hy te staan gekom? (b) Waarom was die skare verstom oor die manier waarop Jesus geleer het?

in die strate en op markpleine (Markus 6:53-56; Lukas 5: 1-3; 13:26). Mense wat na hom geluister het, kon eenvoudig loop as sy woorde nie hulle aandag geboei het nie. In die tyd voordat daar gedrukte boeke was, moes waarderende toehoorders sy woorde in hulle verstand en hart bewaar. Jesus se onderrigting moes dus baie boeiend en duidelik verstaanbaar wees en maklik onthou kon word. Maar hierdie uitdaging was vir Jesus geen probleem nie. Kyk byvoorbeeld na sy Bergpredikasie.

10 Een oggend vroeg in 31 HJ het ’n skare teen ’n heuwelhang naby die See van Galilea vergader. Party het van Judea en Jerusalem af gekom, 100 tot 110 kilometer daarvandaan. Ander het van die kusgebied van Tirus en Sidon in die noorde af gekom. Baie siekes het tot reg by Jesus gekom sodat hulle aan hom kon raak, en hy het hulle almal gesond gemaak. Toe niemand meer onder hulle ernstig siek was nie, het hy hulle begin onderrig (Lukas 6:17-19). Toe hy ’n ruk later klaar gepraat het, was hulle verbaas oor wat hulle gehoor het. Waarom?

11 Jare later het iemand wat daardie preek gehoor het, gesê: “Die skare [was] verstom oor die manier waarop hy geleer het, want hy het hulle geleer soos iemand wat gesag het” (Matteus 7:28, 29). Jesus het met soveel krag gepraat dat hulle dit kon voel. Hy het namens God gepraat en sy leringe met die gesag van God se Woord gestaaf (Johannes 7:16). Jesus se stellings was duidelik, sy vermanings oorredend en sy argumente onweerlegbaar. Sy woorde het tot die hart van sake deurgedring, asook tot die harte van dié wat na hom geluister het. Hy het hulle geleer hoe om geluk te vind, hoe om te bid, hoe om God se Koninkryk te soek en hoe om ’n veilige toekoms te bou (Matteus 5:3–7:27). Sy woorde het die harte geraak van dié wat na waarheid en regverdigheid gesmag het. Hulle was bereid om ‘op te hou om vir hulleself te lewe’ en alles prys te gee om hom te volg (Matteus 16:24;

***“Hulle* [*het*] *gesien dat Jesus op die see loop”***



Lukas 5:10, 11). Wat 'n duidelike bewys tog van die krag van Jesus se woorde!

## 'Kragtig in daad'

12 Jesus was ook 'kragtig in daad' (Lukas 24:19). Die Evangelies meld meer as 30 afsonderlike wonderwerke wat hy verrig het – almal in "Jehovah se krag" (Lukas 5:17).* Jesus se wonderwerke het die lewens van duisende geraak. Dink aan net twee wonderwerke – toe 5 000 mans en later 4 000 mans gevoed is. Saam met die vrouens en kinders het die skares waarskynlik nog baie duisende ingesluit! – Matteus 14:13-21; 15:32-38.

13 Jesus het 'n groot verskeidenheid wonderwerke verrig. Hy het gesag oor die demone gehad en het hulle sonder enige moeite uitgedryf (Lukas 9:37-43). Hy het mag oor die fisiese elemente gehad en het water in wyn verander (Johannes 2:1-11). Dink net hoe verbaas sy dissipels moes gewees het toe hulle gesien het dat "Jesus op die see loop" (Johannes 6:18, 19). Hy het mag oor siekte gehad en het liggaamlike gebreke, chroniese kwale en lewensgevaarlike siektes genees (Markus 3:1-5; Johannes 4:46-54). Hy het hierdie genesings op verskillende maniere verrig. Party is van ver af genees, terwyl ander persoonlik deur Jesus aangeraak is (Matteus 8:2, 3, 5-13). Party is oombliklik genees, ander geleidelik. – Markus 8:22-25; Lukas 8:43, 44.

14 Bowenal het Jesus die mag gehad om die dood ongedaan te maak. Daar is drie geleenthede opgeteken waarby hy die dooies opgewek het – hy het 'n 12-jarige meisie aan haar

* Daarbenewens groepeer die Evangelies soms 'n klomp wonderwerke onder een algemene beskrywing. By een geleentheid het 'n "hele stad" byvoorbeeld na hom toe gekom, en hy het "baie" siekes genees. – Markus 1:32-34.

12, 13. In watter opsig was Jesus 'kragtig in daad', en watter groot verskeidenheid wonderwerke het hy verrig?
14. Onder watter omstandighede het Jesus getoon dat hy die mag het om die dood ongedaan te maak?

ouers teruggegee, 'n enigste kind aan sy weduweema en 'n geliefde broer aan sy susters (Lukas 7:11-15; 8:49-56; Johannes 11:38-44). Geen situasie was te moeilik nie. Hy het die 12-jarige meisie van haar sterfbed af opgewek kort nadat sy gesterf het. Hy het die weduwee se seun van die draagbaar af opgewek, ongetwyfeld op die dag van sy dood. En hy het Lasarus uit die graf opgewek nadat hy vier dae dood was.

## Onselfsugtige, verantwoordelike en bedagsame gebruik van krag

15 Kan jy jou voorstel hoe Jesus se krag misbruik sou kon word as dit in die hande van 'n onvolmaakte heerser geplaas word? Maar Jesus was sonder sonde (1 Petrus 2:22). Hy het hom nie deur die selfsug, ambisie en gierigheid laat besmet wat onvolmaakte mense daartoe dryf om hulle krag tot nadeel van ander te gebruik nie.

16 Jesus was onselfsugtig in die manier waarop hy sy krag gebruik het en het dit nooit vir persoonlike gewin aangewend nie. Toe hy honger was, het hy geweier om vir hom klippe in brood te verander (Matteus 4:1-4). Sy karige besittings het bewys dat hy nie materieel by die gebruik van sy krag baat gevind het nie (Matteus 8:20). Daar is verdere bewys dat sy kragtige werke uit onselfsugtige beweegredes gespruit het. Wanneer hy wonderwerke verrig het, het dit opoffering van sy kant geverg. Wanneer hy die siekes genees het, het krag uit hom uitgegaan. Hy kon voel wanneer hierdie krag uit hom uitgegaan het, selfs in die geval van 'n enkele genesing (Markus 5:25-34). En tog het hy toegelaat dat *skares* aan hom raak, en hulle is genees (Lukas 6:19). Wat 'n onselfsugtige gees!

17 Jesus het sy krag op 'n verantwoordelike wyse gebruik. Hy het nooit kragtige werke verrig net om mense te

---

15, 16. Watter bewys is daar dat Jesus onselfsugtig was in die manier waarop hy sy krag gebruik het?
17. Hoe het Jesus getoon dat hy sy krag op 'n verantwoordelike wyse gebruik?

beïndruk nie (Matteus 4:5-7). Hy was nie bereid om tekens te doen net om Herodes se nuuskierigheid, wat uit 'n verkeerde beweegrede gespruit het, te bevredig nie (Lukas 23:8, 9). Jesus het nie met sy krag te koop geloop nie, maar het dikwels diegene wat hy genees het, beveel om niemand te vertel nie (Markus 5:43; 7:36). Hy wou nie hê dat mense gevolgtrekkings omtrent hom moes maak op grond van sensasionele berigte nie. – Matteus 12:15-19.

18 Hierdie magtige man, Jesus, was heeltemal anders as die heersers wat met algehele verontagsaming van die behoeftes en lyding van ander mag uitgeoefen het. Jesus het vir mense omgegee. Wanneer hy die geteisterdes gesien het, het dit hom so diep geroer dat hy beweeg is om hulle lyding te verlig (Matteus 14:14). Hy het hulle gevoelens en behoeftes in ag geneem, en hierdie liefdevolle bedagsaamheid het die manier beïnvloed waarop hy sy krag gebruik het. 'n Roerende voorbeeld is opgeteken in Markus 7:31-37.

19 By hierdie geleentheid het groot skares Jesus gevind en baie siekes na hom toe gebring, en hy het hulle almal genees (Matteus 15:29, 30). Maar Jesus het spesiale aandag aan een man gegee. Die man was doof en kon skaars praat. Jesus het dalk agtergekom dat hierdie man besonder senuweeagtig of verbouereerd was. Uit bedagsaamheid het Jesus die man eenkant toe geneem na 'n privaat plek – weg van die skare af. Toe het Jesus deur middel van gebare vir die man beduie wat hy gaan doen. Hy het "sy vingers in die man se ore gesteek, en nadat hy gespoeg het, het hy aan die man se tong geraak" (Markus 7:33).* Toe het Jesus opgekyk hemel

---

* Om te spoeg, was 'n manier of teken van genesing wat deur Jode sowel as nie-Jode aanvaar is, en daar is verslae in rabbynse geskrifte van die gebruik van speeksel tydens genesing. Jesus het dalk bloot gespoeg om vir die man te wys dat hy genees gaan word. Hoe dit ook al sy, Jesus het nie sy speeksel as 'n natuurlike geneesmiddel gebruik nie.

---

18-20. (a) Wat het die manier beïnvloed waarop Jesus sy krag gebruik het? (b) Hoe voel jy oor die manier waarop Jesus 'n sekere dowe man genees het?

toe en biddend gesug. Hierdie aksies het vir die man gesê: ‘Wat ek vir jou gaan doen, is danksy krag wat van God kom.’ Uiteindelik het Jesus gesê: “Word geopen” (Markus 7:34). Daarop kon die man weer hoor, en hy kon normaal praat.

20 Hoe aangrypend is dit tog om te dink dat Jesus, selfs toe hy sy godgegewe krag gebruik het om die geteisterdes te genees, hulle gevoelens op simpatieke wyse in ag geneem het! Is dit nie gerusstellend om te weet dat Jehovah die Messiaanse Koninkryk in die hande van so ’n liefdevolle, bedagsame Heerser geplaas het nie?

## ’n Teken van toekomstige dinge

21 Die kragtige werke wat Jesus op aarde verrig het, was net ’n voorskou van selfs groter toekomstige seëninge onder sy heerskappy as koning. In God se nuwe wêreld sal Jesus weer eens wonderwerke verrig – maar op ’n wêreldskaal! Kyk na ’n paar opwindende vooruitsigte.

22 Jesus sal die balans in die aarde se ekologie ten volle herstel. Onthou dat hy sy beheer oor die natuurkragte getoon het deur ’n windstorm te stil. Onder Christus se Koninkryksheerskappy sal die mensdom dan beslis nie hoef te vrees dat tifone, aardbewings, vulkaniese uitbarstings of ander natuurrampe enige skade sal aanrig nie. Aangesien Jesus die Meesterwerker is, wat deur Jehovah gebruik is om die aarde en alle lewe daarop te skep, verstaan hy die samestelling van die aarde ten volle. Hy weet hoe om die hulpbronne behoorlik te benut. Onder sy heerskappy sal hierdie hele aarde in ’n paradys omskep word. – Lukas 23:43.

23 Wat van die mensdom se behoeftes? Jesus se vermoë om duisende mense van oorgenoeg kos te voorsien deur net ’n paar items te gebruik, verseker ons dat niemand onder

---

21, 22. (a) Waarvan was Jesus se wonderwerke ’n voorskou? (b) Wat kan ons onder Jesus se Koninkryksheerskappy verwag, aangesien hy beheer oor die natuurkragte het?

23. Hoe sal Jesus as Koning in die mensdom se behoeftes voorsien?

### Vrae om oor te peins

**Jesaja 11:1-5** Hoe openbaar Jesus "die gees van . . . mag", en watter vertroue kan ons dus in sy heerskappy hê?

**Markus 2:1-12** Jesus se wonderdadige genesings toon dat hy watter gesag gegee is?

**Johannes 6:25-27** Al het Jesus wonderdadig in mense se fisiese behoeftes voorsien, wat was die vernaamste oogmerk van sy bediening?

**Johannes 12:37-43** Waarom het party ooggetuies van Jesus se wonderwerke nie geloof in hom gestel nie, en wat kan ons hieruit leer?

sy heerskappy sal honger ly nie. Ja, 'n oorvloed kos, wat regverdig versprei word, sal honger vir ewig beëindig (Psalm 72:16). Sy mag oor siekte sê vir ons dat siek, blinde, dowe, gebreklike en kreupel mense genees sal word – heeltemal en vir altyd (Jesaja 33:24; 35:5, 6). Sy vermoë om die dooies op te wek, verseker dat sy mag as 'n hemelse Koning die krag insluit om die tallose miljoene op te wek wat dit sy Vader behaag om te onthou. – Johannes 5:28, 29.

24 Laat ons, terwyl ons nadink oor Jesus se krag, in gedagte hou dat hierdie Seun sy Vader volmaak navolg (Johannes 14:9). Jesus se gebruik van krag gee ons dus 'n duidelike beeld van hoe Jehovah krag gebruik. Dink byvoorbeeld aan die liefdevolle manier waarop Jesus 'n sekere melaatse genees het. Beweeg deur innige jammerte het Jesus die man aangeraak en gesê: "Ek wil!" (Markus 1:40-42). Deur middel van sulke verslae sê Jehovah as 't ware: 'Só gebruik ek my krag!' Beweeg dit jou nie om ons almagtige God te loof en te dank dat hy sy krag op so 'n liefdevolle wyse gebruik nie?

---

24. Wat moet ons in gedagte hou terwyl ons nadink oor Jesus se krag, en waarom?

# 'Word 'n navolger van God' in jou gebruik van mag

"WAAR mag is, is daar altyd die skadu van 'n verborge strik." Hierdie woorde van 'n 19de-eeuse digter vestig die aandag op 'n subtiele gevaar: die misbruik van mag. Ongelukkig word onvolmaakte mense alte maklik in hierdie strik gevang. Ja, deur die hele geskiedenis heen 'het die mens oor die mens geheers tot sy nadeel' (Prediker 8:9). Mag wat sonder liefde uitgeoefen is, het eindelose menselyding veroorsaak.

2 Maar is dit nie merkwaardig dat Jehovah God, wat onbeperkte mag en krag het, dit *nooit* misbruik nie? Soos ons in die vorige hoofstukke gesien het, gebruik hy altyd sy krag – of dit nou skeppingskrag, vernietigingskrag, beskermingskrag of herstellingskrag is – in ooreenstemming met sy liefdevolle voornemens. Wanneer ons nadink oor hoe hy sy krag uitoefen, beweeg dit ons om nader aan hom te kom. En dit kan ons weer beweeg om "navolgers van God" te word in die manier waarop ons ons mag gebruik (Efesiërs 5:1). Maar watter mag het ons as nietige mense?

3 Onthou dat die mens "na God se beeld" en gelykenis geskep is (Genesis 1:26, 27). Gevolglik het ons ook mag – ten minste 'n mate daarvan. Ons mag kan insluit: die vermoë om dinge te doen, om te werk; die beheer of gesag wat ons oor ander het; die vermoë om ander te beïnvloed, veral persone wat vir ons lief is; liggaamlike krag of materiële middele. Die psalmis het van Jehovah gesê: "By u is die bron van lewe" (Psalm 36:9). God is dus, regstreeks of onregstreeks, die Bron van enige regmatige mag wat ons besit.

---

1. In watter subtiele strik word onvolmaakte mense maklik gevang?
2, 3. (a) Wat is merkwaardig omtrent Jehovah se gebruik van krag? (b) Wat kan ons mag insluit, en hoe moet ons hierdie mag gebruik?

Daarom wil ons dit gebruik op maniere wat hom behaag. Hoe kan ons dit doen?

## Liefde is die sleutel

4 Die sleutel om mag reg te gebruik, is liefde. Bewys God se voorbeeld dit nie? Dink aan die bespreking van God se vier hoofeienskappe – krag, geregtigheid, wysheid en liefde – in Hoofstuk 1. Watter een van die vier eienskappe is die vernaamste? Liefde. "God is liefde", sê 1 Johannes 4:8. Ja, Jehovah is in wese liefde; dit beïnvloed alles wat hy doen. Elke vertoning van sy krag spruit dus voort uit liefde en is uiteindelik vir die beswil van dié wat hom liefhet.

5 Liefde sal ons ook help om ons mag reg te gebruik. Die Bybel sê immers vir ons dat liefde "goedhartig" is en "nie sy eie belang [soek] nie" (1 Korintiërs 13:4, 5). Liefde sal ons dus nie hardvogtig of wreed laat optree teenoor mense oor wie ons ʼn mate van gesag het nie. Ons sal ander eerder met waardigheid behandel en hulle behoeftes en gevoelens bo ons eie stel. – Filippense 2:3, 4.

6 Liefde hou verband met ʼn ander eienskap wat ons kan help om die misbruik van mag te vermy: vrees vir God. Watter nut het hierdie eienskap? "Vrees vir Jehovah laat ʼn mens slegte dinge vermy", sê Spreuke 16:6. Die misbruik van mag is beslis een van die slegte weë waarvan ons moet afwyk. Vrees vir God sal verhoed dat ons mense oor wie ons mag het, sleg behandel. Waarom? Om maar een ding te noem, ons weet dat ons voor God aanspreeklik is vir die manier waarop ons sulke mense behandel (Nehemia 5:1-7, 15). Maar vrees vir God behels meer as dit. Die woorde wat in die oorspronklike tale vir "vrees" gebruik is, verwys dik-

---

4, 5. (a) Wat is die sleutel om mag reg te gebruik, en hoe bewys God se voorbeeld dit? (b) Hoe sal liefde ons help om ons mag reg te gebruik?

6, 7. (a) Wat is vrees vir God, en waarom sal hierdie eienskap ons help om mag nie te misbruik nie? (b) Lig die verband toe tussen vrees om God te mishaag en liefde vir God.

wels na 'n diepe eerbied en ontsag vir God. Die Bybel verbind vrees dus met liefde vir God (Deuteronomium 10:12, 13). Hierdie eerbiedige ontsag sluit 'n gesonde vrees in om God te mishaag – nie net omdat ons die gevolge vrees nie, maar omdat ons hom waarlik liefhet.

7 Ter toeligting: Dink aan die gesonde verhouding tussen 'n seuntjie en sy pa. Die seun is bewus van sy pa se innige, liefdevolle belangstelling in hom. Maar die seun weet ook wat sy pa van hom verwag, en hy besef dat sy pa hom sal dissiplineer as hy hom sleg gedra. Die seun lewe nie in morbiede vrees vir sy pa nie. Inteendeel, hy het sy pa innig lief. Dit is vir die kind 'n vreugde om dinge te doen wat sy pa sal goedkeur. Dieselfde geld met vrees vir God. Omdat ons Jehovah, ons hemelse Vader, liefhet, vrees ons om enige iets te doen wat hom "hartseer" sal laat voel (Genesis 6:6). Ons wil baie graag eerder sy hart bly maak (Spreuke 27:11). Daarom wil ons ons mag reg gebruik. Kom ons ondersoek hoe ons dit kan doen.

## In die gesin

8 Kom ons kyk eers na die gesinskring. "'n Man is die hoof van sy vrou", sê Efesiërs 5:23. Hoe moet 'n man hierdie godgegewe gesag uitoefen? Die Bybel sê vir mans om "volgens kennis" met hulle vrouens saam te lewe en hulle "met respek" te behandel, "want die vrou is swakker, soos 'n delikate houer" (1 Petrus 3:7). Die Griekse selfstandige naamwoord wat met "respek" vertaal word, beteken "prys, waarde, . . . eer". Vorme van hierdie woord word met "geskenke" en "kosbaar" vertaal (Handelinge 28:10; 1 Petrus 2:7). 'n Man wat sy vrou eer, sal haar nooit aanrand nie; hy sal haar ook nie verneder of verkleineer en haar niks werd laat voel nie. Hy erken eerder haar waarde en behandel haar met respek. Hy toon deur sy woorde en dade

---

8. (a) Watter gesag het 'n man in die gesin, en hoe moet dit uitgeoefen word? (b) Hoe kan 'n man toon dat hy sy vrou eer?

– wanneer hulle alleen is en in die openbaar – dat sy vir hom kosbaar is (Spreuke 31:28). So ’n man wen nie net sy vrou se liefde en respek nie, maar, nog belangriker, God se goedkeuring.

9 ’n Vrou het ook ’n mate van mag in die gesin. Die Bybel vertel van godvresende vroue wat, binne die raamwerk van gepaste hoofskap, die inisiatief geneem het om hulle mans positief te beïnvloed of hulle te help om oordeelsfoute te vermy (Genesis 21:9-12; 27:46–28:2). ’n Vrou is dalk skerpsinniger as haar man, of sy het miskien ander vermoëns wat hy nie het nie. Sy moet nietemin “diep respek” vir haar man hê en “onderdanig wees” aan hom “soos aan die Here” (Efesiërs 5:22, 33). As ’n vrou die begeerte het om God te behaag, kan dit haar help om haar vermoëns te gebruik om haar man te ondersteun eerder as om hom te verkleineer of te probeer oorheers. So “’n vrou wat waarlik wys is”, werk ten nouste met haar man saam om die gesin op te bou. Sodoende behou sy vrede met God. – Spreuke 14:1.

10 Ouers het ook gesag wat God aan hulle gegee het. Die Bybel maan: “Pa’s, moenie julle kinders irriteer nie, maar hou aan om hulle in die dissipline en riglyne van Jehovah op te voed” (Efesiërs 6:4). Die woord “dissipline” kan in die Bybel “opvoeding, opleiding, onderrigting” beteken. Kinders het dissipline nodig; hulle floreer as hulle duidelike riglyne, grense en perke het. Die Bybel verbind sulke dissipline, of onderrigting, met liefde (Spreuke 13:24). Die gebruik van “die lat van dissipline” moet dus nooit in mishandeling – hetsy emosioneel of fisies – ontaard nie

---

9. (a) Watter mag het ’n vrou in die gesin? (b) Wat kan ’n vrou help om haar vermoëns te gebruik om haar man te ondersteun, en met watter gevolg?

10. (a) Watter gesag het God aan ouers gegee? (b) Wat beteken die woord “dissipline”, en hoe moet dit toegedien word? (Sien ook voetnoot.)

(Spreuke 22:15; 29:15).* Onbuigsame of oordrewe streng dissipline sonder enige liefde is 'n misbruik van ouerlike gesag en kan 'n kind se gees knak (Kolossense 3:21). Daarenteen dra gebalanseerde dissipline wat behoorlik toegedien word, die boodskap aan kinders oor dat hulle ouers hulle liefhet en omgee watter soort persoon hulle word.

11 Wat van kinders? Hoe kan hulle hulle krag reg gebruik? "Die prag van jong manne is hulle krag", sê Spreuke 20:29. Daar is vir jongmense beslis nie 'n beter manier om hulle krag en energie te gebruik as om ons "Groot Skepper" te dien nie (Prediker 12:1). Dit is goed as jongmense in gedagte hou dat hulle dade 'n uitwerking op hulle ouers se gevoelens kan hê (Spreuke 23:24, 25). Wanneer kinders hulle godvresende ouers gehoorsaam en die regte weg bewandel, maak hulle hulle ouers se harte bly (Efesiërs 6:1). Sulke gedrag "maak die Here se hart bly". – Kolossense 3:20.

## In die gemeente

12 Jehovah het opsieners voorsien om die leiding in die Christengemeente te neem (Hebreërs 13:17). Hierdie bekwame manne moet hulle godgegewe gesag gebruik om die nodige hulp te voorsien en die welsyn van die kudde te bevorder. Gee ouermanne se posisie hulle die reg om oor hulle medegelowiges baas te speel? Glad nie! Ouermanne moet 'n gebalanseerde, nederige beskouing van hulle rol in die gemeente hê (1 Petrus 5:2, 3). Die Bybel sê vir opsieners "om herders te wees vir die gemeente van God, wat hy met

* In Bybeltye het die Hebreeuse woord "lat" 'n stok of 'n staf beteken, soos die een wat 'n herder gebruik het om sy skape te lei (Psalm 23:4). Net so dui "die lat" van ouerlike gesag op liefdevolle leiding, nie hardvogtige of wrede straf nie.

11. Hoe kan kinders hulle krag reg gebruik?

12, 13. (a) Watter beskouing moet ouermanne van hulle gesag in die gemeente hê? (b) Lig toe waarom ouermanne die kudde met teerheid moet behandel.

die bloed van sy eie Seun gekoop het" (Handelinge 20:28). Dit bied 'n kragtige rede om elke lid van die kudde met teerheid te behandel.

13 Ons kan dit soos volg toelig. 'n Hegte vriend vra jou om 'n waardevolle besitting op te pas. Jy weet dat jou vriend baie vir die artikel betaal het. Sal jy dit nie baie versigtig, met groot sorg hanteer nie? God het eweneens aan ouermanne die verantwoordelikheid toevertrou om 'n baie waardevolle besitting op te pas: die gemeente, waarvan die lede met skape vergelyk word (Johannes 21:16, 17). Jehovah het sy skape lief – ja, so lief dat hy hulle met die kosbare bloed van sy eniggebore Seun, Jesus Christus, gekoop het. Jehovah kon nie 'n hoër prys vir sy skape betaal het nie. Nederige ouermanne hou dit in gedagte en behandel Jehovah se skape dienooreenkomstig.

## "Die mag van die tong"

14 "Dood en lewe is in die mag van die tong", sê die Bybel (Spreuke 18:21). Die tong kan inderdaad groot skade aanrig. Wie van ons het nog nooit die skerp pyn van 'n onnadenkende of selfs neerhalende aanmerking ervaar nie? Maar die tong het ook die mag om te genees. "Die tong van die wyses is genesend", sê Spreuke 12:18. Ja, positiewe, opbouende woorde kan vir die hart soos die aanwending van strelende, genesende salf wees. Beskou 'n paar voorbeelde.

15 "Praat vertroostend met dié wat terneergedruk is", maan 1 Tessalonisense 5:14. Ja, selfs getroue knegte van Jehovah sukkel soms met depressie. Hoe kan ons hulle help? Prys hulle opreg vir spesifieke dinge om hulle te help besef hoe waardevol hulle in Jehovah se oë is. Lees saam met hulle die kragtige woorde van Bybeltekste wat toon dat Jehovah waarlik omgee vir "dié wie se hart gebreek is" en "dié wat mismoedig is" en hulle werklik liefhet (Psalm 34:18).

---

14. Watter mag het die tong?
15, 16. Op watter maniere kan ons die tong gebruik om ander aan te moedig?

As ons die mag van ons tong gebruik om ander te vertroos, toon ons dat ons ons medelydende God navolg, "wat die terneergedruktes vertroos". – 2 Korintiërs 7:6.



***Mans en vrouens gebruik hulle mag reg as hulle mekaar met liefde en respek behandel***

16 Ons kan ook die mag van ons tong gebruik om broodnodige aanmoediging aan ander te gee. Het 'n medegelowige 'n geliefde deur die dood verloor? Simpatieke woorde wat ons besorgdheid en belangstelling toon, kan 'n bedroefde hart vertroos. Voel 'n bejaarde broer of suster nutteloos? 'n Bedagsame tong kan bejaardes verseker dat hulle waardeer word. Ly iemand aan 'n chroniese kwaal? Vriendelike woorde oor die telefoon, in 'n briefie of in persoon kan 'n sieke baie opbeur. Hoe moet dit tog nie ons Skepper behaag wanneer ons ons spraakvermoë gebruik om woorde te spreek wat "opbouend is" nie! – Efesiërs 4:29.

17 Die belangrikste manier waarop die mag van die tong gebruik kan word, is om die goeie nuus van God se Koninkryk aan ander bekend te maak. "Moenie die goeie

---

17. Op watter belangrike manier kan ons ons tong gebruik om ander tot voordeel te strek, en waarom moet ons dit doen?

terughou van dié wat dit nodig het as dit vir jou moontlik is om te help nie", sê Spreuke 3:27. Ons is dit aan ander verskuldig om die lewensreddende goeie nuus aan hulle bekend te maak. Dit sou nie reg wees om die dringende boodskap wat Jehovah so ruimhartig aan ons gegee het, vir onsself te hou nie (1 Korintiërs 9:16, 22). Maar in watter mate verwag Jehovah dat ons aan hierdie werk moet deelneem?

## Ons moet Jehovah met 'al ons krag' dien

18 Ons liefde vir Jehovah beweeg ons om 'n volle aandeel aan die Christelike bediening te hê. Wat verwag Jehovah

18. Wat verwag Jehovah van ons?

***Die verkondiging van die goeie nuus – 'n uitstekende manier om ons krag te gebruik***



van ons in hierdie opsig? Iets wat ons almal kan gee, ongeag wat ons situasie in die lewe is: "Wat julle ook al doen, doen dit met julle hele siel soos vir Jehovah en nie vir mense nie" (Kolossense 3:23). Toe Jesus die grootste gebod genoem het, het hy gesê: "Jy moet Jehovah jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag" (Markus 12:30). Ja, Jehovah verwag dat elkeen van ons hom met ons hele siel moet liefhê en dien.

19 Wat beteken dit om God met jou hele siel te dien? Die siel verwys na die hele persoon, met al sy fisiese en verstandelike vermoëns. Waarom word die hart, die verstand en die krag dan in Markus 12:30 gemeld as die siel al hierdie dinge insluit? Dink aan 'n illustrasie. In Bybeltye kon iemand homself (sy siel) as slaaf verkoop. Maar die slaaf het sy heer dalk nie heelhartig gedien nie; hy het moontlik nie al sy krag of al sy verstandelike vermoëns gebruik om sy heer se belange te bevorder nie (Kolossense 3:22). Jesus het dus klaarblyklik hierdie ander dinge gemeld om te beklemtoon dat ons niks in ons diens aan God moet terughou nie. Om God met ons hele siel te dien, beteken dat ons van onsself gee deur soveel van ons krag en energie as moontlik in sy diens te gebruik.

20 Beteken heelhartige diens dat ons almal ewe veel tyd en energie aan die bediening moet bestee? Dit is nouliks moontlik, want almal het verskillende omstandighede en vermoëns. Byvoorbeeld, 'n jong persoon met goeie gesondheid en stamina kan moontlik meer tyd aan die predikingswerk bestee as iemand wie se kragte weens die ouderdom afneem. 'n Ongetroude persoon wat geen gesinsverpligtinge het nie, kan moontlik meer doen as iemand wat vir 'n gesin moet sorg. Hoe dankbaar moet ons tog wees as ons

---

19, 20. (a) Waarom word die hart, die verstand en die krag in Markus 12:30 gemeld as die siel al hierdie dinge insluit? (b) Wat beteken dit om Jehovah met ons hele siel te dien?

### Vrae om oor te peins

**Spreuke 3:9, 10** Watter "waardevolle dinge" het ons, en hoe kan ons dit gebruik om Jehovah te eer?

**Prediker 9:5-10** Waarom moet jy nou jou krag gebruik op 'n manier wat God sal goedkeur?

**Handelinge 8:9-24** Watter misbruik van mag word hier beskryf, en hoe kan ons dit vermy?

**Handelinge 20:29-38** Wat kan persone in verantwoordelike posisies in die gemeente uit Paulus se voorbeeld leer?

krag en omstandighede ons in staat stel om baie in die bediening te doen! Ons moet natuurlik nooit krities wees en onsself in hierdie opsig met ander vergelyk nie (Romeine 14:10-12). Ons wil eerder ons krag gebruik om ander aan te moedig.

21 Jehovah het die volmaakte voorbeeld gestel deur sy krag reg te gebruik. Ons wil hom so goed navolg as wat ons dit as onvolmaakte mense kan doen. Ons kan ons mag reg gebruik deur mense oor wie ons 'n mate van gesag het, met waardigheid te behandel. Daarbenewens wil ons die lewensreddende predikingswerk wat Jehovah ons gegee het om te doen, heelhartig uitvoer (Romeine 10:13, 14). Onthou dat dit Jehovah behaag as jy die beste gee wat jy – jou siel – kan gee. Beweeg jou hart jou nie om so 'n simpatieke en liefdevolle God na die beste van jou vermoë te dien nie? Daar is nie 'n beter of belangriker manier waarop jy jou krag kan gebruik nie.

---

21. Wat is die beste en belangrikste manier waarop ons ons krag kan gebruik?

DEEL 2

# "JEHOVAH IS LIEF VIR GEREGTIGHEID"

*Ongeregtigheid vier vandag hoogty in die wêreld, en God word dikwels ten onregte die skuld gegee. Maar die Bybel bevat 'n hartverblydende waarheid – "Jehovah is lief vir geregtigheid"* (*Psalm 37:28*). *In hierdie deel sal ons leer hoe hy bewys het dat hierdie woorde waar is, wat vir die hele mensdom hoop bied.*

# "Al sy weë is geregtigheid"

DIT was 'n skreiende onreg. Die aantreklike jong man het geen misdaad gepleeg nie, en tog is hy in 'n ondergrondse sel opgesluit, nadat hy valslik van 'n poging tot verkragting beskuldig is. Maar dit was nie die eerste keer dat hy verontreg is nie. Hierdie jong man, Josef, is jare tevore, op die ouderdom van 17, verraderlik behandel deur sy broers, wat hom amper doodgemaak het. Toe is hy as 'n slaaf in 'n vreemde land verkoop. Daar het hy die toenaderings van sy heer se vrou verwerp. Die gekrenkte vrou het die valse beskuldiging ingebring, en só het hy in die gevangenis beland. Ongelukkig was daar blykbaar niemand wat vir Josef 'n goeie woordjie kon doen nie.

2 Maar die God wat 'lief is vir regverdigheid en geregtigheid', het alles gesien (Psalm 33:5). Jehovah het stappe gedoen om die onregte reg te stel en het sake so bewerk dat Josef uiteindelik vrygelaat is. Wat meer is, Josef – die man wat in 'n tronk gegooi is – is later in 'n baie verantwoordelike en besonder hooggeagte posisie aangestel (Genesis 40:15; 41: 41-43; Psalm 105:17, 18). Dit was op die ou end duidelik dat Josef heeltemal onskuldig was, en hy het sy hoë posisie gebruik om God se voorneme te bevorder. – Genesis 45:5-8.

3 So 'n verslag roer ons hart, nie waar nie? Wie van ons het nog nie onreg sien plaasvind of self onreg gely nie? Ja, ons almal wil graag regverdig en onpartydig behandel word. Dit is nie verbasend nie, want Jehovah het aan ons eienskappe gegee wat sy persoonlikheid weerspieël, en geregtigheid is een van sy vernaamste eienskappe (Genesis 1: 27). As ons Jehovah goed wil ken, moet ons sy sin vir gereg-

---

1, 2. (a) Watter skreiende onregte het Josef gely? (b) Hoe het Jehovah die onregte reggestel?

3. Waarom is dit nie verbasend dat ons almal regverdig behandel wil word nie?

tigheid verstaan. Ons kan sodoende sy wonderlike weë selfs meer waardeer en beweeg word om nader aan hom te kom.

## Wat is geregtigheid?

4 Mense beskou geregtigheid dikwels bloot as die regverdige toepassing van die regsreëls. Die boek *Right and Reason —Ethics in Theory and Practice* sê dat "geregtigheid verband hou met die wet, verpligting, regte en pligte, en dat dit beslissings gee op grond van gelykheid of verdienstelikheid". Jehovah se geregtigheid behels egter meer as die meganiese toepassing van reëls uit pligsgevoel.

5 Ons kan die omvang van Jehovah se geregtigheid beter verstaan as ons kyk na die woorde uit die oorspronklike tale wat in die Bybel gebruik word. In die Hebreeuse Geskrifte word drie hoofwoorde gebruik. Die woord wat meestal met "geregtigheid" vertaal word, kan ook vertaal word met "wat reg is" (Genesis 18:25). Die ander twee woorde word gewoonlik met "regverdigheid" vertaal. Die woord wat in die Christelike Griekse Geskrifte met "regverdigheid" vertaal word, word omskryf as die "hoedanigheid om reg te wees of reg te laat geskied". Daar is dus 'n noue verwantskap tussen regverdigheid en geregtigheid. – Amos 5:24.

6 Wanneer die Bybel dan sê dat God regverdig is, sê dit vir ons dat hy doen wat reg en billik is en dat hy dit konsekwent, sonder partydigheid, doen (Romeine 2:11). Dit is inderdaad ondenkbaar dat hy anders sou optree. Getroue Elihu het gesê: "Die ware God sal nooit goddeloos optree nie! Die Almagtige sal nooit verkeerd doen nie!" (Job 34:10). Ja, dit is onmoontlik vir Jehovah om onregverdig te handel. Waarom? Om twee belangrike redes.

7 Eerstens, hy is heilig. Soos ons in Hoofstuk 3 gesien

---

4. Hoe word geregtigheid dikwels beskou?
5, 6. (a) Wat beteken die woorde uit die oorspronklike tale wat met "geregtigheid" vertaal word? (b) Wat beteken dit dat God regverdig is?
7, 8. (a) Waarom kan Jehovah nie onregverdig optree nie? (b) Wat beweeg Jehovah om regverdig te wees in sy handelinge?

het, is Jehovah oneindig rein en regverdig. Daarom kan hy nie onregverdig optree nie. Dink aan wat dit beteken. Die heiligheid van ons hemelse Vader gee ons alle rede om te vertrou dat hy nooit sy kinders sleg sal behandel nie. Jesus het hierdie vertroue gehad. Hy het op die laaste aand van sy aardse lewe gebid: "Heilige Vader, waak oor hulle [die dissipels] ter wille van u naam" (Johannes 17:11). "Heilige Vader" – in die Skrif is dié aanspreekvorm net op Jehovah van toepassing. Dit is gepas, want geen mensevader kan met Hom vergelyk word wat heiligheid betref nie. Jesus het die vaste vertroue gehad dat sy dissipels veilig sou wees in die hande van sy Vader, wat absoluut rein en heeltemal afgeskeie van alle sondigheid is. – Matteus 23:9.

8 Tweedens, onselfsugtige liefde is inherent aan God se persoonlikheid. Hierdie liefde beweeg hom om regverdig te wees in sy handelinge met ander. Maar al die vorme van ongeregtigheid – insluitende rassisme, diskriminasie en partydigheid – spruit dikwels voort uit gierigheid en selfsug, die teenoorgestelde van liefde. Die Bybel verseker ons aangaande die God van liefde: "Jehovah is regverdig, en hy is lief vir regverdige dade" (Psalm 11:7). Jehovah sê van homself: "Ek, Jehovah, is lief vir geregtigheid" (Jesaja 61:8). Is dit nie vertroostend om te weet dat ons God behae daarin skep om te doen wat reg, of regverdig, is nie? – Jeremia 9:24.

## Genade en Jehovah se volmaakte geregtigheid

9 Jehovah se geregtigheid is, soos elke ander faset van sy weergalose persoonlikheid, volmaak en skiet in geen opsig te kort nie. Moses het Jehovah geloof en geskryf: "Die

---

9-11. (a) Watter verband is daar tussen Jehovah se geregtigheid en sy genade? (b) Hoe kan Jehovah se geregtigheid asook sy genade gesien word in die manier waarop hy met sondige mense handel?

***Josef het ten onregte in die tronk gely***



Rots, volmaak is sy werk, want al sy weë is geregtigheid. ’n God van getrouheid, wat nooit onregverdig is nie; regverdig en reg is hy” (Deuteronomium 32:3, 4). Wanneer Jehovah geregtigheid uitoefen, is dit altyd foutloos – nooit te toegeeflik nie, nooit te streng nie.

10 Daar is ’n noue verband tussen Jehovah se geregtigheid en sy genade. Psalm 116:5 sê: “Jehovah is vol medelye en is regverdig. Ons God is genadig.” Ja, Jehovah is regverdig sowel as genadig. Die twee eienskappe bots nie. Wanneer hy genade betoon, is dit nie ’n afwatering van sy geregtigheid, asof sy geregtigheid andersins te streng sou wees nie. Inteendeel, hy betoon dikwels die twee eienskappe op dieselfde tyd, selfs in dieselfde daad. Kyk na ’n voorbeeld.

11 Alle mense het sonde geërf en verdien dus die straf vir sonde – die dood (Romeine 5:12). Maar Jehovah skep geen behae in die dood van sondaars nie. Hy is “’n God wat vryelik vergewe, wat medelye en genade betoon” (Nehemia 9:17). Maar omdat hy heilig is, kan hy onregverdigheid nie vergoelik nie. Hoe kan hy dan genade bewys aan mense wat inherent sondig is? Die antwoord lê in een van die kosbaarste waarhede van God se Woord: Jehovah se voorsiening van ’n losprys vir die redding van die mensdom. Ons sal in Hoofstuk 14 meer van hierdie liefdevolle reëling leer. Dit is volkome regverdig en terselfdertyd uiters genadig. Daardeur kan Jehovah tere genade aan berouvolle sondaars bewys terwyl hy by sy standaarde van volmaakte geregtigheid bly. – Romeine 3:21-26.

## Jehovah se geregtigheid is bemoedigend

12 Jehovah se geregtigheid is nie ’n koue eienskap wat ons afstoot nie, maar ’n innemende eienskap wat ons tot hom aangetrokke laat voel. Die Bybel toon duidelik dat mede-

---

12, 13. (a) Waarom laat Jehovah se geregtigheid ons tot hom aangetrokke voel? (b) Tot watter gevolgtrekking het Dawid gekom wat Jehovah se geregtigheid betref, en hoe kan dit vir ons ’n vertroosting wees?

lye inherent is aan Jehovah se geregtigheid, of regverdigheid. Kom ons kyk na 'n paar van die aangrypende maniere waarop Jehovah sy geregtigheid uitoefen.

13 Jehovah se volmaakte geregtigheid beweeg hom om getrou en lojaal aan sy knegte te wees. Die psalmis Dawid het self hierdie faset van Jehovah se geregtigheid ervaar. Tot watter gevolgtrekking het Dawid se eie ondervinding en sy studie van God se weë hom laat kom? Hy het gesê: "Jehovah is lief vir geregtigheid, en hy sal nie sy lojales verlaat nie. Hulle sal altyd bewaar word" (Psalm 37:28). Watter vertroostende versekering tog! Ons God sal so nooit aste nimmer dié verlaat wat aan hom lojaal is nie. Ons kan dus daarop staatmaak dat hy naby ons sal wees en liefdevol vir ons sal sorg. Sy geregtigheid waarborg dit! – Spreuke 2:7, 8.

14 Goddelike geregtigheid neem die behoeftes van die geteisterdes in ag. Jehovah se besorgdheid oor die minderbevoorregtes kan gesien word in die Wet wat hy aan Israel gegee het. Die Wet het byvoorbeeld spesiale voorsienings bevat om te verseker dat daar na weeskinders en weduwees omgesien word (Deuteronomium 24:17-21). Omdat Jehovah besef hoe moeilik die lewe vir sulke gesinne kan wees, het hy hulle vaderlike Regter en Beskermer geword, die een wat "sorg dat die weeskind en die weduwee regverdig behandel word" (Deuteronomium 10:18; Psalm 68:5).* Jehovah het die Israeliete gewaarsku dat hy sekerlik die geroep van weerlose vroue en kinders sou hoor as hulle

* Die uitdrukking "weeskind" wys dat Jehovah baie omgegee het, nie net vir vaderlose seuns nie, maar ook vir vaderlose meisies. Jehovah het in die Wet 'n verslag ingesluit oor 'n regterlike beslissing wat verseker het dat die vaderlose dogters van Selofhad 'n erfenis ontvang. Dié beslissing het 'n presedent gestel en sodoende die regte van vaderlose meisies gehandhaaf. – Numeri 27:1-8.

14. Hoe kan Jehovah se besorgdheid oor die minderbevoorregtes gesien word in die Wet wat hy aan Israel gegee het?

hulle onreg sou aandoen. Hy het gesê: "Ek sal woedend word" (Eksodus 22:22-24). Hoewel woede nie een van Jehovah se vernaamste eienskappe is nie, word sy regverdige verontwaardiging deur opsetlike onregte gewek, veral wanneer die slagoffers die geringes en die weerloses is. – Psalm 103:6.

15 Jehovah verseker ons ook dat hy "niemand partydig behandel en ook nie 'n omkoopgeskenk aanvaar nie" (Deuteronomium 10:17). In teenstelling met baie mense wat mag of invloed het, word Jehovah nie deur materiële rykdom of uiterlike voorkoms beïnvloed nie. Hy is nie in die minste bevooroordeeld of partydig nie. Kyk na 'n werklik merkwaardige bewys van Jehovah se onpartydigheid. Die geleentheid om 'n ware aanbidder van hom te word, met eindelose lewe in die vooruitsig, is nie tot 'n paar uitgesoektes beperk nie. Inteendeel, "in elke nasie is die mens wat hom vrees en doen wat reg is, vir hom aanvaarbaar" (Handelinge 10:34, 35). Enige iemand, ongeag sy stand in die samelewing, die kleur van sy vel of die land waarin hy woon, kan hierdie wonderlike vooruitsig hê. Is dit nie ware geregtigheid in die volle sin van die woord nie?

16 Daar is nog 'n aspek van Jehovah se volmaakte geregtigheid wat ons moet ondersoek en respekteer: die manier waarop hy met oortreders van sy regverdige standaarde handel.

## Geen vrystelling van straf nie

17 Party wonder dalk: 'As Jehovah onregverdigheid nie vergoelik nie, hoe kan ons dan die onregverdige lyding en die verdorwe gebruike wat vandag so algemeen in die wêreld is, verklaar?' Hierdie onregte is geen rede om Jehovah se ge-

---

15, 16. Wat is 'n werklik merkwaardige bewys van Jehovah se onpartydigheid?
17. Verduidelik waarom die onregte in hierdie wêreld geen rede is om Jehovah se geregtigheid in twyfel te trek nie.

regtigheid in twyfel te trek nie. Al die onregte in hierdie goddelose wêreld is die gevolg van die sonde wat mense van Adam geërf het. In 'n wêreld waar onvolmaakte mense gekies het om hulle eie sondige weë te volg, is daar 'n oorvloed onregte – maar nie veel langer nie. – Deuteronomium 32:5.

18 Hoewel Jehovah groot genade bewys aan diegene wat in opregtheid nader aan hom kom, sal hy 'n situasie wat sy heilige naam oneer aandoen, nie vir ewig duld nie (Psalm 74:10, 22, 23). Die God van geregtigheid laat hom nie bespot nie; hy sal opsetlike sondaars nie beskerm teen die veroordeling wat hulle verdien nie. Jehovah is "'n God wat genadig is en medelye betoon, wat nie gou kwaad word nie en vol lojale liefde en waarheid is . . . Maar hy sal beslis nie die skuldiges ongestraf laat bly nie" (Eksodus 34:6, 7). In ooreenstemming met hierdie woorde was dit soms vir Jehovah nodig om oordeel te voltrek aan dié wat sy regverdige wette opsetlik skend.

19 Beskou byvoorbeeld God se handelinge met eertydse Israel. Selfs nadat die Israeliete hulle in die Beloofde Land gevestig het, het hulle herhaaldelik in ontrouheid verval. Hoewel hulle verdorwe weë Jehovah "seergemaak" het, het hy hulle nie onmiddellik verstoot nie (Psalm 78:38-41). Hy het hulle uit genade eerder geleenthede gebied om hulle weë te verander. Hy het gepleit: "Dit is nie die dood van die goddeloses wat my vreugde gee nie. Dit is eerder wanneer iemand wat goddeloos is, van sy verkeerde dade wegdraai en bly lewe. Draai weg, draai weg van julle slegte dade, want waarom moet julle sterf, huis van Israel?" (Esegiël 33:11). Omdat lewe vir Jehovah kosbaar is, het hy sy profete herhaaldelik gestuur sodat die Israeliete hulle van hulle slegte weë kon afkeer. Maar die volk het weens die

---

18, 19. Wat toon dat Jehovah diegene wat sy regverdige wette opsetlik skend, nie vir ewig sal duld nie?

**Vrae om oor te peins**

**Jeremia 18:1-11** Hoe het Jehovah Jeremia geleer dat Hy nie haastig is om oordeel te voltrek nie?

**Habakuk 1:1-4, 13; 2:2-4** Hoe het Jehovah Habakuk verseker dat Hy ongeregtigheid nie vir ewig sal duld nie?

**Sagaria 7:8-14** Hoe voel Jehovah oor diegene wat ander se regte vertrap?

**Romeine 2:3-11** Op grond waarvan oordeel Jehovah individue sowel as nasies?

hardheid van hulle harte oor die algemeen geweier om te luister en berou te toon. Uiteindelik het Jehovah hulle ter wille van sy heilige naam en alles wat dit verteenwoordig, in die hande van hulle vyande gegee. – Nehemia 9: 26-30.

[20] Jehovah se handelinge met Israel leer ons baie van hom. Ons leer dat sy alsiende oë onregverdigheid opmerk en dat hy diep geraak word deur wat hy sien (Spreuke 15:3). Dit is ook gerusstellend om te weet dat hy na enige moontlike rede soek om genade te bewys. Verder leer ons dat sy geregtigheid nooit haastig uitgeoefen word nie. As gevolg van Jehovah se geduld kom baie mense verkeerdelik tot die slotsom dat hy nooit oordeel aan die goddeloses sal voltrek nie. Maar dit is glad nie waar nie, want God se handelinge met Israel leer ons ook dat sy geduld nie eindeloos is nie. Jehovah is ferm wanneer dit by regverdigheid kom. In teenstelling met mense, wat dikwels daarvan wegskram om geregtigheid uit te oefen, ontbreek dit hom nooit aan die moed om op te kom vir wat reg is nie. Die leeu, ’n simbool van moedige geregtigheid, word gepas

20. (a) Wat leer Jehovah se handelinge met Israel ons van hom? (b) Hoekom is dit gepas dat die leeu met God se teenwoordigheid en troon geassosieer word?

met God se teenwoordigheid en troon verbind (Esegiël 1: 10; Openbaring 4:7).* Ons kan dus seker wees dat hy sy belofte sal nakom om ongeregtigheid van hierdie aarde te verwyder. Ja, die manier waarop hy oordeel, kan soos volg opgesom word: fermheid waar nodig, genade waar moontlik. – 2 Petrus 3:9.

## Kom nader aan die God van geregtigheid

21 Wanneer ons peins oor hoe Jehovah geregtigheid uitoefen, moet ons nie aan hom dink as ’n koue, streng regter wat net daarin belangstel om oortreders te oordeel nie. Ons moet eerder aan hom dink as ’n Vader wat liefdevol maar ferm is en wat sy kinders altyd op die beste manier moontlik behandel. As ’n regverdige Vader hou Jehovah fermheid vir wat reg is in ewewig met tere medelye vir sy aardse kinders, wat sy hulp en vergifnis nodig het. – Psalm 103:10, 13.

22 Hoe dankbaar kan ons tog wees dat God se geregtigheid baie meer behels as om oordeel oor oortreders te vel! Gerig deur sy geregtigheid, het Jehovah dit vir ons moontlik gemaak om ’n waarlik opwindende vooruitsig te hê – volmaakte, eindelose lewe in ’n wêreld waarin ‘regverdigheid sal woon’ (2 Petrus 3:13). Ons God handel só met ons, want sy geregtigheid beweeg hom om te red eerder as om te veroordeel. Ja, ’n beter begrip van die omvang van Jehovah se geregtigheid laat ons tot hom aangetrokke voel! In die volgende hoofstukke sal ons kyk presies hoe Jehovah hierdie wonderlike eienskap openbaar.

---

* Dit is interessant dat Jehovah homself met ’n leeu vergelyk in verband met die voltrekking van oordeel aan ontroue Israel. – Jeremia 25: 38; Hosea 5:14.

---

21. Watter beeld moet ons van Jehovah hê wanneer ons peins oor hoe hy geregtigheid uitoefen, en waarom?
22. Watter vooruitsig het Jehovah, gerig deur sy geregtigheid, vir ons moontlik gemaak, en waarom handel hy só met ons?

# "Is daar onregverdigheid by God?"

'N BEJAARDE weduwee word bedrieg en verloor al haar geld. 'n Hulpelose baba word deur 'n ongevoelige ouer weggegooi. 'n Man word in die tronk gestop vir 'n misdaad wat hy nie gepleeg het nie. Hoe voel jy oor hierdie situasies? Almal ontstel jou moontlik, en dit is te verstane. Ons het as mense 'n sterk sin vir reg en verkeerd. Wanneer 'n onreg gepleeg word, is ons ontstoke. Ons wil hê dat die slagoffer vergoed en die oortreder gestraf moet word. As dit nie gebeur nie, wonder ons dalk: 'Sien God wat gebeur? Waarom doen hy niks?'

2 Deur die geskiedenis heen het getroue knegte van Jehovah soortgelyke vrae gevra. Die profeet Habakuk het byvoorbeeld tot God gebid: "Waarom laat u my sulke verskriklike onregverdigheid aanskou? Waarom laat u geweld, wetteloosheid, misdaad en wreedheid oral versprei?" (Habakuk 1:3, *Contemporary English Version*). Jehovah het Habakuk nie berispe oor sy openhartige vraag nie, want Hy het die begrip "geregtigheid" in die mens gesit. Ja, Jehovah het ons geseën met 'n geringe mate van sy diep sin vir geregtigheid.

## Jehovah haat onregverdigheid

3 Jehovah is nie onbewus van onregverdigheid nie. Hy sien wat aangaan. Die Bybel sê vir ons aangaande Noag se dag: "Jehovah [het] gesien dat die mense baie goddeloos is en dat die gedagtes en die begeertes van hulle hart die hele

---

1. Hoe voel ons moontlik oor onregte?
2. Hoe het Habakuk op onregverdigheid gereageer, en waarom het Jehovah hom nie hieroor berispe nie?
3. Waarom kan daar gesê word dat Jehovah meer bewus is van onregverdigheid as ons?

tyd net sleg is" (Genesis 6:5). Dink aan die implikasies van hierdie verklaring. Ons begrip van onregverdigheid is dikwels gegrond op 'n paar voorvalle waarvan ons gehoor of wat ons self ervaar het. In teenstelling hiermee is Jehovah bewus van onregverdigheid op 'n *wêreldskaal.* Hy sien dit alles! Wat meer is, hy kan die neigings van die hart waarneem – die verdorwe denke wat agter die onregverdige dade sit. – Jeremia 17:10.

4 Maar Jehovah sien nie net onregverdigheid raak nie. Hy is ook besorg oor die slagoffers daarvan. Toe vyandige nasies sy volk wreed behandel het, was Jehovah ontsteld "wanneer hulle gekla het omdat hulle vyande hulle onderdruk en mishandel het" (Rigters 2:18). Jy het miskien al opgemerk dat party mense al hoe minder sensitief raak vir onregverdigheid hoe meer hulle dit sien. Maar nie Jehovah nie! Hy sien nou al ongeveer 6 000 jaar lank al die onregverdigheid wat plaasvind, en tog haat hy dit nog net soveel. Ja, die Bybel verseker ons dat dinge soos "'n tong wat leuens vertel", "hande wat onskuldige mense doodmaak" en "'n valse getuie wat die een leuen ná die ander vertel", vir hom verfoeilik is. – Spreuke 6:16-19.

5 Dink ook aan hoe skerp Jehovah die onregverdige leiers in Israel gekritiseer het. "Behoort julle nie te weet wat reg is nie?" het hy sy profeet geïnspireer om hulle te vra. Nadat Jehovah hulle magsmisbruik duidelik beskryf het, het hy voorspel wat die gevolg vir hierdie verdorwe mense sou wees: "Hulle [sal] tot Jehovah om hulp roep, maar hy sal hulle nie antwoord nie. Hy sal in daardie tyd sy gesig van hulle af wegdraai as gevolg van hulle goddelose dade" (Miga 3:1-4). Wat 'n afkeer het Jehovah tog van onregverdigheid! Hy het dit immers self ondervind! Satan tart hom al duisende jare lank onverdiend uit (Spreuke 27:11). Jehovah is ook geraak deur die verskriklikste daad van

4, 5. (a) Hoe toon die Bybel dat Jehovah besorg is oor dié wat onregverdig behandel word? (b) Hoe is Jehovah self deur onregverdigheid geraak?

onregverdigheid toe sy Seun, wat 'nooit gesondig het nie', as 'n misdadiger tereggestel is (1 Petrus 2:22; Jesaja 53:9). Dit is duidelik dat Jehovah nie onbewus is van of onverskillig staan teenoor die benarde toestand van dié wat onregverdig behandel word nie.

6 Maar wanneer ons onregverdigheid sien – of wanneer ons self slagoffers van onregverdige behandeling word – is dit vir ons doodnatuurlik om heftig te reageer. Ons is na God se beeld gemaak, en onregverdigheid is lynreg in stryd met alles wat Jehovah verteenwoordig (Genesis 1:27). Waarom laat God dan onregverdigheid toe?

## Die belangrike geskil

7 Die antwoord op hierdie vraag hou verband met 'n belangrike geskil. Soos ons gesien het, het die Skepper die reg om te regeer oor die aarde en almal wat daarop woon (Psalm 24:1; Openbaring 4:11). Maar Jehovah se goeie naam is vroeg in die geskiedenis gelaster en sy manier van regeer is betwis. Hoe het dit gebeur? Jehovah het die eerste mens, Adam, beveel om nie te eet van 'n sekere boom in die tuin wat sy Paradystuiste was nie. En as hy ongehoorsaam sou wees? "Jy [sal] beslis sterf", het God vir hom gesê (Genesis 2:17). God se bevel het geen ontbering vir Adam of sy vrou, Eva, veroorsaak nie. Satan het Eva nietemin oortuig dat God onnodig streng was. Wat sou gebeur as sy wel van die boom eet? Satan het reguit vir Eva gesê: "Julle sal beslis *nie* sterf nie. Want God weet dat die dag as julle daarvan eet, julle oë geopen sal word en julle soos God sal wees omdat julle kennis sal hê van wat goed en wat sleg is." – Genesis 3:1-5.

8 Met hierdie stelling het Satan nie net te kenne gegee dat Jehovah noodsaaklike kennis van Eva weerhou het nie,

---

6. Hoe reageer ons dalk wanneer ons onregverdigheid sien, en waarom?

7. Beskryf hoe Jehovah se naam en manier van regeer, betwis is.

8. (a) Wat het Satan met sy stellings aan Eva te kenne gegee? (b) Wat het Satan ten opsigte van God se naam en soewereiniteit betwis?

maar ook dat Hy vir haar ’n leuen vertel het. Die Versoeker het Eva sover gekry om te bevraagteken watter soort Persoon deur die naam Jehovah verteenwoordig word. Satan het sodoende groot oneer op God se naam gebring. Hy het ook Jehovah se soewereiniteit, of sy manier van regeer, aangeval. Satan het seker gemaak dat hy nie die *feit* van God se soewereiniteit bevraagteken nie. Maar hy het die regmatigheid, verdienstelikheid en regverdigheid daarvan betwis. Met ander woorde, hy het beweer dat Jehovah nie Sy heerskappy op ’n regverdige wyse en vir die beswil van Sy onderdane uitoefen nie.

9 Adam sowel as Eva was toe ongehoorsaam aan Jehovah deur van die verbode boom te eet. Hulle ongehoorsaamheid het die doodstraf oor hulle gebring, net soos God gesê het. Satan se leuen het sekere lewensbelangrike vrae laat ontstaan. Het Jehovah werklik die reg om oor die mensdom te regeer, of moet die mens homself regeer? Oefen Jehovah sy soewereiniteit op die beste manier moontlik uit? Jehovah kon sy almag gebruik het om die opstandelinge daar en dan te vernietig. Maar die vrae wat ontstaan het, het nie betrekking gehad op God se mag nie, maar op sy naam, wat met sy manier van regeer verband hou. Die vernietiging van Adam, Eva en Satan sou dus nie bevestig het dat God se heerskappy regverdig is nie. Inteendeel, dit kon verdere vrae oor sy heerskappy laat ontstaan het. Die enigste manier om te bepaal of mense hulleself met welslae sonder God se hulp kon regeer, was om tyd te laat verloop.

10 Wat het die verloop van tyd getoon? Mense het deur die millenniums heen baie regeringsvorme op die proef gestel, onder meer outokrasie, demokrasie, sosialisme en kommunisme. Die resultaat van al hierdie regeringsvorme word opgesom in die Bybel se onomwonde verklaring: ‘Die mens

---

9. (a) Wat was die gevolg van ongehoorsaamheid vir Adam en Eva, en watter lewensbelangrike vrae het dit laat ontstaan? (b) Waarom het Jehovah die opstandelinge nie onmiddellik vernietig nie?
10. Wat het die geskiedenis omtrent menseheerskappy getoon?



heers oor die mens tot sy nadeel' (Prediker 8:9). Die profeet Jeremia het tereg gesê: "Ek weet goed, o Jehovah, dat die mens se weg nie aan hom behoort nie. Dit behoort nie aan die mens wat loop om sy voetstappe te rig nie." – Jeremia 10:23.

11 Jehovah het van die begin af geweet dat die mens se onafhanklikheid, of selfregering, groot lyding tot gevolg sou hê. Was hy dan onregverdig om toe te laat dat sake hulle onvermydelike gang gaan? Glad nie! Ter toeligting: Gestel jy het 'n kind wat 'n operasie nodig het om 'n lewensgevaarlike siekte te genees. Jy besef dat die operasie vir jou kind 'n sekere mate van lyding gaan veroorsaak, en dit maak jou hart baie seer. Terselfdertyd weet jy dat die operasie jou kind in staat sal stel om later in sy lewe beter gesondheid te geniet. Net so het God geweet – en selfs voorspel – dat sy toelating van menseheerskappy 'n sekere mate van pyn en lyding sou meebring (Genesis 3:16-19). Maar hy het ook geweet dat blywende en sinvolle verligting slegs moontlik sou wees as hy die hele mensdom toelaat om die slegte vrugte van opstandigheid te pluk. Sodoende kon die geskil *permanent,* eens en vir altyd, besleg word.

## Die geskil oor die mens se integriteit

12 Daar is nog iets by hierdie saak betrokke. Toe Satan die regmatigheid en regverdigheid van God se heerskappy betwis het, het hy nie net Jehovah belaster ten opsigte van Sy soewereiniteit en Sy naam nie; hy het ook God se knegte belaster met betrekking tot hulle integriteit. Let byvoorbeeld op wat Satan vir Jehovah oor die regverdige man Job

---

11. Waarom het Jehovah toegelaat dat die mensdom aan lyding onderwerp word?

12. Watter aantyging het Satan teen mense gemaak, soos toegelig in Job se geval?

***Jehovah sal nooit "regverdige mense saam met die goddelose mense vernietig" nie***

gesê het: "Het u nie 'n beskermende muur om hom, sy huis en alles wat hy het, geplaas nie? U seën alles wat hy doen, en sy vee het baie geword. Maar raak net vir 'n verandering aan alles wat hy het, dan sal hy u beslis in u gesig vervloek." – Job 1:10, 11.

13 Satan het beweer dat Jehovah Sy beskermende mag gebruik om Job se toegewydheid te koop. En dit het te kenne gegee dat Job se integriteit blote skyn was, dat hy God gedien het net vir wat hy daaruit kon kry. Satan het beweer dat selfs Job sy Skepper sou vervloek as hy God se seën ontneem word. Satan het geweet dat Job 'n buitengewone voorbeeld was van iemand wat "'n rein lewe lei en 'n man van integriteit is. Hy vrees God en vermy wat sleg is.'* As Satan dan Job sy integriteit kon laat prysgee, wat sou dit van die res van die mensdom sê? Satan het dus in werklikheid die lojaliteit bevraagteken van almal wat God wil dien. Ja, Satan het ander by die geskil betrek toe hy vir Jehovah gesê het: "'n Mens sal alles gee wat hy het in ruil vir sy lewe." – Job 1:8; 2:4.

14 Die geskiedenis het getoon dat baie mense, soos Job, ondanks beproewinge aan Jehovah lojaal gebly het – in weerwil van Satan se aantyging. Hulle het Jehovah se hart bly gemaak deur hulle getroue lewenswyse, en dit het Jehovah 'n antwoord gegee op Satan se grootpraterige, uittartende bewering dat mense sal ophou om God te dien wanneer hulle swaarkry (Hebreërs 11:4-38). Ja, regskapenes het ge-

* Jehovah het van Job gesê: "Daar is niemand soos hy op die aarde nie" (Job 1:8). Job het dan waarskynlik ná Josef se dood gelewe en voordat Moses Israel se aangestelde leier geword het. Daar kon dus op daardie tydstip gesê word dat niemand integriteit soos dié van Job gehad het nie.

13. Wat het Satan te kenne gegee met sy aantygings oor Job, en hoe raak dit alle mense?

14. Wat het die geskiedenis aangaande Satan se aantyging teen mense getoon?

weier om God die rug toe te keer. Selfs wanneer hulle in uiters moeilike situasies nie geweet het watter kant toe nie, het hulle net meer op Jehovah vertrou om hulle die krag te gee om te volhard. – 2 Korintiërs 4:7-10.

15 Maar Jehovah se uitoefening van geregtigheid behels meer as die geskille oor soewereiniteit en die mens se integriteit. Die Bybel gee ons 'n verslag van Jehovah se regterlike beslissings in verband met individue en selfs hele nasies. Dit bevat ook profesieë oor regterlike beslissings wat hy in die toekoms gaan voltrek. Waarom kan ons die vertroue hê dat Jehovah regverdig was en sal wees in sy regterlike beslissings?

## Waarom God se geregtigheid verhewe is

16 Daar kan tereg van Jehovah gesê word: "Al sy weë is geregtigheid" (Deuteronomium 32:4). Nie een van ons kan dit van onsself sê nie, want ons begrip van wat reg is, word alte dikwels deur ons beperkte perspektief belemmer. Dink byvoorbeeld aan Abraham. Hy het by Jehovah gepleit oor die vernietiging van Sodom – ondanks die goddeloosheid wat daar hoogty gevier het. Hy het vir Jehovah gevra: "Gaan u regtig die regverdige mense saam met die goddelose mense vernietig?" (Genesis 18:23-33). Die antwoord was natuurlik nee. Eers toe regverdige Lot en sy dogters veilig in die stad Soar aangekom het, het Jehovah 'swael en vuur op Sodom laat reën' (Genesis 19:22-24). Jona daarenteen het "baie kwaad geword" toe God genade aan die mense van Nineve bewys het. Aangesien Jona reeds hulle vernietiging aangekondig het, sou hy tevrede gewees het om te sien dat hulle vernietig word – ondanks hulle opregte berou. – Jona 3:10–4:1.

17 Jehovah het Abraham verseker dat Sy uitoefening van

---

15. Watter vraag kan ontstaan omtrent God se regterlike beslissings in die verlede en die toekoms?
16, 17. Watter voorbeelde toon dat mense 'n beperkte perspektief het wanneer dit by ware geregtigheid kom?

geregtigheid nie net die vernietiging van die goddeloses behels nie, maar ook die redding van die regverdiges. Aan die ander kant moes Jona leer dat Jehovah genadig is. Hy "vergewe vryelik" as die goddeloses hulle weeë verander (Psalm 86:5). In teenstelling met party mense wat maklik bedreig voel, deel Jehovah nie straf uit bloot om sy mag te toon nie, en hy weerhou ook nie medelye uit vrees dat iemand sal dink hy is swak nie. Hy bewys altyd genade wanneer daar rede daarvoor is. – Jesaja 55:7; Esegiël 18:23.

18 Jehovah word egter nie deur blote sentiment verblind nie. Toe sy volk diep in afgodediens verval het, het Jehovah ferm verklaar: "Ek sal jou volgens jou dade oordeel en jou verantwoordelik hou vir al die afskuwelike dinge wat jy gedoen het. Ek sal nie vir jou jammer voel nie, en ek sal ook nie medelye betoon nie, want ek sal die gevolge van jou dade oor jou bring" (Esegiël 7:3, 4). Wanneer mense dus verstok raak in hulle weg, oordeel Jehovah dienooreenkomstig. Maar sy oordeel berus op grondige bewyse. Toe 'n harde klagte oor Sodom en Gomorra sy ore bereik het, het Jehovah derhalwe gesê: "Ek sal afgaan om te sien of die klagte wat ek gehoor het, waar is en of hulle dade werklik so goddeloos is" (Genesis 18:20, 21). Hoe dankbaar kan ons tog wees dat Jehovah nie soos baie mense is wat oorhaastige gevolgtrekkings maak voordat hulle al die feite gehoor het nie! Ja, Jehovah is, soos die Bybel hom uitbeeld, "'n God van getrouheid, wat nooit onregverdig is nie". – Deuteronomium 32:4.

## Stel vertroue in Jehovah se geregtigheid

19 Die Bybel dek nie elke vraag in verband met Jehovah se handelinge in die verlede nie; ook verskaf dit nie elke besonderheid oor hoe Jehovah individue en groepe in die toekoms gaan oordeel nie. Wanneer ons onbeantwoor-

---

18. Toon uit die Bybel dat Jehovah nie uit blote sentiment optree nie.
19. Wat kan ons doen as ons onbeantwoorde vrae het oor hoe Jehovah geregtigheid uitoefen?

### Vrae om oor te peins

**Deuteronomium 10:17-19** Waarom kan ons vol vertroue wees dat Jehovah onpartydig is in sy handelinge?

**Job 34:1-12** Hoe kan Elihu se woorde jou vertroue in God se regverdigheid versterk wanneer jy met onregverdigheid te kampe het?

**Psalm 1:1-6** Waarom is dit gerusstellend om te weet dat Jehovah die dade van die regverdiges sowel as die goddeloses sorgvuldig beoordeel?

**Maleagi 2:13-16** Hoe het Jehovah gevoel oor die onreg wat mans hulle vrouens aangedoen het deur sonder grondige redes van hulle te skei?

de vrae het oor verslae of profesieë in die Bybel wat nie hierdie besonderhede verstrek nie, kan ons dieselfde lojaliteit toon as die profeet Miga, wat geskryf het: "Ek sal geduldig wag op die God van my redding." – Miga 7:7.

20 Ons kan seker wees dat Jehovah in elke situasie sal doen wat reg is. Selfs wanneer onregte blykbaar deur mense geïgnoreer word, belowe Jehovah: "Die wraak is myne. Ek sal terugbetaal" (Romeine 12:19). As ons geduldig wag, sal ons dieselfde vaste oortuiging hê as wat die apostel Paulus uitgespreek het: "Is daar onregverdigheid by God? Beslis nie!" – Romeine 9:14.

21 Intussen lewe ons in "swaar tye . . . wat moeilik is om deur te kom" (2 Timoteus 3:1). Onregverdigheid en "al die onderdrukking" het dikwels tot wrede mishandeling gelei (Prediker 4:1). Maar Jehovah het nie verander nie. Hy haat onregverdigheid nog steeds, en hy is diep besorg oor die slagoffers daarvan. As ons lojaal bly aan Jehovah en sy soewereiniteit, sal hy ons die krag gee om te volhard tot die vasgestelde tyd wanneer hy alle onregte onder sy Koninkryksheerskappy sal regstel. – 1 Petrus 5:6, 7.

---

20, 21. Waarom kan ons seker wees dat Jehovah altyd sal doen wat reg is?

# "Die wet van Jehovah is volmaak"

"DIE wet is 'n bodemlose put; dit . . . verslind alles." Hierdie woorde het in 'n boek verskyn wat in 1712 uitgegee is. Die skrywer het 'n regstelsel gekritiseer waarin hofsake soms jare lank voortgesleep het, terwyl dit diegene wat geregtigheid gesoek het, tot bankrotskap gedryf het. In baie lande is die regstelsel so ingewikkeld, so deurtrek van onregverdigheid, vooroordeel en teenstrydighede dat minagting vir die wet algemeen geword het.

2 Kyk in teenstelling hiermee na dié woorde wat sowat 2 700 jaar gelede geskryf is: "Hoe lief is ek tog vir u wet!" (Psalm 119:97). Waarom het die psalmis so sterk gevoel? Want die wet wat hy geprys het, het nie by 'n wêreldse regering ontstaan nie, maar by Jehovah God. Wanneer jy Jehovah se wette bestudeer, sal jy moontlik al hoe meer soos die psalmis begin voel. So 'n studie sal jou insig gee in die verstand van die grootste regsgeleerde in die heelal.

## Die allerhoogste Wetgewer

3 "Daar is net een wat Wetgewer en Regter is", sê die Bybel vir ons (Jakobus 4:12). Ja, Jehovah is die enigste ware Wetgewer. Selfs die bewegings van die hemelliggame word deur sy "wette van die hemel" beheer (Job 38:33, *Die Bybel,* 1953). Jehovah se magder menigte heilige engele word ook deur God se wet gerig, want hulle is in spesifieke range georganiseer en dien onder Jehovah se bevel as sy dienaars. – Psalm 104:4; Hebreërs 1:7, 14.

4 Jehovah het ook aan die mensdom wette gegee. Elkeen

1, 2. Waarom het baie mense minagting vir die wet, maar hoe sal ons moontlik oor God se wette begin voel?
3, 4. In watter opsigte het Jehovah getoon dat hy 'n Wetgewer is?

van ons het 'n gewete, 'n weerspieëling van Jehovah se sin vir geregtigheid. Die gewete is 'n soort innerlike wet wat ons help om tussen reg en verkeerd te onderskei (Romeine 2:14). Ons eerste ouers was geseën met 'n volmaakte gewete, en daarom het hulle net 'n paar wette nodig gehad (Genesis 2:15-17). Maar onvolmaakte mense het meer wette nodig om hulle te rig om God se wil te doen. Aartsvaders soos Noag, Abraham en Jakob het wette van Jehovah God ontvang en dit aan hulle families oorgedra (Genesis 6:22; 9:3-6; 18:19; 26:4, 5). Jehovah het op 'n ongekende manier 'n Wetgewer geword toe hy deur middel van Moses 'n regskode aan die nasie Israel gegee het. Hierdie regskode gee ons diep insig in Jehovah se sin vir geregtigheid.

## Die Wet van Moses – 'n Oorsig

5 Baie dink blykbaar dat die Wet van Moses 'n omslagtige, ingewikkelde stel wette was. So 'n idee is heeltemal verkeerd. Daar is meer as 600 wette in die hele kode. Dit klink miskien na baie, maar dink net 'n bietjie: Teen die einde van die 20ste eeu het die federale wette van die Verenigde State meer as 150 000 bladsye in regsboeke beslaan. Daar word elke twee jaar ongeveer 600 nuwe wette bygevoeg! Wat hoeveelheid betref, word die Wet van Moses dus verreweg oortref deur die berg van mensewette. En tog het God se Wet die Israeliete gerig op lewensgebiede waaraan hedendaagse wette nie eens raak nie. Kyk na 'n oorsig daarvan.

6 *Die Wet het Jehovah se soewereiniteit verhef.* Die Wet van Moses kan dus met geen ander regskode vergelyk word nie. Die grootste wet was: "Luister, o Israel: Jehovah ons God is een Jehovah. Jy moet Jehovah jou God liefhê met jou hele hart en jou hele siel en al jou krag." Hoe moes God se volk

---

5. Was die Wet van Moses 'n omslagtige, ingewikkelde stel wette, en waarom sê jy so?

6, 7. (a) Wat onderskei die Wet van Moses van enige ander regskode, en wat is dié Wet se grootste gebod? (b) Hoe kon die Israeliete toon dat hulle Jehovah se soewereiniteit aanvaar?

hulle liefde vir hom toon? Hulle moes hom dien en hulle aan sy soewereiniteit onderwerp. – Deuteronomium 6:4, 5; 11:13.

7 Elke Israeliet het getoon dat hy Jehovah se soewereiniteit aanvaar deur onderdanig te wees aan dié wat gesag oor hom gegee is. Ouers, owerstes, rigters, priesters en later die koning het almal Goddelike gesag verteenwoordig. Jehovah het enige opstand teen diegene in gesagsposisies as opstand teen hom beskou. Daarenteen kon diegene in gesagsposisies hulle Jehovah se woede op die hals haal as hulle sy volk onregverdig of uit die hoogte behandel het (Eksodus 20:12; 22:28; Deuteronomium 1:16, 17; 17:8-20; 19:16, 17). Albei partye het dus die verantwoordelikheid gehad om God se soewereiniteit te ondersteun.

8 *Die Wet het Jehovah se standaard van heiligheid gehandhaaf.* Die woorde "heilig" en "heiligheid" kom meer as 280 keer in die Wet van Moses voor. Die Wet het God se volk gehelp om te onderskei tussen wat rein en onrein was en het ongeveer 70 verskillende dinge genoem wat 'n Israeliet seremonieel onrein kon maak. Hierdie wette het gehandel oor persoonlike higiëne, dieet en selfs oor wat met uitwerpsels gedoen moes word. Sulke wette het merkwaardige gesondheidsvoordele ingehou.* Maar hulle het 'n meer verhewe doel gehad – om die volk in Jehovah se guns te hou, afgeskeie van die sondige gebruike van die verdorwe nasies om hulle. Kyk na 'n voorbeeld.

9 Volgens bepalings van die Wetsverbond het geslagsomgang – selfs onder getroudes – en kindergeboorte 'n tydperk van onreinheid meegebring (Levitikus 12:2-4; 15:16-

* Byvoorbeeld, wette wat vereis het dat menslike uitwerpsels begrawe word, dat die siekes onder kwarantyn geplaas word en dat iemand wat aan 'n lyk geraak het, hom moes was, was hulle tyd eeue vooruit. – Levitikus 13:4-8; Numeri 19:11-13, 17-19; Deuteronomium 23:13, 14.

8. Hoe het die Wet Jehovah se standaard van heiligheid gehandhaaf?
9, 10. Watter bepalings oor geslagsomgang en kindergeboorte het die Wet bevat, en watter voordele het hierdie wette ingehou?

18). Sulke bepalings het nie hierdie rein gawes van God in 'n negatiewe lig gestel nie (Genesis 1:28; 2:18-25). Dié wette het eerder Jehovah se heiligheid gehandhaaf en sy aanbidders vry van besmetting gehou. Dit is opmerkenswaardig dat die nasies rondom Israel geneig was om aanbidding met seksuele en vrugbaarheidsritusse te vermeng. Die Kanaänitiese godsdiens het manlike en vroulike prostitusie ingesluit. Verdorwenheid van die ergste graad was die gevolg en het versprei. In teenstelling hiermee het die Wet die aanbidding van Jehovah heeltemal apart gehou van geslagsake.* Daar was ook ander voordele.

10 Daardie wette het hulle 'n belangrike waarheid geleer.# Hoe word die vlek van Adam se sonde per slot van rekening van geslag tot geslag oorgedra? Is dit nie deur geslagsomgang en kindergeboorte nie? (Romeine 5:12). Ja, God se Wet het sy volk herinner aan die immerteenwoordige werklikheid van sonde. Ons almal is trouens in sonde gebore (Psalm 51:5). Ons het vergifnis en verlossing nodig om nader aan ons heilige God te kom.

11 *Die Wet het Jehovah se volmaakte geregtigheid gehandhaaf.* Die Wet van Moses het die beginsel van gelyke waarde, of balans, in regsake voorgestaan. Die Wet het dus gesê: "Lewe moet vir lewe wees, oog vir oog, tand vir tand, hand vir hand, voet vir voet" (Deuteronomium 19:21). In die geval van 'n oortreding moes die straf derhalwe by die oortreding pas. Hierdie aspek van Goddelike geregtigheid kon

* Terwyl Kanaänitiese tempels vertrekke gehad het wat vir seksuele bedrywighede afgesonder is, het die Wet van Moses gesê dat dié wat onrein was, nie eens die tempel kon binnegaan nie. Aangesien geslagsomgang 'n tydperk van onreinheid meegebring het, kon niemand seks dus wettiglik deel van aanbidding by Jehovah se huis maak nie.

# Onderrigting was 'n vername doel van die Wet. Trouens, die *Encyclopaedia Judaica* meld dat die Hebreeuse woord vir "wet", *too·rah'*, "onderrigting" beteken.

11, 12. (a) Watter belangrike regsbeginsel het die Wet voorgestaan? (b) Watter maatreëls teen die verdraaiing van die reg het die Wet bevat?



dwarsdeur die Wet gesien word en is vandag nog noodsaaklik om die losprysoffer van Christus Jesus te verstaan, soos Hoofstuk 14 sal toon. – 1 Timoteus 2:5, 6.

12 Die Wet het ook maatreëls teen die verdraaiing van die reg bevat. Byvoorbeeld, ten minste twee getuies was nodig om die geldigheid van 'n aanklag te bevestig. Die straf vir meineed was swaar (Deuteronomium 19:15, 18, 19). Omkopery was ook streng verbode (Eksodus 23:8; Deuteronomium 27:25). Selfs in hulle sakegebruike moes God se volk Jehovah se verhewe standaard van geregtigheid handhaaf (Levitikus 19:35, 36; Deuteronomium 23:19, 20). Daardie edele en regverdige regskode was 'n groot seën vir Israel!

## Wette wat genade en regverdige behandeling in regsake beklemtoon

13 Was die Wet van Moses 'n onbuigsame stel reëls wat geen ruimte vir genade gelaat het nie? Glad nie! Koning Dawid is geïnspireer om te skryf: "Die wet van Jehovah is volmaak" (Psalm 19:7). Soos hy goed geweet het, het die Wet genade en regverdige behandeling voorgestaan. Hoe het die Wet dit gedoen?

14 In party lande lyk dit vandag of die wet meer genade en guns aan die misdadigers betoon as medelye met die slagoffers. Byvoorbeeld, diewe word dalk 'n ruk lank in die tronk gesit. Intussen is die slagoffers moontlik sonder hulle besittings, en tog moet hulle die belasting betaal wat hierdie misdadigers van huisvesting en kos voorsien. In eertydse Israel was daar geen tronke soos ons dit vandag ken nie. Daar was streng beperkings op hoe swaar straf kon wees (Deuteronomium 25:1-3). 'n Dief moes die slagoffer vergoed vir wat hy gesteel het. Die dief moes ook verdere vergoeding doen. In watter mate? Dit het verskil. Die regters is blykbaar die vryheid gegee om 'n aantal faktore in ag te neem, soos die sondaar se berou. Dit sou verklaar waarom die vergoeding wat

---

13, 14. Hoe het die Wet die regverdige behandeling van 'n dief en sy slagoffer bevorder?

’n dief volgens Levitikus 6:1-7 moes doen, baie minder is as dié wat in Eksodus 22:7 genoem word.

[15] Die Wet het genade getoon deur te erken dat nie alle oortredings opsetlik is nie. Wanneer ’n man byvoorbeeld iemand per ongeluk doodgemaak het, het hy nie lewe vir lewe betaal as hy die regte ding gedoen het deur na een van die vrystede te vlug wat op verskillende plekke in Israel geleë was nie. Nadat bekwame regters sy saak ondersoek het, moes hy tot die dood van die hoëpriester in die vrystad bly. Dan was hy vry om te woon waar hy wou. So het hy by Goddelike genade baat gevind. Hierdie wet het terselfdertyd die kosbaarheid van menselewe beklemtoon. – Numeri 15:30, 31; 35:12-25.

[16] Die Wet het persoonlike regte beskerm. Kyk na die maniere waarop dit skuldenaars beskerm het. Die Wet het ’n skuldeiser verbied om die skuldenaar se huis binne te gaan en besittings as ’n waarborg vir ’n lening te neem. ’n Skuldeiser moes eerder buite bly en die skuldenaar toelaat om die waarborg na hom toe te bring. Sodoende het ’n man se huis ongeskonde gebly. As die skuldeiser die skuldenaar se bo-kleed as ’n waarborg geneem het, moes hy dit teen die aand terugbring, want die skuldenaar het dit waarskynlik nodig gehad om in die nag warm te bly. – Deuteronomium 24:10-14.

[17] Selfs oorlogvoering is deur die Wet beheer. God se volk moes oorlog voer, nie bloot om ’n sug na mag of oorwinning te bevredig nie, maar om as God se verteenwoordigers in “die Oorloë van Jehovah” op te tree (Numeri 21:14). In baie gevalle moes die Israeliete eers voorwaardes vir oorgawe aanbied. As ’n stad die aanbod verwerp het, dan kon Israel dit beleër – maar volgens God se reëls. In teenstelling

---

15. Hoe het die Wet verseker dat genade bewys én geregtigheid uitgeoefen word in die geval van ’n persoon wat iemand per ongeluk doodgemaak het?

16. Hoe het die Wet sekere persoonlike regte beskerm?

17, 18. Hoe het die Israeliete van ander nasies verskil wat oorlogvoering betref, en waarom?

met baie soldate deur die geskiedenis heen was die manne in Israel se leër nie toegelaat om vroue te verkrag of mense sommer voor die voet dood te maak nie. Hulle moes selfs respek vir die omgewing hê en nie die vyand se vrugtebome afkap nie.* Ander leërs is nie sulke beperkings opgelê nie. – Deuteronomium 20:10-15, 19, 20; 21:10-13.

18 Sidder jy wanneer jy hoor dat kinders in party lande as soldate opgelei word? In eertydse Israel is geen man onder 20 vir krygsdiens aanvaar nie (Numeri 1:2, 3). Selfs 'n volwasse man is vrygestel as hy te bang was. 'n Pas getroude man het vir 'n hele jaar vrystelling gekry sodat hy die geboorte van 'n erfgenaam kon sien voordat hy sulke gevaarlike diens onderneem. Sodoende, het die Wet verduidelik, kon die jong eggenoot "by die huis bly en sy vrou gelukkig maak". – Deuteronomium 20:5, 6, 8; 24:5.

19 Die Wet het ook vroue, kinders en gesinne beskerm en na hulle belange omgesien. Dit het ouers beveel om voortdurend aan hulle kinders aandag te gee en hulle in geestelike dinge te onderrig (Deuteronomium 6:6, 7). Dit het alle vorme van bloedskande op straf van die dood verbied (Levitikus, hoofstuk 18). Dit het ook egbreuk verbied, wat gesinne so dikwels laat verbrokkel en van sekuriteit en waardigheid beroof. Die Wet het voorsiening gemaak vir die behoeftes van weduwees en weeskinders en het ten sterkste verbied dat hulle mishandel word. – Eksodus 20:14; 22:22-24.

20 Party wonder dalk in hierdie verband: 'Waarom het

* Die Wet het reguit gevra: "Want hoekom sou jy 'n boom van die veld aanval soos jy 'n mens sou aanval?" (Deuteronomium 20:19). Filo, 'n Joodse geleerde van die eerste eeu, het hierdie wet aangehaal en verduidelik dat God meen dit is "onregverdig dat die woede wat teen mense ontvlam, gekoel word op dinge waarin daar geen boosheid is nie".

19. Watter voorsienings het die Wet bevat wat vroue, kinders, gesinne, weduwees en weeskinders beskerm het?
20, 21. (a) Waarom het die Wet van Moses veelwywery onder die Israeliete toegelaat? (b) Waarom het die Wet in die kwessie van egskeiding verskil van die standaard wat Jesus later herstel het?

die Wet veelwywery toegelaat?' (Deuteronomium 21:15-17). Ons moet sulke wette in die konteks van die tye beskou. Diegene wat die Wet van Moses in die konteks van hedendaagse tye en kulture beoordeel, sal dit ongetwyfeld verkeerd verstaan (Spreuke 18:13). Jehovah se standaard, wat in Eden gestel is, het die huwelik 'n blywende verbintenis tussen een man en een vrou gemaak (Genesis 2:18, 20-24). Maar teen die tyd dat Jehovah die Wet aan Israel gegee het, was gebruike soos veelwywery al eeue lank stewig gevestig. Jehovah het goed geweet dat sy "hardkoppige volk" dikwels sou versuim om selfs die mees basiese gebooie te gehoorsaam, soos dié wat afgodediens verbied (Eksodus 32:9). In sy wysheid het hy dus nie daardie era gekies om al hulle huweliksgebruike te hervorm nie. Maar hou in gedagte dat Jehovah nie veelwywery ingestel het nie. Hy het egter die Wet van Moses gebruik om veelwywery onder sy volk te *reguleer* en te voorkom dat dit misbruik word.

21 Die Wet van Moses het ook 'n redelike groot verskeidenheid ernstige gronde uiteengesit waarop 'n man van sy vrou kon skei (Deuteronomium 24:1-4). Jesus het gesê dat dit 'n toegewing is wat God aan die Joodse volk gemaak het "omdat [hulle] harte so ongevoelig" was. Maar sulke toegewings was tydelik. Jesus het vir sy volgelinge Jehovah se oorspronklike standaard vir die huwelik herstel. – Matteus 19:8.

## Die Wet het liefde bevorder

22 Kan jy jou 'n hedendaagse regstelsel voorstel wat liefde bevorder? Die Wet van Moses het allereers liefde bevorder. In die boek Deuteronomium alleen kom die woord vir "liefde" meer as 20 keer in verskillende vorme voor. "Jy moet jou medemens liefhê soos jouself", was die tweede grootste gebod in die hele Wet (Levitikus 19:18; Matteus 22:37-40). God se volk moes hierdie liefde nie net aan mekaar betoon nie, maar ook

---

22. Op watter maniere het die Wet van Moses liefde bevorder, en teenoor wie?

### Vrae om oor te peins

**Levitikus 19:9, 10; Deuteronomium 24:19** Hoe voel jy oor die God wat sulke wette maak?

**Psalm 19:7-14** Hoe het Dawid oor "die wet van Jehovah" gevoel, en hoe kosbaar moet God se wette vir ons wees?

**Miga 6:6-8** Hoe help hierdie gedeelte ons om te sien dat Jehovah se wette nie tereg as swaar beskou kan word nie?

**Matteus 23:23-39** Hoe het die Fariseërs getoon dat hulle nie die sin van die Wet begryp het nie, en hoe is dit vir ons 'n waarskuwende voorbeeld?

aan die inwonende uitlanders onder hulle, terwyl hulle in gedagte gehou het dat die Israeliete ook eens op 'n tyd inwonende uitlanders was. Hulle moes liefde aan die armes en geteisterdes bewys deur hulle materieel te help en nie hulle swakhede uit te buit nie. Hulle is selfs aangesê om lasdiere goed en bedagsaam te behandel. – Eksodus 23:6; Levitikus 19:14, 33, 34; Deuteronomium 22:4, 10; 24:17, 18.

23 Watter ander nasie is met so 'n regskode geseën? Geen wonder nie dat die psalmis geskryf het: "Hoe lief is ek tog vir u wet!" Sy liefde was egter nie net 'n gevoel nie. Dit het hom tot dade beweeg, want hy het probeer om daardie wet te gehoorsaam en daarvolgens te lewe. En hy het verder gesê: "Die hele dag lank dink ek daaroor na" (Psalm 119:11, 97). Ja, hy het gereeld tyd daaraan bestee om Jehovah se wette te bestudeer. Terwyl hy dit gedoen het, het sy liefde daarvoor ongetwyfeld toegeneem. Terselfdertyd het sy liefde vir die Wetgewer, Jehovah God, ook sterker geword. Mag jy ook, terwyl jy voortgaan om God se wet te bestudeer, steeds nader kom aan Jehovah, die Groot Wetgewer en God van geregtigheid.

---

23. Wat is die skrywer van Psalm 119 beweeg om te doen, en wat kan ons ons voorneem om te doen?

# Jehovah voorsien "'n losprys in ruil vir baie"

'DIE hele skepping kreun tot nou toe saam en is in pyn' (Romeine 8:22). Met dié woorde beskryf die apostel Paulus die ellendige toestand waarin ons ons bevind. Vanuit 'n menslike standpunt lyk dit of daar geen uitweg uit lyding, sonde en die dood is nie. Maar Jehovah het nie menslike beperkings nie (Numeri 23:19). Die God van geregtigheid het aan ons 'n uitweg uit ons benoudheid voorsien. Dit word die losprys genoem.

2 Die losprys is Jehovah se grootste gawe aan die mensdom. Dit maak ons verlossing uit sonde en die dood moontlik (Efesiërs 1:7). Dit is die grondslag van die hoop op ewige lewe, hetsy in die hemel of op 'n paradysaarde (Lukas 23:43; Johannes 3:16; 1 Petrus 1:4). Maar wat is die losprys? Hoe leer dit ons van Jehovah se voortreflike geregtigheid?

## Hoe die behoefte aan 'n losprys ontstaan het

3 Die losprys het nodig geword as gevolg van Adam se sonde. Deur sy ongehoorsaamheid aan God het Adam 'n erfenis van siekte, droefheid, pyn en die dood aan sy nageslag agtergelaat (Genesis 2:17; Romeine 8:20). God kon nie uit sentiment bloot die doodsvonnis versag nie. As hy dit gedoen het, sou hy sy eie wet verontagsaam het: "Die betaling vir sonde is die dood" (Romeine 6:23). En as Jehovah sy eie standaarde van geregtigheid ongeldig sou maak, sou daar universele chaos en wetteloosheid wees!

---

1, 2. Hoe beskryf die Bybel die toestand van die mensdom, en wat is die enigste uitweg?

3. (a) Waarom het die losprys nodig geword? (b) Waarom kon God nie bloot die doodsvonnis oor Adam se nageslag versag nie?

[4] Soos ons in Hoofstuk 12 gesien het, het die opstand in Eden selfs groter geskille laat ontstaan. Satan het 'n donker skaduwee oor God se goeie naam gewerp. Hy het Jehovah in werklikheid daarvan beskuldig dat hy 'n leuenaar en 'n wrede diktator is wat sy skepsele hulle vryheid ontneem (Genesis 3:1-5). Deur God se voorneme om die aarde met regverdige mense te vul, oënskynlik te verydel, het Satan God ook as 'n mislukking bestempel (Genesis 1:28; Jesaja 55:10, 11). As Jehovah hierdie uitdagings onbeantwoord gelaat het, kon baie van sy intelligente skepsele dalk 'n mate van vertroue in sy heerskappy verloor het.

[5] Satan het ook Jehovah se lojale knegte belaster deur te beweer dat hulle Hom net uit selfsugtige beweegredes dien en dat nie een aan God getrou sou bly as hulle aan druk onderwerp word nie (Job 1:9-11). Hierdie geskille was baie belangriker as die mens se haglike toestand. Jehovah het tereg verplig gevoel om Satan se lasterlike aantygings te beantwoord. Maar hoe kon God hierdie geskille besleg en ook die mensdom red?

## 'n Losprys – 'n Ekwivalent

[6] Jehovah se oplossing was uiters genadig asook volkome regverdig – 'n oplossing wat geen mens kon uitgedink het nie. Tog was dit baie eenvoudig. Dit word onder meer 'n loskoping en 'n versoening genoem (Psalm 49:8; Daniël 9:24; Galasiërs 3:13; Kolossense 1:20; Hebreërs 2:17). Maar die uitdrukking wat sake moontlik die beste beskryf, is die een wat Jesus self gebruik het. Hy het gesê: "Die Seun van die mens [het] gekom, nie om gedien te word nie, maar om te dien en om sy lewe te gee as 'n losprys [Grieks, *lu'tron*] in ruil vir baie." – Matteus 20:28.

---

4, 5. (a) Hoe het Satan God belaster, en waarom was Jehovah verplig om daardie uitdagings te beantwoord? (b) Watter aantyging het Satan aangaande Jehovah se lojale knegte gemaak?
6. Wat is party van die uitdrukkings wat die Bybel gebruik om God se middel vir die redding van die mensdom te beskryf?



7 Wat is 'n losprys? Die Griekse woord wat hier gebruik word, kom van 'n werkwoord wat beteken "om los te laat, om vry te stel". Hierdie term is gebruik om geld te beskryf wat betaal is in ruil vir die vrystelling van krygsgevangenes. 'n Losprys kan dan omskryf word as iets wat betaal word om iets terug te koop. In die Hebreeuse Geskrifte kom die woord vir "losprys" (*ko'fer*) van 'n werkwoord wat beteken "om te bedek". God het byvoorbeeld vir Noag gesê dat hy die ark met teer moet "bedek" ('n vorm van dieselfde woord) (Genesis 6:14). Dit help ons besef dat om los te koop, ook beteken om sondes te *bedek*. – Psalm 65:3.

8 Die *Theological Dictionary of the New Testament* sê interessant genoeg dat hierdie woord (*ko'fer*) "altyd dui op 'n ekwivalent", of 'n ooreenstemming. Om dus 'n losprys vir sonde te betaal, of dit te bedek, moet daar 'n prys betaal word wat ten volle ooreenstem met die skade wat deur die sonde aangerig is, of wat dit ten volle bedek. God se Wet aan Israel het dus gesê: "Lewe moet vir lewe wees, oog vir oog, tand vir tand, hand vir hand, voet vir voet." – Deuteronomium 19:21.

9 Van Abel af het manne van geloof diereoffers aan God gebring. Daardeur het hulle getoon dat hulle bewus is van sonde en die behoefte aan verlossing, en hulle het hulle geloof in God se beloofde bevryding deur sy "nageslag" getoon (Genesis 3:15; 4:1-4; Levitikus 17:11; Hebreërs 11:4). Jehovah het sulke offerandes gunstig aangesien en hierdie aanbidders goedgekeur. Maar diereoffers was hoogstens net 'n simbool. Diere kon nie werklik die mens se sonde

---

7, 8. (a) Wat beteken die term "losprys" in die Skrif? (b) In watter opsig behels 'n losprys 'n ekwivalent?
9. Waarom het manne van geloof diereoffers gebring, en hoe het Jehovah hierdie offerandes beskou?

***"'n Ooreenstemmende losprys vir almal"***

bedek nie, want hulle is laer as mense (Psalm 8:4-8). Gevolglik sê die Bybel: "Dit is nie vir die bloed van bulle en bokke moontlik om sondes weg te neem nie" (Hebreërs 10:1-4). Hierdie offerandes was slegs sinnebeeldig, of simbolies, van die ware losprysoffer wat sou kom.

## "'n Ooreenstemmende losprys"

10 'Almal sterf in Adam', het die apostel Paulus gesê (1 Korintiërs 15:22). Die losprys moes dus die dood behels van iemand wat presies gelyk was aan Adam – 'n volmaakte mens (Romeine 5:14). Geen ander soort skepsel kon die skaal van geregtigheid laat balanseer nie. Slegs 'n volmaakte mens, iemand wat nie onder die Adamitiese doodsvonnis was nie, kon "'n ooreenstemmende losprys vir almal" aanbied – een wat volmaak met Adam ooreengestem het (1 Timoteus 2:6). Dit sou nie nodig wees om miljoene der miljoene mense te offer om ooreen te stem met elke nakomeling van Adam nie. Die apostel Paulus het verduidelik: 'Deur *een mens* [Adam] het sonde in die wêreld ingekom en die dood deur die sonde' (Romeine 5:12). En aangesien "die dood deur 'n mens gekom het", het God "deur 'n mens" voorsiening gemaak vir die verlossing van die mensdom (1 Korintiërs 15:21). Hoe?

11 Jehovah het gereël dat 'n volmaakte mens sy lewe vrywillig opoffer. Volgens Romeine 6:23 'is die betaling vir sonde die dood'. Deur sy lewe op te offer, sou die een wat die losprys betaal, 'vir elke mens die dood ervaar'. Met ander woorde, hy sou die betaling vir Adam se sonde doen (Hebreërs 2:9; 2 Korintiërs 5:21; 1 Petrus 2:24). Dit sou verreikende regsgevolge hê. Deur die doodsvonnis oor Adam se gehoorsame nakomelinge nietig te verklaar, sou die los-

---

10. (a) Met wie moes die een wat die losprys betaal, ooreenstem, en waarom? (b) Waarom was net een menseoffer nodig?

11. (a) Hoe sou die een wat die losprys betaal, 'vir elke mens die dood ervaar'? (b) Waarom kon Adam en Eva nie by die losprys baat vind nie? (Sien voetnoot.)

prys die vernietigende krag van die sonde reg by die bron verwyder.* – Romeine 5:16.

12 Ter toeligting: Stel jou voor dat jy in 'n dorp woon waar die meeste inwoners by 'n groot fabriek werk. Jy en jou bure word goed betaal vir julle werk, en julle maak 'n goeie bestaan. Dit wil sê, tot die dag dat die fabriek sluit. Die rede? Die fabrieksbestuurder was oneerlik en het die onderneming bankrot gemaak. Jy en jou bure is skielik werkloos en kan nie julle rekeninge betaal nie. Huweliksmaats, kinders en skuldeisers ly as gevolg van daardie een man se oneerlikheid. Is daar 'n uitweg? Ja! 'n Ryk weldoener besluit om in te gryp. Hy besef hoe waardevol die maatskappy is. Hy het ook empatie vir die baie werknemers en hulle gesinne. Hy tref dus reëlings om die maatskappy se skuld af te betaal en die fabriek te heropen. Die delging van hierdie een skuld bring verligting vir al die werknemers en hulle gesinne en vir die skuldeisers. Net so strek die delging van Adam se skuld miljoene der miljoene tot voordeel.

## Wie voorsien die losprys?

13 Net Jehovah kon "die Lam . . . wat die sonde van die wêreld wegneem", voorsien (Johannes 1:29). Maar God het nie sommer enige engel gestuur om die mensdom te red nie. Hy het eerder die Een gestuur wat die finale, beslissende antwoord op Satan se aantyging teen Jehovah

---

* Adam en Eva kon nie by die losprys baat vind nie. Die Wet van Moses het hierdie beginsel met betrekking tot 'n opsetlike moordenaar bevat: "Julle mag geen losprys aanvaar vir die lewe van 'n moordenaar wat verdien om te sterf nie" (Numeri 35:31). Adam en Eva het onteenseglik verdien om te sterf omdat hulle willens en wetens aan God ongehoorsaam was. Hulle het daardeur hulle vooruitsig op ewige lewe prysgegee.

---

12. Lig toe hoe die betaling van een skuld baie mense tot voordeel kan strek.
13, 14. (a) Hoe het Jehovah die losprys vir die mensdom voorsien? (b) Aan wie word die losprys betaal, en waarom is hierdie betaling nodig?

se knegte kon verskaf. Ja, Jehovah het die heel grootste opoffering gemaak en sy eniggebore Seun gestuur, 'die een vir wie hy besonder lief was' (Spreuke 8:30). God se Seun het gewillig "alles opgegee" van sy lewe as 'n geesskepsel (Filippense 2:7). Jehovah het die lewe van sy eersgebore hemelse Seun op wonderdadige wyse na die baarmoeder van 'n Joodse maagd met die naam Maria oorgeplaas (Lukas 1:27, 35). As mens sou hy Jesus genoem word. Maar hy kon in wettige sin die tweede Adam genoem word, want hy het volmaak met Adam ooreengestem (1 Korintiërs 15:45, 47). Jesus kon homself dus opoffer as 'n losprys vir die sondige mensdom.

14 Aan wie sou daardie losprys betaal word? Psalm 49:7 sê spesifiek dat die losprys "aan God" betaal word. Maar is dit nie Jehovah wat in die eerste plek reëlings vir die losprys tref nie? Ja, maar dit verlaag nie die losprys tot 'n nuttelose, meganiese omruiling – soos om geld uit een sak te haal en dit in 'n ander te sit nie. 'n Mens moet verstaan dat die losprys nie 'n fisiese omruiling is nie, maar 'n wetlike transaksie. Deur vir die betaling van die losprys voorsiening te maak, al het dit 'n groot opoffering van hom geverg, het Jehovah bevestig dat hy onwrikbaar by sy eie volmaakte geregtigheid bly. – Genesis 22:7, 8, 11-13; Hebreërs 11:17; Jakobus 1:17.

15 In die lente van 33 HJ het Jesus Christus hom gewillig aan 'n beproewing onderwerp wat tot die betaling van die losprys gelei het. Hy het toegelaat dat hy op valse aanklagte in hegtenis geneem, skuldig bevind en aan 'n teregstellingspaal genael word. Was dit werklik nodig dat Jesus so moes ly? Ja, want die geskil oor die integriteit van God se knegte moes besleg word. Dit is betekenisvol dat God nie toegelaat het dat die baba Jesus deur Herodes doodgemaak word nie (Matteus 2:13-18). Maar toe Jesus 'n volwassene was, kon hy die ergste van Satan se aanvalle verduur met 'n

---

15. Waarom was dit nodig dat Jesus moes ly en sterf?

duidelike begrip van die geskille.* Deur "lojaal, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van die sondaars" te bly ondanks wrede behandeling, het Jesus met dramatiese finaliteit bewys dat Jehovah wel knegte het wat getrou bly tydens beproewing (Hebreërs 7:26). Dit is dan geen wonder nie dat Jesus met sy laaste asem triomfantlik uitgeroep het: "Dit is afgehandel!" – Johannes 19:30.

## Die voltooiing van sy verlossingswerk

16 Jesus moes nog sy verlossingswerk voltooi. Jehovah het Jesus op die derde dag ná sy dood opgewek (Handelinge 3:15; 10:40). Deur hierdie belangrike daad het Jehovah nie net sy Seun vir sy getroue diens beloon nie, maar hom ook die geleentheid gegee om sy verlossingswerk as God se Hoëpriester te voltooi (Romeine 1:4; 1 Korintiërs 15:3-8). Die apostel Paulus verduidelik: "Toe Christus gekom het as 'n hoëpriester . . . het hy . . . in die heiligdom ingegaan, nie met die bloed van bokke en jong bulle nie, maar met sy eie bloed, en hy het 'n ewige verlossing vir ons verkry. Want Christus het nie in 'n heiligdom ingegaan wat met hande gemaak is en wat 'n kopie van die werklikheid is nie, maar in die hemel self. Dit was sodat hy nou vir ons voor God kan verskyn." – Hebreërs 9:11, 12, 24.

17 Christus kon nie sy letterlike bloed in die hemel inneem nie (1 Korintiërs 15:50). Hy het eerder geneem wat daardie bloed gesimboliseer het: die wetlike waarde van

* Om die sonde van Adam ongedaan te maak, moes Jesus sterf, nie as 'n volmaakte kind nie, maar as 'n volmaakte man. Onthou, Adam se sonde was opsetlik, gedoen in die volle wete van hoe ernstig die daad en die gevolge is. Om dan "die laaste Adam" te word en daardie sonde te bedek, moes Jesus 'n volwasse, ingeligte besluit neem om sy integriteit teenoor Jehovah te handhaaf (1 Korintiërs 15:45, 47). Jesus se hele getroue lewensweg – met inbegrip van sy offerdood – het dus as "een regverdige daad" gedien. – Romeine 5:18, 19.

16, 17. (a) Hoe het Jesus sy verlossingswerk voortgesit? (b) Waarom was dit nodig dat Jesus "vir ons voor God" moes verskyn?

sy volmaakte menselewe wat hy opgeoffer het. Toe het hy voor die aangesig van God die waarde van daardie lewe formeel aangebied as 'n losprys in ruil vir die sondige mensdom. Het Jehovah daardie offerande aanvaar? Ja, en dit het duidelik geword op Pinkster 33 HJ toe die heilige gees op sowat 120 dissipels in Jerusalem uitgestort is (Handelinge 2:1-4). Dit was baie opwindend, maar die losprys het toe maar net begin om wonderlike voordele mee te bring.

## Voordele van die losprys

18 In sy brief aan die Kolossense verduidelik Paulus dat God dit goedgevind het om deur Christus alle ander dinge met Homself te versoen deur vrede te maak deur middel van die bloed wat Jesus aan die folterpaal vergiet het. Paulus verduidelik ook dat hierdie versoening twee afsonderlike groepe mense raak, naamlik "die dinge in die hemel" en "die dinge op die aarde" (Kolossense 1:19, 20; Efesiërs 1:10). Die eerste groep bestaan uit 144 000 Christene wat die hoop gegee word om as hemelse priesters te dien en as konings oor die aarde te regeer saam met Christus Jesus (Openbaring 5:9, 10; 7:4; 14:1-3). Deur middel van hulle sal die voordele van die losprys geleidelik oor 'n tydperk van duisend jaar ten behoewe van die gehoorsame mense aangewend word. – 1 Korintiërs 15:24-26; Openbaring 20:6; 21:3, 4.

19 "Die dinge op die aarde" is dié mense wat hoop om volmaakte lewe in die Paradys op aarde te geniet. Openbaring 7:9-17 beskryf hulle as "'n groot menigte" wat die komende "groot verdrukking" sal oorleef. Maar hulle hoef nie tot dan te wag om die voordele van die losprys te geniet nie. Hulle het reeds "hulle klere gewas en dit wit gemaak in die bloed van die Lam". Omdat hulle geloof beoefen in die losprys, ontvang hulle nou al geestelike voordele weens daar-

---

18, 19. (a) Watter twee groepe mense vind baat by die versoening wat deur Christus se bloed moontlik gemaak is? (b) Wat is party van die huidige en toekomstige voordele van die losprys vir die "groot menigte"?

**Vrae om oor te peins**

**Numeri 3:39-51** Waarom is dit noodsaaklik dat die losprys 'n presiese ekwivalent is?

**Psalm 49:7, 8** Waarom is ons baie aan God verskuldig omdat hy die losprys voorsien het?

**Jesaja 43:25** Hoe help hierdie teks ons om te sien dat die mens se redding nie die vernaamste rede is waarom Jehovah die losprys voorsien het nie?

**1 Korintiërs 6:20** Watter uitwerking behoort die losprys op ons gedrag en lewenstyl te hê?

die liefdevolle voorsiening. Hulle is regverdig verklaar as vriende van God! (Jakobus 2:23). Danksy Jesus se offerande kan hulle "die troon van onverdiende goedheid met vrymoedigheid nader" (Hebreërs 4:14-16). Wanneer hulle sondig, ontvang hulle ware vergifnis (Efesiërs 1:7). Ondanks die feit dat hulle onvolmaak is, geniet hulle 'n gereinigde gewete (Hebreërs 9:9; 10:22; 1 Petrus 3:21). Om met God versoen te raak, is dus nie 'n verwikkeling waarop gehoop word nie, maar 'n hedendaagse werklikheid! (2 Korintiërs 5:19, 20). Gedurende die Millennium sal hulle geleidelik 'vrygemaak word van slawerny aan agteruitgang' en uiteindelik 'die glorieryke vryheid van die kinders van God hê'. – Romeine 8:21.

[20] Ons "dank God deur Jesus Christus" vir die losprys! (Romeine 7:25). Dit is eenvoudig in beginsel en tog so ryk aan betekenis dat dit ons met ontsag vervul (Romeine 11: 33). En as ons met waardering oor die losprys peins, raak dit ons hart en laat dit ons steeds nader kom aan die God van geregtigheid. Soos die psalmis het ons alle rede om Jehovah te loof as iemand wat 'lief is vir regverdigheid en geregtigheid'. – Psalm 33:5.

---

20. Hoe raak dit jou wanneer jy oor die losprys nadink?

# Jesus 'vestig geregtigheid op die aarde'

JESUS was merkbaar kwaad – en met goeie rede. Dit is miskien vir jou moeilik om hom só voor te stel, want hy was 'n baie saggeaarde mens (Matteus 21:5). Hy was natuurlik heeltemal beheers, want sy woede was geregverdig.* Maar wat het hierdie vredeliewende man so kwaad gemaak? 'n Ernstige geval van ongeregtigheid.

2 Die tempel in Jerusalem het Jesus na aan die hart gelê. Dit was die enigste heilige plek in die hele wêreld wat aan die aanbidding van sy hemelse Vader gewy was. Jode uit baie lande het ver gereis om daar te aanbid. Selfs godvresende nie-Jode het daarheen gekom, tot in die tempelvoorhof wat vir hulle gebruik afgesonder is. Maar vroeg in sy bediening het Jesus die tempelterrein binnegegaan en 'n ontstellende gesig gesien. Die plek was meer soos 'n mark as 'n huis van aanbidding! Dit was vol handelaars en geldwisselaars. Maar waar was die ongeregtigheid? Vir hierdie manne was God se tempel bloot 'n plek om mense uit te buit – hulle selfs te beroof. Hoe so? – Johannes 2:14.

3 Die godsdiensleiers het beslis dat slegs een spesifieke soort muntstuk gebruik kon word om die tempelbelasting te betaal. Besoekers moes hulle geld wissel om daardie munte te bekom. Geldwisselaars het dus hulle tafels binne-in die tem-

---

* Wanneer dit by regverdige woede kom, was Jesus soos Jehovah, wat 'gereed is om aan sy woede uiting te gee' teen alle goddeloosheid (Nahum 1:2). Byvoorbeeld, nadat Jehovah vir sy eiesinnige volk gesê het dat hulle sy huis "'n skuilplek vir rowers" gemaak het, het hy gesê: "My groot woede sal oor hierdie plek uitgestort word." – Jeremia 7:11, 20.

---

1, 2. By watter geleentheid het Jesus kwaad geword, en waarom?

3, 4. Watter gierige uitbuiting het by Jehovah se huis plaasgevind, en wat het Jesus gedoen om sake reg te stel?

pel gesit en vir elke transaksie 'n fooi gevra. Die verkoop van diere was ook baie winsgewend. Besoekers wat offerandes wou bring, kon by enige handelaar in die stad koop, maar die tempelbeamptes kon maklik hulle offerdiere as ongeskik verwerp. Maar diere wat daar op die tempelterrein gekoop is, sou sekerlik aanvaar word. Die mense was sodoende oorgelewer aan die genade van die handelaars, wat soms buitensporige pryse gevra het.* Dit was erger as blatante kommersialisme. Dit was in werklikheid roof!

4 Jesus kon sulke ongeregtigheid nie duld nie. Dit was sy Vader se huis! Hy het 'n sweep van toue gemaak en al die beeste en skape uit die tempel uitgedryf. Toe het hy na die geldwisselaars gegaan en hulle tafels omgekeer. Stel jou net al daardie muntstukke voor wat oor die marmervloer rol! Hy het die duiweverkopers streng beveel: "Vat hierdie goed hier weg!" (Johannes 2:15, 16). Niemand het dit blykbaar durf waag om hierdie moedige man teë te gaan nie.

## Die Seun volg die Vader na

5 Die handelaars het natuurlik teruggekeer. Omtrent drie jaar later het Jesus dieselfde ongeregtigheid aangespreek, en hierdie keer het hy Jehovah se eie woorde aangehaal wat diegene veroordeel wat Sy huis "'n skuilplek vir rowers" maak (Jeremia 7:11; Matteus 21:13). Ja, toe Jesus die gierige uitbuiting van die mense en die verontreiniging van God se

---

* Volgens die Misjna is daar 'n paar jaar later protes aangeteken teen die hoë prys van die duiwe wat by die tempel verkoop is. Die prys is dadelik met 'n hele 99 persent verminder! Wie het die meeste munt geslaan uit hierdie winsgewende bedryf? Party geskiedkundiges sê dat die tempelmarkte aan die huis van die hoëpriester Annas behoort het en grootliks tot daardie priesterlike familie se ontsaglike rykdom bygedra het. – Johannes 18:13.

---

5-7. (a) Hoe het Jesus se voormenslike bestaan sy sin vir geregtigheid beïnvloed, en wat kan ons leer as ons sy voorbeeld bestudeer? (b) Hoe het Christus die onregte hanteer wat Satan veroorsaak het, en hoe sal hy dit in die toekoms doen?



tempel sien, het hy net soos sy Vader gevoel. En geen wonder nie! Jesus is miljoene der miljoene jare lank deur sy hemelse Vader geleer. Gevolglik het hy dieselfde sin vir geregtigheid as Jehovah gehad. Die beste manier om 'n duidelike beeld van Jehovah se geregtigheid te kry, is dus om oor Jesus Christus se voorbeeld na te dink. – Johannes 14:9, 10.

6 Jehovah se eniggebore Seun was teenwoordig toe Satan Jehovah God ten onregte 'n leuenaar genoem en die regverdigheid van Sy heerskappy betwis het. Watter laster was dit tog! Die Seun het ook Satan se latere aantyging gehoor dat niemand Jehovah onselfsugtig, uit liefde, sou dien nie. Hierdie valse aantygings het ongetwyfeld die Seun se regverdige hart gepynig. Hoe verheug moes hy tog gewees het toe hy uitvind dat hy die sleutelrol daarin sou speel om sake reg te stel! (2 Korintiërs 1:20). Hoe sou hy dit doen?

7 Soos ons in Hoofstuk 14 geleer het, het Jesus Christus die finale, beslissende antwoord gegee op Satan se aantyging wat die integriteit van Jehovah se skepsele bevraagteken het. Jesus het sodoende die grondslag gelê dat God se heilige naam, Jehovah, gereinig word van alle laster – wat die leuen insluit dat daar fout is met Sy volmaakte manier van regeer. As Jehovah se Leier sal Jesus Goddelike geregtigheid deur die ganse heelal tot stand bring (Handelinge 5:31). Sy lewenswyse op aarde het eweneens Goddelike geregtigheid weerspieël. Jehovah het van hom gesê: "Ek sal my gees op hom plaas, en hy sal aan die nasies duidelik maak wat geregtigheid is" (Matteus 12:18). Hoe het Jesus hierdie woorde vervul?

## Jesus maak duidelik "wat geregtigheid is"

8 Jesus het Jehovah se Wet liefgehad en daarvolgens gelewe. Maar die godsdiensleiers van sy dag het daardie Wet

---

8-10. (a) Hoe het die mondelinge tradisies van die Joodse godsdiensleiers minagting vir nie-Jode en vroue bevorder? (b) Hoe het die mondelinge wette Jehovah se Sabbatswet 'n las gemaak?

***"Vat hierdie goed hier weg!"***

verdraai en verkeerd toegepas. Jesus het vir hulle gesê: "Dit sal sleg gaan met julle, julle skynheilige skrifgeleerdes en Fariseërs! . . . Julle het die belangriker sake van die Wet geïgnoreer, naamlik geregtigheid, genade en getrouheid" (Matteus 23:23). Daardie onderrigters van God se Wet het beslis nie duidelik gemaak "wat geregtigheid is" nie. Hulle het Goddelike geregtigheid eerder verberg. Hoe? Kyk na 'n paar voorbeelde.

9 Jehovah het sy volk beveel om afgeskeie te bly van die heidense nasies rondom hulle (1 Konings 11:1, 2). Party fanatiese godsdiensleiers het egter die volk aangemoedig om alle nie-Jode te minag. Die Misjna het selfs hierdie reël bevat: "Beeste mag nie in die herberge van die heidene gelaat word nie, aangesien hulle van bestialiteit verdink word." Sulke omvattende vooroordeel teen alle nie-Jode was onregverdig en heeltemal strydig met die gees van die Wet van Moses (Levitikus 19:34). Ander mensgemaakte reëls het vroue verneder. Die mondelinge wet het gesê dat 'n vrou agter haar man moet loop, nie langs hom nie. 'n Man is gewaarsku om nie in die openbaar met 'n vrou, selfs sy eie vrou, te praat nie. Net soos slawe, is vroue nie toegelaat om in die hof te getuig nie. Daar was selfs 'n formele gebed waarin mans God gedank het dat hulle nie 'n vrou is nie.

10 Die godsdiensleiers het God se Wet onder 'n hoop mensgemaakte reëls en regulasies begrawe. Byvoorbeeld, die Sabbatswet het eenvoudig werk op die Sabbat verbied en dié dag vir aanbidding, geestelike verkwikking en rus afgesonder. Maar die Fariseërs het hierdie wet 'n las gemaak. Hulle het dit op hulle geneem om te besluit presies wat "werk" beteken. Hulle het 39 verskillende bedrywighede, soos oes of jag, as werk bestempel. Hierdie kategorieë het eindelose vrae laat ontstaan. Jag 'n man as hy 'n vlooi op die Sabbat doodmaak? Oes hy as hy 'n hand vol graan pluk terwyl hy êrens loop? Werk hy as hy iemand genees wat siek is? Sulke vrae is met onbuigsame, uitvoerige reëls beantwoord.

11 Hoe kon Jesus mense in so 'n klimaat help om te verstaan wat geregtigheid is? Deur sy leringe en deur die manier waarop hy gelewe het, het hy moedig standpunt ingeneem teen daardie godsdiensleiers. Kyk eers na party van sy leringe. Hy het hulle tallose mensgemaakte reëls openlik veroordeel en gesê: "Julle [maak] die woord van God kragteloos deur julle tradisies wat julle oorgedra het." – Markus 7:13.

12 Jesus het die mense op kragtige wyse geleer dat die Fariseërs 'n wanbegrip van die Sabbatswet gehad het – dat hulle in werklikheid glad nie die doel van die wet gesnap het nie. Die Messias, het hy verduidelik, is "Here van die Sabbat" en het dus die reg om mense op die Sabbat te genees (Matteus 12:8). Om dit te beklemtoon, het hy openlik wonderdadige genesings op die Sabbat verrig (Lukas 6:7-10). Hierdie genesings was 'n voorskou van die genesing wat hy gedurende sy Duisendjarige Heerskappy aardwyd sal verrig. Dié Millennium sal die allergrootste Sabbat wees, wanneer alle getroue mense uiteindelik sal rus van eeue se swaarkry weens die laste van sonde en die dood.

13 Jesus het ook duidelik gemaak wat geregtigheid is deurdat 'n nuwe wet, "die wet van die Christus", tot stand gekom het nadat hy sy aardse bediening voltooi het (Galasiërs 6:2). Hierdie nuwe wet het, in teenstelling met sy voorganger, die Wet van Moses, grootliks op beginsels berus, nie op 'n klomp geskrewe gebooie nie. Dit het egter wel 'n paar regstreekse gebooie ingesluit. Een hiervan het Jesus "'n nuwe gebod" genoem. Jesus het al sy volgelinge geleer om mekaar lief te hê net soos hy hulle liefgehad het (Johannes 13:34, 35). Ja, selfopofferende liefde sou die kenmerk wees van almal wat volgens "die wet van die Christus" lewe.

---

11, 12. Hoe het Jesus getoon dat hy die onskriftuurlike tradisies van die Fariseërs verwerp?

13. Watter wet het tot stand gekom as gevolg van Christus se aardse bediening, en hoe het dit van sy voorganger verskil?

## ’n Lewende voorbeeld van geregtigheid

14 Jesus het mense nie net van liefde geleer nie. Hy het “die wet van die Christus” *uitgeleef.* Dit kon duidelik gesien word in sy lewenswyse. Kyk na drie maniere waarop Jesus se voorbeeld duidelik gemaak het wat geregtigheid is.

15 Eerstens, Jesus het dit nougeset vermy om hom aan enige ongeregtigheid skuldig te maak. Jy het miskien al gesien dat baie onregte plaasvind wanneer onvolmaakte mense verwaand raak en die perke van hulle gesag oorskry. Jesus het dit nie gedoen nie. By een geleentheid het ’n man na Jesus toe gekom en gesê: “Leermeester, sê vir my broer om die erfenis met my te deel.” Jesus se antwoord? “Mens, wie het my as regter aangestel of as die een wat julle erfenis vir julle moet verdeel?” (Lukas 12:13, 14). Is dit nie merkwaardig nie? Jesus se intellek, sy oordeelsvermoë en selfs sy godgegewe gesag was verhewe bo dié van enige iemand op aarde; tog het hy geweier om by hierdie saak betrokke te raak, aangesien hy nie die spesifieke gesag gegee is om dit te doen nie. Jesus was nog altyd beskeie in hierdie opsig, selfs gedurende die millenniums van sy voormenslike bestaan (Judas 9). Dit spreek boekdele vir Jesus dat hy nederig op Jehovah vertrou om te bepaal wat regverdig is.

16 Tweedens, Jesus het geregtigheid geopenbaar in die manier waarop hy die goeie nuus van God se Koninkryk verkondig het. Hy het geen vooroordeel getoon nie. Hy het eerder ywerig probeer om alle soorte mense te bereik, hetsy ryk of arm. Die Fariseërs daarenteen het die arm, gewone mense verstoot en hulle minagtend *‛am-ha·’a′rets,* of “mense van die land”, genoem. Jesus het daardie onreg moedig reggestel. Wanneer hy mense die goeie nuus geleer het – of wanneer hy saam met mense geëet, hulle gevoed, genees of selfs opge-

---

14, 15. Hoe het Jesus getoon dat hy die perke van sy eie gesag erken, en waarom is dit gerusstellend?

16, 17. (a) Hoe het Jesus geregtigheid geopenbaar in sy verkondiging van die goeie nuus van God se Koninkryk? (b) Hoe het Jesus getoon dat sy sin vir geregtigheid genadig was?

wek het – het hy die geregtigheid gehandhaaf van die God wat "alle soorte mense" wil bereik.* – 1 Timoteus 2:4.

17 Derdens, Jesus se sin vir geregtigheid was uiters genadig. Hy het uit sy pad gegaan om sondaars te help (Matteus 9:11-13). Hy het mense wat hulleself nie kon beskerm nie, geredelik te hulp gekom. Jesus het byvoorbeeld nie soos die godsdiensleiers wantroue teen alle nie-Jode bevorder nie. Hy het party van hierdie mense uit genade gehelp en geleer, hoewel hy hoofsaaklik na die Joodse volk gestuur is. Hy het ingestem om 'n wonderdadige genesing vir 'n Romeinse leëroffisier te verrig en gesê: "Ek het niemand in Israel gevind wat sulke groot geloof het nie." – Matteus 8:5-13.

18 Jesus het ook nie die heersende beskouings omtrent vroue ondersteun nie. Hy het eerder moedig gedoen wat regverdig was. Samaritaanse vroue is as net so onrein as nie-Jode beskou. Tog het Jesus nie gehuiwer om vir die Samaritaanse vrou by die put van Sigar te getuig nie. Trouens, dit was aan hierdie vrou dat Jesus hom vir die eerste keer openlik as die beloofde Messias geïdentifiseer het (Johannes 4:6, 25, 26). Die Fariseërs het gesê dat vroue nie God se Wet geleer moet word nie, maar Jesus het baie tyd en energie daaraan bestee om vroue te onderrig (Lukas 10:38-42). En terwyl vroue volgens tradisie nie vertrou kon word om betroubare getuienis te lewer nie, het Jesus etlike vroue die voorreg gegee om die eerstes te wees om hom ná sy opstanding te sien. Hy het hulle selfs aangesê om sy manlike dissipels van hierdie allerbelangrikste gebeurtenis te gaan vertel! – Matteus 28:1-10.

---

* Die Fariseërs was van mening dat die eenvoudige mense, wat nie met die Wet vertroud was nie, 'vervloek' was (Johannes 7:49). Hulle het gesê dat 'n mens nie hierdie mense moet leer of met hulle sake moet doen of saam met hulle moet eet of bid nie. Dit sou erger wees om jou dogter met een van hulle te laat trou as om haar aan wilde diere bloot te stel. Hulle het gereken dat die opstandingshoop nie op hierdie eenvoudiges van toepassing was nie.

---

18, 19. (a) Op watter maniere het Jesus die waardigheid van vroue bevorder? (b) Hoe help Jesus se voorbeeld ons om die verband tussen moed en geregtigheid te sien?

19 Ja, Jesus het aan die nasies duidelik gemaak wat geregtigheid is. In baie gevalle het hy dit gedoen ondanks groot gevaar vir homself. Jesus se voorbeeld help ons om te sien dat dit moed verg om ware geregtigheid te handhaaf. Hy is gepas "die Leeu uit die stam van Juda" genoem (Openbaring 5:5). Onthou dat die leeu 'n simbool van moedige geregtigheid is. Maar in die nabye toekoms sal Jesus selfs groter geregtigheid tot stand bring. Hy sal in die volste sin van die woord "geregtigheid op die aarde" vestig. – Jesaja 42:4.

## Die Messiaanse Koning 'vestig geregtigheid op die aarde'

20 Sedert Jesus in 1914 die Messiaanse Koning geword het, het hy geregtigheid op die aarde bevorder. Hoe? Hy het die vervulling van sy profesie in Matteus 24:14 ondersteun. Jesus se volgelinge op aarde het mense van alle lande die waarheid oor Jehovah se Koninkryk geleer. Soos Jesus het hulle die predikingswerk op 'n onpartydige en regverdige manier gedoen en probeer om almal – oud of jonk, ryk of arm, man of vrou – 'n geleentheid te bied om Jehovah, die God van geregtigheid, te leer ken.

21 Jesus bevorder ook geregtigheid in die Christengemeente, waarvan hy die Hoof is. Soos voorspel is, voorsien hy "gawes in die vorm van mense", getroue Christenouermanne wat die leiding in die gemeente neem (Efesiërs 4:8-12). Terwyl hierdie manne as herders toesig hou oor die kosbare kudde van God, volg hulle die voorbeeld van Jesus Christus deur geregtigheid te bevorder. Hulle hou altyd in gedagte dat Jesus wil hê sy skape moet regverdig behandel word – ongeag hulle stand in die lewe, aansien of materiële omstandighede.

22 Maar in die nabye toekoms sal Jesus geregtigheid op 'n ongeëwenaarde wyse op die aarde vestig. Ongeregtigheid vier

---

20, 21. Hoe het die Messiaanse Koning in ons tyd geregtigheid oor die hele aarde en in die Christengemeente bevorder?
22. Hoe voel Jehovah oor die onregte wat in vandag se wêreld hoogty vier, en wat het hy sy Seun aangestel om daaromtrent te doen?

## Vrae om oor te peins

**Psalm 45:1-7** Waarom kan ons vol vertroue wees dat die Messiaanse Koning volmaakte geregtigheid sal bevorder?

**Matteus 12:19-21** Wat is voorspel oor die manier waarop die Messias die eenvoudiges sou behandel?

**Matteus 18:21-35** Hoe het Jesus mense geleer dat ware geregtigheid genadig is?

**Markus 5:25-34** Hoe het Jesus getoon dat Goddelike geregtigheid ’n persoon se omstandighede in ag neem?

hoogty in hierdie verdorwe wêreld. Elke kind wat van honger sterf, is ’n slagoffer van ’n onvergeeflike onreg, veral as ons dink aan al die geld en tyd wat aan die vervaardiging van oorlogswapens en die bevrediging van die selfsugtige giere van plesiersoekers bestee word. Die miljoene onnodige sterftes elke jaar is maar net een van baie vorme van ongeregtigheid, wat almal Jehovah se regverdige woede wek. Hy het sy Seun aangestel om ’n regverdige oorlog teen hierdie hele goddelose stelsel van dinge te voer om vir altyd ’n einde aan alle ongeregtigheid te maak. – Openbaring 16:14, 16; 19:11-15.

23 Maar Jehovah se geregtigheid vereis meer as net die vernietiging van die goddeloses. Hy het ook sy Seun aangestel om as die “Prins van Vrede” te heers. Ná die oorlog van Armageddon sal Jesus se heerskappy vrede oor die hele aarde tot stand bring, en hy sal “deur middel van geregtigheid” heers (Jesaja 9:6, 7). Jesus sal dan behae daarin skep om al die onregte wat soveel ellende en lyding in die wêreld veroorsaak het, ongedaan te maak. Tot in alle ewigheid sal hy Jehovah se volmaakte geregtigheid getrou handhaaf. Dit is derhalwe noodsaaklik dat ons nou Jehovah se geregtigheid probeer navolg. Kom ons kyk hoe ons dit kan doen.

---

23. Hoe sal Christus ná Armageddon geregtigheid tot in alle ewigheid bevorder?

# 'Beoefen geregtigheid' terwyl jy met God wandel

STEL jou voor dat jy op 'n sinkende skip vasgekeer is. Net wanneer jy dink dat daar geen hoop is nie, daag iemand op wat jou red en na veiligheid bring. Hoe verlig voel jy tog wanneer jou redder jou van die gevaar af wegneem en sê: "Jy is nou veilig"! Sou jy nie voel dat jy aan dié persoon dank verskuldig is nie? Jy sal letterlik jou lewe aan hom te danke hê.

2 Dit lig in sekere opsigte toe wat Jehovah vir ons gedoen het. Ons is beslis aan hom dank verskuldig. Hy het immers die losprys voorsien wat dit vir ons moontlik maak om uit die greep van sonde en die dood verlos te word. Ons voel veilig in die wete dat ons sondes vergewe word en ons ewige toekoms veilig is solank ons geloof in daardie kosbare offerande beoefen (1 Johannes 1:7; 4:9). Soos ons in Hoofstuk 14 gesien het, is die losprys die grootste blyk van Jehovah se liefde en geregtigheid. Hoe moet ons daarop reageer?

3 Dit is gepas om te kyk na wat ons liefdevolle Redder self van ons terugvra. Jehovah sê deur middel van die profeet Miga: "Hy het jou vertel, o mens, wat goed is. En wat verwag Jehovah van jou? Net dat jy geregtigheid moet beoefen, lojaliteit moet liefhê en beskeie moet wandel met jou God!" (Miga 6:8). Let op dat een van die dinge wat Jehovah van ons terugvra, is dat ons 'geregtigheid beoefen'. Hoe kan ons dit doen?

## Streef "ware regverdigheid" na

4 Jehovah verwag van ons om te lewe volgens sy standaarde van wat reg en verkeerd is. Aangesien sy standaarde regverdig

---

1-3. (a) Waarom is ons aan Jehovah dank verskuldig? (b) Wat vra ons liefdevolle Redder van ons terug?
4. Hoe weet ons dat Jehovah van ons verwag om in ooreenstemming met sy regverdige standaarde te lewe?

is, streef ons geregtigheid en regverdigheid na wanneer ons in ooreenstemming daarmee lewe. “Leer om goed te doen, beoefen geregtigheid”, sê Jesaja 1:17. God se Woord spoor ons aan om ‘regverdigheid te soek’ (Sefanja 2:3). Dit moedig ons ook aan om die ‘nuwe persoonlikheid aan te trek, wat in ooreenstemming met God se wil in ware regverdigheid geskep is’ (Efesiërs 4:24). Ware regverdigheid – ware geregtigheid – sluit geweld, onreinheid en onsedelikheid uit, want hierdie dinge skend wat heilig is. – Psalm 11:5; Efesiërs 5:3-5.

5 Is dit vir ons ’n las om volgens Jehovah se regverdige standaarde te lewe? Nee. ’n Hart wat tot Jehovah aangetrokke voel, vind nie sy vereistes moeisaam nie. Omdat ons ons God liefhet, asook alles wat hy verteenwoordig, wil ons lewe op ’n wyse wat hom behaag (1 Johannes 5:3). Onthou dat Jehovah ‘lief is vir regverdige dade’ (Psalm 11:7). As ons werklik Goddelike geregtigheid, of regverdigheid, wil navolg, moet ons leer om lief te hê wat Jehovah liefhet en te haat wat hy haat. – Psalm 97:10.

6 Dit is nie vir onvolmaakte mense maklik om regverdigheid na te streef nie. Ons moet die ou persoonlikheid met sy sondige gebruike uittrek en die nuwe persoonlikheid aantrek. Die Bybel sê dat die nuwe persoonlikheid deur akkurate kennis “nuut gemaak word” (Kolossense 3:9, 10). Die woorde “nuut gemaak word” gee te kenne dat dit ’n voortdurende proses is om die nuwe persoonlikheid aan te trek, ’n proses wat groot inspanning verg. Hoe hard ons ook al probeer om te doen wat reg is, daar is tye wanneer ons sondige natuur ons in denke, woord of daad laat struikel. – Romeine 7:14-20; Jakobus 3:2.

7 Hoe moet ons dit beskou as ons ’n terugslag kry terwyl ons regverdigheid nastreef? Ons wil natuurlik nie die erns van sonde verklein nie. Terselfdertyd moet ons nooit tou opgooi

---

5, 6. (a) Waarom is dit nie vir ons ’n las om volgens Jehovah se standaarde te lewe nie? (b) Hoe toon die Bybel dat dit ’n voortdurende proses is om regverdigheid na te streef?
7. Hoe moet ons dit beskou as ons ’n terugslag kry terwyl ons regverdigheid nastreef?

en voel dat ons tekortkominge ons ongeskik maak om Jehovah te dien nie. Ons genadige God het voorsiening gemaak om diegene wat opreg berouvol is, in sy guns te herstel. Kyk na die gerusstellende woorde van die apostel Johannes: "Ek skryf hierdie dinge aan julle sodat julle nie 'n sonde pleeg nie." Maar hy was realisties en het bygevoeg: "Maar as iemand wel 'n sonde pleeg [weens oorgeërfde onvolmaaktheid], het ons 'n helper by die Vader, naamlik Jesus Christus" (1 Johannes 2:1). Ja, Jehovah het Jesus se losprysoffer voorsien sodat ons Hom ondanks ons sondige natuur op aanneemlike wyse kan dien. Wek dit nie by ons die begeerte om ons bes te doen om Jehovah te behaag nie?

## Die goeie nuus en Goddelike geregtigheid

8 Ons kan geregtigheid beoefen – ja, Goddelike geregtigheid navolg – deur 'n volle aandeel daaraan te hê om die goeie nuus van God se Koninkryk aan ander te verkondig. Watter verband is daar tussen Jehovah se geregtigheid en die goeie nuus?

9 Jehovah sal nie hierdie goddelose stelsel tot 'n einde bring voordat hy eers die waarskuwing laat hoor het nie. In sy profesie oor wat gedurende die tyd van die einde sal plaasvind, het Jesus gesê: "Die goeie nuus moet . . . eers aan mense van al die nasies verkondig word" (Markus 13:10; Matteus 24:3). Die gebruik van die woord "eers" dui daarop dat ander gebeure op die wêreldwye predikingswerk sal volg. Daardie gebeure sluit die voorspelde groot verdrukking in, wat vernietiging vir die goddeloses sal beteken en die weg vir 'n regverdige nuwe wêreld sal baan (Matteus 24:14, 21, 22). Waarlik, niemand kan Jehovah tereg daarvan beskuldig dat hy onregverdig teenoor die goddeloses is nie. Deur die waarskuwing te laat hoor, gee hy sulke mense oorgenoeg geleentheid om hulle weë te verander en dus vernietiging te vermy. – Jona 3:1-10.

---

8, 9. Hoe is die verkondiging van die goeie nuus 'n bewys van Jehovah se geregtigheid?

10 Hoe weerspieël ons verkondiging van die goeie nuus Goddelike geregtigheid? Eerstens, dit is net reg dat ons ons bes doen om ander te help om redding te verkry. Dink weer aan die illustrasie oor hoe jy van ’n sinkende skip gered word. Wanneer jy veilig in ’n reddingsboot is, sal jy sekerlik ander wat nog in die water is, wil help. Net so het ons ’n verpligting teenoor diegene wat nog in die “waters” van hierdie goddelose wêreld spartel. Baie verwerp weliswaar ons boodskap. Maar solank Jehovah geduldig bly, is dit ons verantwoordelikheid om hulle die geleentheid te gee om ‘berou te toon’ en sodoende vir redding in aanmerking te kom. – 2 Petrus 3:9.

11 Deur die goeie nuus te verkondig aan almal wat ons teëkom, openbaar ons geregtigheid op nog ’n belangrike manier: Ons toon onpartydigheid. Onthou dat “God nie partydig is nie. In elke nasie is die mens wat hom vrees en doen wat reg is, vir hom aanvaarbaar” (Handelinge 10:34, 35). As ons Sy geregtigheid wil navolg, moet ons mense nie vooraf oordeel nie. Ons moet eerder die goeie nuus aan ander bekend maak, ongeag hulle ras, sosiale status of finansiële posisie. So gee ons almal wat wil luister, die geleentheid om die goeie nuus te hoor en daarop ag te slaan. – Romeine 10:11-13.

## Hoe ons ander behandel

12 Ons kan ook geregtigheid beoefen deur ander te behandel soos Jehovah ons behandel. Dit is so maklik om ander te oordeel deur hulle foute te kritiseer en hulle beweegredes te bevraagteken. Maar wie van ons wil hê dat Jehovah ons beweegredes en tekortkominge op so ’n genadelose wyse onder ’n vergrootglas moet sit? Dit is nie hoe Jehovah ons behandel nie. Die psalmis het gesê: “As u boekgehou het van oortredings, o Jah, wie sou dan kon bly staan, o Jehovah?” (Psalm

10, 11. Hoe weerspieël ons verkondiging van die goeie nuus Goddelike geregtigheid?
12, 13. (a) Waarom moet ons nie gou wees om ander te oordeel nie? (b) Wat beteken Jesus se raad om ‘op te hou om te oordeel’ en ‘op te hou om te veroordeel’? (Sien ook voetnoot.)

130:3). Is ons nie dankbaar dat ons regverdige en genadige God nie gedurig aan ons foute dink nie? (Psalm 103:8-10). Hoe moet ons ander dan behandel?

13 As ons die genade in God se geregtigheid verstaan, sal ons nie gou wees om ander te oordeel oor dinge wat ons regtig nie aangaan of wat van minder belang is nie. In sy Bergpredikasie het Jesus gewaarsku: "Hou op om te oordeel, sodat julle nie geoordeel word nie" (Matteus 7:1). Volgens Lukas se verslag het Jesus bygevoeg: "Hou op om te veroordeel, en julle sal beslis nie veroordeel word nie" (Lukas 6:37).* Jesus het getoon dat hy bewus was van onvolmaakte mense se neiging om ander te oordeel. As enige van sy toehoorders in die gewoonte was om ander kras te oordeel, moes hulle ophou om dit te doen.

14 Waarom moet ons 'ophou om te oordeel'? Om maar een ding te noem, ons gesag is beperk. Die dissipel Jakobus herinner ons hieraan: "Daar is net een wat Wetgewer en Regter is" – Jehovah. Daarom vra Jakobus reguit: "Wie is jy om jou naaste te oordeel?" (Jakobus 4:12; Romeine 14:1-4). Daarbenewens kan ons sondige natuur so maklik veroorsaak dat ons oordeel onredelik is. Baie gesindhede en beweegredes – onder meer vooroordeel, gekrenkte trots, jaloesie en selfvoldaanheid – kan ons beskouing van ons medemens verwring. Ons het ook nog ander beperkings, en as ons daaraan dink, behoort dit ons daarvan te weerhou om gou met ander fout te vind. Ons kan nie harte lees nie; en ook ken ons nie al die persoonlike omstandighede van ander nie. Wie is ons dan om verkeerde beweegredes aan medegelowiges toe te skryf of om hulle pogings in God se diens te kritiseer? Hoeveel beter is dit tog om

* Party vertalings sê "moenie oordeel nie" en "moenie veroordeel nie". Sulke weergawes impliseer "moenie begin oordeel nie" en "moenie begin veroordeel nie". Maar die Bybelskrywers gebruik hier negatiewe bevele in die teenswoordige tyd met werkwoorde wat voortdurende handeling aandui. Die betrokke handelinge het dus reeds op dié tydstip plaasgevind, maar moes ophou.

14. Om watter redes moet ons 'ophou om te oordeel'?



***Ons openbaar Goddelike geregtigheid wanneer ons die goeie nuus onpartydig aan ander bekend maak***

Jehovah na te volg en eerder na die goeie in ons broers en susters te soek as om op hulle tekortkominge te konsentreer!

15 Wat van ons gesinslede? In vandag se wêreld word mense ongelukkig die krasste geoordeel in wat 'n oord van vrede behoort te wees – hulle eie huis. Dit is niks ongewoons om te hoor van mans, vrouens of ouers wat hulle gesinslede as 't ware "vonnis" tot voortdurende uitskellery of fisiese mishandeling nie. Maar venynige woorde, bytende sarkasme en mishandeling hoort geensins onder God se aanbidders nie (Efesiërs 4:29, 31; 5:33; 6:4). Jesus se raad om 'op te hou om te oordeel' en 'op te hou om te veroordeel', is net soveel van toepassing wanneer ons by die huis is. Onthou dat die beoefening van geregtigheid beteken dat ons ander behandel soos Jehovah ons behandel. En ons God is nooit ongevoelig of wreed

---

15. Watter woorde en behandeling hoort geensins onder God se aanbidders nie, en waarom nie?

in sy handelinge met ons nie. Hy is eerder "baie liefdevol en genadig" teenoor diegene wat hom liefhet (Jakobus 5:11). Wat 'n wonderlike voorbeeld is dit tog vir ons om na te volg!

## Ouermanne wat "in geregtigheid" dien

16 Ons almal het 'n verantwoordelikheid om geregtigheid te beoefen, maar veral ouermanne in die Christengemeente het 'n verantwoordelikheid in hierdie opsig. Let op die profetiese beskrywing van "prinse", of ouermanne, wat deur Jesaja opgeteken is: "Kyk! 'n Koning sal in regverdigheid regeer, en prinse sal in geregtigheid heers" (Jesaja 32:1). Ja, Jehovah verwag van ouermanne om geregtigheid te bevorder. Hoe kan hulle dit doen?

17 Hierdie geestelik bekwame manne weet goed dat geregtigheid, of regverdigheid, vereis dat die gemeente rein gehou word. Ouermanne is soms verplig om in gevalle van ernstige oortreding as regters op te tree. Wanneer hulle dit doen, hou hulle in gedagte dat Goddelike geregtigheid daarna streef om, wanneer moontlik, genade te betoon. Hulle probeer dus om die sondaar tot berou te lei. Maar gestel die sondaar toon nie opregte berou nie, ondanks hierdie pogings om hom te help? In volmaakte geregtigheid, sê Jehovah se Woord moet 'n ferm stap gedoen word: "Verwyder die goddelose mens onder julle uit." Dit beteken dat hy uit die gemeente gesit moet word (1 Korintiërs 5:11-13; 2 Johannes 9-11). Dit bedroef die ouermanne om so 'n stap te doen, maar hulle besef dat dit nodig is sodat die sedelike en geestelike reinheid van die gemeente bewaar kan word. Selfs dan hoop hulle dat die sondaar eendag tot besinning sal kom en na die gemeente sal terugkeer. – Lukas 15:17, 18.

18 Om geregtigheid te bevorder, beteken ook dat Bybelse

---

16, 17. (a) Wat verwag Jehovah van ouermanne? (b) Wat moet gedoen word wanneer 'n sondaar nie opregte berou toon nie, en waarom?

18. Wat hou ouermanne in gedagte wanneer hulle Bybelse raad aan ander gee?

raad gegee word wanneer dit nodig is. Ouermanne *soek* natuurlik nie foute in ander nie. Hulle gryp ook nie elke geleentheid aan om ander tereg te wys nie. Maar 'n medegelowige begin dalk "'n verkeerde rigting inslaan voordat hy daarvan bewus is". As ouermanne in gedagte hou dat Goddelike geregtigheid nie wreed of ongevoelig is nie, sal dit hulle beweeg om "so iemand op 'n sagmoedige manier [te] probeer reghelp" (Galasiërs 6:1). Gevolglik sal ouermanne nie 'n oortreder uitskel of harde woorde gebruik nie. Raad wat op 'n liefdevolle wyse gegee word, is 'n aansporing vir die een wat dit ontvang. Selfs wanneer hulle pertinente raad gee – deur duidelik te beskryf wat die gevolge van 'n onverstandige weg is – hou ouermanne in gedagte dat 'n medegelowige wat oortree het, 'n skaap in Jehovah se kudde is (Lukas 15:7).* As dit duidelik is dat liefde die beweegrede vir die raad of teregwysing is en dat dit in liefde gegee word, is die kanse groter dat dit die oortreder sal reghelp.

19 Ouermanne moet dikwels besluite neem wat hulle medegelowiges raak. Ouermanne vergader byvoorbeeld van tyd tot tyd om te kyk of ander broers in die gemeente aan die vereistes voldoen om as ouermanne of bedieningsknegte aanbeveel te word. Die ouermanne weet hoe belangrik dit is om onpartydig te wees. Wanneer hulle besluite neem, laat hulle hulle deur God se vereistes vir sulke aanstellings lei en verlaat hulle hulle nie bloot op persoonlike gevoelens nie. Sodoende tree hulle op "sonder om bevooroordeeld of partydig te wees". – 1 Timoteus 5:21.

---

* Die Bybel sê in 2 Timoteus 4:2 dat ouermanne soms moet 'teregwys, streng raad gee, aanmoedig'. Die Griekse woord wat hier as "aanmoedig" vertaal word, is *pa·ra·ka·le'o*. 'n Verwante Griekse woord, *pa·ra'kle·tos,* kan na 'n verdediger in 'n regsaak verwys. Dus moet ouermanne, selfs wanneer hulle ferm teregwysing gee, helpers wees van dié wat geestelike hulp nodig het.

---

19. Watter besluite moet ouermanne neem, en waarop moet hulle hierdie besluite baseer?



***Ouermanne weerspieël Jehovah se geregtigheid wanneer hulle terneergedruktes bemoedig***

[20] Ouermanne oefen ook op ander maniere Goddelike geregtigheid uit. Nadat Jesaja voorspel het dat ouermanne "in geregtigheid" sou dien, het hy verder gesê: "Elkeen sal soos 'n skuilplek teen die wind en 'n skuiling teen die reënstorm wees, soos waterstrome in 'n waterlose land, soos die skaduwee van 'n groot rots in 'n dorre land" (Jesaja 32:1, 2). Ouermanne probeer dus om 'n bron van vertroosting en verkwikking vir hulle medeaanbidders te wees.

[21] Talle het vandag aanmoediging nodig weens al die probleme wat mense dikwels moedeloos maak. Ouermanne, hoe kan julle "dié wat terneergedruk is", help? (1 Tessalonisense 5:14). Luister na hulle met empatie (Jakobus 1:19). Hulle het dalk 'n behoefte daaraan om die angstigheid in hulle hart te bespreek met iemand in wie hulle vertroue het

---

20, 21. (a) Wat probeer ouermanne wees, en waarom? (b) Hoe kan ouermanne "dié wat terneergedruk is", help?

## Vrae om oor te peins

**Deuteronomium 1:16, 17** Wat het Jehovah van die regters in Israel vereis, en wat kan ouermanne hieruit leer?

**Jeremia 22:13-17** Teen watter onregverdige gebruike waarsku Jehovah, en wat is noodsaaklik as ons sy geregtigheid wil navolg?

**Matteus 7:2-5** Waarom moet ons nie gou na die foute van ons medegelowiges soek nie?

**Jakobus 2:1-9** Hoe beskou Jehovah voortrekkery, en hoe kan ons hierdie raad in ons handelinge met ander toepas?

(Spreuke 12:25). Verseker hulle dat hulle belangrik, kosbaar en geliefd is – ja, vir Jehovah en ook vir hulle broers en susters (1 Petrus 1:22; 5:6, 7). Verder kan julle saam met en vir sulke persone bid. Dit kan vir hulle baie vertroostend wees om ’n ouerman ’n opregte gebed ten behoewe van hulle te hoor doen (Jakobus 5:14, 15). Julle liefdevolle pogings om terneergedruktes te help, sal nie ongemerk by die God van geregtigheid verbygaan nie.

22 Ja, ons kom al hoe nader aan Jehovah as ons sy geregtigheid navolg! Wanneer ons sy regverdige standaarde handhaaf, wanneer ons die lewegewende goeie nuus aan ander bekend maak en wanneer ons besluit om eerder op die goeie in ander te konsentreer as om hulle foute te soek, openbaar ons Goddelike geregtigheid. Ouermanne, wanneer julle die reinheid van die gemeente bewaar, wanneer julle opbouende skriftuurlike raad gee, wanneer julle onpartydige besluite neem en wanneer julle terneergedruktes bemoedig, weerspieël julle Goddelike geregtigheid. Hoe bly moet dit Jehovah se hart tog maak wanneer hy vanuit die hemele afkyk en sien hoe sy knegte hulle bes doen om ‘geregtigheid te beoefen’ terwyl hulle met hulle God wandel!

---

22. In watter opsigte kan ons Jehovah se geregtigheid navolg, en met watter gevolg?

DEEL 3

# "WYS VAN HART"

*Ware wysheid is een van die kosbaarste skatte waarna jy kan soek. Jehovah alleen is die Bron daarvan. In hierdie deel sal ons die onbeperkte wysheid van Jehovah God ondersoek, die een van wie die getroue man Job gesê het: "Hy is wys van hart."*
*– Job 9:4, vtn.*

# "Hoe diep is God se . . . wysheid . . . tog!"

VERDORWE! Die mensdom, die skitterende bekroning van die sesde skeppingsdag, het skielik van 'n uiters verhewe tot 'n baie lae toestand geval. Jehovah het gesê dat 'alles wat hy gemaak het', met inbegrip van die mens, 'baie goed was' (Genesis 1:31). Maar aan die begin van die sewende dag het Adam en Eva besluit om Satan se opstandige voorbeeld te volg. Dit het hulle in sonde, onvolmaaktheid en die dood gedompel.

2 Dit het dalk gelyk of Jehovah se voorneme vir die sewende dag heeltemal verydel is. Daardie dag, soos die ses wat dit voorafgegaan het, sou duisende jare lank wees. Jehovah het dit heilig verklaar, en die hele aarde sou uiteindelik gedurende dié dag 'n paradys word wat gevul sou wees met volmaakte mense (Genesis 1:28; 2:3). Maar hoe sou so iets ooit ná die rampspoedige opstand kon gebeur? Wat sou God doen? Dit was 'n dramatiese toets van Jehovah se wysheid – moontlik die grootste toets.

3 Jehovah het onmiddellik opgetree. Hy het 'n vonnis oor die opstandelinge in Eden uitgespreek, en terselfdertyd het hy 'n voorskou van iets wonderliks gegee: sy voorneme om die euwels reg te stel wat hulle so pas ingebring het (Genesis 3:15). Jehovah se versiende voorneme strek van Eden af deur al die duisende jare van die mensegeskiedenis en verder, tot ver in die toekoms. Dit is besonder een-

1, 2. Wat was Jehovah se voorneme vir die sewende dag, en hoe is Goddelike wysheid aan die begin van hierdie dag getoets?

3, 4. (a) Waarom is Jehovah se reaksie op die opstand in Eden 'n ontsagwekkende voorbeeld van sy wysheid? (b) Watter waarheid moet nederigheid ons in gedagte laat hou terwyl ons Jehovah se wysheid bestudeer?

voudig en tog so omvattend dat 'n Bybelleser 'n lonende leeftyd daaraan kan bestee om dit te bestudeer en daaroor te peins. Daarbenewens sal Jehovah se voorneme beslis verwesenlik word. Dit sal 'n einde maak aan alle goddeloosheid, sonde en die dood. Dit sal die getroue mensdom tot volmaaktheid bring. Dit alles sal gebeur *voordat* die sewende dag eindig, sodat Jehovah, ondanks alles, sy voorneme met die aarde en die mensdom op tyd sal verwesenlik!

4 Sulke wysheid vervul 'n mens met ontsag, nie waar nie? Die apostel Paulus is beweeg om te skryf: "Hoe diep is God se . . . wysheid . . . tog!" (Romeine 11:33). Terwyl ons die verskillende aspekte van hierdie Goddelike eienskap bestudeer, moet nederigheid ons 'n lewensbelangrike waarheid in gedagte laat hou – dat ons hoogstens 'n fraksie van Jehovah se ontsaglike wysheid kan verstaan (Job 26:14). Laat ons eerstens hierdie ontsagwekkende eienskap omskryf.

## Wat is Goddelike wysheid?

5 Wysheid is nie dieselfde as kennis nie. 'n Geweldige hoeveelheid kennis kan in 'n rekenaar bewaar word, maar 'n mens kan jou nie voorstel dat enige iemand so 'n masjien wys sal noem nie. Daar is nietemin 'n verband tussen kennis en wysheid (Spreuke 10:14). Sou jy byvoorbeeld iemand met min of geen kennis van geneeskunde raadpleeg as jy wyse raad nodig het oor hoe om 'n ernstige gesondheidsprobleem te behandel? Beslis nie! Juiste kennis is dus noodsaaklik vir ware wysheid.

6 Jehovah het 'n onuitputlike skat van kennis. As die "Koning van die ewigheid" is hy die enigste een wat al vir ewig bestaan (Openbaring 15:3). En gedurende daardie tallose eeue was hy bewus van alles. Die Bybel sê: "Daar is nie 'n

5, 6. Watter verband is daar tussen kennis en wysheid, en hoe omvangryk is Jehovah se kennis?

skepping wat God nie kan sien nie, maar alles is oop en bloot voor die oë van die Een aan wie ons 'n antwoord moet gee" (Hebreërs 4:13; Spreuke 15:3). As die Skepper verstaan Jehovah alles wat hy gemaak het ten volle, en hy het alle menslike bedrywighede van die begin af waargeneem. Hy ondersoek elke mensehart en sien alles raak (1 Kronieke 28:9). Aangesien hy ons met wilsvryheid geskep het, is hy bly wanneer hy sien dat ons wyse keuses in die lewe maak. As die "Hoorder van gebed" luister hy tegelykertyd na tallose gebede! (Psalm 65:2). En dit is onnodig om te sê dat Jehovah 'n volmaakte geheue het.

7 Jehovah besit nie net kennis nie. Hy sien ook hoe feite met mekaar verband hou en kan die geheelbeeld sien wat deur 'n menigte besonderhede gevorm word. Hy beoordeel sake en kom tot 'n beslissing, terwyl hy onderskei tussen goed en kwaad, belangrik en onbelangrik. Daarbenewens kyk hy verder as die oppervlak en ondersoek hy die hart (1 Samuel 16:7). Jehovah het dus begrip en onderskeidingsvermoë, eienskappe wat kennis oortref. Maar wysheid is nog uitnemender.

8 Wysheid bring kennis, onderskeidingsvermoë en begrip bymekaar en pas dit toe. Trouens, party van die oorspronklike Bybelwoorde wat met "wysheid" vertaal word, beteken letterlik "doeltreffende werke" of "praktiese wysheid". Jehovah se wysheid is dus nie bloot teoreties nie. Dit is prakties en dit werk. As gevolg van sy ontsaglike kennis en sy omvattende begrip maak Jehovah altyd die beste besluite moontlik en voer hy hulle op die beste manier denkbaar uit. Dit is ware wysheid! Jehovah bewys hoe waar Jesus se woorde is: "Wysheid word reg bewys deur sy resultate" (Matteus 11:19). Jehovah se werke deur die ganse heelal lewer kragtige bewys van sy wysheid.

---

7, 8. Hoe openbaar Jehovah begrip, onderskeidingsvermoë en wysheid?

## Bewyse van Goddelike wysheid

[9] Het jy jou al ooit verwonder oor die vernuf van 'n vakman wat mooi dinge maak wat goed werk? Dit is 'n indrukwekkende soort wysheid (Eksodus 31:1-3). Jehovah is die Bron en die grootste Besitter van sulke wysheid. Koning Dawid het van Jehovah gesê: "Ek prys u omdat ek op 'n ontsagwekkende manier wonderlik gemaak is. U werke is wonderlik. Ek weet dit alte goed" (Psalm 139:14). Ja, hoe meer ons van die menseliggaam leer, hoe groter word ons ontsag vir Jehovah se wysheid.

[10] Ter toeligting: Jy het as een sel begin – 'n eiersel van jou ma wat deur 'n saadsel van jou pa bevrug is. Daardie sel het gou begin verdeel. Jy, die eindproduk, bestaan uit sowat 100 biljoen selle. Hulle is baie klein. Omtrent 10 000 selle van gemiddelde grootte sal op 'n speldekop pas. Tog is elkeen van hulle verstommend kompleks. Die sel is baie ingewikkelder as enige mensgemaakte masjien of fabriek. Wetenskaplikes sê dat 'n sel soos 'n ommuurde stad is – een met beheerde ingange en uitgange, 'n vervoerstelsel, 'n kommunikasienetwerk, kragsentrales, fabrieke, afvalverwerkings- en herwinningsaanlegte, verdedigingsmeganismes en selfs 'n soort sentrale regering in die selkern. Daarbenewens kan die sel in net 'n paar uur 'n presiese replika van homself maak!

[11] Nie alle selle is natuurlik dieselfde nie. Namate die selle van 'n embrio aanhou verdeel, neem hulle heel uiteenlopende funksies aan. Party sal senuselle wees; ander been-, spier-, bloed- of oogselle. Al hierdie verskille is in die sel se "biblioteek" van genetiese bloudrukke, die DNS, geprogrammeer. Dit is interessant dat Dawid geïnspireer is

---

9, 10. (a) Watter soort wysheid besit Jehovah, en hoe het hy dit geopenbaar? (b) Hoe lewer die sel bewys van Jehovah se wysheid?
11, 12. (a) Wat laat die selle in 'n ontwikkelende embrio van mekaar verskil, en hoe strook dit met Psalm 139:16? (b) In watter opsigte toon die mensebrein dat ons "wonderlik gemaak is"?

om vir Jehovah te sê: "U oë het my selfs as 'n embrio gesien. In u boek is al die dele daarvan neergeskryf." – Psalm 139:16.

[12] Party liggaamsdele is buitengewoon kompleks. Kyk byvoorbeeld na die mensebrein. Party het dit al die mees komplekse voorwerp genoem wat nog in die heelal ontdek is. Dit bevat sowat 100 miljard senuselle – miskien soveel as die getal sterre in ons sterrestelsel. Elkeen van hierdie selle vertak en vorm duisende verbindings met ander selle. Wetenskaplikes sê dat 'n mensebrein al die inligting in al die wêreld se biblioteke kan bevat en dat sy geheuevermoë moontlik onmeetlik is. Al word hierdie orgaan wat so "wonderlik gemaak is", reeds dekades lank bestudeer, erken wetenskaplikes dat hulle dalk nooit ten volle sal kan verstaan hoe dit werk nie.

[13] Die mens is egter net een voorbeeld van Jehovah se skeppingswysheid. Psalm 104:24 sê: "Hoe baie is u werke, o Jehovah! U het hulle almal met wysheid gemaak. Die aarde is vol van wat u gemaak het." Jehovah se wysheid kan gesien word in al die skeppingswerke om ons. Die mier is byvoorbeeld "instinktief wys" (Spreuke 30:24). Ja, mierkolonies is wonderlik georganiseerd. Party mierkolonies versorg, beskerm en verkry voedsel van insekte wat plantluise genoem word, asof hulle vee is. Ander miere tree op as boere wat swamme as "gewasse" kweek. Baie ander diere is geprogrammeer om merkwaardige dinge deur instink te doen. 'n Huisvlieg voer akrobatiese toertjies uit wat die mens se gevorderdste vliegtuig nie kan nadoen nie. Trekvoëls bepaal hulle koers volgens die sterre, volgens die oriëntasie van die aarde se magnetiese veld of volgens die een of ander soort innerlike kaart. Bioloë bestee jare daaraan om die ingewikkelde gedragspatrone te bestudeer wat

---

13, 14. (a) Hoe toon miere en ander diere dat hulle "instinktief wys" is, en wat leer dit ons van hulle Skepper? (b) Waarom kan ons sê dat skeppingswerke soos die spinnerak "met wysheid" gemaak is?



in hierdie diere geprogrammeer is. Hoe wys moet die Goddelike Programmeerder dan tog wees!

14 Wetenskaplikes het baie uit Jehovah se skeppingswysheid geleer. Daar is selfs 'n ingenieursveld wat biomimetika genoem word, wat ontwerpe in die natuur probeer naboots. Byvoorbeeld, jy het dalk al met verwondering na die prag van 'n spinnerak gekyk. Maar 'n ingenieur beskou dit as 'n wonderlike ontwerp. Party draadjies wat so dun lyk, is na verhouding sterker as staal, sterker as die vesels van 'n koeëlvaste baadjie. Presies hoe sterk is dit? Stel jou 'n spinnerak voor wat vergroot word totdat dit so groot is soos 'n net wat op 'n vissersboot gebruik word. So 'n web kan 'n passasiersvliegtuig in volle vaart stop! Ja, Jehovah het al hierdie dinge "met wysheid" gemaak.

## Wysheid in die hemelruim

15 Jehovah se wysheid kan in sy werke in die ganse heelal gesien word. Die sterre, wat ons in Hoofstuk 5 redelik breedvoerig bespreek het, is nie sommer na willekeur in die buitenste ruimte verstrooi nie. Danksy die wysheid van Jehovah se "wette van die hemel" is die hemele pragtig georganiseer in sterrestelsels, wat dan weer in swerms gegroepeer is, wat op hulle beurt kombineer om superswerms te vorm (Job 38:33, *Die Bybel,* 1953). Geen wonder dat Jehovah van die hemelliggame as 'n "leërmag" praat nie! (Jesaja 40:26). Maar daar is 'n ander leër wat Jehovah se wysheid selfs nog duideliker openbaar.

16 Soos ons in Hoofstuk 4 gesien het, het God die titel "Jehovah van die leërmagte" as gevolg van sy posisie

---

15, 16. (a) Watter bewys lewer die sterre van Jehovah se wysheid? (b) Hoe getuig Jehovah se posisie as Opperbevelvoerder oor groot getalle engele van die wysheid van hierdie Administrateur?

***Wie het die aarde se diere geprogrammeer om "instinktief wys" te wees?***

as Opperbevelvoerder van ’n ontsaglike leërmag van honderdmiljoene geesskepsele. Dit is ’n bewys van Jehovah se krag. Maar wat het dit met sy wysheid te doen? Dink hieraan: Jehovah en Jesus is nooit ledig nie (Johannes 5:17). Dit spreek dan vanself dat die engelebedienaars van die Allerhoogste ook altyd besig is. En onthou, hulle is hoër as die mens, superintelligent en buitengewoon kragtig (Hebreërs 1:7; 2:7). Tog het Jehovah al hierdie engele duisendmiljoene jare lank vreugdevol besig gehou met sinvolle werk – om ‘sy woord uit te voer’ en ‘sy wil te doen’ (Psalm 103:20, 21). Hoe ontsagwekkend moet die wysheid van hierdie Administrateur tog wees!

## Jehovah is “alleen wys”

17 Is dit dan ’n wonder, in die lig van sulke getuienis, dat die Bybel toon dat Jehovah se wysheid hoog verhewe is? Dit sê byvoorbeeld dat Jehovah “alleen wys is” (Romeine 16:27). Jehovah alleen besit wysheid in die absolute sin. Hy is die Bron van alle ware wysheid (Spreuke 2:6). Daarom het Jesus, hoewel hy die wysste van Jehovah se skepsele is, nie op sy eie wysheid staatgemaak nie, maar gesê wat sy Vader hom beveel het om te sê. – Johannes 12:48-50.

18 Let op hoe die apostel Paulus die uniekheid van Jehovah se wysheid beskryf het: “Hoe diep is God se rykdom en wysheid en kennis tog! Niemand kan sy besluite ten volle verstaan of sy dade ten volle begryp nie!” (Romeine 11:33). Paulus se woorde wys dat hy baie beïndruk was en diepe ontsag gehad het. Die Griekse woord wat hy vir “diep” gekies het, is nou verwant aan die woord vir “afgrond”. Sy woorde skep dus ’n duidelike geestesbeeld. Wanneer ons oor Jehovah se wysheid nadink, is dit asof ons in ’n grenslose, bodemlose afgrond afkyk, ’n ryk wat so diep, so ontsaglik is dat ons nooit eens die omvang daarvan sal kan begryp nie, wat nog te sê die besonderhe-

---

17, 18. Waarom sê die Bybel dat Jehovah “alleen wys is”, en waarom moet sy wysheid ons met ontsag vervul?

**Vrae om oor te peins**

**Job 28:11-28** Hoe waardevol is Goddelike wysheid, en watter goeie gevolg kan dit hê as 'n mens oor die onderwerp peins?

**Psalm 104:1-25** Hoe kan Jehovah se wysheid in die skepping gesien word, en watter gevoelens wek dit by jou?

**Spreuke 3:19-26** Watter uitwerking kan dit op ons daaglikse lewe hê as ons nadink oor Jehovah se wysheid en dit toepas?

**Daniël 2:19-28** Waarom word Jehovah 'n Openbaarder van geheime genoem, en hoe moet ons reageer op die profetiese wysheid wat in sy Woord gevind word?

de daarvan verstaan (Psalm 92:5). Laat dit 'n mens nie baie nederig voel nie?

19 Jehovah is in nog 'n sin "alleen wys": Hy alleen kan in die toekoms sien. Onthou dat Jehovah die versiende arend as 'n simbool van Goddelike wysheid gebruik. 'n Goudarend weeg miskien net vyf kilogram, maar sy oë is groter as dié van 'n volwasse man. Die arend se sig is verbasend skerp en stel die voël in staat om sy prooi, al is dit baie klein, vanuit 'n hoogte van honderde meters, en moontlik selfs kilometers ver, te sien! Jehovah het self eenkeer van die arend gesê: "Sy oë kyk in die verte" (Job 39:29). Jehovah kan eweneens tot "in die verte" van tyd sien – in die toekoms!

20 Die Bybel is vol bewyse dat dit waar is. Dit bevat honderde profesieë, of geskiedenis wat vooruit geskryf is. Die uitslag van oorloë, die opkoms en ondergang van wêreldmoondhede en selfs die spesifieke strategieë van militêre bevelvoerders is alles in die Bybel voorspel – in sommige gevalle honderde jare vooruit. – Jesaja 44:25–45:4; Daniël 8: 2-8, 20-22.

19, 20. (a) Waarom is die arend 'n gepaste simbool van Goddelike wysheid? (b) Hoe het Jehovah getoon dat hy die vermoë het om in die toekoms te sien?

[21] Beteken dit egter dat God reeds vooruitgesien het watter keuses jy in die lewe gaan maak? Party wat die voorbeskikkingsleer verkondig, glo vas dat die antwoord ja is. Maar dié idee doen in werklikheid afbreuk aan Jehovah se wysheid, want dit gee te kenne dat hy nie sy vermoë om in die toekoms te sien, kan beheer nie. Ter toeligting: Gestel jy het die allermooiste sangstem. Sou jy dan geen ander keuse hê as om die hele tyd te sing nie? Dit is ’n belaglike idee! Net so het Jehovah die vermoë om te weet wat die toekoms inhou, maar hy gebruik dit nie die hele tyd nie. As hy dit sou doen, kan dit inbreuk maak op ons wilsvryheid, ’n kosbare gawe wat Jehovah nooit sal wegneem nie. – Deuteronomium 30:19, 20.

[22] Nog erger, die hele idee van voorbeskikking gee te kenne dat Jehovah se wysheid koud, harteloos, gevoelloos of sonder medelye is. Maar niks kan verder van die waarheid wees nie! Die Bybel leer dat Jehovah “wys *van hart”* is (Job 9:4, vtn.). Nie dat hy ’n letterlike hart het nie, maar die Bybel gebruik dikwels hierdie uitdrukking in verband met ’n persoon se diepste wese, wat beweegredes en gevoelens insluit, soos liefde. Jehovah se wysheid word dus, soos sy ander eienskappe, deur liefde gerig. – 1 Johannes 4:8.

[23] Jehovah se wysheid is natuurlik heeltemal betroubaar. Dit is so ver bo ons wysheid verhewe dat God se Woord ons liefdevol aanspoor: “Vertrou op Jehovah met jou hele hart, en moenie op jou eie begrip staatmaak nie. Neem hom in ag in alles wat jy doen, en hy sal jou paaie gelykmaak” (Spreuke 3:5, 6). Kom ons delf nou dieper in Jehovah se wysheid sodat ons nader aan ons alwyse God kan kom.

---

21, 22. (a) Waarom is daar geen grondslag vir die gevolgtrekking dat Jehovah al die keuses wat jy in die lewe gaan maak, vooruitgesien het nie? Lig toe. (b) Hoe weet ons dat Jehovah se wysheid nie koud of gevoelloos is nie?

23. Wat moet die verhewenheid van Jehovah se wysheid ons beweeg om te doen?

# Wysheid in "die woord van God"

ONTHOU jy die laaste keer toe jy 'n brief ontvang het van 'n geliefde wat ver van jou af woon? Daar is min dinge wat ons soveel genot verskaf as 'n hartlike brief van iemand vir wie ons lief is. Ons is bly om te hoor hoe dit met hom gaan, watter ondervindinge hy gehad het en wat sy planne is. Sulke kommunikasie bring geliefdes nader aan mekaar, al is hulle ook fisies ver van mekaar.

2 Wat kan ons dan groter genot verskaf as om 'n geskrewe boodskap te ontvang van die God vir wie ons lief is? Jehovah het in sekere sin 'n "brief" aan ons geskryf – sy Woord, die Bybel. Daarin vertel hy vir ons wie hy is, wat hy gedoen het, wat hy van voorneme is om te doen, en nog baie meer. Jehovah het vir ons sy Woord gegee omdat hy wil hê dat ons na aan hom moet wees. Ons alwyse God het die allerbeste manier gekies om met ons te kommunikeer. Daar is onvergelyklike wysheid in die manier waarop die Bybel geskryf is en in wat dit bevat.

## Waarom 'n geskrewe Woord?

3 Party wonder dalk: 'Waarom het Jehovah nie 'n dramatieser manier gekies – soos 'n stem uit die hemel – om met mense te kommunikeer nie?' Jehovah het in werklikheid soms uit die hemel gepraat deur middel van engeleverteenwoordigers. Hy het dit byvoorbeeld gedoen toe hy die Wet aan Israel gegee het (Galasiërs 3:19). Die stem uit die hemel was ontsagwekkend – in so 'n mate dat die vreesbevange Israeliete gevra het dat Jehovah nie op hierdie manier met hulle moet praat nie, maar dat hy deur Moses moet

1, 2. Watter "brief" het Jehovah aan ons geskryf, en waarom?
3. Hoe het Jehovah die Wet aan Moses oorgedra?



kommunikeer (Eksodus 20:18-20). Die Wet, wat uit sowat 600 insettinge bestaan, is dus mondeling, woord vir woord, aan Moses oorgedra.

[4] Maar sê nou daardie Wet is nooit op skrif gestel nie? Sou Moses die presiese woorde van daardie uitvoerige Wet kon onthou het en dit foutloos aan die res van die nasie kon oorgedra het? Wat van latere geslagte? Sou hulle hulle uitsluitlik op oorvertelling moes verlaat het? Dit sou nouliks 'n betroubare manier gewees het om God se wette oor te dra. Stel jou voor wat sal gebeur as jy 'n storie aan 'n hele string mense oordra deur dit vir die eerste een te vertel en dit dan van persoon tot persoon te laat oorvertel. Wat die laaste persoon hoor, sal waarskynlik baie anders wees as wat die eerste een gehoor het. Daar was nie so 'n gevaar in die geval van die woorde van God se Wet nie.

[5] Jehovah het wyslik besluit om sy woorde op skrif te laat stel. Hy het Moses beveel: "Jy moet hierdie woorde neerskryf, want dit is in ooreenstemming met hierdie woorde dat ek 'n verbond met jou en met Israel maak" (Eksodus 34:27). So het die tydperk waartydens die Bybel geskryf is, in 1513 VHJ begin. Gedurende die volgende 1 610 jaar het Jehovah "by baie geleenthede en op baie maniere" met ongeveer 40 menseskrywers gepraat wat toe die Bybel geskryf het (Hebreërs 1:1). In dié tyd het toegewyde kopiïste met groot sorg akkurate kopieë gemaak om die Skrif te bewaar. – Esra 7:6; Psalm 45:1.

[6] Jehovah het ons waarlik geseën deur skriftelik met ons te kommunikeer. Het jy al ooit 'n brief ontvang wat vir jou so kosbaar was – miskien omdat dit nodige vertroosting verskaf het – dat jy dit gebêre het en oor en oor gelees het? So is dit met Jehovah se "brief" aan ons. Omdat Jehovah sy woorde

---

4. Verduidelik waarom oorvertelling nie 'n betroubare manier sou gewees het om God se wette oor te dra nie.
5, 6. Wat het Jehovah Moses beveel om met Sy woorde te doen, en waarom is dit vir ons 'n seën om Jehovah se Woord op skrif te hê?

## *"Die hele Skrif is deur God geïnspireer"*

laat neerskryf het, kan ons dit gereeld lees en peins oor wat dit sê (Psalm 1:2). Ons kan "die vertroosting uit die Skrif" ontvang wanneer ons dit ook al nodig het. – Romeine 15:4.

## Waarom menseskrywers?

7 In sy wysheid het Jehovah mense gebruik om sy Woord op skrif te stel. Dink hieraan: Sou die Bybel dieselfde ingang by mense gevind het as Jehovah engele gebruik het om die Bybel te skryf? Engele sou Jehovah weliswaar vanuit hulle verhewe gesigspunt kon uitbeeld, hulle toegewydheid aan hom kon beskryf en verslag kon lewer oor getroue menseknegte van God. Maar sou ons ons werklik kon vereenselwig met die beskouing van volmaakte geesskepsele, wat baie groter kennis, ondervinding en krag as ons het? – Hebreërs 2:6, 7.

8 Deur menseskrywers te gebruik, het Jehovah ons presies gegee wat ons nodig het – 'n verslag wat "deur God geïnspireer" is maar wat nog die menslike element bevat (2 Timoteus 3:16). Hoe het hy dit gedoen? In baie gevalle het hy die skrywers blykbaar toegelaat om hulle eie verstandelike vermoëns te gebruik om "aangename woorde te vind en om akkurate woorde van waarheid neer te skryf" (Prediker 12:10, 11). Dit verklaar die verskeidenheid style in die Bybel; die geskrifte weerspieël die agtergrond en persoonlikheid van die verskillende skrywers.* Nietemin het hierdie manne "God se woorde bekend gemaak terwyl hulle deur heilige gees gelei is" (2 Petrus 1:21). Gevolglik is die eindproduk waarlik "die woord van God". – 1 Tessalonisense 2:13.

---

* Byvoorbeeld: Dawid, wat 'n herder was, gebruik voorbeelde wat uit 'n herder se lewe kom (Psalm 23). Matteus, wat 'n belastinggaarder was, maak dikwels melding van syfers en geldwaardes (Matteus 17:27; 26:15; 27:3). Lukas, wat 'n dokter was, gebruik woorde wat sy mediese agtergrond weerspieël. – Lukas 4:38; 14:2; 16:20.

---

7. Hoe word Jehovah se wysheid gesien in die feit dat hy menseskrywers gebruik het?
8. Hoe is die Bybelskrywers toegelaat om hulle eie verstandelike vermoëns te gebruik? (Sien ook voetnoot.)

[9] Die gebruik van menseskrywers maak die Bybel 'n boek vol gevoel wat by mense ingang vind. Die skrywers was manne met gevoelens soos ons s'n. Hulle was onvolmaak en het voor dieselfde soort beproewinge en druk as ons te staan gekom. In sommige gevalle het Jehovah se gees hulle geïnspireer om oor hulle gevoelens en moeilikhede te skryf (2 Korintiërs 12:7-10). Hulle het dus in die eerste persoon geskryf, iets wat geen engel sou kon doen nie.

[10] Kyk byvoorbeeld na koning Dawid van Israel. Nadat hy 'n paar ernstige sondes gepleeg het, het Dawid 'n psalm gekomponeer waarin hy sy hart uitgestort en God om vergifnis gesmeek het. Hy het geskryf: "Was my skoon van my oortreding, en reinig my van my sonde. Want ek is deeglik bewus van my oortredings, en ek dink heeltyd aan my sonde. Ek is skuldig van geboorte af, en ek is sondig vandat my ma swanger geraak het met my. Moet my nie van u af wegstoot nie, en moenie u heilige gees van my af wegneem nie. Die offerande wat vir God aangenaam is, is 'n gebroke gees. O God, u sal nie 'n gebroke en verpletterde hart verwerp nie" (Psalm 51:2, 3, 5, 11, 17). Kan jy nie die skrywer se pyn voel nie? Wie anders as 'n onvolmaakte mens kan sulke intense gevoelens uitspreek?

## Waarom 'n boek oor mense?

[11] Daar is nog iets wat die Bybel by mense ingang laat vind. Dit is in groot mate 'n boek oor mense – mense wat werklik gelewe het – dié wat God gedien het en dié wat hom nie gedien het nie. Ons lees van hulle ondervindinge, ontberinge en vreugdes. Ons sien die gevolge van hulle keuses in die lewe. Hierdie verslae is ingesluit "sodat ons daaruit kan leer" (Romeine 15:4). Deur hierdie werklike voorbeelde leer Jehovah ons op maniere wat ons hart raak. Kom ons kyk na 'n paar.

---

9, 10. Waarom maak die gebruik van menseskrywers die Bybel 'n boek vol gevoel wat by mense ingang vind?
11. Watter soort werklike voorbeelde is in die Bybel ingesluit "sodat ons daaruit kan leer"?

12 Die Bybel vertel van ontroue, selfs goddelose, mense en wat met hulle gebeur het. In hierdie verslae sien ons hoe ongewenste eienskappe in dade geopenbaar word, wat dit vir ons makliker maak om dié eienskappe te verstaan. Watter gebod teen ontrouheid kan byvoorbeeld kragtiger wees as die lewende voorbeeld van hierdie eienskap in Judas toe hy sy verraderlike komplot teen Jesus uitgevoer het? (Matteus 26:14-16, 46-50; 27:3-10). Sulke verslae het 'n groter uitwerking op ons hart deurdat dit ons help om afstootlike eienskappe te herken en te verwerp.

13 Die Bybel beskryf ook talle getroue knegte van God. Ons lees van hulle toegewydheid en lojaliteit. Ons sien lewende voorbeelde van die eienskappe wat ons moet aankweek om nader aan God te kom. Kyk byvoorbeeld na geloof. Die Bybel omskryf geloof en vertel ons hoe noodsaaklik dit is as ons God wil behaag (Hebreërs 11:1, 6). Maar die Bybel bevat ook duidelike voorbeelde van daadwerklike geloof. Dink aan die geloof wat Abraham geopenbaar het toe hy gereed was om Isak op te offer (Genesis, hoofstuk 22; Hebreërs 11: 17-19). Deur sulke verslae neem die woord "geloof" groter betekenis aan en word dit makliker om te verstaan. Hoe wys is Jehovah tog dat hy ons nie net aanspoor om wenslike eienskappe aan te kweek nie, maar ook voorbeelde voorsien van hoe dit toegepas word!

14 Die lewensgetroue verslae wat in die Bybel gevind word, leer ons dikwels iets oor watter soort persoon Jehovah is. Dink aan wat ons lees van 'n vrou wat Jesus in die tempel gesien het. Terwyl hy naby die skatkiste gesit het, het Jesus toegekyk terwyl die mense hulle bydraes ingegooi het. Talle rykes het gekom en "uit hulle oorvloed" gegee. Maar Jesus se oog het op 'n nederige weduwee geval. Haar gawe het be-

---

12. Hoe help Bybelverslae oor ontroue mense ons?

13. Hoe help die Bybel ons om wenslike eienskappe te verstaan?

14, 15. Wat vertel die Bybel ons van 'n sekere vrou wat na die tempel gekom het, en wat leer ons oor Jehovah uit hierdie verslag?

staan uit "twee muntstukkies van baie min waarde".* Dit was die laaste bietjie geld wat sy gehad het. Jesus, wat Jehovah se beskouing volmaak weerspieël het, het gesê: "Hierdie arm weduwee [het] meer as hulle almal ingegooi." Volgens hierdie woorde het sy meer ingegooi as al die ander tesame. – Markus 12:41-44; Lukas 21:1-4; Johannes 8:28.

15 Is dit nie betekenisvol dat hierdie weduwee uit al die mense wat daardie dag na die tempel gekom het, uitgesonder en in die Bybel gemeld is nie? Deur hierdie voorbeeld leer Jehovah ons dat hy 'n God is wat waardering toon. Dit verskaf hom genoeë om ons heelhartige gawes te ontvang, ongeag hoe dit vergelyk met wat ander kan gee. Jehovah kon nouliks 'n beter manier gevind het om ons hierdie bemoedigende waarheid te leer!

## Wat die Bybel nie bevat nie

16 Wanneer jy 'n brief aan 'n geliefde skryf, kan jy net soveel sê. Jy kies dus mooi wat jy wil skryf. Net so het Jehovah besluit om sekere persone en gebeure in sy Woord te meld. Maar in hierdie beskrywende verslae spel die Bybel nie altyd elke besonderheid uit nie (Johannes 21:25). Wanneer die Bybel byvoorbeeld van God se oordeel praat, beantwoord die inligting wat verstrek word, miskien nie al ons vrae nie. Jehovah se wysheid word gesien selfs in wat hy besluit het om uit sy Woord weg te laat. Hoe so?

17 Die manier waarop die Bybel geskryf is, toets wat in ons hart is. Hebreërs 4:12 sê: "Die woord [of, boodskap] van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende

* Elkeen van hierdie muntstukke was 'n lepton, die kleinste Joodse muntstuk wat destyds in omloop was. Twee lepta was gelyk aan 1/64 van 'n dagloon. Hierdie twee muntstukke was nie eens genoeg om een mossie te koop nie, die goedkoopste voël wat deur die armes as kos gebruik is.

16, 17. Hoe word Jehovah se wysheid gesien selfs in wat hy besluit het om uit sy Woord weg te laat?

swaard. Dit dring diep in ’n mens in en skei siel en gees . . . en dit kan gedagtes en bedoelings van die hart openbaar.” Die Bybel se boodskap dring diep in en openbaar ons ware denke en beweegredes. Wanneer mense dit met ’n kritiese hart lees, laat verslae wat nie genoeg inligting bevat om hulle te bevredig nie, sulke persone dikwels struikel. Hulle bevraagteken partykeer selfs of Jehovah werklik liefdevol, wys en regverdig is.

18 As ons daarenteen die Bybel met ’n opregte hart noukeurig bestudeer, leer ons Jehovah ken in die konteks waarin die Bybel as ’n geheel hom voorstel. Ons raak dus nie ontsteld as ’n spesifieke verslag vrae laat ontstaan waarop ons nie onmiddellik antwoorde kan vind nie. Ter toeligting: Wanneer ons ’n groot legkaart bou, kan ons aanvanklik dalk nie ’n spesifieke stukkie vind of sien waar ’n sekere stukkie inpas nie. Maar ons het moontlik genoeg stukkies inmekaar gepas om te besef hoe die hele prent moet lyk. Wanneer ons die Bybel bestudeer, leer ons eweneens geleidelik watter soort God Jehovah is, en ’n duidelike beeld kom na vore. Selfs as ons aanvanklik nie ’n sekere verslag kan verstaan of kan sien hoe dit by God se persoonlikheid pas nie, het ons studie van die Bybel ons alreeds oorgenoeg van Jehovah geleer om ons te laat sien dat hy altyd ’n liefdevolle en regverdige God is.

19 Om God se Woord dan te verstaan, moet ons dit met ’n opregte hart en ’n oop gemoed lees en bestudeer. Is dit nie ’n bewys van Jehovah se groot wysheid nie? Slim mense kan boeke skryf wat net “wyse en geleerde mense” kan verstaan. Maar om ’n boek te skryf wat net verstaan kan word deur diegene wat die regte hartsgesindheid het – dit vereis die wysheid van God! – Matteus 11:25.

---

18, 19. (a) Waarom moet ons nie ontsteld raak as ’n spesifieke Bybelverslag vrae laat ontstaan waarop ons nie onmiddellik antwoorde kan vind nie? (b) Wat is nodig om God se Woord te verstaan, en hoe is dit ’n bewys van Jehovah se groot wysheid?

## 'n Boek van "praktiese wysheid"

20 In sy Woord vertel Jehovah ons wat die beste manier is om te lewe. As ons Skepper weet hy beter as ons wat ons behoeftes is. En basiese mensebehoeftes – insluitende die begeerte om liefde te vind, gelukkig te wees en goeie verhoudinge met ander te hê – is nog dieselfde. Die Bybel bevat 'n oorvloed van "praktiese wysheid" wat ons kan help om 'n sinvolle lewe te lei (Spreuke 2:7). Elke deel van hierdie studiehulp bevat 'n hoofstuk wat wys hoe ons die Bybel se wyse raad kan toepas, maar kom ons kyk hier na net een voorbeeld.

21 Het jy al opgemerk dat mense wat wrokke koester, dikwels op die ou end hulleself benadeel? 'n Wrok is 'n swaar vrag om te dra in die lewe. Wanneer ons 'n wrok koester, neem dit ons gedagtes heeltemal in beslag, beroof dit ons van vrede en onderdruk dit ons vreugde. Wetenskaplike studies dui daarop dat ons ons kanse kan vergroot om hartkwaal en 'n magdom ander chroniese kwale te ontwikkel as ons kwaad bly. Die Bybel het lank voor sulke wetenskaplike studies wyslik gesê: "Hou op om kwaad te wees en laat vaar die woede" (Psalm 37:8). Maar hoe kan ons dit doen?

22 God se Woord gee hierdie wyse raad: "Insig keer dat 'n mens gou kwaad word, en dit is mooi van hom om 'n oortreding oor te sien" (Spreuke 19:11). Insig is die vermoë om dieper as die oppervlak te kyk, om nie net te sien wat voor die hand liggend is nie. Insig bevorder begrip, want dit kan ons help om te onderskei waarom iemand iets op 'n sekere manier gesê of gedoen het. As ons probeer om sy ware beweegredes, gevoelens en omstandighede te verstaan, kan dit ons help om ontslae te raak van negatiewe gedagtes en gevoelens oor hom.

23 Die Bybel bevat ook hierdie raad: "Hou aan om mekaar

---

20. Waarom kan Jehovah alleen vir ons vertel wat die beste manier is om te lewe, en wat bevat die Bybel wat ons kan help?
21-23. Watter wyse raad kan ons help om nie kwaad te bly of 'n wrok te koester nie?

### Vrae om oor te peins

**Spreuke 2:1-6** Wat moet ons doen as ons die wysheid wil verkry wat in God se Woord gevind word?

**Spreuke 2:10-22** In watter opsigte sal ons daarby baat vind as ons in ooreenstemming met die Bybel se wyse raad lewe?

**Romeine 7:15-25** Hoe lig hierdie gedeelte die wysheid daarvan toe dat mense gebruik is om God se Woord op te teken?

**1 Korintiërs 10:6-12** Wat kan ons leer uit die Bybel se waarskuwende voorbeelde met betrekking tot Israel?

te verdra en mekaar vryelik te vergewe" (Kolossense 3:13). Die uitdrukking "hou aan om mekaar te verdra" gee te kenne dat ons geduldig moet wees met ander en dat ons eienskappe wat ons irriteer, moet verdra. Sulke verdraagsaamheid kan ons help om nie 'n wrok oor kleinighede te koester nie. "Vergewe" dra die gedagte oor dat ons ontslae moet raak van wrokke. Ons wyse God weet dat ons ander moet vergewe wanneer daar gegronde rede is om dit te doen. Dit is nie net ter wille van hulle nie, maar ook ter wille van ons eie gemoedsrus (Lukas 17:3, 4). Watter wysheid bevat God se Woord tog!

24 Weens sy oneindige liefde wou Jehovah met ons kommunikeer. Hy het die beste manier moontlik gekies – 'n geskrewe "brief" wat deur menseskrywers onder leiding van die heilige gees geskryf is. Gevolglik is dit Jehovah se wysheid wat in die blaaie daarvan gevind word. Hierdie wysheid is "baie betroubaar" (Psalm 93:5). Wanneer ons ons lewe in ooreenstemming hiermee bring en wanneer ons dit aan ander bekend maak, kom ons natuurlikerwys nader aan ons alwyse God. In die volgende hoofstuk sal ons nog 'n uitsonderlike voorbeeld van Jehovah se versiende wysheid bespreek: sy vermoë om die toekoms te voorspel en sy voorneme te vervul.

---

24. Wat is die gevolg wanneer ons ons lewe in ooreenstemming met Goddelike wysheid bring?

# "God se wysheid, wat 'n heilige geheim is"

GEHEIME! Omdat dit so interessant en fassinerend is, is dit dikwels vir mense moeilik om dit vir hulleself te hou. Maar die Bybel sê: "God word verheerlik omdat hy 'n saak geheim hou" (Spreuke 25:2). Ja, as Soewereine Heerser en Skepper hou Jehovah tereg sekere dinge vir die mensdom geheim totdat dit sy bestemde tyd is om dit bekend te maak.

2 Daar is egter 'n interessante, fassinerende geheim wat Jehovah in sy Woord geopenbaar het. Dit word "die heilige geheim van [God se] wil" genoem (Efesiërs 1:9). As jy uitvind wat dit is, sal dit nie net jou nuuskierigheid bevredig nie. Kennis van hierdie geheim kan tot redding lei en kan jou insig gee in Jehovah se ondeurgrondelike wysheid.

## Progressief geopenbaar

3 Toe Adam en Eva gesondig het, het dit miskien gelyk of Jehovah se voorneme vir 'n aardse paradys wat deur volmaakte mense bewoon word, verydel is. Maar God het *onmiddellik* aan die probleem aandag gegee. Hy het gesê: "Ek sal vyandskap laat ontstaan tussen jou [die slang] en die vrou en tussen jou nageslag en haar nageslag. Hy sal jou kop vergruis, en jy sal hom in die hakskeen wond." – Genesis 3:15.

4 Dit was raaiselagtige, kriptiese woorde. Wie was hierdie vrou? Wie was die slang? Wie was die "nageslag" wat die slang se kop sou vergruis? Adam en Eva kon maar net raai. God se woorde het nietemin hoop gebied vir alle getroue

---

1, 2. In watter "heilige geheim" behoort ons belang te stel, en waarom?

3, 4. Hoe het die profesie wat in Genesis 3:15 opgeteken is, hoop gebied, en watter verborgenheid, of "heilige geheim", het dit ingesluit?



nakomelinge van daardie ontroue paar. Regverdigheid sou seëvier. Jehovah se voorneme sou verwesenlik word. Maar hoe? Dit was 'n verborgenheid! Die Bybel noem dit "God se wysheid, wat 'n heilige geheim is". – 1 Korintiërs 2:7.

5 As die "Openbaarder van geheime" sou Jehovah uiteindelik pertinente besonderhede oor die vervulling van hierdie geheim onthul (Daniël 2:28). Maar hy sou dit geleidelik, progressief doen. Ter toeligting kan ons dink aan die manier waarop 'n liefdevolle pa antwoord wanneer sy seuntjie vra: "Pappa, waar kom ek vandaan?" 'n Wyse pa gee net soveel inligting as wat die seuntjie kan verstaan. Namate die seun ouer word, vertel die pa hom meer. Net so besluit Jehovah wanneer sy volk gereed is vir openbarings ten opsigte van sy wil en voorneme. – Spreuke 4:18; Daniël 12:4.

6 Hoe het Jehovah hierdie openbarings gegee? Hy het 'n reeks verbonde, of kontrakte, gebruik om baie dinge te openbaar. Jy het waarskynlik al 'n kontrak van die een of ander aard aangegaan – miskien om 'n huis te koop of om geld te leen of uit te leen. So 'n kontrak was 'n wetlike waarborg dat daar aan die voorwaardes waarop besluit is, voldoen sou word. Maar waarom was dit vir Jehovah nodig om formele verbonde, of kontrakte, met mense te sluit? Sy woord is tog sekerlik genoeg waarborg vir sy beloftes. Dit is waar, en tog het God by etlike geleenthede sy woord goedgunstig met wetlike kontrakte bekragtig. Hierdie bindende ooreenkomste gee ons as onvolmaakte mense 'n selfs vaster grondslag vir vertroue in Jehovah se beloftes. – Hebreërs 6:16-18.

---

5. Lig toe waarom Jehovah sy geheim progressief geopenbaar het.
6. (a) Wat is die doel van 'n verbond, of kontrak? (b) Waarom is dit merkwaardig dat Jehovah verbonde met mense sou aangaan?

***"Ek* [*sal*] *jou nageslag beslis vermeerder soos die sterre van die hemel"***

## Die verbond met Abraham

7 Meer as tweeduisend jaar nadat die mens uit die Paradys verdryf is, het Jehovah vir sy getroue kneg Abraham gesê: "Ek [sal] jou nageslag beslis vermeerder soos die sterre van die hemel . . . En deur middel van jou nageslag sal al die nasies van die aarde 'n seën vir hulleself verkry omdat jy na my stem geluister het" (Genesis 22:17, 18). Dit was meer as 'n belofte; Jehovah het dit in die vorm van 'n wetlike verbond gestel en dit met sy onverbreeklike eed bekragtig (Genesis 17:1, 2; Hebreërs 6:13-15). Hoe merkwaardig is dit tog dat die Soewereine Heer *'n kontrak aangegaan het* om die mensdom te seën!

8 Die Abrahamitiese verbond het geopenbaar dat die beloofde nageslag as 'n mens sou kom, want hy sou 'n nakomeling van Abraham wees. Maar wie sou hy wees? Mettertyd het Jehovah geopenbaar dat Abraham se seun Isak 'n voorouer van die nageslag sou wees. Uit Isak se twee seuns is Jakob gekies (Genesis 21:12; 28:13, 14 ). Later het Jakob hierdie profetiese woorde oor een van sy 12 seuns uitgespreek: "Die septer sal nie van Juda weggeneem word nie, en die staf van 'n bevelvoerder sal tussen sy voete bly, totdat Silo [of, "hy aan wie dit behoort", voetnoot] kom; en aan hom sal die gehoorsaamheid van die volke behoort" (Genesis 49:10). Hierdeur is getoon dat die nageslag 'n koning sou wees, wat van Juda afstam!

## Die verbond met Israel

9 In 1513 VHJ het Jehovah 'n reëling ingestel wat die weg gebaan het vir nog openbarings omtrent die heilige geheim. Hy het 'n verbond gesluit met Abraham se nakomelinge, die nasie Israel. Hoewel hierdie Mosaïese Wetsverbond nou nie

---

7, 8. (a) Watter verbond het Jehovah met Abraham gesluit, en watter lig het dit op die heilige geheim gewerp? (b) Hoe het Jehovah die geslagslyn van die beloofde nageslag mettertyd meer spesifiek aangedui?
9, 10. (a) Watter verbond het Jehovah met die nasie Israel gesluit, en watter beskerming het daardie verbond gebied? (b) Hoe het die Wet getoon dat die mensdom 'n losprys nodig het?

meer van krag is nie, het dit 'n noodsaaklike deel uitgemaak van Jehovah se voorneme om die beloofde nageslag te voorsien. Hoe so? Kyk na drie maniere. Eerstens, die Wet was soos 'n beskermende muur (Efesiërs 2:14). Die regverdige insettinge daarvan het as 'n versperring tussen Jood en nie-Jood gedien. Sodoende het die Wet gehelp om die geslagslyn van die beloofde nageslag te bewaar. Dit was grootliks te danke aan hierdie beskerming dat die nasie Israel nog bestaan het toe God se bestemde tyd aangebreek het vir die Messias om in die stam Juda gebore te word.

10 Tweedens, die Wet het duidelik getoon dat die mensdom 'n losprys nodig het. Omdat dit 'n volmaakte Wet was, het dit die onvermoë van sondige mense geopenbaar om dit volkome te onderhou. Dit het dus "oortredings openbaar [gemaak], totdat die nageslag sou kom aan wie die belofte gemaak is" (Galasiërs 3:19). Deur middel van diereoffers het die Wet tydelike versoening vir sondes gebied. Maar aangesien dit, soos Paulus geskryf het, "nie vir die bloed van bulle en bokke moontlik [is] om sondes weg te neem nie", het hierdie offerandes bloot Christus se losprysoffer voorafgeskadu (Hebreërs 10:1-4). Vir getroue Jode het daardie verbond dus 'n "oppasser geword wat na Christus gelei het". – Galasiërs 3:24.

11 Derdens, daardie verbond het 'n wonderlike vooruitsig aan die nasie Israel gebied. Jehovah het vir hulle gesê dat hulle "'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie" sou word as hulle aan die verbond getrou bly (Eksodus 19:5, 6). Vleeslike Israel het dan ook uiteindelik die eerste lede van 'n hemelse koninkryk van priesters voorsien. Maar Israel as 'n geheel het teen die Wetsverbond in opstand gekom, die Messiaanse nageslag verwerp en daardie vooruitsig verbeur. Wie sou dan die koninkryk van priesters voltallig maak? En wat sou die verband tussen hierdie geseënde nasie en die

---

11. Watter wonderlike vooruitsig het die Wetsverbond aan Israel gebied, en waarom het daardie nasie as 'n geheel daardie vooruitsig verbeur?

beloofde nageslag wees? Dié aspekte van die heilige geheim sou op God se bestemde tyd geopenbaar word.

## Die Koninkryksverbond met Dawid

12 In die 11de eeu VHJ het Jehovah verdere lig op die heilige geheim gewerp toe hy nog 'n verbond gesluit het. Hy het getroue koning Dawid belowe: "Ek [sal] jou nageslag, jou eie seun, koning maak ná jou, en ek sal sy koninkryk stewig vestig. . . . Ek sal die troon van sy koninkryk vir ewig stewig vestig" (2 Samuel 7:12, 13; Psalm 89:3). Nou is die geslagslyn van die beloofde nageslag tot die huis van Dawid beperk. Maar sou 'n gewone mens vir ewig kon regeer? (Psalm 89:20, 29, 34-36). En sou so 'n mensekoning die mensdom van sonde en die dood kon red?

13 Dawid het onder inspirasie geskryf: "Jehovah het vir my Here gesê: 'Sit aan my regterhand totdat ek jou vyande 'n voetbank vir jou voete maak.' Jehovah het 'n eed gesweer, en hy sal nie van gedagte verander nie: 'Jy is vir ewig 'n priester soos Melgisedek!' " (Psalm 110:1, 4). Dawid se woorde was regstreeks van toepassing op die beloofde nageslag, of Messias (Handelinge 2:35, 36). Hierdie Koning sou nie uit Jerusalem regeer nie, maar vanuit die hemel aan Jehovah se "regterhand". Dit sou hom nie net oor die land Israel gesag gee nie, maar oor die hele aarde (Psalm 2:6-8). Nog iets is hier geopenbaar. Let daarop dat Jehovah met 'n plegtige eed verklaar het dat die Messias "'n priester soos Melgisedek" sou wees. Soos Melgisedek, wat in Abraham se dag as koning-priester gedien het, sou die komende nageslag regstreeks deur God aangestel word om as Koning *en* Priester te dien! – Genesis 14:17-20.

14 Deur die jare heen het Jehovah sy profete gebruik om verdere besonderhede omtrent sy heilige geheim te openbaar. Je-

---

12. Watter verbond het Jehovah met Dawid gesluit, en watter lig het dit op God se heilige geheim gewerp?
13, 14. (a) Watter belofte maak Jehovah aan sy gesalfde Koning volgens Psalm 110? (b) Watter verdere besonderhede omtrent die komende nageslag is deur Jehovah se profete geopenbaar?

saja het byvoorbeeld geopenbaar dat die nageslag 'n offerdood sou sterf (Jesaja 53:3-12). Miga het die Messias se geboorteplek voorspel (Miga 5:2). Daniël het selfs voorspel presies wanneer die nageslag sou verskyn en sou sterf. – Daniël 9:24-27.

## Die heilige geheim word geopenbaar!

15 Hoe hierdie profesieë vervul sou word, het 'n verborgenheid gebly totdat die nageslag verskyn het. Galasiërs 4:4 sê: "Toe die tyd aangebreek het, het God sy Seun gestuur, wat uit 'n vrou gebore is." In die jaar 2 VHJ het 'n engel vir 'n Joodse maagd met die naam Maria gesê: "Kyk! Jy sal swanger word en geboorte gee aan 'n seun, en jy moet hom Jesus noem. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word, en Jehovah God sal hom die troon van sy vader Dawid gee . . . Heilige gees en krag van die Allerhoogste sal oor jou kom. Daarom sal die een wat gebore word, heilig wees en God se Seun genoem word." – Lukas 1:31, 32, 35.

16 Later het Jehovah die lewe van sy Seun van die hemel na Maria se baarmoeder oorgeplaas, sodat hy uit 'n vrou gebore is. Maria was 'n onvolmaakte vrou. Tog het Jesus nie onvolmaaktheid van haar geërf nie, want hy was "God se Seun". Terselfdertyd het Jesus se menseouers, as nakomelinge van Dawid, aan Hom die natuurlike sowel as die wetlike reg as 'n erfgenaam van Dawid gegee (Handelinge 13:22, 23). By Jesus se doop in 29 HJ het Jehovah hom met heilige gees gesalf en gesê: "Dit is my geliefde Seun" (Matteus 3:16, 17). Uiteindelik het die nageslag gekom! (Galasiërs 3:16). Dit was tyd om nog meer omtrent die heilige geheim te openbaar. – 2 Timoteus 1:10.

17 Gedurende sy bediening het Jesus die slang van Genesis 3:15 as Satan geïdentifiseer en die slang se nageslag as Satan se volgelinge (Matteus 23:33; Johannes 8:44). Later is

---

15, 16. (a) Hoe is Jehovah se Seun "uit 'n vrou gebore"? (b) Wat het Jesus van sy menseouers geërf, en wanneer het hy as die nageslag van die belofte gekom?
17. Hoe is lig op die betekenis van Genesis 3:15 gewerp?

daar geopenbaar hoe hulle almal vir ewig vernietig sou word (Openbaring 20:1-3, 10, 15). En die vrou is geïdentifiseer as "die Jerusalem daar bo", of God se vrou – dit wil sê, die hemelse deel van Jehovah se organisasie wat uit geesskepsele bestaan.* – Galasiërs 4:26; Openbaring 12:1-6.

## Die nuwe verbond

18 Moontlik die dramatiesste openbaring het plaasgevind op die aand voor Jesus se dood toe hy vir sy getroue dissipels van "die nuwe verbond" vertel het (Lukas 22:20). Hierdie nuwe verbond sou soos sy voorganger, die Mosaïese Wetsverbond, "'n koninkryk van priesters" voortbring (Eksodus 19:6; 1 Petrus 2:9). Maar hierdie verbond sou nie 'n vleeslike nasie tot stand bring nie, maar 'n geestelike, "die Israel van God", wat uitsluitlik uit Christus se getroue gesalfde volgelinge bestaan (Galasiërs 6:16). Hierdie deelgenote van die nuwe verbond sou saam met Jesus die mensdom seën!

19 Maar waarom slaag die nuwe verbond daarin om "'n koninkryk van priesters" voort te bring om die mensdom te seën? Omdat dit nie Christus se dissipels as sondaars veroordeel nie, maar eerder vergifnis vir hulle sondes deur sy offerande moontlik maak (Jeremia 31:31-34). Wanneer hulle 'n rein posisie voor Jehovah verkry, neem hy hulle aan as lede van sy hemelse gesin en salf hy hulle met heilige gees (Romeine 8:15-17; 2 Korintiërs 1:21). Sodoende ondergaan hulle "'n nuwe geboorte" tot ''n lewende hoop wat in die hemel

* "Die heilige geheim van . . . toegewydheid aan God" is ook in Jesus geopenbaar (1 Timoteus 3:16). Dit was lank 'n geheim, 'n verborgenheid, of enige iemand volmaakte integriteit teenoor Jehovah sou kon handhaaf. Jesus het die antwoord geopenbaar. Hy het integriteit gehandhaaf onder elke toets waaraan Satan hom onderwerp het. – Matteus 4:1-11; 27:26-50.

18. Wat is die doel van "die nuwe verbond"?
19. (a) Waarom slaag die nuwe verbond daarin om "'n koninkryk van priesters" voort te bring? (b) Waarom word gesalfde Christene "'n nuwe skepping" genoem, en hoeveel sal saam met Christus in die hemel dien?

bewaar word' (1 Petrus 1:3, 4). Aangesien so 'n verhewe status iets heeltemal nuuts is vir mense, word geesverwekte gesalfde Christene "'n nuwe skepping" genoem (2 Korintiërs 5:17). Die Bybel openbaar dat 144 000 uiteindelik vanuit die hemel oor die losgekoopte mensdom sal regeer. – Openbaring 5:9, 10; 14:1-4.

20 Hierdie gesalfdes word saam met Jesus "Abraham se nageslag" (Galasiërs 3:29).* Die eerstes wat gekies is, was vleeslike Jode. Maar in 36 HJ is nog 'n aspek van die heilige geheim geopenbaar: Heidene, of nie-Jode, sou ook in die hemelse hoop deel (Romeine 9:6-8; 11:25, 26; Efesiërs 3:5, 6). Sou net gesalfde Christene die seëninge geniet wat aan Abraham belowe is? Nee, want Jesus se offerande strek die hele wêreld tot voordeel (1 Johannes 2:2). Mettertyd het Jehovah geopenbaar dat 'n ongetelde "groot menigte" die einde van Satan se stelsel van dinge sou oorleef (Openbaring 7:9, 14). 'n Menigte ander sal opgewek word met die vooruitsig om vir ewig in die Paradys te lewe! – Lukas 23:43; Johannes 5:28, 29; Openbaring 20:11-15; 21:3, 4.

## God se wysheid en die heilige geheim

21 Die heilige geheim is 'n merkwaardige bewys van "die wysheid van God, wat op 'n groot verskeidenheid maniere geopenbaar word" (Efesiërs 3:8-10). Watter wysheid het Jehovah tog aan die dag gelê deur hierdie geheim te formuleer en deur dit toe so geleidelik te openbaar! Hy het wyslik die beperkings van mense in ag geneem en hulle toegelaat om hulle ware hartstoestand te openbaar. – Psalm 103:14.

---

* Jesus het ook "'n verbond . . . vir 'n koninkryk" met dieselfde groep gesluit (Lukas 22:29, 30). Trouens, Jesus het 'n kontrak met hierdie "klein kuddetjie" aangegaan dat hulle saam met hom in die hemel sou regeer as die *sekondêre* deel van die nageslag van Abraham. – Lukas 12:32.

---

20. (a) Wat is in 36 HJ omtrent die heilige geheim geopenbaar? (b) Wie sal die seëninge geniet wat aan Abraham belowe is?
21, 22. In watter opsigte is Jehovah se heilige geheim 'n bewys van sy wysheid?

## Vrae om oor te peins

**Johannes 16:7-12** Hoe het Jesus sy Vader se voorbeeld nagevolg om waarheid geleidelik te openbaar?

**1 Korintiërs 2:6-16** Waarom kan baie mense nie Jehovah se heilige geheime verstaan nie, en hoe kan ons hierdie geheime verstaan?

**Efesiërs 3:10** Watter voorreg het Christene vandag met betrekking tot God se heilige geheim?

**Hebreërs 11:8-10** Hoe het die heilige geheim die geloof van manne van die ou tyd versterk, hoewel hulle nie die besonderhede daarvan verstaan het nie?

22 Jehovah het ook ongeëwenaarde wysheid getoon toe hy Jesus as Koning gekies het. Jehovah se Seun is betroubaarder as enige ander wese in die heelal. Gedurende Jesus se lewe as ’n mens van vlees en bloed het hy baie ontberinge van die een of ander aard ervaar. Hy verstaan menslike probleme ten volle (Hebreërs 5:7-9). En wat van Jesus se medeheersers? Deur die eeue heen is mans sowel as vroue – wat uit alle rasse, tale en agtergronde gekies is – gesalf. Daar is hoegenaamd geen probleem wat individue onder hulle nie ondervind het en te bowe gekom het nie (Efesiërs 4:22-24). Dit sal ’n genot wees om onder die heerskappy van hierdie genadige koningpriesters te lewe!

23 Die apostel Paulus het geskryf: ‘Die heilige geheim wat gedurende die vroeëre tydperke en geslagte geheim gehou is, is aan sy heiliges geopenbaar’ (Kolossense 1:26). Ja, Jehovah se gesalfde heiliges het baie omtrent die heilige geheim geleer, en hulle het hierdie kennis aan miljoene bekend gemaak. Wat ’n voorreg het ons almal tog! Jehovah het “die heilige geheim van sy wil aan ons bekend [gemaak]” (Efesiërs 1:9). Laat ons ander van hierdie wonderlike geheim vertel en hulle help om ook diep in die ondeurgrondelike wysheid van Jehovah God te kyk!

---

23. Watter voorreg het Christene met betrekking tot Jehovah se heilige geheim?

# "Wys van hart" – En tog nederig

'N PA wil sy jong kindjie 'n baie belangrike les leer. Hy is gretig om sy hart te bereik. Hoe moet hy die saak benader? Moet hy intimiderend oor die kind staan en kwaai woorde gebruik? Of moet hy afbuk sodat hy op dieselfde vlak as die kind is en op 'n vriendelike, liefdevolle manier praat? 'n Wyse, nederige pa sal ongetwyfeld die vriendelike benadering kies.

2 Watter soort Vader is Jehovah – hoogmoedig of nederig, kwaai of vriendelik? Jehovah is alwetend, alwys. Maar het jy al agtergekom dat kennis en intelligensie mense nie noodwendig nederig maak nie? Soos die Bybel sê: "Kennis blaas op" (1 Korintiërs 3:19; 8:1, vtn.). Maar Jehovah, wat "wys van hart" is, is ook nederig (Job 9:4, vtn.). Dit beteken geensins dat hy 'n lae posisie beklee of dat dit hom aan heerlikheid ontbreek nie, maar eerder dat hy nie hoogmoedig is nie. Waarom kan ons dit sê?

3 Jehovah is heilig. Hoogmoed, 'n eienskap wat verontreinig, is dus nie in hom nie (Markus 7:20-22). Let ook op wat die profeet Jeremia vir Jehovah gesê het: "U sal beslis aan my dink en neerbuig om my te help" (Klaagliedere 3:20).* Dink net daaraan! Jehovah, die Soewereine Heer van die heelal, was bereid om 'neer te buig', of af te kom tot op Jeremia se vlak, om aan daardie onvolmaakte mens goedgunstige aandag te skenk (Psalm 113:7). Ja, Jehovah is nederig.

* Die kopiïste, of Soferim, van die ou tyd het hierdie vers verander sodat dit sê dat Jeremia hom neerbuig, nie Jehovah nie. Hulle het klaarblyklik gedink dat dit onvanpas is om so 'n nederige daad aan God toe te skryf. Gevolglik mis baie vertalings die punt van hierdie pragtige vers. Maar *The New English Bible* gee Jeremia se woorde aan God akkuraat weer: "Onthou, o onthou, en daal tot my af."

1-3. Waarom kan ons seker wees dat Jehovah nederig is?

Maar wat behels Goddelike nederigheid? Hoe hou dit verband met wysheid? En waarom is dit vir ons belangrik?

## In watter sin Jehovah nederig is

4 Nederigheid is die afwesigheid van verwaandheid en trots. Nederigheid, wat 'n innerlike kenmerk van die hart is, word geopenbaar in eienskappe soos sagmoedigheid, geduld en redelikheid (Galasiërs 5:22, 23). Maar hierdie godvrugtige eienskappe moet nooit met swakheid of skugterheid verwar word nie. Hulle is nie strydig met Jehovah se regverdige toorn of sy gebruik van vernietigingskrag nie. Inteendeel, deur sy nederigheid en sagmoedigheid toon Jehovah sy ontsaglike krag, sy vermoë om hom volmaak te beheers (Jesaja 42:14). Hoe hou nederigheid verband met wysheid? Een naslaanwerk oor die Bybel sê: "Nederigheid

---

4, 5. (a) Wat is nederigheid, hoe word dit geopenbaar, en waarom moet dit nooit met swakheid of skugterheid verwar word nie? (b) Hoe het Jehovah nederigheid in sy handelinge met Dawid getoon, en hoe belangrik is Jehovah se nederigheid vir ons?



*'n Wyse pa handel op 'n nederige en sagmoedige manier met sy kinders*

word die beste gedefinieer . . . in terme van onselfsugtigheid en is 'n noodsaaklike grondslag vir alle wysheid." Ware wysheid kan dus nie sonder nederigheid bestaan nie. Hoe strek Jehovah se nederigheid ons tot voordeel?

5 Koning Dawid het voor Jehovah gesing: "U gee my u skild van redding, u regterhand ondersteun my, en u nederigheid maak my groot" (Psalm 18:35). Jehovah het hom as 't ware neergebuig om handelinge met hierdie onvolmaakte mens te hê en het hom dag vir dag beskerm en onderskraag. Dawid het besef dat redding – en selfs uiteindelik 'n mate van grootheid as koning – slegs vir hom moontlik sou wees omdat Jehovah bereid is om sulke nederigheid aan die dag te lê. Wie van ons sou immers enige hoop op redding gehad het as Jehovah nie nederig was nie, bereid om hom neer te buig om as 'n sagmoedige en liefdevolle Vader met ons te handel?

6 Dit is opmerkenswaardig dat daar 'n verskil tussen nederigheid en beskeidenheid is. Beskeidenheid is 'n pragtige eienskap vir getroue mense om aan te kweek. Soos nederigheid hou dit verband met wysheid. Spreuke 11:2 sê byvoorbeeld: "Wysheid is by dié wat beskeie is." Maar die Bybel sê nooit dat Jehovah beskeie is nie. Waarom nie? Beskeidenheid, soos dit in die Skrif gebruik word, dui op 'n gepaste bewustheid van jou eie beperkings. Die Almagtige het geen beperkings nie behalwe dié wat hy homself oplê weens sy regverdige standaarde (Markus 10:27; Titus 1:2). Wat meer is, as die Allerhoogste is hy aan niemand onderworpe nie. Die begrip "beskeidenheid" is dus eenvoudig nie op Jehovah van toepassing nie.

7 Jehovah is egter wel nederig en sagmoedig. Hy leer sy knegte dat sagmoedigheid noodsaaklik is vir ware wysheid. Sy Woord praat van "sagmoedigheid wat van wysheid

---

6, 7. (a) Waarom sê die Bybel nooit dat Jehovah beskeie is nie? (b) Watter verband is daar tussen sagmoedigheid en wysheid, en wie stel die grootste voorbeeld in hierdie opsig?

getuig" (Jakobus 3:13).* Kyk na Jehovah se voorbeeld in hierdie opsig.

## Jehovah delegeer en luister nederig

8 'n Hartverblydende bewys van Jehovah se nederigheid kan gesien word in die feit dat hy bereid is om verantwoordelikheid te delegeer en na ander te luister. Dit is verbasend dat hy dit enigsins doen; Jehovah het geen hulp of raad nodig nie (Jesaja 40:13, 14; Romeine 11:34, 35). Nietemin toon die Bybel herhaaldelik dat Jehovah hom in hierdie opsigte neerbuig.

9 Kyk byvoorbeeld na 'n uitsonderlike gebeurtenis in Abraham se lewe. Abraham het drie besoekers gehad, een wat hy as "Jehovah" aangespreek het. Die besoekers was in werklikheid engele, maar een van hulle het in Jehovah se naam gekom en in Sy naam opgetree. Toe daardie engel gepraat en opgetree het, was dit in werklikheid Jehovah wat gepraat en opgetree het. Op hierdie manier het Jehovah vir Abraham vertel dat "die klagte teen Sodom en Gomorra . . . baie groot" is. Jehovah het gesê: "Ek sal afgaan om te sien of die klagte wat ek gehoor het, waar is en of hulle dade werklik so goddeloos is. Ek wil uitvind of dit so is of nie" (Genesis 18: 3, 20, 21). Jehovah se boodskap het natuurlik nie beteken dat die Almagtige self sou "afgaan" nie. Hy het eerder weer eens engele gestuur om hom te verteenwoordig (Genesis 19:1). Waarom? Kon Jehovah, wat alsiende is, nie op sy eie die ware toestand van daardie gebied "uitvind" nie? Hy kon beslis. Maar Jehovah het uit nederigheid eerder daardie engele die toewysing gegee om die situasie te ondersoek en om Lot en sy gesin in Sodom te besoek.

---

* Ander vertalings praat van "die nederigheid wat uit wysheid voortspruit" en "die saggeaardheid wat die kenmerk van wysheid is".

---

8-10. (a) Waarom is dit merkwaardig dat Jehovah bereid is om te delegeer en na ander te luister? (b) Hoe het die Almagtige op 'n nederige wyse met sy engele gehandel?

10 Daarbenewens luister Jehovah na ander. Hy het sy engele eenkeer gevra om voorstelle te maak oor hoe die ondergang van goddelose koning Agab bewerkstellig kon word. Jehovah het hierdie hulp nie nodig gehad nie. Tog het hy die voorstel van een engel aanvaar en hom die opdrag gegee om dit uit te voer (1 Konings 22:19-22). Was dit nie nederig nie?

11 Jehovah is selfs bereid om te luister na onvolmaakte mense wat oor hulle kwellinge wil praat. Byvoorbeeld, toe Jehovah aanvanklik vir Abraham vertel het van Sy voorneme om Sodom en Gomorra te vernietig, was daardie getroue man dronkgeslaan. "U sal dit nie doen nie", het Abraham gesê en bygevoeg: "Sal die Regter van die hele aarde nie doen wat reg is nie?" Hy het gevra of Jehovah die stede sou spaar as 50 regverdige mense daarin gevind kon word. Jehovah het hom verseker dat Hy dit sou spaar. Maar Abraham het weer gevra en die getal tot 45 verminder, toe tot 40, en so meer. Ondanks Jehovah se versekering het Abraham aangehou totdat die getal tot tien gedaal het. Abraham het miskien nog nie heeltemal begryp hoe genadig Jehovah is nie. Hoe dit ook al sy, Jehovah het sy vriend en kneg Abraham geduldig en nederig toegelaat om sy kwellinge op hierdie manier uit te spreek. – Genesis 18:23-33.

12 Hoeveel briljante, geleerde mense sou so geduldig na iemand luister wie se intelligensie soveel laer as hulle s'n is?* Dit is hoe nederig ons God is. Gedurende dieselfde gesprek het Abraham ook gesien dat Jehovah "nie gou kwaad word nie" (Eksodus 34:6). Moontlik omdat hy besef het dat hy geen reg het om die dade van die Allerhoogste te bevraagteken nie, het Abraham twee keer gesmeek: "Jehovah, moet asseblief nie kwaad word nie" (Genesis 18:30, 32). Natuurlik het Jehovah nie kwaad geword nie. Hy het werklik die "sagmoedigheid wat van wysheid getuig".

---

* Dit is interessant dat die Bybel geduld teenoor hoogmoed stel (Prediker 7:8). Jehovah se geduld verskaf verdere bewys van sy nederigheid. – 2 Petrus 3:9.

---

11, 12. Hoe het Abraham Jehovah se nederigheid gesien?

## Jehovah is redelik

13 Jehovah se nederigheid word in nog 'n pragtige eienskap geopenbaar – redelikheid. Daar is 'n jammerlike gebrek aan hierdie eienskap onder onvolmaakte mense. Jehovah is nie net bereid om na sy intelligente skepsele te luister nie, maar hy is ook bereid om toe te gee wanneer regverdige beginsels nie geskend sal word nie. Soos dit in die Bybel gebruik word, beteken die woord "redelik" letterlik "toegewend". Hierdie eienskap is ook 'n kenmerk van Goddelike wysheid. Jakobus 3:17 sê: "Die wysheid van bo is . . . redelik." In watter sin is die alwyse Jehovah redelik? Om maar een ding te noem, hy is aanpasbaar. Onthou dat sy naam ons leer dat Jehovah word wat ook al nodig is om sy voornemens te vervul (Eksodus 3:14). Toon dit nie 'n gees van aanpasbaarheid en redelikheid nie?

14 Daar is 'n merkwaardige Skrifgedeelte wat ons help om Jehovah se aanpasbaarheid in 'n mate te verstaan. Die profeet Esegiël is 'n visioen gegee van die hemelse deel van Jehovah se organisasie, wat bestaan uit geesskepsele. Hy het 'n strydwa van ontsagwekkende afmetings gesien – Jehovah se "voertuig" wat altyd onder Sy beheer is. Die manier waarop dit beweeg het, was uiters interessant. Die reusewiele kon in vier rigtings beweeg en was vol oë sodat dit oral kon sien en oombliklik van rigting kon verander sonder om stil te hou of te draai. En dit was nie vir hierdie reusagtige strydwa nodig om met moeite voort te beweeg soos 'n logge, mensgemaakte voertuig nie. Dit kon so vinnig soos 'n weerligstraal beweeg en selfs skerp links of regs draai! (Esegiël 1:1, 14-28). Ja, Jehovah se organisasie is, soos die almagtige Soewerein wat dit beheer, uiters aanpasbaar en reageer op die immer veranderende situasies en behoeftes wat dit moet hanteer.

---

13. Wat beteken die woord "redelik" soos dit in die Bybel gebruik word, en waarom is hierdie woord 'n gepaste beskrywing van Jehovah?
14, 15. Wat leer Esegiël se visioen van Jehovah se hemelse strydwa ons omtrent die hemelse deel van Jehovah se organisasie, en hoe verskil dit van wêreldse organisasies?

15 Mense kan net probeer om sulke volmaakte aanpasbaarheid na te boots. Maar mense en hulle organisasies is alte dikwels eerder onbuigsaam as aanpasbaar, eerder onredelik as toegewend. Ter toeligting: 'n Reusetenkskip of 'n goederetrein is miskien indrukwekkend wanneer dit by grootte of krag kom. Maar kan enige een van die twee op 'n skielike verandering van omstandighede reageer? As 'n versperring voor 'n goederetrein oor die spoor val, is daar geen sprake van uitdraai nie. Dit is ook nie juis makliker om skielik stil te hou nie. Dit kan 'n swaar goederetrein feitlik twee kilometer neem om stil te hou nadat die rem aangeslaan is! 'n Reusetenkskip kan eweneens nog agt kilometer ver voortbeweeg nadat die enjins afgeskakel is. Selfs wanneer die enjins in trurat gesit is, kan die tenkskip nog drie kilometer ver vaar! Dit is dieselfde met menseorganisasies wat geneig is om onbuigsaam en onredelik te wees. Weens trots weier mense dikwels om hulle by veranderende behoeftes en omstandighede aan te pas. Sulke onbuigsaamheid het al maatskappye bankrot laat gaan en selfs regerings tot 'n val gebring (Spreuke 16:18). Hoe bly kan ons tog wees dat nie Jehovah of sy organisasie enigsins so is nie!

## Hoe Jehovah redelikheid toon

16 Dink weer aan die vernietiging van Sodom en Gomorra. Lot en sy gesin het uitdruklike instruksies van Jehovah se engel ontvang: "Vlug na die bergstreek." Maar dit het nie vir Lot goed geklink nie. "Asseblief tog, Jehovah, nie soontoe nie!" het hy gesmeek. Lot was oortuig dat hy sou sterf as hy na die berge moes vlug en het gepleit dat hy en sy gesin toegelaat word om na 'n nabygeleë stad met die naam Soar te vlug. Wel, dit was Jehovah se voorneme om daardie stad te vernietig. Boonop was Lot se vrese ongegrond. Jehovah sou Lot tog sekerlik in die berge aan die lewe kon hou! Nietemin het Jehovah toegegee aan Lot se smekinge en Soar gespaar.

---

16. Hoe het Jehovah voor die vernietiging van Sodom en Gomorra redelikheid in sy handelinge met Lot getoon?

"Goed dan, ek sal doen wat jy vra. Ek sal nie die dorpie waarvan jy praat, vernietig nie", het die engel vir Lot gesê (Genesis 19:17-22). Was dit nie redelik van Jehovah nie?

17 Jehovah reageer ook op hartgrondige berou en doen altyd wat genadig en reg is. Dink aan wat gebeur het toe die profeet Jona na die goddelose, gewelddadige stad Nineve gestuur is. Toe Jona deur die strate van Nineve gegaan het, was die geïnspireerde boodskap wat hy verkondig het, baie eenvoudig: Die magtige stad sou oor 40 dae vernietig word. Maar omstandighede het dramaties verander. Die Nineviete het berou getoon! – Jona, hoofstuk 3.

18 Dit is insiggewend om Jehovah se reaksie op hierdie veranderde omstandighede met Jona se reaksie te vergelyk. In hierdie geval het Jehovah hom by die situasie aangepas en homself 'n Vergewer van sondes in plaas van "'n magtige vegter" laat word (Eksodus 15:3).* Jona daarenteen was onbuigsaam en glad nie so genadig nie. In plaas van Jehovah se redelikheid te weerspieël, het hy meer soos die goederetrein of die reusetenkskip gereageer wat vroeër gemeld is. Hy het oordeel verkondig, en oordeel moes hulle dus ontvang! Maar Jehovah was geduldig en het sy ongeduldige profeet 'n onvergeetlike les in redelikheid en genade geleer. – Jona, hoofstuk 4.

19 Laastens, Jehovah is redelik in wat hy van ons verwag. Koning Dawid het gesê: "Hy weet goed hoe ons gevorm is, en hy hou in gedagte dat ons stof is" (Psalm 103:14). Jehovah verstaan ons beperkings en ons onvolmaakthede beter as wat ons dit self verstaan. Hy verwag nooit meer van ons

---

* Psalm 86:5 sê dat Jehovah 'goed is en vryelik vergewe'. Toe hierdie psalm in Grieks vertaal is, is die uitdrukking "vergewe vryelik" met *e·pi·ei·kes',* of "redelik", weergegee.

---

17, 18. Hoe het Jehovah deur sy handelinge met die Nineviete getoon dat hy redelik is?
19. (a) Waarom kan ons seker wees dat Jehovah redelik is in wat hy van ons verwag? (b) Hoe toon Spreuke 19:17 dat Jehovah 'n 'goeie en redelike' Meester asook uiters nederig is?

### Vrae om oor te peins

**Eksodus 32:9-14** Hoe het Jehovah nederigheid geopenbaar deur gehoor te gee aan Moses se pleidooi ten behoewe van Israel?

**Rigters 6:36-40** Hoe het Jehovah geduld en redelikheid getoon deur aan Gideon se versoeke te voldoen?

**Psalm 113:1-9** Hoe toon Jehovah dat hy nederig is in sy handelinge met die mensdom?

**Lukas 1:46-55** Wat het Maria geglo is Jehovah se beskouing van nederige en arm mense? Hoe kan sy beskouing ons raak?

as wat ons kan doen nie. Die Bybel vergelyk mensemeesters wat "goed en redelik" is, met dié wat "moeilik is om tevrede te stel" (1 Petrus 2:18). Watter soort Meester is Jehovah? Let op wat Spreuke 19:17 sê: "Die een wat goed is vir die armes, leen aan Jehovah." Dit spreek vanself dat slegs 'n goeie en redelike meester sal let op elke goedhartige daad wat ten behoewe van armes verrig word. Wat meer is, hierdie teks gee te kenne dat die Skepper van die heelal in werklikheid meen dat hy in die skuld staan by die nietige mense wat sulke genadige dade verrig! Dit is nederigheid in die hoogste graad.

[20] Jehovah is net so sagmoedig en redelik in sy handelinge met sy hedendaagse knegte. Wanneer ons in geloof bid, luister hy. En hoewel hy nie engeleboodskappers stuur om met ons te praat nie, moet ons nie tot die slotsom kom dat hy nie ons gebede verhoor nie. Onthou dat die apostel Paulus, toe hy medegelowiges gevra het om 'aan te hou bid' vir sy vrylating uit die gevangenis, bygevoeg het: "Sodat ek nog gouer aan julle teruggegee kan word" (Hebreërs 13:18, 19). Ons gebede kan Jehovah dus beweeg om te doen wat hy andersins nie sou gedoen het nie! – Jakobus 5:16.

---

20. Watter versekering is daar dat Jehovah ons gebede hoor en daarop reageer?



*Jehovah is redelik en verstaan ons beperkings*

21 Nie een van hierdie blyke van Jehovah se nederigheid – sy sagmoedigheid, sy bereidheid om te luister, sy geduld, sy redelikheid – beteken natuurlik dat Jehovah sy regverdige beginsels prysgee nie. Die geestelikes van die Christendom dink dalk dat hulle redelik is wanneer hulle die ore van hulle kuddes streel deur Jehovah se sedelike standaarde af te water (2 Timoteus 4:3, vtn.). Maar die menslike neiging om beginsels uit eiebelang prys te gee, het niks met Goddelike redelikheid te doen nie. Jehovah is heilig; hy sal nooit sy regverdige standaarde verloën nie (Levitikus 11:44). Laat ons dan Jehovah se redelikheid liefhê vir wat dit is – ’n bewys van sy nederigheid. Is dit nie vir jou wonderlik om te dink dat Jehovah God, die wysste Persoon in die heelal, ook uitermate nederig is nie? Wat ’n vreugde is dit tog om nader te kom aan hierdie ontsagwekkende dog sagmoedige, geduldige, redelike God!

---

21. Tot watter slotsom moet ons nooit oor Jehovah se nederigheid kom nie, maar wat moet ons eerder omtrent hom besef?

# Jesus openbaar "God se wysheid"

DIE gehoor was verstom. Die jong man Jesus het voor hulle in die sinagoge gestaan en onderrig gegee. Hulle het hom geken – hy het in hulle stad grootgeword, en hy het jare lank as 'n timmerman onder hulle gewerk. Miskien het party van hulle in huise gewoon wat Jesus help bou het, of dalk het hulle hulle grond bewerk met ploeë en jukke wat hy met sy eie hande gemaak het.* Maar hoe sou hulle reageer op die onderrigting van hierdie voormalige timmerman?

2 Die meeste van dié wat geluister het, was verstom en het gevra: "Waar het hierdie man hierdie wysheid gekry?" Maar hulle het ook gesê: 'Hy is die timmerman, die seun van Maria' (Matteus 13:54-58; Markus 6:1-3). Ongelukkig het Jesus se voormalige bure geredeneer: 'Hierdie timmerman is maar net een van ons.' Hulle het hom ondanks die wysheid van sy woorde verwerp. Min het hulle geweet dat die wysheid wat hy bekend gemaak het, nie sy eie was nie.

3 Waar *het* Jesus hierdie wysheid vandaan gekry? "Wat ek leer, is nie myne nie", het hy gesê, "maar behoort aan hom wat my gestuur het" (Johannes 7:16). Die apostel Paulus het verduidelik dat Jesus "God se wysheid . . . aan ons openbaar" (1 Korintiërs 1:30). Jehovah se wysheid word deur middel van sy Seun, Jesus, geopenbaar. Trouens, dit was in so 'n mate die geval dat Jesus kon sê: "Ek en die Vader is een" (Johannes 10:30). Kom ons ondersoek drie gebiede waarop Jesus "God se wysheid" geopenbaar het.

---

* In Bybeltye het timmermanne huise gebou en meubels asook landbougereedskap gemaak. Justinus die Martelaar, van die tweede eeu HJ, het van Jesus geskryf: "Hy het as 'n timmerman gewerk toe hy onder die mense was en het ploeë en jukke gemaak."

---

1-3. Hoe het Jesus se voormalige bure op sy onderrigting gereageer, en wat omtrent hom het hulle nie besef nie?



## Sy leringe

4 Eerstens, dink aan Jesus se leringe. Die tema van sy boodskap was "die goeie nuus van die Koninkryk" (Lukas 4:43). Dit was baie belangrik weens die rol wat die Koninkryk sou speel om Jehovah se naam te heilig – wat sy reputasie as 'n regverdige Heerser insluit – en blywende seëninge vir die mensdom te bring. Jesus het ook in sy onderrigting wyse raad vir die daaglikse lewe gegee. Hy het getoon dat hy die voorspelde "Wonderlike Raadgewer" was (Jesaja 9:6). Hoe kon sy raad dan anders as wonderlik wees? Hy het 'n grondige kennis van God se Woord en wil gehad, asook 'n goeie begrip van die menslike natuur en groot liefde vir die mensdom. Gevolglik was sy raad altyd prakties en tot voordeel van dié wat na hom geluister het. Jesus het "woorde van die ewige lewe" gespreek. Ja, wanneer sy raad gevolg word, lei dit tot redding. – Johannes 6:68.

5 Die Bergpredikasie is 'n uitstekende voorbeeld van die ongeëwenaarde wysheid wat in die leringe van Jesus gevind word. Hierdie preek, wat in Matteus 5:3–7:27 opgeteken staan, kan waarskynlik in net 20 minute gelewer word. Maar die raad daarin is tydloos – vandag nog net soveel van toepassing as toe dit aanvanklik gegee is. Jesus het 'n groot verskeidenheid onderwerpe gedek, onder meer hoe om beter verhoudinge met ander te geniet (5:23-26, 38-42; 7:1-5, 12), hoe om sedelik rein te bly (5:27-32) en hoe om 'n sinvolle lewe te lei (6:19-24; 7:24-27). Maar Jesus het die mense wat na hom geluister het, nie net *vertel* wat die verstandige weg is nie; hy het hulle ook *gewys* deur te verduidelik, te redeneer en bewyse te gee.

---

4. (a) Wat was die tema van Jesus se boodskap, en waarom was dit baie belangrik? (b) Waarom was Jesus se raad altyd prakties en tot voordeel van dié wat na hom geluister het?
5. Wat is party van die onderwerpe wat Jesus in die Bergpredikasie gedek het?

### *'Die skare was verstom oor die manier waarop hy geleer het'*

6 Dink byvoorbeeld aan Jesus se wyse raad oor hoe om angstigheid oor materiële dinge te verwerk, soos opgeteken in Matteus hoofstuk 6. "Hou op om bekommerd te wees oor julle lewens, oor wat julle sal eet of oor wat julle sal drink, of oor julle liggame, oor wat julle sal aantrek", maan Jesus ons (vers 25). Kos en klere is basiese benodigdhede, en dit is net natuurlik om besorg te wees oor hoe 'n mens dit kan verkry. Maar Jesus sê vir ons om 'op te hou om bekommerd te wees' oor sulke dinge.* Waarom?

7 Luister na Jesus se oortuigende redenasie. Aangesien Jehovah vir ons lewe en 'n liggaam gegee het, kan hy tog sekerlik kos voorsien om daardie lewe te onderhou en klere om daardie liggaam te klee (vers 25). As God voëls van kos voorsien en blomme met prag klee, hoeveel te meer sal hy dan vir sy menslike aanbidders sorg! (vers 26, 28-30). En onnodige kommer het in elk geval geen sin nie. Dit kan ons lewe nie eens met 'n fraksie verleng nie (vers 27).# Hoe kan ons angstigheid vermy? Jesus gee ons die raad: Hou aan om God se aanbidding eerste in die lewe te stel. Diegene wat dit doen, kan die vertroue hê dat al hulle daaglikse behoeftes vir hulle 'bygevoeg sal word' deur hulle hemelse Vader (vers 33). Laastens maak Jesus 'n baie praktiese voorstel – neem een dag op 'n slag. Waarom sal ons môre se bekommernisse by vandag s'n voeg? (vers 34). En waarom sal ons ons onnodig bekommer oor dinge wat dalk nooit sal gebeur nie? As ons hierdie wyse raad toepas, kan dit ons groot verdriet in hierdie spanningsvolle wêreld spaar.

---

* Die Griekse werkwoord wat met "bekommerd" weergegee word, beteken "om die aandag af te trek". Soos dit in Matteus 6:25 gebruik word, verwys dit na kommer en vrees wat die aandag aftrek of verdeel en die lewe van alle vreugde ontneem.

\# Trouens, wetenskaplike navorsing het getoon dat oormatige kommer en spanning hartvatsiekte en 'n menigte ander kwale kan veroorsaak wat die lewe kan verkort.

---

6-8. (a) Watter dwingende redes gee Jesus om angstigheid te vermy? (b) Wat toon dat Jesus se raad wysheid van bo weerspieël?

8 Dit is duidelik dat die raad wat Jesus gegee het, vandag nog net so prakties is as toe dit feitlik 2 000 jaar gelede gegee is. Getuig dit nie van wysheid van bo nie? Selfs die beste raad van menseraadgewers raak verouderd en word gou hersien of vervang. Die leringe van Jesus het egter die toets van die tyd deurstaan. Maar dit behoort ons nie te verbaas nie, want hierdie Wonderlike Raadgewer het "die woorde van God" gespreek. – Johannes 3:34.

## Die manier waarop hy onderrig het

9 ’n Tweede gebied waarop Jesus die wysheid van God weerspieël het, was die manier waarop hy onderrig het. By een geleentheid het ’n paar soldate wat gestuur is om hom in hegtenis te neem, met leë hande teruggekeer en gesê: "Nog nooit het enige mens so gepraat nie" (Johannes 7:45, 46). Dit was geen oordrywing nie. Van alle mense wat nog ooit gelewe het, het Jesus, wat "van daar bo" was, die grootste skat van kennis en ondervinding gehad waarvan hy gebruik kon maak (Johannes 8:23). Hy het waarlik onderrig soos geen ander mens kon onderrig nie. Kyk na net twee van hierdie wyse Leermeester se metodes.

10 *Die doeltreffende gebruik van illustrasies.* "Hierdie dinge het Jesus deur illustrasies vir die skare gesê", word ons vertel. "Ja, sonder ’n illustrasie het hy nie met hulle gepraat nie" (Matteus 13:34). Ons kan nie anders as om ons te verwonder oor sy onvergelyklike vermoë om diep waarhede deur middel van alledaagse dinge aan ander te leer nie. Landbouers wat saad plant, vroue wat deeg aanmaak om brood te bak, kinders wat op die markplein speel, vissers wat nette intrek, herders wat verlore skape soek – dit was dinge wat die mense

---

9. Wat het ’n paar soldate van Jesus se onderrigting gesê, en waarom was dit geen oordrywing nie?

10, 11. (a) Waarom kan ons nie anders as om ons te verwonder oor Jesus se gebruik van illustrasies nie? (b) Wat is gelykenisse, en watter voorbeeld toon waarom Jesus se gelykenisse so ’n doeltreffende onderrigmetode is?

wat na hom geluister het, dikwels gesien het. Wanneer belangrike waarhede met bekende dinge verbind word, word hierdie waarhede gou en diep in die verstand en hart ingeprent. – Matteus 11:16-19; 13:3-8, 33, 47-50; 18:12-14.

11 Jesus het dikwels gelykenisse gebruik, kort stories wat sedelike of geestelike waarhede bevat. Aangesien stories makliker is om te verstaan en te onthou as abstrakte idees, het die gelykenisse gehelp om Jesus se leringe te bewaar. In baie gelykenisse het Jesus sy Vader met lewendige illustrasies beskryf wat nie maklik vergeet kon word nie. Wie kan byvoorbeeld nie verstaan waaroor die gelykenis van die verlore seun gaan nie – wanneer iemand wat afgedwaal het, opregte berou toon, sal Jehovah medelye hê en hom liefdevol terugneem? – Lukas 15:11-32.

12 *Die vaardige gebruik van vrae.* Jesus het vrae gebruik sodat dié wat na hom geluister het, hulle eie gevolgtrekkings kon maak, hulle beweegredes kon ondersoek of besluite kon neem (Matteus 12:24-30; 17:24-27; 22:41-46). Toe die godsdiensleiers dit bevraagteken het of Jesus godgegewe gesag het, het hy geantwoord: "Het Johannes se gesag om te doop uit die hemel of van mense gekom?" Verstom oor die vraag het hulle onder mekaar geredeneer: "As ons sê: 'Uit die hemel,' sal hy vra: 'Hoekom het julle hom dan nie geglo nie?' Maar as ons sê: 'Van mense,' wat sal dan gebeur?" Maar "hulle was bang vir die skare, want die mense het almal geglo dat Johannes werklik 'n profeet was". Uiteindelik het hulle geantwoord: "Ons weet nie" (Markus 11:27-33; Matteus 21:23-27). Met 'n eenvoudige vraag het Jesus hulle sprakeloos gelaat en die verraderlikheid in hulle harte geopenbaar.

13 Jesus het soms metodes gekombineer deur gedagteprikkelende vrae in sy illustrasies in te weef. Toe 'n Joodse regsgeleerde Jesus gevra het wat nodig is om die ewige lewe te

---

12. (a) Hoe het Jesus vrae in sy onderrigting gebruik? (b) Hoe het Jesus dié wat sy gesag bevraagteken het, die swye opgelê?
13-15. Hoe weerspieël die gelykenis van die goedhartige Samaritaan die wysheid van Jesus?

verkry, het Jesus hom na die Wet van Moses verwys, wat beveel dat mense God en hulle naaste moet liefhê. Die man wou wys dat hy regverdig is en het gevra: "En wie is my naaste?" Jesus het geantwoord deur 'n storie te vertel. 'n Joodse man het alleen gereis toe hy deur rowers aangeval is wat hom halfdood agtergelaat het. Twee Jode het daar verbygekom, eers 'n priester en toe 'n Leviet. Albei het hom geïgnoreer. Maar toe het 'n sekere Samaritaan daar aangekom. Ontroer deur jammerte het hy die slagoffer se wonde sagkens verbind en die man liefdevol na die veiligheid van 'n herberg gebring waar hy kon herstel. Jesus het sy storie afgesluit en vir die man wat die vraag gestel het, gevra: "Wat dink jy? Wie van hierdie drie het hom die naaste gemaak van die man wat deur die rowers aangeval is?" Die man was verplig om te antwoord: "Die een wat goed was vir hom." – Lukas 10:25-37.

14 Hoe weerspieël die gelykenis die wysheid van Jesus? In Jesus se dag het die Jode die term "naaste" net op diegene toegepas wat hulle tradisies gehou het – beslis nie op Samaritane nie (Johannes 4:9). Sou dit die vooroordeel uit die weg geruim het as Jesus die storie vertel het met 'n Samaritaanse slagoffer en 'n Joodse helper? Jesus het die storie wyslik so vertel dat 'n Samaritaan liefdevol na 'n Jood omgesien het. Let ook op die vraag wat Jesus aan die einde van die storie gevra het. Hy het die fokus van die term "naaste" verskuif. Die regsgeleerde het in werklikheid gevra: 'Aan wie moet ek naasteliefde betoon?' Maar Jesus het gevra: "Wat dink jy? Wie van hierdie drie het hom ['n] naaste gemaak?" Jesus het die aandag toegespits, nie op die een wat die goedhartigheid *ontvang* het nie, maar op die een wat die goedhartigheid *betoon* het, naamlik die Samaritaan. Iemand wat sy naaste werklik liefhet, neem die inisiatief om liefde aan ander te betoon ongeag hulle etniese agtergrond. Jesus kon sy punt nouliks op 'n doeltreffender wyse gestel het.

15 Geen wonder dat mense verstom was oor "die manier waarop [Jesus] geleer het" en tot hom aangetrokke gevoel

het nie (Matteus 7:28, 29). By een geleentheid het "'n groot skare" drie dae lank by hom gebly, en dit sonder om te eet! – Markus 8:1, 2.

## Sy lewenswyse

[16] 'n Derde gebied waarop Jesus Jehovah se wysheid weerspieël het, was sy lewenswyse. Wysheid is prakties; dit werk. "Wie is wys onder julle?" het die dissipel Jakobus gevra. Toe het hy sy eie vraag beantwoord en gesê: "Laat sy regte gedrag praktiese bewys daarvan lewer" (Jakobus 3:13, *The New English Bible*). Jesus se gedrag het "praktiese bewys" gelewer dat hy deur Goddelike wysheid gerig is. Kom ons kyk hoe hy gesonde oordeel aan die dag gelê het, in sy lewenswyse sowel as in sy handelinge met ander.

[17] Het jy al opgemerk dat mense wat 'n gebrek aan gesonde oordeel het, dikwels tot uiterstes gaan? Ja, dit verg wysheid om gebalanseerd te wees. Jesus het Goddelike wysheid weerspieël deur volkome gebalanseerd te wees. Hy het geestelike dinge heel eerste in sy lewe gestel. Hy was druk besig met die werk om die goeie nuus te verkondig. "Dit is hoekom ek gekom het", het hy gesê (Markus 1:38). Materiële dinge was natuurlik nie vir hom van die grootste belang nie; dit lyk of hy baie min op materiële gebied gehad het (Matteus 8:20). Hy was egter nie 'n askeet nie. Soos sy Vader, "die gelukkige God", was Jesus 'n vreugdevolle persoon, en hy het ander se vreugde vergroot (1 Timoteus 1:11; 6:15). Toe hy 'n huweliksfees bygewoon het – 'n geleentheid wat gewoonlik deur musiek, sang en vreugde gekenmerk word – was hy nie daar om almal se pret te bederf nie. Toe die wyn opraak, het hy water verander in goeie wyn, iets wat "die hart van die mens vrolik maak" (Psalm 104:15; Johannes 2:1-11). Jesus het baie uitnodigings na etes aanvaar, en hy het hierdie geleenthede dikwels gebruik om ander te leer. – Lukas 10:38-42; 14:1-6.

---

16. Hoe het Jesus "praktiese bewys" gelewer dat hy deur Goddelike wysheid gerig is?
17. Wat toon dat Jesus volkome gebalanseerd was in sy lewe?

### Vrae om oor te peins

**Spreuke 8:22-31** Hoe strook die beskrywing van verpersoonlikte wysheid met wat die Bybel oor Jehovah se eersgebore Seun sê?

**Matteus 13:10-15** Hoe het Jesus se illustrasies gehelp om die hartsgesindheid van sy toehoorders te openbaar?

**Johannes 1:9-18** Waarom kon Jesus die wysheid van God openbaar?

**Johannes 13:2-5, 12-17** Hoe het Jesus van 'n aanskouingsles gebruik gemaak, en wat het hy sy apostels daardeur geleer?

18 Jesus het onberispelike oordeel in sy handelinge met ander geopenbaar. Sy insig in die menslike natuur het hom 'n realistiese beskouing van sy dissipels gegee. Hy het goed geweet dat hulle nie volmaak is nie. Tog het hy hulle goeie eienskappe opgemerk. Hy het die potensiaal in hierdie manne gesien wat deur Jehovah getrek is (Johannes 6:44). Jesus was bereid om hulle te vertrou ondanks hulle tekortkominge. Hy het daardie vertroue getoon deur 'n groot verantwoordelikheid aan sy dissipels te gee. Hy het hulle beveel om die goeie nuus te verkondig, en hy het vertroue gestel in hulle vermoë om dié opdrag te vervul (Matteus 28:19, 20). Die boek Handelinge getuig dat hulle die werk wat hy hulle beveel het om te doen, getrou uitgevoer het (Handelinge 2:41, 42; 4:33; 5:27-32). Dit is dus duidelik dat dit wys was van Jesus om hulle te vertrou.

19 Soos ons in Hoofstuk 20 gesien het, verbind die Bybel nederigheid en sagmoedigheid met wysheid. Jehovah stel natuurlik die beste voorbeeld in hierdie opsig. Maar wat van Jesus? Dit is bemoedigend om die nederigheid te sien wat Jesus in sy handelinge met sy dissipels geopenbaar het. As 'n volmaakte man was hy bo hulle verhewe. Tog het hy nie op

---

18. Hoe het Jesus onberispelike oordeel in sy handelinge met sy dissipels geopenbaar?

19. Hoe het Jesus getoon dat hy "saggeaard en nederig van hart" is?

sy dissipels neergesien nie. Hy het nooit probeer om hulle minderwaardig of onbekwaam te laat voel nie. Inteendeel, hy het hulle beperkings in ag geneem en was geduldig met hulle tekortkominge (Markus 14:34-38; Johannes 16:12). Is dit nie betekenisvol dat selfs kinders op hulle gemak gevoel het by Jesus nie? Hulle het ongetwyfeld tot hom aangetrokke gevoel omdat hulle besef het dat hy "saggeaard en nederig van hart" is. – Matteus 11:29; Markus 10:13-16.

20 Jesus het Goddelike nederigheid in nog 'n belangrike opsig getoon. Hy was redelik, of toegewend, wanneer genade dit gepas gemaak het. Dink byvoorbeeld aan die keer toe 'n nie-Joodse vrou hom gesmeek het om haar dogter gesond te maak wat verskriklik gely het omdat sy 'n demoon in haar gehad het. Jesus het aanvanklik op drie maniere getoon dat hy haar nie gaan help nie – eerstens deur haar nie te antwoord nie; tweedens deur reguit te sê dat hy nie na die nie-Jode gestuur is nie, maar na die Jode; en derdens deur 'n illustrasie te gee wat dieselfde punt op liefdevolle wyse toegelig het. Maar die vrou het volhard en sodoende uitsonderlike geloof getoon. Hoe het Jesus in die lig van hierdie buitengewone situasie gereageer? Hy het gedoen juis wat hy aangedui het hy nie sou doen nie. Hy het die vrou se dogter gesond gemaak (Matteus 15:21-28). Merkwaardige nederigheid, nie waar nie? En onthou, nederigheid is die grondslag van ware wysheid.

21 Hoe dankbaar kan ons tog wees dat die Evangelies vir ons die woorde en dade openbaar van die wysste mens wat nog gelewe het! Laat ons onthou dat Jesus 'n volmaakte weerspieëling van sy Vader was. As ons die persoonlikheid, woorde en handelswyse van Jesus navolg, sal ons die wysheid van bo aankweek. In die volgende hoofstuk sal ons sien hoe ons Goddelike wysheid in ons lewe kan toepas.

---

20. Hoe het Jesus redelikheid getoon in sy handelinge met die nie-Joodse vrou wie se dogter 'n demoon in haar gehad het?
21. Waarom moet ons die persoonlikheid, woorde en handelswyse van Jesus probeer navolg?

# Het "die wysheid van bo" 'n invloed op jou lewe?

DIT was 'n moeilike saak – twee vrouens het oor 'n baba gestry. Die vrouens het 'n huis gedeel, en albei het aan 'n seuntjie geboorte gegee, die een 'n paar dae ná die ander. Een van die babas het gesterf, en nou het elkeen van die vroue beweer dat sy die ma van die lewende baba is.* Daar was geen getuies van wat gebeur het nie. Die saak is waarskynlik in 'n laer hof verhoor, maar daar was geen beslissing nie. Uiteindelik is die geskil na Salomo, die koning van Israel, geneem. Sou hy kon uitvind wat die waarheid is?

2 Nadat Salomo 'n ruk geluister het terwyl die vrouens gestry het, het hy gesê dat 'n swaard gebring moet word. Toe het hy met oënskynlike oortuiging beveel dat die kind in twee gesny en 'n helfte aan elke vrou gegee moet word. Dadelik het die werklike ma die koning gesmeek om die baba – haar kosbare kind – vir die ander vrou te gee. Maar die ander vrou het daarop aangedring dat die kind in twee gesny moet word. Nou het Salomo geweet wat die waarheid is. Hy het geweet dat 'n ma tere gevoelens het vir die kind aan wie sy geboorte gegee het, en hy het hierdie kennis gebruik om die geskil te besleg. Stel jou die ma se verligting voor toe Salomo vir haar die baba gegee en gesê het: "Sy is sy ma." – 1 Konings 3:16-27.

---

* Volgens 1 Konings 3:16 was die twee vroue prostitute. *Insight on the Scriptures* sê: "Hierdie vrouens was moontlik prostitute, nie in 'n kommersiële sin nie, maar vroue wat hoerery gepleeg het. Hulle was óf Joodse vroue óf heel moontlik vroue van vreemde afkoms." – Uitgegee deur Jehovah se Getuies.

---

1-3. (a) Hoe het Salomo buitengewone wysheid aan die dag gelê in die manier waarop hy 'n saak oor moederskap hanteer het? (b) Wat belowe Jehovah om aan ons te gee, en watter vrae ontstaan?

3 Buitengewone wysheid, nie waar nie? Toe die volk hoor hoe Salomo die saak opgelos het, is hulle met ontsag vervul, "want hulle het gesien dat hy wysheid van God ontvang het". Ja, Salomo se wysheid was 'n Goddelike gawe. Jehovah het hom "'n wyse en verstandige hart" gegee (1 Konings 3: 12, 28). Maar wat van ons? Kan ons ook Goddelike wysheid ontvang? Ja, want Salomo het onder inspirasie geskryf: "Jehovah gee wysheid" (Spreuke 2:6). Jehovah belowe om wysheid – die vermoë om kennis, begrip en onderskeidingsvermoë goed te benut – aan dié te gee wat opreg daarna soek. Hoe kan ons wysheid van bo verkry? En hoe kan ons dit in ons lewe toepas?

## "Verkry . . . wysheid" – Hoe?

4 Moet ons baie intelligent of hoog geleerd wees om Goddelike wysheid te ontvang? Nee. Jehovah is bereid om van sy wysheid aan ons te gee ongeag ons agtergrond of opvoeding (1 Korintiërs 1:26-29). Maar ons moet die inisiatief neem, want die Bybel spoor ons aan: "Verkry . . . wysheid" (Spreuke 4:7). Hoe kan ons dit doen?

5 Eerstens, ons moet God vrees. "Vrees vir Jehovah is die begin van wysheid ["die eerste stap tot wysheid", *The New English Bible*]", sê Spreuke 9:10. Vrees vir God is die grondslag van ware wysheid. Waarom? Onthou dat wysheid die vermoë behels om kennis met welslae te gebruik. Om God te vrees, beteken nie om voor hom te bewe van angs nie, maar om voor hom te buig in ontsag, eerbied en vertroue. Hierdie vrees is heilsaam en 'n kragtige dryfveer. Dit beweeg ons om ons lewe in ooreenstemming te bring met ons kennis van God se wil en weë. Daar is geen wyser weg vir ons om te volg nie, want Jehovah se standaarde strek altyd diegene wat dit volg, tot voordeel.

6 Tweedens, ons moet nederig en beskeie wees. Goddelike wysheid kan nie sonder nederigheid en beskeidenheid bestaan nie (Spreuke 11:2). Hoe so? As ons nederig en beskeie

---

4-7. Wat is vier vereistes om wysheid te verkry?

is, is ons bereid om te erken dat ons nie alles weet nie, dat ons menings nie altyd reg is nie en dat ons Jehovah se denke oor sake moet leer ken. Jehovah "staan die hoogmoediges teë", maar hy gee met graagte wysheid aan dié wat nederig van hart is. – Jakobus 4:6.

7 'n Derde vereiste is om God se geskrewe Woord te bestudeer. Jehovah se wysheid word in sy Woord geopenbaar. Om daardie wysheid te verwerf, moet ons ons inspan om daarna te soek (Spreuke 2:1-5). 'n Vierde vereiste is gebed. As ons God opreg om wysheid vra, sal hy dit oorvloedig gee (Jakobus 1:5). Ons gebede vir die hulp van sy gees sal nie onverhoord bly nie. En sy gees kan ons in staat stel om skatte in sy Woord te vind wat ons kan help om probleme op te los, gevare te vermy en wyse besluite te maak. – Lukas 11:13.

8 Soos ons in Hoofstuk 17 gesien het, is Jehovah se wysheid prakties. As ons werklik Goddelike wysheid verkry het, sal dit dus in ons handelswyse gesien kan word. Die dissipel Jakobus het die vrugte van Goddelike wysheid beskryf toe hy gesê het: "Die wysheid van bo is in die eerste plek rein, dan vreedsaam, redelik, bereid om te gehoorsaam, vol genade en goeie vrugte, onpartydig en nie skynheilig nie" (Jakobus 3:17). Terwyl ons elkeen van hierdie aspekte van Goddelike wysheid bespreek, kan ons ons afvra: 'Het die wysheid van bo 'n invloed op my lewe?'

## "Rein, dan vreedsaam"

9 *"In die eerste plek rein."* Om rein te wees, beteken om onbesmet te wees, nie net uiterlik nie maar ook innerlik. Die Bybel verbind wysheid met die hart, maar hemelse wysheid kan nie in 'n hart inkom wat besoedel is met goddelose gedagtes, begeertes en beweegredes nie (Spreuke 2:10; Matteus 15:19, 20). As ons hart egter rein is – dit wil sê sover dit vir

---

8. Waaraan sal dit gesien kan word as ons werklik Goddelike wysheid verkry het?
9. Wat beteken dit om rein te wees, en waarom is dit gepas dat reinheid die eerste eienskap van wysheid is wat genoem word?


onvolmaakte mense moontlik is – sal ons 'wegdraai van wat sleg is en doen wat goed is' (Psalm 37:27; Spreuke 3:7). Is dit nie gepas dat reinheid die eerste eienskap van wysheid is wat genoem word nie? Hoe kan ons per slot van rekening die ander eienskappe van die wysheid van bo ten volle weerspieël as ons nie sedelik en geestelik rein is nie?

10 *"Dan vreedsaam."* Hemelse wysheid beweeg ons om vrede na te streef, wat 'n aspek van die vrug van God se gees is (Galasiërs 5:22). Ons probeer om nie die "band van vrede" wat Jehovah se volk verenig, te ontwrig nie (Efesiërs 4:3). Ons doen ook ons bes om vrede te herstel wanneer dit versteur is. Waarom is dit belangrik? Die Bybel sê: "Hou aan . . . om in vrede te lewe. Dan sal die God van liefde en vrede met julle wees" (2 Korintiërs 13:11). Solank ons aanhou om vreedsaam te lewe, sal die God van vrede dus met ons wees. Die manier waarop ons ons medeaanbidders behandel, het 'n regstreekse uitwerking op ons verhouding met Jehovah. Hoe kan ons toon dat ons vredemakers is? Kyk na 'n voorbeeld.

11 Wat moet jy doen as jy besef dat jy 'n medeaanbidder aanstoot gegee het? Jesus het gesê: "As jy dan jou offer na die altaar bring en jy daar onthou dat jou broer iets teen jou het, los jou offer daar voor die altaar en gaan weg. Maak eers vrede met jou broer en kom dan terug en bring jou offer" (Matteus 5:23, 24). Jy kan hierdie raad toepas deur die inisiatief te neem om na jou broer toe te gaan. Met watter doel? Om 'vrede te maak' met hom.* Om dit te doen, moet

* Die Griekse uitdrukking wat met 'maak vrede' vertaal word, is al so weergegee: "Om vyandskap in vriendskap te verander; om versoen te raak; om weer normale verhoudinge of harmonie te hê." Jou doel is dus om 'n verandering te bewerkstellig, om indien moontlik kwade gevoelens uit die gekrenkte persoon se hart te verwyder. – Romeine 12:18.

10, 11. (a) Waarom is dit belangrik dat ons vreedsaam moet wees? (b) Hoe kan jy toon dat jy 'n vredemaker is wanneer jy besef dat jy 'n medeaanbidder aanstoot gegee het? (Sien ook voetnoot.)



***As ons Goddelike wysheid wil verkry, moet ons ons inspan om daarna te soek***

jy moontlik erken dat hy seergemaak is en dit nie net ignoreer nie. As jy hom nader met die doel om vrede te herstel en dié gesindheid behou, kan enige misverstand moontlik uit die weg geruim word, kan daar gepas om verskoning gevra word en kan vergifnis geskenk word. As jy jou inspan om vrede te maak, toon jy dat jy deur Goddelike wysheid gerig word.

## "Redelik, bereid om te gehoorsaam"

12 *"Redelik."* Wat beteken dit om redelik te wees? Volgens geleerdes is die oorspronklike Griekse woord wat in Jakobus 3:17 met "redelik" weergegee word, moeilik om te vertaal. Die woord dra die gedagte oor dat 'n mens toegeeflik moet wees. Vertalers het woorde soos "vriendelik", "ver-

---

12, 13. (a) Wat beteken die woord wat in Jakobus 3:17 met "redelik" weergegee word? (b) Hoe kan ons toon dat ons redelik is?

draagsaam" en "bedagsaam" gebruik. Hoe kan ons toon dat hierdie aspek van die wysheid van bo 'n invloed op ons het?

13 "Laat julle redelikheid aan alle mense bekend word", sê Filippense 4:5. 'n Ander vertaling lui: "Julle moet daarvoor bekend wees dat julle redelik is" (*The New Testament in Modern English,* deur J. B. Phillips). Let daarop dat dit nie soseer 'n kwessie is van hoe ons onsself beskou nie; dit is 'n kwessie van hoe ander ons beskou, van hoe ons bekend staan. 'n Redelike persoon dring nie altyd daarop aan dat die letter van die wet in alles gevolg moet word of dat alles op sy manier gedoen moet word nie. Hy is eerder bereid om na ander te luister en, wanneer dit gepas is, aan hulle wense toe te gee. Hy behandel ander ook vriendelik, nie hard of kwaai nie. Hoewel dit noodsaaklik is vir alle Christene, is dit veral belangrik vir diegene wat as ouermanne dien. Vriendelikheid trek mense aan en maak ouermanne genaakbaar (1 Tessalonisense 2:7, 8). Dit sal goed wees as ons almal ons afvra: 'Is ek daarvoor bekend dat ek bedagsaam, toegewend en vriendelik is?'

14 *"Bereid om te gehoorsaam."* Die Griekse woord wat met "bereid om te gehoorsaam" weergegee word, kom nêrens anders in die Christelike Griekse Geskrifte voor nie. Volgens een geleerde word hierdie woord "dikwels in verband met militêre dissipline gebruik". Dit dra die gedagte oor van "maklik om oorreed te word" en "onderdanig". Iemand wat deur die wysheid van bo gerig word, onderwerp hom geredelik aan wat die Skrif sê. Hy is nie bekend as iemand wat op iets besluit en dan weier om beïnvloed te word deur enige feite wat bots met sy besluit nie. Inteendeel, hy verander gou wanneer duidelike Skriftuurlike bewyse aan hom voorgelê word dat hy 'n verkeerde standpunt ingeneem of verkeerde gevolgtrekkings gemaak het. Is dit hoe ander jou ken?

---

14. Hoe kan ons toon dat ons "bereid [is] om te gehoorsaam"?

## "Vol genade en goeie vrugte"

15 *"Vol genade en goeie vrugte."** Genade is 'n belangrike aspek van die wysheid van bo, want die vers sê dat hierdie wysheid *"vol* genade" is. Let daarop dat "genade" en "goeie vrugte" saam gemeld word. Dit is gepas, want in die Bybel verwys genade meestal na 'n daadwerklike besorgdheid oor ander, medelye wat 'n oorvloed goedhartige dade voortbring. Een naslaanwerk omskryf genade as "'n gevoel van jammerte oor iemand se slegte situasie en die strewe om iets daaromtrent te doen". Goddelike wysheid is dus nie onverskillig, gevoelloos of bloot intellektueel nie. Dit is eerder hartlik, opreg en sensitief. Hoe kan ons toon dat ons vol genade is?

16 'n Belangrike manier is ongetwyfeld deur die goeie nuus van God se Koninkryk aan ander bekend te maak. Wat beweeg ons om hierdie werk te doen? Dit is hoofsaaklik liefde vir God. Maar ons word ook beweeg deur genade, of medelye met ander (Matteus 22:37-39). Baie is vandag "verwaarloos en sleg behandel, soos skape sonder 'n herder" (Matteus 9:36). Hulle is geestelik verwaarloos en verblind deur valse godsdiensherders. Gevolglik weet hulle nie van die wyse leiding in God se Woord of van die seëninge wat die Koninkryk binnekort vir hierdie aarde gaan bring nie. Wanneer ons dan nadink oor die geestelike behoeftes van die mense om ons, beweeg ons opregte medelye ons om alles in ons vermoë te doen om hulle van Jehovah se liefdevolle voorneme te vertel.

---

* 'n Ander vertaling gee hierdie woorde weer met "vol medelye en goeie dade". – *A Translation in the Language of the People,* deur Charles B. Williams.

---

15. Wat is genade, en waarom is dit gepas dat "genade" en "goeie vrugte" saam gemeld word in Jakobus 3:17?

16, 17. (a) Wat behalwe liefde vir God beweeg ons om aan die predikingswerk deel te neem, en waarom? (b) Op watter maniere kan ons toon dat ons vol genade is?

17 Op watter ander maniere kan ons toon dat ons vol genade is? Dink weer aan Jesus se gelykenis van die Samaritaan wat ’n reisiger langs die pad gevind het waar hy gelê het nadat hy beroof en geslaan is. Ontroer deur medelye was die Samaritaan ‘goed vir hom’ en het hy die slagoffer se wonde verbind en vir hom gesorg (Lukas 10:29-37). Lig dit nie toe dat genade beteken dat ons praktiese hulp moet verleen aan dié wat dit nodig het nie? Die Bybel sê dat ons “goed [moet] doen aan almal, maar veral aan ons medegelowiges” (Galasiërs 6:10). Dink aan ’n paar moontlikhede. ’n Bejaarde medegelowige het dalk vervoer na en van Christelike vergaderinge nodig. ’n Weduwee in die gemeente het miskien hulp nodig met herstelwerk aan haar huis (Jakobus 1:27). Iemand wat mismoedig is, het dalk “’n goeie woord” nodig om hom op te beur (Spreuke 12:25). Wanneer ons op hierdie maniere genade bewys, toon ons dat die wysheid van bo ’n invloed op ons het.

## “Onpartydig en nie skynheilig nie”

18 *“Onpartydig.”* Goddelike wysheid styg bo rassevooroordeel en volkstrots uit. As ons deur hierdie wysheid gerig word, probeer ons enige neiging om sommige voor te trek, met wortel en tak uit ons hart uitroei (Jakobus 2:9). Ons begunstig ander nie op grond van hulle geleerdheid, finansiële posisie of gemeentelike verantwoordelikheid nie; ons sien ook nie op enige van ons medeaanbidders neer, ongeag hoe eenvoudig hulle skynbaar is nie. As Jehovah sulke mense waardig ag om *sy* liefde te ontvang, moet ons hulle beslis waardig ag om *ons* liefde te ontvang.

19 *“Nie skynheilig nie.”* Die Griekse woord vir “skynheilige” kan verwys na “’n akteur wat ’n rol gespeel het”. In

---

18. Wat moet ons met wortel en tak uit ons hart probeer uitroei as ons deur die wysheid van bo gerig word, en waarom?

19, 20. (a) Wat is die agtergrond van die Griekse woord vir “skynheilige”? (b) Hoe toon ons “opregte broederlike liefde”, en waarom is dit belangrik?



***Wanneer ons genade, of medelye, aan ander bewys, weerspieël ons "die wysheid van bo"***

die ou tyd het Griekse en Romeinse akteurs groot maskers gedra wanneer hulle opgetree het. Gevolglik is die Griekse woord vir "skynheilige" toegepas op iemand wat voorgee, of iemand wat ander bedrieg. Hierdie aspek van Goddelike wysheid moet nie net ’n uitwerking hê op hoe ons medegelowiges behandel nie, maar ook op hoe ons oor hulle voel.

20 Die apostel Petrus het gesê dat 'gehoorsaamheid aan die waarheid' tot "opregte broederlike liefde" moet lei (1 Petrus 1:22). Ja, ons geneentheid vir ons broers moet nie net vir die skyn wees nie. Ons dra nie maskers of speel nie toneel om ander te bedrieg nie. Ons geneentheid moet opreg, uit die hart wees. As dit die geval is, sal ons die vertroue van ons medegelowiges wen, want hulle sal weet dat ons nie voorgee om iets te wees wat ons nie is nie. Sulke opregtheid maak openhartige en eerlike verhoudinge tussen Christene moontlik en bevorder ’n atmosfeer van vertroue in die gemeente.

### Vrae om oor te peins

**Deuteronomium 4:4-6** Hoe toon ons dat ons wys is?

**Psalm 119:97-105** Hoe sal dit ons tot voordeel strek as ons God se Woord ywerig bestudeer en toepas?

**Spreuke 4:10-13, 20-27** Waarom het ons Jehovah se wysheid nodig?

**Jakobus 3:1-16** Hoe kan dié aan wie toesig in die gemeente toevertrou is, toon dat hulle wys en verstandig is?

## "Bewaar praktiese wysheid"

21 Goddelike wysheid is 'n gawe van Jehovah, een wat ons moet bewaar. Salomo het gesê: "My seun, . . . bewaar praktiese wysheid en denkvermoë" (Spreuke 3:21). Ongelukkig het Salomo self versuim om dit te doen. Hy het wys gebly solank hy 'n gehoorsame hart behou het. Maar op die ou end het al sy uitlandse vrouens sy hart van Jehovah se rein aanbidding laat afwyk (1 Konings 11:1-8). Salomo se uiteinde lig toe dat kennis nie veel beteken as ons dit nie reg gebruik nie.

22 Hoe kan ons praktiese wysheid bewaar? Ons moet nie net die Bybel en die Bybelpublikasies wat deur "die getroue en verstandige slaaf" voorsien word, gereeld lees nie, maar ons moet ook probeer toepas wat ons leer (Matteus 24:45). Ons het alle rede om Goddelike wysheid toe te pas. Dit beteken 'n beter lewenswyse nou. Dit stel ons in staat om "'n stewige houvas op die werklike lewe [te] kry" – die lewe in God se nuwe wêreld (1 Timoteus 6:19). En bowenal, as ons die wysheid van bo aankweek, sal ons nader kom aan die Bron van alle wysheid, Jehovah God.

---

21, 22. (a) Hoe het Salomo versuim om wysheid te bewaar? (b) Hoe kan ons wysheid bewaar, en hoe sal dit ons tot voordeel strek as ons dit doen?

DEEL 4

# "GOD IS LIEFDE"

*Van al Jehovah se eienskappe is liefde die vernaamste. Dit is ook die eienskap wat ons die meeste tot hom aantrek. Wanneer ons die pragtige fasette van hierdie juweelagtige eienskap ondersoek, sal ons sien waarom die Bybel sê: "God is liefde."*
*– 1 Johannes 4:8.*



# 'Hy het ons eerste liefgehad'

OP 'N lentedag amper 2 000 jaar gelede is 'n onskuldige man verhoor, skuldig verklaar aan misdade wat hy nooit gepleeg het nie en toe doodgemartel. Dit was nie die eerste wrede en onregverdige teregstelling in die geskiedenis nie; en ongelukkig was dit ook nie die laaste nie. Maar hierdie dood was anders as enige ander dood.

2 Terwyl hierdie man sy laaste, pynlike ure deurgemaak het, het tekens aan die hemele getoon hoe belangrik die gebeurtenis was. Hoewel dit die middel van die dag was, het die land skielik donker geword. Soos 'n geskiedskrywer dit gestel het: "Die sonlig het verdwyn" (Lukas 23:44, 45). Toe, net voordat die man sy laaste asem uitgeblaas het, het hy hierdie onvergeetlike woorde gespreek: "Dit is afgehandel!" Ja, deur sy lewe af te lê, het hy iets wonderliks bereik. Sy offerande was die grootste daad van liefde wat ooit deur 'n mens verrig is. – Johannes 15:13; 19:30.

3 Dié man was natuurlik Jesus Christus. Sy lyding en dood op daardie sombere dag, 14 Nisan 33 HJ, is welbekend. Maar 'n belangrike feit word dikwels geïgnoreer. Hoewel Jesus verskriklik gely het, het iemand anders nog meer gely. Trouens, iemand anders het daardie dag 'n selfs groter opoffering gemaak – die grootste daad van liefde wat ooit deur enige iemand in die heelal verrig is. Wat was daardie daad? Die antwoord bied 'n gepaste inleiding tot die allerbelangrikste onderwerp: Jehovah se liefde.

---

1-3. Wat is enkele faktore wat Jesus se dood anders as enige ander dood in die geskiedenis gemaak het?

## *"God het . . . sy eniggebore Seun gegee"*

## Die grootste daad van liefde

4 Die Romeinse bevelvoerder oor honderd wat toesig gehou het oor Jesus se teregstelling, het hom verwonder oor die donkerte wat Jesus se dood voorafgegaan het, asook oor die geweldige aardbewing wat daarop gevolg het. "Hy was beslis God se Seun", het hy gesê (Matteus 27:54). Dit was duidelik dat Jesus nie 'n gewone mens was nie. Daardie soldaat het gehelp om die eniggebore Seun van die Allerhoogste God te-reg te stel! Presies hoe kosbaar was hierdie Seun vir sy Vader?

5 Die Bybel noem Jesus "die eersgeborene van die hele skepping" (Kolossense 1:15). Dink net – Jehovah se Seun het voor die fisiese heelal bestaan. Hoe lank was Vader en Seun dan saam? Party wetenskaplikes skat dat die heelal 13 miljard jaar oud is. Kan jy jou selfs voorstel hoe lank dit is? Om mense te help verstaan hoe oud die heelal volgens die skatting van wetenskaplikes is, het een planetarium 'n 110 meter lange tydkaart vertoon. Wanneer besoekers al langs dié tydkaart loop, verteenwoordig elke tree wat hulle gee, ongeveer 75 miljoen jaar in die bestaan van die heelal. Aan die einde van die tydkaart word die hele mensegeskiedenis deur 'n strepie so dik soos 'n mensehaar verteenwoordig! Maar selfs al is hierdie skatting reg, sou daardie *hele* tydkaart nie lank genoeg wees om die lewensduur van Jehovah se Seun te verteenwoordig nie! Waarmee was hy gedurende al daardie eeue besig?

6 Die Seun het vreugdevol as sy Vader se "meesterwerker" gedien (Spreuke 8:30). Die Bybel sê: "sonder [die Seun] het nie 'n enkele ding ontstaan nie" (Johannes 1:3). Jehovah en sy Seun het dus saam gewerk om alle ander dinge te skep. Watter opwindende, vreugdevolle tye het hulle tog geniet!

---

4. Wat het 'n Romeinse soldaat laat besef dat Jesus nie 'n gewone mens was nie, en tot watter slotsom het daardie soldaat gekom?
5. Hoe kan die ontsaglike lang tyd wat Jehovah en sy Seun saam in die hemel deurgebring het, toegelig word?
6. (a) Waarmee was Jehovah se Seun gedurende sy voormenslike bestaan besig? (b) Watter soort band bestaan daar tussen Jehovah en sy Seun?

Baie sal saamstem dat die liefde tussen ouer en kind verbasend sterk is. En liefde "is 'n volmaakte band van eenheid" (Kolossense 3:14). Wie van ons kan ons dan enigsins voorstel hoe sterk 'n band is wat so ontsettend lank bestaan het? Dit is duidelik dat Jehovah God en sy Seun verenig is deur die sterkste band van liefde wat nog ooit gesmee is.

7 Nietemin het die Vader sy Seun aarde toe gestuur om as 'n mensebaba gebore te word. Dit het beteken dat Jehovah intieme assosiasie met sy geliefde Seun in die hemel vir 'n paar dekades moes prysgee. Hy het met groot belangstelling vanuit die hemel toegekyk terwyl Jesus opgegroei en 'n volmaakte man geword het. Jesus is gedoop toe hy omtrent 30 jaar oud was. Ons hoef nie te raai hoe Jehovah oor hom gevoel het nie. Die Vader het self vanuit die hemel gepraat: "Dit is my geliefde Seun, wat ek goedgekeur het" (Matteus 3:17). Dit moes die Vader baie bly gemaak het om te sien dat Jesus getrou alles doen wat voorspel is, alles wat van hom verwag is! – Johannes 5:36; 17:4.

8 Maar hoe het Jehovah op 14 Nisan 33 HJ gevoel? Hoe het hy gevoel toe Jesus verraai en daarna in die nag deur 'n oproerige skare in hegtenis geneem is? Toe Jesus se vriende hom in die steek gelaat het en hy aan 'n onwettige verhoor onderwerp is? Toe hy bespot, daar op hom gespoeg en hy met vuiste geslaan is? Toe hy met 'n gésel geslaan is totdat sy rug die ene skeurwonde was? Toe hy aan sy hande en voete aan 'n houtpaal genael is en daar gehang het terwyl mense hom beledig het? Hoe het die Vader gevoel toe sy geliefde Seun hom aangeroep het terwyl hy in hewige pyn verkeer het? Hoe het Jehovah gevoel toe Jesus sy laaste asem uitgeblaas het en sy dierbare Seun vir die eerste keer van die begin van die hele skepping af nie bestaan het nie? – Matteus 26:14-16, 46, 47, 56, 59, 67; 27:38-44, 46; Johannes 19:1.

---

7. Hoe het Jehovah sy gevoelens oor sy Seun uitgedruk toe Jesus gedoop is?

8, 9. (a) Wat het Jesus op 14 Nisan 33 HJ deurgemaak, en hoe het dit sy hemelse Vader geraak? (b) Waarom het Jehovah toegelaat dat sy Seun ly en sterf?

9 Woorde ontbreek ons. Aangesien Jehovah gevoelens het, kan ons die pyn wat hy oor die dood van sy Seun verduur het, nie in woorde uitdruk nie. Wat uitgedruk *kan* word, is watter beweegrede Jehovah gehad het om toe te laat dat dit gebeur. Waarom het die Vader homself aan hierdie gevoelens onderwerp? Jehovah openbaar iets wonderliks aan ons in Johannes 3:16 – 'n Bybelvers wat so belangrik is dat dit al die klein Evangelie genoem is. Dit sê: "God het die wêreld so liefgehad dat hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat geloof in hom beoefen, nie vernietig sal word nie, maar die ewige lewe kan hê." Jehovah se beweegrede het dus hierop neergekom: liefde. Jehovah se gawe – die feit dat hy sy Seun gestuur het om vir ons te ly en te sterf – was die grootste daad van liefde van alle tye.

## Definisie van Goddelike liefde

10 Wat beteken hierdie woord "liefde"? Liefde is al beskryf as die mens se grootste behoefte. Mense soek van die wieg tot die graf na liefde, floreer daarop, kwyn weg en sterf selfs weens 'n gebrek daaraan. Dit is nietemin verbasend moeilik om dit te definieer. Mense praat natuurlik baie oor liefde. Daar is 'n eindelose stroom boeke, liedjies en gedigte daaroor. Al hierdie dinge maak nie altyd die betekenis van liefde duidelik nie. Trouens, die woord word so baie gebruik dat dit lyk of die werklike betekenis daarvan net al hoe vaer word.

11 Wat die Bybel oor liefde leer, is egter baie duidelik. Vine se *Expository Dictionary of New Testament Words* sê: "Liefde kan slegs herken word aan die dade waartoe dit aanleiding gee." Die Bybelverslag van Jehovah se dade leer ons baie van sy liefde – die tere geneentheid wat hy vir sy skepsele het.

---

10. Watter behoefte het mense, en wat het met die betekenis van die woord "liefde" gebeur?

11, 12. (a) Waar kan ons baie van liefde leer, en waarom daar? (b) Watter soorte liefde is in Ou Grieks omskryf, en watter woord vir "liefde" word die meeste in die Christelike Griekse Geskrifte gebruik? (Sien ook voetnoot.) (c) Watter betekenis dra die woord *a·ga'pe* dikwels in die Bybel oor?

Wat kan byvoorbeeld meer omtrent hierdie eienskap openbaar as Jehovah se allergrootste daad van liefde wat vroeër beskryf is? In die volgende hoofstukke sal ons baie ander voorbeelde sien van hoe Jehovah se liefde daadwerklik getoon is. Ons kan ook insig verkry uit die oorspronklike woorde vir "liefde" wat in die Bybel gebruik word. In Ou Grieks was daar vier woorde vir "liefde".* Die een wat die meeste in die Christelike Griekse Geskrifte gebruik word, is *a·ga'pe.* Een Bybelwoordeboek noem dit "die kragtigste woord denkbaar vir liefde". Waarom?

12 Soos dit in die Bybel gebruik word, dra *a·ga'pe* dikwels die gedagte oor van liefde wat deur beginsels gerig word. Dit is dus meer as net 'n emosionele reaksie op 'n ander persoon. Dit is breër in omvang, meer deurdag en berus op doelbewuste oorweging. Bowenal is Christelike liefde heeltemal onselfsugtig. Kyk byvoorbeeld weer na Johannes 3:16. Wat is "die wêreld" wat God so liefgehad het dat hy sy eniggebore Seun gegee het? Dit is die wêreld van loskoopbare mense. Dit sluit baie mense in wat 'n sondige lewe lei. Het Jehovah elkeen as 'n persoonlike vriend lief, soos hy getroue Abraham liefgehad het? (Jakobus 2:23). Nee, maar uit liefde bewys Jehovah goedheid aan almal, al verg dit 'n groot opoffering van hom. Hy wil hê dat almal berou moet toon en hulle weë moet verander (2 Petrus 3:9). Baie doen dit. Hy neem hulle met vreugde as sy vriende aan.

13 Party het egter die verkeerde idee van die Bybel se gebruik van *a·ga'pe.* Hulle dink dat dit 'n koue, intellektuele

---

* Die werkwoord *fi·le'o,* wat beteken "om geneentheid te hê vir, om lief te wees vir, of om te hou van (soos 'n mens moontlik oor 'n hegte vriend of broer voel)", word dikwels in die Christelike Griekse Geskrifte gebruik. 'n Vorm van die woord *stor·ge',* of innige familieliefde, word in 2 Timoteus 3:3 gebruik om te toon dat daar gedurende die laaste dae 'n groot gebrek aan hierdie liefde sal wees. *E'ros,* of romantiese liefde tussen die geslagte, word nie in die Christelike Griekse Geskrifte gebruik nie, hoewel hierdie soort liefde in die Bybel bespreek word. – Spreuke 5:15-20.

---

13, 14. Wat toon dat Christelike liefde dikwels innige geneentheid insluit?

soort liefde is. Feit is dat Christelike liefde dikwels innige persoonlike geneentheid insluit. Byvoorbeeld, toe Johannes geskryf het: "Die Vader het die Seun lief", het hy 'n vorm van die woord *a·ga'pe* gebruik (Johannes 3:35). Is hierdie liefde sonder innige geneentheid? Nee. In Johannes 5:20, in die oorspronklike taal, het Jesus 'n vorm van die woord *fi·le'o* (tere geneentheid) gebruik. Jehovah se liefde sluit dikwels tere geneentheid in. Maar sy liefde word nooit deur blote sentiment gelei nie. Dit word altyd deur sy wyse en regverdige beginsels gerig.

14 Soos ons gesien het, is al Jehovah se eienskappe voortreflik, volmaak en aantreklik. Maar liefde is die aantreklikste. Niks anders trek ons so kragtig tot Jehovah aan nie. Gelukkig is liefde ook sy vernaamste eienskap. Hoe weet ons dit?

## "God is liefde"

15 Die Bybel sê iets van liefde wat dit nooit van Jehovah se ander hoofeienskappe sê nie. Die Skrif sê nie dat God krag is of dat God geregtigheid is of selfs dat God wysheid is nie. Hy *besit* hierdie eienskappe, is die uiteindelike Bron daarvan en is weergaloos wat al drie betref. Maar van die vierde eienskap word iets betekenisvoller gesê: "God is liefde" (1 Johannes 4:8).* Wat beteken dit?

16 "God is liefde" is nie bloot 'n vergelyking asof dit sê "God is gelyk aan liefde" nie. Ons kan nie die verklaring omdraai

* Ander verklarings in die Bybel het 'n soortgelyke konstruksie. Byvoorbeeld: "God is lig" en "God is 'n verterende vuur" (1 Johannes 1:5; Hebreërs 12:29). Maar dit moet verstaan word as metafore, want dit vergelyk Jehovah met fisiese dinge. Jehovah is *soos* lig, want hy is heilig en regverdig. Daar is geen "duisternis", of onreinheid, in hom nie. En hy kan met vuur vergelyk word weens die gebruik van sy vernietigingskrag.

15. Watter verklaring maak die Bybel oor Jehovah se liefde, en in watter opsig is hierdie verklaring uniek? (Sien ook voetnoot.)
16-18. (a) Waarom sê die Bybel "God is liefde"? (b) Waarom is die mens, van al die skepsele op aarde, 'n gepaste simbool van Jehovah se liefde?

en sê "liefde is God" nie. Jehovah is baie meer as 'n abstrakte eienskap. Hy is 'n Persoon met 'n groot verskeidenheid gevoelens en eienskappe benewens liefde. Maar liefde is 'n fundamentele eienskap van Jehovah. 'n Naslaanwerk sê gevolglik oor hierdie vers: "God se wese of natuur is liefde." In 'n algemene sin kan ons so daaraan dink: Jehovah se krag *stel* hom *in staat* om op te tree. Sy geregtigheid en sy wysheid *rig* die manier waarop hy optree. Maar Jehovah se liefde *beweeg* hom om op te tree. En sy liefde is altyd teenwoordig in die manier waarop hy sy ander eienskappe gebruik.

17 Daar word dikwels gesê dat Jehovah die verpersoonliking van liefde is. As ons dus van beginselvaste liefde wil leer, moet ons van Jehovah leer. Ons kan natuurlik hierdie pragtige eienskap ook in mense sien. Maar waarom is dit daar? Tydens die skepping het Jehovah hierdie woorde gespreek, blykbaar tot sy Seun: "Laat ons mense maak na ons beeld, wat soos ons sal wees" (Genesis 1:26). Van al die skepsele op hierdie aarde kan net mans en vroue besluit om lief te hê en sodoende hulle hemelse Vader navolg. Onthou dat Jehovah verskillende skepsele gebruik het om sy hoofeienskappe voor te stel. Maar Jehovah het sy hoogste aardse skepping, die mens, gekies as die simbool van Sy vernaamste eienskap, liefde. – Esegiël 1:10.

18 As ons liefde op 'n onselfsugtige, beginselvaste wyse openbaar, weerspieël ons Jehovah se vernaamste eienskap. Dit is net soos die apostel Johannes geskryf het: "Ons het lief omdat hy ons eerste liefgehad het" (1 Johannes 4:19). Maar in watter opsigte het Jehovah ons eerste liefgehad?

## Jehovah het die inisiatief geneem

19 Liefde is nie iets nuuts nie. Wat het Jehovah per slot van rekening beweeg om te begin skep? Dit was nie omdat hy eensaam was en kameraadskap nodig gehad het nie. Jehovah is in homself volkome en onafhanklik en kom niks kort wat

---

19. Waarom kan daar gesê word dat liefde 'n sleutelrol in Jehovah se skeppingswerk gespeel het?

iemand anders kan voorsien nie. Maar sy liefde, 'n aktiewe eienskap, het hom natuurlikerwys beweeg om die vreugdes van die lewe te wil deel met intelligente skepsele wat so 'n gawe kan waardeer. "Die begin van die skepping deur God" was sy eniggebore Seun (Openbaring 3:14). Toe het Jehovah hierdie Meesterwerker gebruik om alle ander dinge te skep, waarvan die engele eerste was (Job 38:4, 7; Kolossense 1:16). Geseënd met vryheid, intelligensie en gevoelens het hierdie magtige geeste die geleentheid gehad om self liefdevolle bande te smee – met mekaar en bowenal met Jehovah God (2 Korintiërs 3:17). Hulle het dus liefgehad omdat hy hulle eerste liefgehad het.

[20] Dit was ook die geval met die mensdom. Van die begin af was Adam en Eva as 't ware omhul deur liefde. Oral waar hulle in hulle Paradystuiste in Eden gekyk het, kon hulle bewys sien van die Vader se liefde vir hulle. Let op wat die Bybel sê: "Jehovah God [het] 'n tuin in Eden geplant, in die ooste, en daar het hy die mens geplaas wat hy gemaak het" (Genesis 2:8). Was jy al ooit in 'n baie mooi tuin of park? Wat was vir jou die mooiste? Die lig wat in 'n skaduryke hoekie sag deur die blare skyn? Al die pragtige kleure in 'n blombedding? Die agtergrondmusiek van 'n murmelende stroompie, singende voëls en gonsende insekte? Wat van die geure van bome, vrugte en bloeisels? Hoe dit ook al sy, geen hedendaagse park is met die een in Eden te vergelyk nie. Waarom nie?

[21] Daardie tuin is deur Jehovah self geplant! Dit moes onbeskryflik mooi gewees het. Daar was allerhande bome wat 'n lus vir die oë was of heerlike vrugte gedra het. Die tuin het baie water gehad, dit was groot en het gewemel van 'n fassinerende verskeidenheid diere. Adam en Eva het alles gehad om hulle lewe gelukkig en sinvol te maak, insluitende bevredigende werk en volmaakte kameraadskap. Jehovah het hulle eerste liefgehad, en hulle het alle rede gehad om hom lief

---

20, 21. Watter bewys het Adam en Eva van Jehovah se liefde vir hulle gehad, maar hoe het hulle daarop gereageer?

**Vrae om oor te peins**

**Psalm 63:1-11** Watter waarde moet ons aan Jehovah se liefde heg, en watter vertroue kan daardie liefde in ons bou?

**Hosea 11:1-4; 14:4-8** In watter opsigte het Jehovah vaderlike liefde aan Israel (of, Efraim) betoon, ondanks watter geskiedenis van ongehoorsaamheid?

**Matteus 5:43-48** Hoe betoon Jehovah vaderlike liefde aan die mensdom in die algemeen?

**Johannes 17:15-26** Hoe verseker Jesus se gebed ten behoewe van sy volgelinge ons van Jehovah se liefde vir ons?

te hê. Maar hulle het nie. In plaas van hulle hemelse Vader uit liefde te gehoorsaam, het hulle uit selfsug teen hom in opstand gekom. – Genesis, hoofstuk 2.

22 Hoe moes dit Jehovah tog nie seergemaak het nie! Maar het hierdie opstand sy liefdevolle hart verbitter? Nee! "Sy lojale liefde duur vir ewig" (Psalm 136:1). Hy het hom dus onmiddellik voorgeneem om liefdevolle reëlings te tref om alle nakomelinge van Adam en Eva wat die regte gesindheid het, los te koop. Soos ons gesien het, het daardie reëlings die losprysoffer van sy geliefde Seun ingesluit, wat 'n baie groot opoffering van die Vader geverg het. – 1 Johannes 4:10.

23 Ja, van die begin af het Jehovah die inisiatief geneem om liefde aan die mensdom te betoon. In tallose opsigte het "hy ons eerste liefgehad". Liefde bevorder eensgesindheid en vreugde; dit is derhalwe geen wonder dat Jehovah as "die gelukkige God" beskryf word nie (1 Timoteus 1:11). Maar 'n belangrike vraag ontstaan. Het Jehovah ons werklik as individue lief? Die volgende hoofstuk sal hierdie onderwerp bespreek.

---

22. Hoe het Jehovah se reaksie op die opstand in Eden bewys dat sy liefde lojaal is?
23. Wat is een rede waarom Jehovah "die gelukkige God" is, en watter belangrike vraag sal in die volgende hoofstuk bespreek word?

# Niks kan ons "skei van God se liefde" nie

HET Jehovah God jou as persoon lief? Party stem saam dat God die mensdom in die algemeen liefhet, soos Johannes 3:16 sê. Maar hulle voel in werklikheid: 'God kan *my* as individu nooit liefhê nie.' Selfs ware Christene voel soms onseker hieroor. Een man wat mismoedig was, het gesê: "Dit is vir my baie moeilik om te glo dat God enigsins vir my omgee." Worstel jy soms met soortgelyke twyfelgedagtes?

[2] Satan wil ons graag laat glo dat Jehovah God ons nie liefhet nie en dat ons geen waarde in sy oë het nie. Satan verlei mense wel dikwels deur hulle ydelheid en trots te streel (2 Korintiërs 11:3). Maar hy skep ook behae daarin om die selfrespek van kwesbare mense te verpletter (Johannes 7:47-49; 8:13, 44). Dit is veral so in hierdie swaar "laaste dae". Baie word vandag groot in gesinne waar daar geen "natuurlike liefde" is nie. Ander is voortdurend blootgestel aan mense wat wreed, selfsugtig en hardkoppig is (2 Timoteus 3:1-5). Nadat hulle jare lank mishandeling, rassisme en haat verduur het, is sulke mense moontlik daarvan oortuig dat hulle niks werd of onbeminlik is.

[3] As jy sulke negatiewe gevoelens ervaar, moet jy nie wanhopig raak nie. Baie van ons is van tyd tot tyd onredelik streng op onsself. Maar onthou, God se Woord is bedoel om "dinge reg te stel" en om "om dinge wat soos sterk vestings is, af te breek" (2 Timoteus 3:16; 2 Korintiërs 10:4). Die Bybel sê: "Ons sal ons hart voor hom gerusstel in alles waarin ons hart ons veroordeel, want God is groter as ons

---

1. Watter negatiewe gevoel ervaar baie mense, insluitende party ware Christene?

2, 3. Wie wil ons graag laat glo dat ons niks werd of onbeminlik in Jehovah se oë is, en hoe kan ons hierdie gedagte bestry?

hart en weet alles" (1 Johannes 3:19, 20). Kom ons kyk na vier maniere waarop die Skrif ons help om 'ons hart gerus te stel', of van Jehovah se liefde te verseker.

## Jy is waardevol vir Jehovah

4 Eerstens, die Bybel leer uitdruklik dat elkeen van God se knegte waardevol is in sy oë. Jesus het byvoorbeeld gesê: "Twee mossies word vir 'n muntstuk van min waarde verkoop, nie waar nie? Tog sal nie een van hulle op die grond val sonder dat julle Vader daarvan weet nie. Maar selfs die hare op julle kop is almal getel. Moet dus nie bang wees nie. Julle is meer werd as baie mossies" (Matteus 10:29-31). Kyk wat daardie woorde vir Jesus se eerste-eeuse luisteraars beteken het.

5 Ons wonder dalk waarom enige iemand 'n mossie sou koop. Wel, in Jesus se dag was die mossie die goedkoopste voël wat as kos verkoop is. Let op dat iemand twee mossies vir 'n muntstuk van min waarde kon koop. Maar later het Jesus gesê dat iemand wat bereid was om twee muntstukke te bestee, nie vier mossies nie, maar *vyf* gekry het. Die ekstra voël is bygevoeg asof dit absoluut geen waarde gehad het nie. Hierdie voëls was miskien in die oë van mense niks werd nie, maar hoe het die Skepper hulle beskou? Jesus het gesê dat "nie een van hulle [nie eens die een wat bygevoeg word] deur God vergeet [word] nie" (Lukas 12:6, 7). Nou kan ons Jesus se punt begin verstaan. As Jehovah soveel waarde aan 'n enkele mossie heg, hoeveel waardevoller is 'n mens dan! Soos Jesus verduidelik het, ken Jehovah elke besonderheid omtrent ons. Selfs die hare op ons kop is getel!

6 Ons hare is getel? Party dink dalk dat Jesus hier onrealisties was. Maar dink net aan die hoop op die opstanding.

---

4, 5. Hoe toon Jesus se illustrasie van die mossies dat ons waardevol is in Jehovah se oë?
6. Waarom is ons seker dat Jesus realisties was toe hy gesê het dat die hare op ons kop getel is?

Hoe intiem moet Jehovah ons tog ken om ons te kan herskep! Ons is vir hom so waardevol dat hy elke besonderheid onthou, met inbegrip van ons genetiese kode en al ons jare van herinneringe en ondervindinge.* In vergelyking hiermee sou dit iets eenvoudigs wees om ons hare te tel – waarvan daar omtrent 100 000 op die gemiddelde kop groei.

## Wat sien Jehovah in ons?

7 Tweedens, die Bybel leer ons wat Jehovah in sy knegte waardeer. Kortom, hy skep behae in ons goeie eienskappe en in die pogings wat ons aanwend. Koning Dawid het vir sy seun Salomo gesê: "Jehovah deursoek alle harte, en hy sien elke begeerte en gedagte" (1 Kronieke 28:9). Hoe verheug moet God tog wees wanneer hy miljarde menseharte in hierdie gewelddadige, haatdraende wêreld deursoek en 'n hart vind wat vrede, waarheid en regverdigheid liefhet! Wat gebeur wanneer God 'n hart vind wat oorloop van liefde vir hom, wat meer van hom wil leer en hierdie kennis aan ander wil meedeel? Jehovah sê vir ons dat hy op dié let wat met ander oor hom praat. Hy het selfs "'n gedenkboek" vir almal "wat Jehovah vrees en vir dié wat oor sy naam nadink" (Maleagi 3:16). Sulke eienskappe is vir hom kosbaar.

8 Wat is party van die goeie werke wat Jehovah waardeer? Beslis ons pogings om sy Seun, Jesus Christus, na te volg (1 Petrus 2:21). 'n Lewensbelangrike werk wat God waardeer, is die verkondiging van die goeie nuus van sy Koninkryk. Ons lees in Romeine 10:15: "Hoe lieflik is die voete

---

* Die Bybel verbind die opstandingshoop herhaaldelik met Jehovah se geheue. Die getroue man Job het vir Jehovah gesê: "Ag, . . . as u maar vir my 'n tyd wou vasstel en aan my wou *dink!"* (Job 14:13). Jesus het gepraat van die opstanding van "almal wat in die *gedenkgrafte* is". Dit was gepas omdat Jehovah die dooies wat hy van voorneme is om op te wek, volmaak onthou. – Johannes 5:28, 29.

---

7, 8. (a) Wat is party eienskappe wat Jehovah verheug is om te vind wanneer hy menseharte deursoek? (b) Wat is party van ons werke wat Jehovah waardeer?



*"Julle is meer werd as baie mossies"*

van dié wat goeie nuus van goeie dinge bekend maak!" Ons dink miskien nie gewoonlik aan ons voete as lieflik nie. Maar hier verteenwoordig hulle die pogings wat Jehovah se knegte aanwend om die goeie nuus te verkondig. Al hierdie pogings is lieflik en kosbaar in sy oë. – Matteus 24: 14; 28:19, 20.

9 Jehovah waardeer ook ons volharding (Matteus 24:13). Onthou, Satan wil hê dat jy jou rug op Jehovah moet draai. Elke dag dat jy aan Jehovah getrou bly, is nog 'n dag waarin jy gehelp het om 'n antwoord op Satan se uittartings te gee (Spreuke 27:11). Dit is soms nie maklik om te volhard nie. Gesondheidsprobleme, finansiële moeilikhede, emosionele angs en ander struikelblokke kan van elke dag 'n beproewing maak. Uitgestelde verwagtinge kan ook ontmoedigend wees (Spreuke 13:12). Volharding ondanks hierdie uitdagings is vir Jehovah nog kosbaarder. Daarom het koning Dawid Jehovah gevra om sy trane in 'n "leersak" te

---

9, 10. (a) Waarom kan ons seker wees dat Jehovah ons volharding te midde van verskillende ontberinge waardeer? (b) Watter negatiewe beskouings het Jehovah nooit van sy getroue knegte nie?

bewaar, en hy het vol vertroue bygevoeg: "Is hulle nie in u boek opgeteken nie?" (Psalm 56:8). Ja, Jehovah waardeer en onthou al die trane en lyding wat ons verduur terwyl ons ons lojaliteit teenoor hom handhaaf. Ook dit is kosbaar in sy oë.

10 Maar die selfveroordelende hart weier dalk om hierdie bewyse te aanvaar dat ons waardevol is in God se oë. Dit fluister miskien knaend: 'Maar daar is so baie ander wat voorbeeldiger is as ek. Hoe teleurgesteld moet Jehovah tog wees wanneer hy my met hulle vergelyk!' Jehovah vergelyk ons nie met ander nie; hy is ook nie onbuigsaam of hardvogtig in sy denke nie (Galasiërs 6:4). Hy lees ons hart met groot insig, en hy waardeer die goeie – al is dit ook hoe gering.

## Jehovah skei die goeie van die slegte

11 Derdens, terwyl Jehovah ons deursoek, sif hy alles noukeurig, op soek na die goeie. Toe Jehovah byvoorbeeld opdrag gegee het dat die hele afvallige vorstehuis van koning Jerobeam tereggestel moet word, het Hy beveel dat een van die koning se seuns, Abia, 'n behoorlike begrafnis moes kry. Waarom? "Jehovah, die God van Israel, [het] iets goeds gevind" in hom (1 Konings 14:1, 10-13). Jehovah het as 't ware die hart van daardie jong man gesif en "iets goeds" daarin gevind. Ongeag hoe gering of onbeduidend daardie "iets goeds" miskien was, Jehovah het dit die moeite werd geag om dit in sy Woord te meld. Hy het dit selfs beloon deur 'n gepaste mate van genade aan daardie een lid van 'n afvallige huis te bewys.

12 'n Selfs positiewer voorbeeld kan in goeie koning Josa-

---

11. Wat kan ons van Jehovah leer uit die manier waarop hy die geval van Abia hanteer het?

12, 13. (a) Hoe toon die geval van koning Josafat dat Jehovah die goeie in ons soek selfs wanneer ons sondig? (b) Hoe tree Jehovah soos 'n liefdevolle Ouer op wanneer dit by ons goeie werke en eienskappe kom?

fat gevind word. Toe die koning iets dwaas gedoen het, het Jehovah se profeet vir hom gesê: "Omdat u dit gedoen het, het u Jehovah kwaad gemaak." Wat 'n ontstellende gedagte! Maar Jehovah se boodskap het nie daar geëindig nie. Dit het voortgegaan: "Maar God het goeie dinge in u gesien" (2 Kronieke 19:1-3). Jehovah se regverdige woede het hom dus nie verblind vir die goeie in Josafat nie. Hoe anders tog as onvolmaakte mense! Wanneer ander ons ontstel het, is ons dikwels blind vir die goeie in hulle. En wanneer ons sondig, verblind die teleurstelling, skaamte en skuldgevoel wat ons ervaar, ons moontlik vir die goeie in ons. Maar onthou, Jehovah vergewe ons as ons berou het oor ons sondes en hard probeer om dit nie te herhaal nie.

13 Wanneer Jehovah jou sif, werp hy sulke sondes weg, net soos 'n prospekteerder wat goud uitwas, waardelose gruis weggooi. Wat van jou goeie eienskappe en werke? Dit is die "stukkies goud" wat hy hou! Het jy al opgemerk hoe liefdevolle ouers hulle kinders se tekeninge of skooltake bewaar, soms dekades nadat die kinders daarvan vergeet het? Jehovah is die liefdevolste Ouer. Solank ons aan hom getrou bly,



***Jehovah waardeer ons volharding ondanks beproewing***

sal hy *nooit* ons goeie werke en eienskappe vergeet nie. Trouens, hy sal dit as onregverdig beskou om dit te vergeet, en hy is nooit onregverdig nie (Hebreërs 6:10). Hy sif ons ook op 'n ander manier.

14 Jehovah kyk verby ons onvolmaakthede en sien ons potensiaal. Ter toeligting: Kunsliefhebbers sal groot moeite doen om erg beskadigde skilderye of ander kunswerke te restoureer. Toe iemand byvoorbeeld 'n tekening deur Leonardo da Vinci, wat ongeveer R340 miljoen werd is, in die National Gallery in Londen, Engeland, met 'n haelgeweer beskadig het, het niemand voorgestel dat die tekening weggegooi moet word omdat dit nou beskadig is nie. Daar is onmiddellik begin om die 500 jaar oue meesterstuk te restoureer. Waarom? Want dit was kosbaar in die oë van kunsliefhebbers. Is jy nie meer werd as 'n kryt-en-houtskool-tekening nie? Jy is beslis in God se oë – ongeag hoe beskadig jy weens oorgeërfde onvolmaaktheid is (Psalm 72: 12-14). Jehovah God, die vaardige Skepper van die mensdom, sal doen wat nodig is om almal wat op sy liefdevolle sorg reageer, tot volmaaktheid te herstel. – Handelinge 3: 21; Romeine 8:20-22.

15 Ja, Jehovah sien die goeie in ons wat ons miskien nie in onsself sien nie. En terwyl ons hom dien, sal hy die goeie laat toeneem totdat ons uiteindelik volmaak is. Ongeag hoe Satan se wêreld ons behandel, Jehovah waardeer sy getroue knegte en beskou hulle as kosbaar. – Haggai 2:7.

## Jehovah sit sy liefde in dade om

16 Vierdens, Jehovah doen baie om sy liefde vir ons te bewys. Christus se losprysoffer is sekerlik die kragtigste ant-

---

14, 15. (a) Waarom verblind ons onvolmaakthede Jehovah nooit vir die goeie in ons nie? Lig toe. (b) Wat sal Jehovah doen met die goeie dinge wat hy in ons vind, en hoe beskou hy sy getroue knegte?

16. Wat is die grootste bewys van Jehovah se liefde vir ons, en hoe weet ons dat hierdie gawe vir ons persoonlik bedoel is?

woord op die sataniese leuen dat ons niks werd of onbeminlik is. Ons moet nooit vergeet dat die pynlike dood wat Jesus aan die folterpaal gesterf het en die selfs groter pyn wat Jehovah verduur het terwyl hy sy geliefde Seun sien sterf het, bewys is van hulle liefde vir ons nie. Ongelukkig is dit vir baie mense moeilik om te glo dat hierdie gawe vir hulle persoonlik bedoel is. Hulle voel onwaardig. Maar onthou dat die apostel Paulus eens 'n vervolger van Christus se volgelinge was. Tog het hy geskryf: "Die Seun van God [het] *my* liefgehad . . . en homself vir *my* oorgegee." – Galasiërs 1:13; 2:20.

17 Jehovah bewys sy liefde vir ons deur elkeen van ons te help om by die voordele van Christus se offerande baat te vind. Jesus het gesê: "Geen mens kan na my toe kom tensy die Vader, wat my gestuur het, hom trek nie" (Johannes 6:44). Ja, Jehovah self trek ons na sy Seun en die hoop op ewige lewe. Hoe? Deur middel van die predikingswerk, waardeur ons individueel bereik word, en deur middel van sy heilige gees, wat Jehovah gebruik om ons te help om geestelike waarhede te verstaan en toe te pas ten spyte van ons beperkings en onvolmaakthede. Jehovah kan dus van ons sê soos hy van Israel gesê het: "Ek het jou met 'n ewige liefde liefgehad. Daarom het ek jou met lojale liefde na my toe getrek." – Jeremia 31:3.

18 Ons ervaar Jehovah se liefde seker op die intiemste manier deur die voorreg van gebed. Die Bybel nooi elkeen van ons: "Bid sonder ophou" tot God (1 Tessalonisense 5:17). Hy luister. Hy word selfs die "Hoorder van die gebed" genoem (Psalm 65:2). Hy het hierdie verantwoordelikheid aan niemand anders oorgedra nie, nie eens aan sy eie Seun nie. Dink net: Die Skepper van die heelal spoor ons aan om

---

17. Deur middel waarvan trek Jehovah ons na hom en na sy Seun?
18, 19. (a) Wat is die intiemste manier waarop Jehovah sy liefde vir ons bewys, en wat toon dat hy self hierna omsien? (b) Hoe verseker God se Woord ons dat Jehovah met empatie luister?

hom in gebed te nader, met vrymoedigheid van spraak. En watter soort luisteraar is hy? Koud, ongevoelig, onverskillig? Glad nie.

19 Jehovah het empatie. Wat is empatie? Een getroue bejaarde Christen het gesê: "Empatie is *jou* pyn in *my* hart." Word Jehovah werklik deur ons pyn geraak? Ons lees oor die lyding van sy volk Israel: "Wanneer dit sleg gegaan het met hulle, het hy saam met hulle gely" (Jesaja 63:9). Jehovah het nie net hulle moeilikhede gesien nie; hy het empatie vir die volk gehad. Jehovah se woorde aan sy knegte lig toe presies hoe intens hy voel: "Wie aan julle raak, raak aan my oogappel" (Sagaria 2:8).* Hoe pynlik sou dit tog wees! Ja, Jehovah het empatie vir ons. Wanneer ons seerkry, kry hy seer.

20 Geen gebalanseerde Christen sal hierdie bewys van God se liefde en agting as 'n verskoning vir trots of egotisme gebruik nie. Die apostel Paulus het geskryf: "Deur die onverdiende goedheid wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen van julle om nie meer van homself te dink as wat nodig is nie, maar om op 'n manier te dink wat toon dat hy verstandig is, elkeen volgens die geloof wat God hom gegee het" (Romeine 12:3). 'n Ander vertaling sê hier: "Ek sê vir elkeen van julle om homself nie bo sy werklike waarde te skat nie, maar om 'n matige skatting van homself te maak" (*A Translation in the Language of the People,* deur Charles B. Williams). Terwyl ons dan die warmte van ons hemelse Vader se liefde geniet, moet ons gesond van verstand wees en ont-

* Party vertalings gee hier te kenne dat die een wat aan God se volk raak, aan sy *eie* oog of Israel se oog raak, nie God se oog nie. Hierdie wanopvatting is ingebring deur sommige kopiïste wat hierdie gedeelte as oneerbiedig beskou het en dit dus verander het. Hulle ondeurdagte poging het afbreuk gedoen aan die intensiteit van Jehovah se persoonlike empatie.

20. Watter ongebalanseerde denke moet ons vermy as ons die raad in Romeine 12:3 wil gehoorsaam?

### Vrae om oor te peins

**Psalm 139:1-24** Hoe toon koning Dawid se geïnspireerde woorde dat Jehovah intens in ons as individue belangstel?

**Jesaja 43:3, 4, 10-13** Hoe voel Jehovah oor dié wat as sy Getuies dien, en hoe word sy gevoelens in dade omgesit?

**Romeine 5:6-8** Waarom kan ons seker wees dat ons sondige toestand nie verhoed dat Jehovah se liefde ons bereik en tot voordeel strek nie?

**Judas 17-25** Hoe kan ons ons in God se liefde hou, en watter invloede werk ons pogings in hierdie opsig teë?

hou dat ons nie God se liefde kan verdien of daarop aanspraak kan maak nie. – Lukas 17:10.

21 Laat ons almal alles in ons vermoë doen om al Satan se leuens te verwerp, insluitende die leuen dat ons niks werd of onbeminlik is. As jou ondervindinge in die lewe jou geleer het om te dink dat jy 'n struikelblok is wat te groot is selfs vir God se ontsaglike liefde om te oorkom, of dat jou goeie werke te onbeduidend is om selfs deur sy alsiende oë raakgesien te word, of dat jou sondes te groot is om selfs deur die dood van sy kosbare Seun bedek te word, is jy 'n leuen geleer. Verwerp hierdie leuens met jou hele hart! Laat ons voortgaan om ons hart gerus te stel met die waarheid wat in Paulus se geïnspireerde woorde uitgedruk word: "Ek is daarvan oortuig dat nie die dood of die lewe of engele of regerings of dinge wat nou gebeur of dinge wat nog gaan gebeur of magte of hoogte of diepte of enige ander skepping ons sal kan skei van God se liefde wat in Christus Jesus, ons Here, is nie." – Romeine 8:38, 39.

---

21. Watter sataniese leuens moet ons voortdurend weerstaan, en met watter Goddelike waarheid moet ons voortgaan om ons hart gerus te stel?

# "Die genade wat ons God so liefdevol betoon"

IN DIE middel van die nag huil 'n baba. Die ma is onmiddellik wakker. Vandat haar baba gebore is, slaap sy nie meer so vas soos vroeër nie. Sy het geleer om te onderskei tussen die baba se verskillende maniere van huil. Sy weet dus dikwels of haar pasgebore baba gevoed of bietjie geliefkoos moet word en of hy iets anders nodig het. Maar ongeag waarom die baba huil, die ma reageer daarop. Haar hart laat haar nie toe om die behoeftes van haar kind te ignoreer nie.

2 Die genade, of medelye, wat 'n ma voel vir die kind wat sy in die lewe gebring het, is van die teerste gevoelens wat die mens ken. Daar is egter 'n gevoel wat oneindig sterker is – die genade wat ons God, Jehovah, so liefdevol betoon. 'n Ondersoek van hierdie mooi eienskap kan ons nader aan Jehovah laat kom. Laat ons dan bespreek wat genade is en hoe ons God dit openbaar.

## Wat is genade?

3 In die Bybel is daar 'n noue verband tussen genade en medelye. 'n Aantal Hebreeuse en Griekse woorde dra die gedagte van innige medelye oor. Kyk byvoorbeeld na die Hebreeuse werkwoord *ra·cham',* wat dikwels met "genade betoon" of "jammer voel" weergegee word. Een naslaanwerk verduidelik dat die werkwoord *ra·cham'* "'n diepe en tere gevoel van medelye uitdruk, soos wat gewek word wanneer ons sien dat dié wat vir ons dierbaar is of ons hulp nodig het, swak is of ly". Hierdie Hebreeuse term, wat Je-

---

1, 2. (a) Hoe reageer 'n ma natuurlikerwys wanneer haar baba huil? (b) Watter gevoel is selfs sterker as 'n ma se genade, of medelye?
3. Wat beteken die Hebreeuse werkwoord wat met "genade betoon" of "jammer voel" weergegee word?

hovah op homself toepas, is verwant aan die woord vir "baarmoeder" en kan as "'n ma se medelye" beskryf word.* – Eksodus 33:19; Jeremia 33:26.

4 Die Bybel gebruik die gevoelens wat 'n ma vir haar baba het om ons te leer wat Jehovah se genade beteken. In Jesaja 49:15 lees ons: "Kan 'n vrou haar eie baba vergeet en haar nie ontferm [*ra·cham'*] oor haar kind aan wie sy geboorte gegee het nie? Selfs al sou 'n vrou haar kind vergeet, sal ek jou nooit vergeet nie." Hierdie aangrypende beskrywing beklemtoon hoe diep Jehovah se medelye met sy volk is. Hoe so?

5 'n Mens kan jou nouliks voorstel dat 'n ma sal vergeet om haar baba te voed en te versorg. 'n Baba is immers hulpeloos; hy het sy ma se aandag en liefde dag en nag nodig. Maar ongelukkig is 'n ma se verwaarlosing niks vreemds nie, veral in hierdie "swaar tye" wat deur 'n gebrek aan "natuurlike liefde" gekenmerk word (2 Timoteus 3:1, 3). "Maar", sê Jehovah, "ek [sal] jou nooit vergeet nie." Die genade wat Jehovah so liefdevol teenoor sy knegte betoon, is onfeilbaar. Dit is oneindig sterker as die teerste natuurlike gevoel wat ons ons kan voorstel – die medelye wat 'n ma gewoonlik vir haar baba voel. Geen wonder nie dat een kommentator van Jesaja 49:15 gesê het: "Dit is een van die sterkste, indien nie dié sterkste uitdrukking van God se liefde in die Ou Testament nie."

6 Is medelye wat liefdevol betoon word 'n teken van swakheid? Talle onvolmaakte mense het dit so beskou. Die Romeinse filosoof Seneka, wat 'n tydgenoot van Jesus en

---

* Dit is egter interessant dat die Hebreeuse werkwoord *ra·cham'* in Psalm 103:13 verwys na die genade, of medelye, wat 'n pa aan sy kinders betoon.

---

4, 5. Hoe gebruik die Bybel die gevoelens wat 'n ma vir haar baba het om ons van Jehovah se genade te leer?
6. Hoe het talle onvolmaakte mense medelye beskou, maar waarvan verseker Jehovah ons?



'n vooraanstaande intellektuele figuur in Rome was, het byvoorbeeld gesê dat "ontferming 'n swakheid van die verstand is". Seneka was 'n voorstander van die Stoïsisme, 'n filosofie wat kalmte sonder enige gevoel beklemtoon het. 'n Wyse persoon kan mense help wat hulp nodig het, het Seneka gesê, maar hy moet nooit toelaat dat hy medelye voel nie, want so 'n gevoel sal hom sy kalmte ontneem. Hierdie selfsugtige lewensbeskouing het geen plek gelaat vir innige medelye nie. Maar Jehovah is heeltemal anders! Jehovah verseker ons in sy Woord dat hy "baie liefdevol en genadig [letterlik, "medelydend"] is" (Jakobus 5:11). Soos ons sal sien, is medelye nie 'n swakheid nie maar 'n sterk, uiters belangrike eienskap. Kom ons kyk hoe Jehovah, soos 'n liefdevolle ouer, dit openbaar.

## Toe Jehovah genade teenoor 'n nasie betoon het

7 Jehovah se genade kan duidelik gesien word in die manier waarop hy die nasie Israel behandel het. Teen die einde van die 16de eeu VHJ was miljoene Israeliete slawe in eertydse Egipte, waar hulle swaar onderdruk is. Die Egiptenare "het hulle lewe moeilik gemaak deur hulle baie hard te laat werk. Hulle het hulle messelklei en stene laat maak . . . en het hulle allerhande slawewerk laat doen" (Eksodus 1:11, 14). In hulle benoudheid het die Israeliete tot Jehovah om hulp geroep. Hoe het die God wat genade so liefdevol betoon, gereageer?

8 Jehovah se hart is geraak. Hy het gesê: "Ek het gesien hoe swaar my volk in Egipte kry, en ek het gehoor hoe hulle uitroep as gevolg van dié wat hulle dwing om te werk. Ek is bewus van hoe hulle ly" (Eksodus 3:7). Jehovah kon nie die

7, 8. Hoe het die Israeliete in eertydse Egipte gely, en hoe het Jehovah op hulle lyding gereageer?

***'Kan 'n vrou haar kind aan wie sy geboorte gegee het, vergeet?'***

lyding van sy volk aanskou of hulle geroep hoor sonder om medelye vir hulle te voel nie. Soos ons in Hoofstuk 24 van hierdie boek gesien het, is Jehovah 'n God van empatie. En empatie – die vermoë om ander se pyn te voel – is nou verwant aan medelye. Maar Jehovah het nie net medelye vir sy volk *gevoel* nie; hy is beweeg om ten behoewe van hulle op te tree. Jesaja 63:9 sê: "Omdat hy vir hulle lief was en vir hulle jammer gevoel het, het hy hulle teruggekoop." Jehovah het die Israeliete met "'n magtige hand" uit Egipte gered (Deuteronomium 4:34). Daarna het hy wonderdadig voedsel aan hulle voorsien en hulle in 'n vrugbare land ingebring wat aan hulle sou behoort.

9 Jehovah se medelye het nie daar opgehou nie. Nadat Israel hulle in die Beloofde Land gevestig het, het hulle herhaaldelik in ontrouheid verval en gevolglik gely. Maar dan het die volk tot besinning gekom en Jehovah aangeroep. Hy het hulle keer op keer verlos. Waarom? "Want hy het jammer gevoel vir sy volk." – 2 Kronieke 36:15; Rigters 2:11-16.

10 Dink aan wat in die dae van Jefta gebeur het. Aangesien die Israeliete valse gode begin aanbid het, het Jehovah toegelaat dat hulle 18 jaar lank deur die Ammoniete onderdruk word. Uiteindelik het die Israeliete berou gehad. Die Bybel vertel ons: "Hulle het ontslae geraak van hulle vreemde gode en het Jehovah gedien, en daarom kon hy nie meer verdra dat Israel so ly nie" (Rigters 10:6-16).* Nadat sy volk opregte berou getoon het, kon Jehovah dit nie

* Die uitdrukking "kon hy nie meer verdra" nie, beteken letterlik "sy siel is verkort; sy geduld was op". *The New English Bible* sê: "Hy kon dit nie meer verduur om die Israeliete se benarde toestand te sien nie." *Tanakh—A New Translation of the Holy Scriptures* gee dit soos volg weer: "Hy kon nie die ellende van Israel verduur nie."

9, 10. (a) Waarom het Jehovah die Israeliete herhaaldelik verlos nadat hulle hulle in die Beloofde Land gevestig het? (b) Van watter onderdrukking het Jehovah die Israeliete in die dae van Jefta verlos, en wat het hom beweeg om dit te doen?

meer verduur om hulle te sien ly nie. Daarom het die God wat genade so liefdevol betoon Jefta die krag gegee om die Israeliete uit die hand van hulle vyande te verlos. – Rigters 11:30-33.

11 Wat leer Jehovah se handelinge met die nasie Israel ons omtrent innige medelye? In die eerste plek sien ons dat dit meer is as net 'n simpatieke bewustheid van die ontberinge wat mense verduur. Dink weer aan die voorbeeld van 'n ma wie se medelye haar beweeg om op die gehuil van haar baba te reageer. So ook sluit Jehovah nie sy ore vir die geroep van sy volk nie. Sy innige medelye beweeg hom om hulle lyding te verlig. Daarbenewens leer ons uit die manier waarop Jehovah met die Israeliete gehandel het dat medelye geensins 'n swakheid is nie, want hierdie liefdevolle eienskap het hom beweeg om kragtig en daadwerklik ten behoewe van sy volk op te tree. Maar betoon Jehovah medelye net met sy knegte as 'n groep?

## Jehovah se medelye met individue

12 Die Wet wat God aan die nasie Israel gegee het, het sy medelye met individue geopenbaar. Kyk byvoorbeeld na sy besorgdheid oor die armes. Jehovah het geweet dat daar onvoorsiene omstandighede kon ontstaan wat 'n Israeliet in armoede kon dompel. Hoe moes armes behandel word? Jehovah het die Israeliete streng beveel: "Moet . . . nie jou hart verhard of jou hand toehou vir jou arm broer nie. Jy moet vryelik aan hom gee, en jy moenie teësinnig aan hom gee nie, want dan sal Jehovah jou God jou seën in al jou werk en in alles wat jy aanpak" (Deuteronomium 15:7, 10). Jehovah het verder beveel dat die Israeliete nie die rande van hulle landerye heeltemal moes afoes of enige oorblyfsels moes optel nie. Hierdie oorblyfsels was vir die minderbevoorregtes (Levitikus 23:22; Rut 2:2-7). Wanneer die

---

11. Wat leer ons omtrent medelye uit Jehovah se handelinge met die Israeliete?
12. Hoe het die Wet Jehovah se medelye met individue weerspieël?

nasie hierdie bedagsame wet ten behoewe van die armes onder hulle nagekom het, was dit nie vir armes in Israel nodig om kos te bedel nie. Was dit nie ’n weerspieëling van Jehovah se liefdevolle medelye nie?

13 Ons liefdevolle God is ook vandag diep besorg oor ons as individue. Ons kan seker wees dat hy deeglik bewus is van enige lyding wat ons verduur. Die psalmis Dawid het geskryf: “Die oë van Jehovah is op die regverdiges, en sy ore luister na hulle geroep om hulp. Jehovah is naby dié wie se hart gebreek is. Hy red dié wat mismoedig is” (Psalm 34:15, 18). ’n Bybelkommentator het oor dié wat met hierdie woorde beskryf word, gesê: “Hulle het ’n gebroke hart en ’n verslae gees, dit wil sê, hulle is verootmoedig weens sonde en het geen selfrespek nie; hulle het ’n swak selfbeeld en geen vertroue in hulle eie waarde nie.” Sulke persone voel dalk dat Jehovah ver van hulle is en dat hulle so onbelangrik is dat hy nie vir hulle sal omgee nie. Maar dit is nie die geval nie. Dawid se woorde verseker ons dat Jehovah nie mense met “’n swak selfbeeld” verlaat nie. Ons medelydende God weet dat ons hom gedurende sulke tye nodiger het as ooit, en hy is naby.

14 Beskou ’n ondervinding. ’n Ma in die Verenigde State moes met haar tweejarige seuntjie na die hospitaal jaag omdat hy ’n ernstige kroepaanval gehad het. Nadat die dokters die kind ondersoek het, het hulle die ma meegedeel dat hulle hom oornag in die hospitaal sou moes hou. Waar het die ma die nag deurgebring? In ’n stoel in die hospitaalkamer, reg langs haar kind se bed! Haar seuntjie was siek en sy moes eenvoudig naby hom wees. Ons kan beslis selfs meer van ons liefdevolle hemelse Vader verwag! Ons is immers na sy beeld gemaak (Genesis 1:26). Die roerende woorde van Psalm 34:18 sê vir ons dat Jehovah, soos ’n liefdevolle ouer, ‘naby is’ – altyd vol medelye en gereed

---

13, 14. (a) Hoe verseker Dawid se woorde ons dat Jehovah diep besorg is oor ons as individue? (b) Hoe kan dit toegelig word dat Jehovah naby dié is wie se “hart gebreek” of wat “mismoedig” is?

om te help – wanneer ons "hart gebreek" of ons "mismoedig" is.

[15] Hoe help Jehovah ons dan as individue? Hy verwyder nie noodwendig die oorsaak van ons lyding nie. Maar Jehovah het 'n oorvloed voorsienings beskikbaar gestel vir dié wat tot hom om hulp roep. Sy Woord, die Bybel, bied praktiese raad wat 'n verskil kan maak. In die gemeente voorsien Jehovah geestelik bekwame opsieners, wat probeer om sy genade te weerspieël wanneer hulle medegelowiges help (Jakobus 5:14, 15). As die "Hoorder van gebed" gee hy "heilige gees . . . vir dié wat hom vra" (Psalm 65:2; Lukas 11:13). Hierdie gees kan ons "krag wat bo die normale is", gee sodat ons kan volhard totdat God se Koninkryk alle spanningsvolle probleme uit die weg ruim (2 Korintiërs 4:7). Is ons nie dankbaar vir al hierdie voorsienings nie? Laat ons nie vergeet dat hulle blyke van Jehovah se liefdevolle medelye is nie.

[16] Die grootste voorbeeld van Jehovah se medelye is natuurlik dat hy die Een wat vir hom die dierbaarste is, as 'n losprys vir ons gegee het. Dit was 'n liefdevolle opoffering van Jehovah se kant, en dit het die weg gebaan vir ons redding. Onthou, daardie losprysvoorsiening is ten behoewe van ons as individue gemaak. Sagaria, die pa van Johannes die Doper, het tereg voorspel dat hierdie voorsiening "die genade wat ons God so liefdevol betoon" verheerlik het. – Lukas 1:78.

## Wanneer Jehovah nie genade betoon nie

[17] Moet ons dink dat Jehovah se genade wat hy so liefdevol betoon geen perke het nie? Inteendeel, die Bybel toon

---

15. Op watter maniere help Jehovah ons as individue?
16. Wat is die grootste voorbeeld van Jehovah se medelye, en hoe raak dit ons as individue?
17-19. (a) Hoe toon die Bybel dat Jehovah se genade perke het? (b) Wat het veroorsaak dat Jehovah se medelye vir sy volk tot 'n einde gekom het?

duidelik dat Jehovah tereg nie genade betoon aan mense wat hulle teen sy regverdige weë verset nie (Hebreërs 10:28). Om te sien waarom hy so optree, kan ons aan die voorbeeld van die nasie Israel dink.

18 Hoewel Jehovah die Israeliete herhaaldelik van hulle vyande verlos het, het sy genade uiteindelik tot ’n einde gekom. Hierdie hardkoppige volk het afgodediens beoefen en het selfs hulle walglike afgode tot in Jehovah se tempel gebring! (Esegiël 5:11; 8:17, 18). Ons word verder ingelig: “Hulle het die boodskappers van die ware God bly spot, en hulle het sy woorde geïgnoreer en sy profete uitgelag, totdat Jehovah vir sy volk woedend geword het en daar geen hoop was dat hulle genees kon word nie” (2 Kronieke 36:16). Die Israeliete het ’n stadium bereik waar daar nie meer ’n gepaste grondslag vir genade was nie, en hulle het Jehovah se regverdige woede gewek. Met watter gevolg?

19 Jehovah kon nie meer medelye vir sy volk voel nie. Hy het verklaar: “Ek sal nie medelye hê of jammer voel of enige genade aan hulle betoon nie. Niks sal my keer om hulle te vernietig nie” (Jeremia 13:14). Jerusalem en sy tempel is dus vernietig, en die Israeliete is as gevangenes na Babilon weggevoer. Hoe tragies is dit tog wanneer sondige mense so opstandig raak dat daar geen Goddelike medelye meer vir hulle oor is nie! – Klaagliedere 2:21.

20 Wat van vandag? Jehovah het nie verander nie. Uit medelye het hy sy Getuies die opdrag gegee om die “goeie nuus van die Koninkryk” oor die hele bewoonde aarde te verkondig (Matteus 24:14). Wanneer opregte mense gehoor gee, help Jehovah hulle om die Koninkryksboodskap te verstaan (Handelinge 16:14). Maar hierdie werk sal nie vir ewig voortduur nie. Dit sou nouliks medelydend wees as Jehovah hierdie goddelose wêreld, met al sy ellende en lyding,

---

20, 21. (a) Wat sal gebeur wanneer Goddelike medelye in ons dag tot ’n einde kom? (b) Watter medelydende voorsiening van Jehovah sal in die volgende hoofstuk bespreek word?

### Vrae om oor te peins

**Jeremia 31:20** Watter tere emosies het Jehovah vir sy volk, en hoe laat dit jou teenoor hom voel?

**Joël 2:12-14, 17-19** Wat moes Jehovah se volk doen sodat medelye met hulle betoon kon word, en wat leer ons hieruit?

**Jona 4:1-11** Hoe het Jehovah Jona 'n les oor die belangrikheid van medelye geleer?

**Hebreërs 10:26-31** Waarom moet ons nie misbruik maak van Jehovah se genade, of medelye, nie?

onbepaald sou laat voortduur. Wanneer Goddelike medelye tot 'n einde kom, sal Jehovah kom om oordeel aan hierdie stelsel van dinge te voltrek. Selfs dan sal hy uit medelye optree – medelye met sy "heilige naam" en met sy toegewyde knegte (Esegiël 36:20-23). Jehovah sal goddeloosheid uit die weg ruim en 'n regverdige nuwe wêreld tot stand bring. Jehovah sê van die goddeloses: "Ek sal nie jammer voel nie, en ek sal ook nie medelye betoon nie. Ek sal hulle die gevolge van hulle dade laat dra." – Esegiël 9:10.

21 Tot dan voel Jehovah medelye vir mense, selfs vir dié wat vernietiging in die gesig staar. Sondige mense wat opreg berouvol is, kan baat vind by een van Jehovah se mees medelydende voorsienings – vergifnis. In die volgende hoofstuk sal ons van die pragtige illustrasies in die Bybel bespreek wat die volkomenheid van Jehovah se vergifnis toelig.

# ’n God wat ‘vryelik vergewe’

“MY OORTREDINGS hang oor my kop”, het die psalmis Dawid geskryf. “Soos ’n swaar vrag is hulle te veel vir my om te dra. Ek het alle gevoel verloor en heeltemal verpletter geword” (Psalm 38:4, 8). Dawid het geweet watter swaar las ’n skuldige gewete kan wees. Maar hy het vertroosting vir sy beswaarde hart gevind. Hy het verstaan dat Jehovah, hoewel Hy sonde haat, nie die sondaar haat as hy waarlik berouvol is en sy sondige weg verlaat nie. Met volle vertroue in Jehovah se bereidwilligheid om genade aan berouvolle mense te bewys, het Dawid gesê: “U, o Jehovah, . . . vergewe vryelik.” – Psalm 86:5.

2 Wanneer ons sondig, dra ons ook moontlik die drukkende las van ’n geteisterde gewete. Hierdie wroeging is goed. Dit kan ons beweeg om stappe te doen om ons foute reg te stel. Daar bestaan egter ’n gevaar dat ons deur skuldgevoelens oorweldig kan word. Ons selfveroordelende hart kan ons wysmaak dat Jehovah ons nie sal vergewe nie, ongeag hoe berouvol ons is. As ons “so hartseer word dat dit [ons] oorweldig”, kan Satan probeer om ons te laat tou opgooi, te laat voel dat Jehovah ons as niks werd beskou, as ongeskik om hom te dien. – 2 Korintiërs 2:5-11.

3 Is dit hoe Jehovah ons beskou? Glad nie! Vergifnis is ’n faset van Jehovah se groot liefde. Hy verseker ons in sy Woord dat hy bereid is om ons te vergewe as ons opregte, hartgrondige berou toon (Spreuke 28:13). Kom ons kyk waarom en hoe Jehovah vergewe, sodat ons nooit sal dink dat sy vergifnis buite ons bereik is nie.

---

1-3. (a) Watter swaar las het die psalmis Dawid gedra, en hoe het hy vertroosting vir sy beswaarde hart gevind? (b) Watter las dra ons dalk wanneer ons gesondig het, maar watter versekering gee Jehovah ons?

## Waarom Jehovah ‘vryelik vergewe’

4 Jehovah is bewus van ons beperkings. “Hy weet goed hoe ons gevorm is, en hy hou in gedagte dat ons stof is”, sê Psalm 103:14. Hy vergeet nie dat ons van stof gemaak is en swakhede as gevolg van onvolmaaktheid het nie. Die uitdrukking dat hy weet “hoe ons gevorm is”, herinner ons daaraan dat die Bybel Jehovah met ’n pottebakker vergelyk en ons met die kleivoorwerpe wat hy vorm (Jeremia 18: 2-6). Die Groot Pottebakker temper sy handelinge met ons volgens ons swak sondige natuur en die manier waarop ons reageer of versuim om te reageer op sy leiding.

5 Jehovah verstaan hoe kragtig sonde is. Sy Woord beskryf sonde as ’n baie sterk krag wat die mens in sy dodelike greep het. Presies hoe sterk is die greep van sonde? Die apostel Paulus verduidelik in die boek Romeine: Ons is “onder sonde”, soos soldate onder hulle bevelvoerder is (Romeine 3:9); die sonde “regeer” soos ’n koning oor die mensdom (Romeine 5:21); dit “is” in ons (Romeine 7:17, 20); die “wet” daarvan is voortdurend aan die werk in ons en probeer as ’t ware ons handelswyse beheer (Romeine 7: 23, 25). Wat ’n kragtige houvas het sonde tog op ons gevalle vlees! – Romeine 7:21, 24.

6 Jehovah weet dus dat volmaakte gehoorsaamheid nie vir ons moontlik is nie, ongeag hoe graag ons dit aan hom wil gee. Hy gee ons die liefdevolle versekering dat hy ons sal vergewe as ons sy genade met ’n berouvolle hart soek. Psalm 51:17 sê: “Die offerande wat vir God aangenaam is, is ’n gebroke gees. O God, u sal nie ’n gebroke en verpletterde hart verwerp nie.” Jehovah sal nooit ’n hart verwerp

---

4. Wat hou Jehovah in gedagte oor ons natuur, en hoe raak dit die manier waarop hy ons behandel?

5. Hoe beskryf die boek Romeine die kragtige greep van sonde?

6, 7. (a) Hoe beskou Jehovah dié wat sy genade met ’n berouvolle hart soek? (b) Waarom moet ons nie misbruik maak van God se genade nie?

of verstoot wat weens die las van skuldgevoelens ‘gebroke en verpletterd’ is nie.

[7] Beteken dit egter dat ons maar misbruik kan maak van God se genade deur ons sondige natuur as ’n verskoning vir sonde te gebruik? Beslis nie! Jehovah word nie deur blote sentiment gelei nie. Sy genade het perke. Hy sal beslis nie dié vergewe wat met ’n verharde hart opsetlik sonde beoefen en geen berou toon nie (Hebreërs 10:26). Wanneer hy daarenteen ’n berouvolle hart sien, is hy bereid om te vergewe. Kom ons kyk nou na van die beskrywende taal wat in die Bybel gebruik word om hierdie wonderlike faset van Jehovah se liefde duidelik te maak.

## Hoe volkome vergewe Jehovah?

[8] ’n Berouvolle Dawid het gesê: “Uiteindelik het ek my sonde aan u bely. Ek het my oortreding nie weggesteek nie. . . . En u het die oortreding van my sondes *vergewe”* (Psalm 32:5). Die term “vergewe” vertaal ’n Hebreeuse woord wat basies “optel” of “dra” beteken. Die gebruik daarvan in hierdie geval beteken om “skuld, sonde, oortreding” weg te neem. Jehovah het dus as ’t ware Dawid se sondes opgetel en dit weggeneem. Dit het ongetwyfeld Dawid se skuldgevoelens verlig (Psalm 32:3). Ons kan ook volle vertroue hê in die God wat die sondes wegneem van dié wat sy vergifnis soek op grond van hulle geloof in Jesus se losprysoffer. – Matteus 20:28.

[9] Dawid het nog ’n treffende beeld gebruik om Jehovah se vergifnis te beskryf: “So ver as wat *die sonsopkoms van die sonsondergang is,* so ver het hy ons oortredings van ons verwyder” (Psalm 103:12). Die son kom op in die ooste en sak in die weste. Hoe ver is die ooste van die weste? In sekere sin is die ooste altyd die verste afstand denkbaar

---

8. Wat doen Jehovah as ’t ware wanneer hy ons sondes vergewe, en watter vertroue gee dit ons?
9. Hoe ver van ons af verwyder Jehovah ons sondes?

van die weste; die twee kan nooit bymekaar uitkom nie. Een geleerde sê dat hierdie uitdrukking beteken “so ver as moontlik; so ver as wat ons ons kan voorstel”. Dawid se geïnspireerde woorde sê vir ons dat Jehovah, wanneer hy vergewe, ons sondes so ver van ons af verwyder as wat ons ons kan voorstel.

10 Het jy al ooit probeer om ’n vlek uit ’n ligkleurige kledingstuk te verwyder? Ondanks al jou pogings kon die vlek dalk nog steeds gesien word. Let op hoe Jehovah sy vergewensgesindheid beskryf: “Al is julle sondes so rooi soos skarlaken, sal dit so wit soos sneeu gemaak word. Al is dit so rooi soos bloed, sal dit so wit soos wol word” (Jesaja 1:18). Die woord “skarlaken” verwys na ’n helderrooi kleur.* Ons kan nooit die vlek van sonde deur ons eie

* Een geleerde sê dat skarlaken “’n *vaste* kleur was. Nie dou of reën of was of lang gebruik kon dit verwyder nie.”

10. Waarom moet ons, wanneer Jehovah ons sondes vergewe, nie voel dat ons vir die res van ons lewe die vlek van hierdie sondes dra nie?

***“Julle sondes . . . sal . . . so wit soos sneeu gemaak word”***



pogings verwyder nie. Maar Jehovah kan sondes wat soos skarlaken is, neem en hulle wit soos sneeu of ongekleurde wol maak. Wanneer Jehovah ons sondes vergewe, hoef ons nie te voel dat ons vir die res van ons lewe die vlek van hierdie sondes dra nie.

11 In ’n roerende danklied wat Hiskia gekomponeer het nadat hy van ’n dodelike siekte genees is, het hy vir Jehovah gesê: “U het *al my sondes agter u rug gegooi”* (Jesaja 38: 17). Jehovah word hier uitgebeeld as iemand wat die sondes van ’n berouvolle oortreder neem en dit agter Hom gooi waar Hy dit nie meer sien of daarop let nie. Volgens een bron kan die gedagte wat oorgedra word, soos volg weergegee word: “U het [my sondes] gemaak asof dit nooit bestaan het nie.” Is dit nie bemoedigend nie?

12 In ’n herstellingsbelofte het die profeet Miga sy oortuiging uitgespreek dat Jehovah sy berouvolle volk sou vergewe: “Wie is ’n God soos u, wat . . . die oortredings van die oorblyfsel van sy erfdeel oorsien? . . . U sal al hulle sondes *in die dieptes van die see gooi”* (Miga 7:18, 19). Dink aan wat hierdie woorde beteken het vir die mense wat in Bybeltye gelewe het. Was daar enige kans om iets terug te kry wat “in die dieptes van die see” gegooi is? Miga se woorde toon dus dat Jehovah ons sondes vir goed verwyder wanneer hy vergewe.

13 Jesus het die verwantskap tussen skuldeisers en skuldenaars gebruik om Jehovah se vergifnis toe te lig. Jesus het ons aangespoor om te bid: “Vergewe ons ons *skulde”* (Matteus 6:12, voetnoot). Jesus het sondes dus met skulde vergelyk (Lukas 11:4). Wanneer ons sondig, word ons “skuldenaars” teenoor Jehovah. ’n Naslaanwerk het oor die betekenis van die Griekse werkwoord wat met “vergewe”

---

11. In watter sin gooi Jehovah ons sondes agter sy rug?
12. Hoe toon die profeet Miga dat Jehovah ons sondes vir goed verwyder wanneer Hy vergewe?
13. Wat beteken Jesus se woorde “vergewe ons ons skulde”?

vertaal word, gesê: “Om skuld kwyt te skeld, daarvan af te sien, deur dit nie te eis nie.” Wanneer Jehovah vergewe, skeld hy in sekere sin die skuld kwyt wat ons andersins toegereken sou geword het. Berouvolle sondaars kan dus moed skep. Jehovah sal nooit betaling eis vir skuld wat hy kwytgeskeld het nie! – Psalm 32:1, 2.

14 Jehovah se vergifnis word verder beskryf in Handelinge 3:19: “Toon dus berou en draai om sodat julle sondes *uitgewis kan word.”* Die laaste frase vertaal ’n Griekse werkwoord wat “om uit te vee, . . . te kanselleer of te vernietig” kan beteken. Volgens sommige geleerdes is die beeld dié van geskrewe woorde wat uitgewis word. Hoe was dit moontlik? Die ink wat in die ou tyd algemeen gebruik is, het bestaan uit ’n mengsel van houtskool, gom en water. Kort nadat iemand met sulke ink geskryf het, kon hy ’n nat spons neem en die skrif uitwis. Dit is ’n pragtige beskrywing van Jehovah se genade. Wanneer hy ons sondes vergewe, is dit asof hy ’n spons neem en dit uitwis.

15 Is dit nie duidelik, wanneer ons oor hierdie verskillende illustrasies nadink, dat Jehovah wil hê ons moet weet dat hy waarlik bereid is om ons sondes te vergewe solank hy kan sien dat ons opreg berouvol is nie? Ons hoef nie bang te wees dat hy in die toekoms weer hierdie sondes sal ophaal nie. Dít word getoon deur iets anders wat die Bybel omtrent Jehovah se groot genade openbaar: Wanneer hy vergewe, vergeet hy.

## “Ek sal nie meer aan hulle sonde dink nie”

16 Jehovah het aangaande dié wat in die nuwe verbond is, belowe: “Ek sal hulle oortreding vergewe, en ek sal nie meer aan hulle sonde dink nie” (Jeremia 31:34). Beteken dit dat Jehovah die sondes wat hy vergewe, nie meer

---

14. Watter beeld skep die frase “sodat julle sondes uitgewis kan word”?
15. Wat wil Jehovah hê moet ons omtrent hom weet?
16, 17. Wat bedoel die Bybel wanneer dit sê dat Jehovah ons sondes vergeet, en waarom antwoord jy so?



***Jehovah wil hê ons moet weet dat hy 'vryelik vergewe'***

kan onthou nie? Dit kan nouliks die geval wees. Die Bybel vertel ons van die sondes van baie mense wat deur Jehovah vergewe is, onder andere Dawid (2 Samuel 11:1-17; 12:13). Jehovah is natuurlik nog steeds bewus van die oortredings wat hulle begaan het. Die verslag van hulle sondes, asook van hulle berou en vergifnis deur God, is tot ons voordeel bewaar (Romeine 15:4). Wat bedoel die Bybel dan wanneer dit sê dat Jehovah nie 'dink aan' die sondes van dié wat hy vergewe nie?

17 Die Hebreeuse werkwoord wat met 'ek sal nie meer dink aan' weergegee word, dui op meer as om net aan die verlede terug te dink. Volgens die *Theological Wordbook of the Old Testament* bevat dit ook "die bybetekenis van ge-

paste optrede”. Om te ‘dink aan’ sonde, beteken dus in hierdie sin om teen sondaars op te tree (Hosea 9:9). Maar wanneer God sê: “Ek sal nie meer aan hulle sonde dink nie”, verseker hy ons daarvan dat hy, wanneer hy berouvolle sondaars eenmaal vergewe het, nie die een of ander tyd in die toekoms teen hulle sal optree weens hierdie sondes nie (Esegiël 18:21, 22). Jehovah vergeet dus in die sin dat hy nie ons sondes herhaaldelik ophaal om ons oor en oor te beskuldig of te straf nie. Is dit nie vertroostend om te weet dat ons God vergewe *en vergeet* nie?

## Wat van die gevolge?

18 Beteken die feit dat Jehovah vryelik vergewe dat ’n berouvolle sondaar vrygestel is van al die gevolge van sy verkeerde weg? Glad nie. Ons kan nie sondig en ongestraf bly nie. Paulus het geskryf: “Wat ’n mens saai, dit sal hy ook oes” (Galasiërs 6:7). Ons sal moontlik sekere gevolge van ons dade ondervind. Dit beteken nie dat Jehovah rampspoed oor ons bring nadat hy ons vergewe het nie. Wanneer probleme ontstaan, moet ’n Christen nie dink: ‘Miskien straf Jehovah my vir vorige sondes’ nie (Jakobus 1:13). Daarenteen beskerm Jehovah ons nie teen al die gevolge van ons verkeerde dade nie. ’n Egskeiding, ongewenste swangerskap, seksueel oordraagbare siekte, verlies aan vertroue of respek – dit alles kan die droewige, onvermydelike gevolge van sonde wees. Onthou, selfs nadat Jehovah Dawid vir sy sondes met betrekking tot Batseba en Uria vergewe het, het hy Dawid nie teen die rampspoedige gevolge daarvan beskerm nie. – 2 Samuel 12:9-12.

19 Ons sondes kan ook ander gevolge hê, veral as ander mense deur ons dade benadeel is. Dink byvoorbeeld

---

18. Waarom beteken vergifnis nie dat ’n berouvolle sondaar vrygestel is van al die gevolge van sy verkeerde weg nie?
19-21. (a) Hoe het die wet wat in Levitikus 6:1-7 opgeteken staan, die slagoffer sowel as die oortreder tot voordeel gestrek? (b) Watter optrede van ons kant behaag Jehovah as ander deur ons sondes benadeel is?

aan die verslag in Levitikus hoofstuk 6. Die Wet van Moses bespreek hier die situasie waarin iemand 'n ernstige oortreding begaan deur 'n mede-Israeliet se besittings deur roof, afpersing of bedrog in die hande te kry. Die sondaar ontken dan dat hy skuldig is en gaan selfs so ver om vals te sweer. Dit is een persoon se woord teen dié van 'n ander. Maar later pla die oortreder se gewete hom, en hy bely sy sonde. Hy moet dan nóg drie dinge doen om God se vergifnis te verkry: teruggee wat hy geneem het, die slagoffer 'n boete van 20 persent van die waarde van die gesteelde artikels betaal en 'n skaapram as 'n skuldoffer bring. Dan sê die wet: "Die priester moet vir hom versoening doen voor Jehovah, en hy sal vergewe word." – Levitikus 6:1-7.

20 Hierdie wet was 'n genadige voorsiening van God. Dit het die slagoffer tot voordeel gestrek, wie se eiendom teruggegee is en wat ongetwyfeld baie verlig gevoel het toe die oortreder uiteindelik sy sonde bely het. Terselfdertyd het die wet die een tot voordeel gestrek wie se gewete hom uiteindelik beweeg het om sy skuld te erken en sy oortreding reg te stel. Trouens, as hy geweier het om dit te doen, sou daar vir hom geen vergifnis van God gewees het nie.

21 Hoewel ons nie onder die Wet van Moses is nie, gee daardie Wet ons insig in Jehovah se denke, met inbegrip van sy beskouing oor vergifnis (Kolossense 2:13, 14). As ander deur ons sondes benadeel is, behaag dit God wanneer ons ons bes doen om die oortreding reg te stel (Matteus 5:23, 24). Dit behels moontlik dat ons ons sonde bely, ons skuld erken en die slagoffer selfs om verskoning vra. Dan kan ons ons tot Jehovah wend op grond van Jesus se offerande en die versekering hê dat ons deur God vergewe is. – Hebreërs 10:21, 22.

22 Soos enige liefdevolle ouer sal Jehovah moontlik ver-

---

22. Wat sal moontlik met Jehovah se vergifnis gepaardgaan?

### Vrae om oor te peins

**2 Kronieke 33:1-13** Waarom het Jehovah Manasse vergewe, en wat leer dit ons van Sy genade?

**Matteus 6:12, 14, 15** Waarom moet ons ander vergewe as daar gronde daarvoor is?

**Lukas 15:11-32** Wat leer hierdie gelykenis ons van Jehovah se vergewensgesindheid, en hoe laat dit jou voel?

**2 Korintiërs 7:8-11** Wat moet ons doen as ons God se vergifnis wil ontvang?

gifnis tesame met ’n mate van dissipline skenk (Spreuke 3: 11, 12). ’n Berouvolle Christen moet miskien sy voorreg prysgee om as ouerman, bedieningskneg of voltydse bedienaar te dien. Dit is dalk vir hom pynlik om vir ’n ruk voorregte te verloor wat vir hom kosbaar is. Sulke dissipline beteken egter nie dat Jehovah hom nie vergewe het nie. Ons moet onthou dat dissipline wat van Jehovah kom, ’n bewys van sy liefde vir ons is. Dit is in ons belang om dit te aanvaar en toe te pas. – Hebreërs 12:5-11.

23 Hoe verkwikkend is dit tog om te weet dat ons God ‘vryelik vergewe’! Ongeag watter foute ons begaan het, ons moet nooit dink dat ons buite die bereik van Jehovah se genade is nie. As ons waarlik berouvol is, stappe doen om die oortreding reg te stel en vurig om vergifnis bid op grond van Jesus se vergote bloed, kan ons die volle vertroue hê dat Jehovah ons sal vergewe (1 Johannes 1:9). Laat ons sy bereidwilligheid om te vergewe, navolg in ons handelinge met mekaar. As Jehovah, wat nie sondig nie, ons so liefdevol kan vergewe, moet ons as sondige mense dan nie ons bes doen om mekaar te vergewe nie?

---

23. Waarom moet ons nooit dink dat ons buite die bereik van Jehovah se genade is nie, en waarom moet ons sy bereidwilligheid om te vergewe, navolg?

# "Hoe groot is sy goedheid tog!"

'N PAAR ou vriende sit buite in die sagte lig van die sonsondergang en geniet 'n ete saam terwyl hulle lag en gesels en die uitsig bewonder. Ver daarvandaan kyk 'n boer oor sy lande uit en glimlag tevrede omdat donker wolke saamgepak het en die eerste druppels reën op dorstige plante val. Elders is 'n man en vrou verheug om hulle kindjie sy eerste wankelende treetjies te sien gee.

2 Of hulle dit weet of nie, hierdie mense vind almal by dieselfde ding baat – die goedheid van Jehovah God. Godsdienstige mense sê dikwels: "God is goed." Die Bybel stel dit baie sterker. Dit sê: "Hoe groot is sy goedheid tog"! (Sagaria 9:17). Maar dit lyk of min mense vandag waarlik weet wat hierdie woorde beteken. Wat behels die goedheid van Jehovah God werklik, en hoe raak hierdie eienskap van God elkeen van ons?

## 'n Uitsonderlike faset van Goddelike liefde

3 In baie moderne tale is "goedheid" nie juis 'n sinryke woord nie. Maar soos dit in die Bybel geopenbaar word, is goedheid uiters sinryk. Dit verwys hoofsaaklik na deugsaamheid en sedelike voortreflikheid. In sekere sin kan ons dan sê dat Jehovah met goedheid vervul is. Al sy eienskappe – insluitende sy krag, sy geregtigheid en sy wysheid – is deur en deur goed. Goedheid kan nietemin die beste beskryf word as 'n blyk van Jehovah se liefde. Waarom?

---

1, 2. Hoe verreikend is die goedheid van God, en hoe benadruk die Bybel hierdie eienskap?

3, 4. Wat is goedheid, en waarom kan Jehovah se goedheid die beste beskryf word as 'n blyk van Goddelike liefde?

4 Goedheid is ’n aktiewe eienskap. Die apostel Paulus het getoon dat dit in mense selfs aantrekliker as regverdigheid is (Romeine 5:7). ’n Regverdige man sal getrou by die vereistes van die wet bly, maar ’n goeie man doen meer. Hy neem die inisiatief en soek doelgerig na maniere om ander te bevoordeel. Soos ons sal sien, is Jehovah beslis goed in hierdie sin. Sulke goedheid spruit ongetwyfeld voort uit Jehovah se onbeperkte liefde.

5 Jehovah is ook uniek wat sy goedheid betref. Kort voor Jesus gesterf het, het ’n man na hom toe gekom om ’n vraag te vra en hom met die woorde "Goeie Leermeester" aangespreek. Jesus het geantwoord: "Hoekom noem jy my goed? Niemand is goed nie, behalwe een, God" (Markus 10:17, 18). Jy vind hierdie antwoord dalk vreemd. Waarom het Jesus die man reggehelp? Was Jesus dan nie ’n "Goeie Leermeester" nie?

6 Die man het blykbaar die woorde "Goeie Leermeester" as ’n vleiende titel gebruik. Jesus het sulke heerlikheid op beskeie wyse eerder aan sy hemelse Vader gegee, wat in die hoogste graad goed is (Spreuke 11:2). Maar Jesus het ook ’n belangrike waarheid bevestig. Jehovah alleen is die standaard vir wat goed is. Net hy het die soewereine reg om te bepaal wat goed en wat sleg is. Adam en Eva het vir hulle daardie reg probeer toe-eien toe hulle opstandig was en van die boom van die kennis van wat goed en wat sleg is, geneem het. In teenstelling met hulle laat Jesus dit nederig aan sy Vader oor om standaarde vas te stel.

7 Jesus het ook geweet dat Jehovah die Bron is van alles wat waarlik goed is. Hy is die Gewer van "elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk" (Jakobus 1:17). Kom ons kyk hoe Jehovah se goedheid in sy vrygewigheid gesien kan word.

---

5-7. Waarom het Jesus geweier om "Goeie Leermeester" genoem te word, en watter belangrike waarheid het hy hierdeur bevestig?



***Jehovah 'gee vir julle reën uit die hemel en vrugbare seisoene'***

## Bewyse van Jehovah se oorvloedige goedheid

[8] Al die mense wat tot nog toe gelewe het, het by Jehovah se goedheid baat gevind. Psalm 145:9 sê: "Jehovah is goed vir *almal.*" Wat is 'n paar voorbeelde van sy allesomvattende goedheid? Die Bybel sê: "Hy [het] getuienis oor homself gegee deur goeie dinge te doen. Hy het vir julle reën uit die hemel en vrugbare seisoene gegee, en hy het vir julle oorgenoeg voedsel en 'n hart vol blydskap gegee" (Handelinge 14:17). Het jy nie al ná 'n heerlike ete opgebeur gevoel nie? As Jehovah nie in sy goedheid hierdie aarde met sy nimmereindigende waterkringloop en "vrugbare seisoene" ontwerp het om 'n oorvloed voedsel voort te bring nie, sou daar geen etes gewees het nie. Jehovah het hierdie goedheid nie net bewys aan dié wat hom liefhet nie, maar aan *almal.* Jesus het gesê: "Hy laat sy son opkom oor die

8. Hoe het Jehovah goedheid aan die hele mensdom bewys?

goddeloses en die goeies, en hy laat dit reën op die regverdiges en die onregverdiges." – Matteus 5:45.

[9] Baie neem die groot vrygewigheid wat as gevolg van die volgehoue werking van die son, die reën en die vrugbare seisoene aan die mensdom betoon word, as vanselfsprekend aan. Dink byvoorbeeld aan die appel. Dit is 'n vrug wat in al die gematigde streke van die aarde algemeen voorkom. Tog is dit mooi om na te kyk, lekker om te eet en vol verfrissende sap en noodsaaklike voedingstowwe. Het jy geweet dat daar wêreldwyd ongeveer 7 500 verskillende soorte appels is, wat wissel in kleur van rooi tot goud tot

---

9. Hoe lig die appel Jehovah se goedheid toe?

***Uit hierdie pitjie groei 'n boom wat dekades lank aan mense vrugte en vreugde kan verskaf***





geel tot groen en in grootte van net ’n bietjie groter as ’n kersie tot so groot soos ’n pomelo? As jy ’n appelpit in jou hand hou, lyk dit onbeduidend. Maar daaruit groei een van die mooiste bome (Hooglied van Salomo 2:3). Elke lente is die appelboom versier met ’n pragtige krans van bloeisels; elke herfs dra dit vrugte. Die gemiddelde appelboom sal elke jaar – tot 75 jaar lank – genoeg vrugte dra om 20 kartondose van 19 kilogram elk te vul!

10 In sy oneindige goedheid het Jehovah ons ’n liggaam gegee wat “wonderlik gemaak is”, met sintuie om ons te help om sy werke waar te neem en te geniet (Psalm 139:14). Dink weer aan die tonele wat aan die begin van hierdie hoofstuk beskryf is. Wat sien die *oog* wat sulke oomblikke vreugdevol maak? Die blosende wange van ’n gelukkige kind. Die vlae reën wat oor die landerye uitsak. Die rooi, goud en pers van ’n sonsondergang. Die menseoog is gemaak om meer as honderdduisende, dalk selfs miljoene, verskillende kleure te sien! En ons *gehoor* neem die verskillende tone in ’n geliefde se stem waar, die geruis van die wind in die bome, ’n klein kindjie se geskater. Waarom kan ons sulke tonele en klanke geniet? Die Bybel sê: “Die oor wat hoor en die oog wat sien – Jehovah het hulle al twee gemaak” (Spreuke 20:12). Maar dit is net twee van die sintuie.

11 Die *reuksin* is nog ’n bewys van Jehovah se goedheid. Die mens se neus kan ontsaglik baie verskillende geure onderskei – na raming kan dit duisende of selfs tot ’n biljoen wees. Dink aan net ’n paar: jou gunstelingkos op die stoof, blomme, blare wat afgeval het, die rook van ’n gesellige vuurtjie. En jou *tassin* stel jou in staat om die streling van die bries teen jou gesig, die vertroostende omhelsing van ’n geliefde, ’n lekker gladde vrug in jou hand te voel. Wanneer jy ’n hap vat, begin jou *smaaksin* werk. Jy proe ’n heerlike kombinasie van geure wanneer jou smaakknop-

---

10, 11. Hoe lewer die sintuie bewys van God se goedheid?

pies subtiele smake waarneem wat deur die vrug se ingewikkelde chemiese samestelling geskep word. Ja, ons het alle rede om oor Jehovah uit te roep: "Hoe oorvloedig is u goedheid tog! U het dit as 'n skat bewaar vir dié wat u vrees" (Psalm 31:19). Maar hoe het Jehovah goedheid "as 'n skat bewaar" vir dié wat godvrugtige vrees het?

## Goedheid met ewige voordele

12 Jesus het gesê: "Daar staan geskryf: 'Die mens moenie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat uit Jehovah se mond kom' " (Matteus 4:4). Ja, Jehovah se geestelike voorsienings kan ons selfs tot groter voordeel strek as die fisiese voorsienings, want dit lei tot die ewige lewe. In Hoofstuk 8 van hierdie boek het ons gesien dat Jehovah sy herstellingskrag gedurende hierdie laaste dae gebruik het om 'n geestelike paradys tot stand te bring. 'n Vername kenmerk van hierdie paradys is die oorvloed geestelike voedsel.

13 In een van die Bybel se groot herstellingsprofesieë is die profeet Esegiël 'n visioen van 'n herstelde en verheerlikte tempel gegee. Uit daardie tempel het 'n stroom water gevloei wat al hoe breër en dieper geword het totdat dit 'n rivier gevorm het. Oral waar dié rivier gevloei het, het dit seëninge meegebring. Op sy oewers het 'n groot aantal bome gefloreer wat kos en genesing voorsien het. En die rivier het selfs aan die lewelose soutwater van die Dooie See lewe gegee en dit vrugbaar laat word! (Esegiël 47:1-12). Maar wat het dit alles beteken?

14 Die tempelvisioen het beteken dat Jehovah rein aanbidding sou herstel. Dit sou weer aan sy regverdige standaarde voldoen. Soos daardie rivier in die visioen, sou

---

12. Watter voorsienings van Jehovah is die belangrikste, en waarom?
13, 14. (a) Wat het die profeet Esegiël in 'n visioen gesien, en wat beteken dit vandag vir ons? (b) Watter lewegewende geestelike voorsienings maak Jehovah vir sy getroue knegte?

God se voorsienings vir die lewe al hoe oorvloediger na sy volk vloei. Sedert die herstelling van rein aanbidding in 1919 het Jehovah sy volk met lewegewende voorsienings geseën. Hoe? Wel, Bybels, Bybellektuur, vergaderinge en byeenkomste het alles gehelp om lewensbelangrike waarhede na miljoene te bring. Deur middel daarvan het Jehovah mense van sy allerbelangrikste voorsiening vir die lewe geleer – Christus se losprysoffer, wat 'n rein posisie voor Jehovah en die hoop op ewige lewe moontlik maak vir almal wat God waarlik liefhet en vrees.* Gevolglik het Jehovah se volk deur hierdie laaste dae heen 'n geestelike fees geniet terwyl die wêreld geestelik honger gely het. – Jesaja 65:13.

15 Maar die rivier van Esegiël se visioen hou nie op vloei wanneer hierdie ou stelsel van dinge tot 'n einde kom nie. Inteendeel, dit sal gedurende Christus se Duisendjarige Heerskappy in selfs oorvloediger mate vloei. Dan sal Jehovah deur middel van die Messiaanse Koninkryk die volle waarde van Jesus se offerande aanwend en getroue mense geleidelik tot volmaaktheid verhef. Hoe sal ons ons tog nie dan oor Jehovah se goedheid verheug nie!

## Bykomende fasette van Jehovah se goedheid

16 Jehovah se goedheid behels meer as vrygewigheid. God het vir Moses gesê: "Ek sal jou al my goedheid laat sien, en ek sal die naam van Jehovah aan jou bekend maak." Later sê die verslag: "Jehovah het voor hom verbygegaan en uitgeroep: 'Jehovah, Jehovah, 'n God wat genadig is en medelye betoon, wat nie gou kwaad word nie en vol lojale liefde

* Daar kan nie 'n beter voorbeeld van Jehovah se goedheid wees as die losprys nie. Uit al die miljoene geesskepsele uit wie Jehovah kon kies, het hy sy geliefde, eniggebore Seun gekies om vir ons te sterf.

15. In watter sin sal Jehovah se goedheid gedurende Christus se Duisendjarige Heerskappy na getroue mense vloei?
16. Hoe toon die Bybel dat Jehovah se goedheid ander eienskappe insluit, en wat is party hiervan?

en waarheid is' " (Eksodus 33:19; 34:6, voetnoot). Jehovah se goedheid sluit dus 'n aantal voortreflike eienskappe in. Kom ons kyk na net twee hiervan.

17 *"Medelye."* Hierdie eienskap, wat ook as simpatie weergegee kan word, vertel ons baie van die manier waarop Jehovah met sy skepsele handel. Jehovah is nie kortaf, kil of tiranniek, soos so dikwels die geval met mense in gesagsposisies is nie; hy is eerder vriendelik en goedhartig. Jehovah het byvoorbeeld vir Abram gesê: "Kyk asseblief na die land om jou, na die noorde en die suide, na die ooste en die weste" (Genesis 13:14). Baie vertalings laat die woord "asseblief" uit. Maar volgens Bybelgeleerdes bevat die bewoording in die oorspronklike Hebreeus 'n woorddeel wat die stelling van 'n bevel in 'n vriendelike versoek verander. Daar is ander soortgelyke gevalle (Genesis 31:12; Esegiël 8:5). Dink net, die Soewerein van die heelal sê "asseblief" vir blote mense! In 'n wêreld waar hardvogtigheid, aggressiewe gedrag en onbeskoftheid so algemeen is, is dit uiters verfrissend om te dink aan hoe genadig ons God, Jehovah, is.

18 *"Vol . . . waarheid."* Oneerlikheid is vandag baie algemeen in die wêreld. Maar die Bybel herinner ons hieraan: "God is nie 'n mens wat leuens vertel nie" (Numeri 23:19). Trouens, Titus 1:2 sê dat "God . . . *nie kan* lieg nie". Hy is heeltemal te goed daarvoor. Jehovah se beloftes is dus absoluut betroubaar; sy woorde sal altyd vervul word. Jehovah word selfs "die God van waarheid" genoem (Psalm 31:5). Nie net vertel hy nie leuens nie, maar hy verskaf ook 'n oorvloed van waarheid. Hy is nie afsydig, terughoudend of geheimsinnig nie; inteendeel, uit sy onbeperkte skatkamer van wysheid voorsien hy mildelik geestelike

---

17. Wat beteken dit om medelye te hê, en hoe het Jehovah hierdie eienskap teenoor onvolmaakte mense geopenbaar?
18. In watter sin is Jehovah "vol . . . waarheid", en waarom is hierdie woorde bemoedigend?

verligting aan sy getroue knegte.* Hy leer hulle selfs hoe om volgens die waarhede te lewe wat hy voorsien sodat hulle kan "voortgaan om volgens die weg van die waarheid te lewe" (3 Johannes 3). Hoe moet Jehovah se goedheid ons as individue raak?

## "Straal oor die goedheid van Jehovah"

19 Toe Satan Eva in die tuin van Eden versoek het, het hy begin deur haar vertroue in Jehovah se goedheid subtiel te ondermyn. Jehovah het vir Adam gesê: "Jy mag van al die bome van die tuin eet totdat jy versadig is." Van al die duisende bome wat daardie tuin versier het, was daar net een wat Jehovah die mens verbied het om van te eet. Maar let op hoe Satan sy eerste vraag aan Eva bewoord het: "Het God werklik gesê dat julle nie van al die bome van die tuin mag eet nie?" (Genesis 2:9, 16; 3:1). Satan het Jehovah se woorde verdraai om Eva te laat dink dat Jehovah iets goeds van hulle weerhou. Ongelukkig het die taktiek gewerk. Eva het, soos so baie mans en vroue ná haar, begin twyfel aan die goedheid van God, wat haar alles gegee het wat sy gehad het.

20 Ons weet watter groot smart en ellende sulke twyfelgedagtes veroorsaak. Laat ons dan die woorde van Jeremia 31:12 ter harte neem: "Hulle sal . . . straal oor die goedheid van Jehovah." Jehovah se goedheid moet ons inderdaad laat straal van vreugde. Ons hoef nooit die beweegredes van ons God, wat so vol goedheid is, in twyfel te trek nie. Ons kan volkome op hom vertrou, want hy wil net die beste hê vir dié wat hom liefhet.

---

* Die Bybel verbind waarheid tereg met lig. "Stuur u lig en u waarheid uit", het die psalmis gesing (Psalm 43:3). Jehovah gee 'n oorvloed van geestelike lig aan dié wat bereid is om deur hom geleer, of verlig, te word. – 2 Korintiërs 4:6; 1 Johannes 1:5.

---

19, 20. (a) Hoe het Satan Eva se vertroue in Jehovah se goedheid ondermyn, en met watter gevolg? (b) Watter uitwerking moet Jehovah se goedheid tereg op ons hê, en waarom?

### Vrae om oor te peins

**1 Konings 8:54-61, 66** Hoe het Salomo waardering vir Jehovah se goedheid uitgespreek, en watter uitwerking het dit op die Israeliete gehad?

**Psalm 119:66, 68** Hoe kan ons gebede toon dat ons 'n begeerte het om Jehovah se goedheid na te volg?

**Lukas 6:32-38** Wat kan ons beweeg om Jehovah se vrygewigheid na te volg?

**Romeine 12:2, 9, 17-21** Hoe kan ons goedheid in ons daaglikse lewe toon?

21 Verder is ons verheug wanneer ons 'n geleentheid kry om met ander oor God se goedheid te praat. Psalm 145:7 sê van Jehovah se volk: "Hulle woorde van lof sal uitborrel terwyl hulle terugdink aan u oorvloedige goedheid." Ons vind elke dag van ons lewe op die een of ander manier baat by Jehovah se goedheid. Maak dit gerus jou gewoonte om Jehovah elke dag vir sy goedheid te dank en wees so spesifiek moontlik. As ons oor hierdie eienskap nadink, Jehovah elke dag daarvoor dank en ander daarvan vertel, sal dit ons help om ons goeie God na te volg. En terwyl ons na maniere soek om, soos Jehovah, goed te doen, sal ons steeds nader aan hom kom. Die bejaarde apostel Johannes het geskryf: "Geliefde, moenie wat sleg is navolg nie, maar volg die goeie na. Die een wat doen wat goed is, het sy oorsprong by God." – 3 Johannes 11.

22 Jehovah se goedheid hou ook met ander eienskappe verband. God is byvoorbeeld "vol lojale liefde" (Eksodus 34:6). Hierdie eienskap is meer spesifiek as goedheid, want Jehovah bewys dit in die besonder aan sy getroue knegte. Ons sal in die volgende hoofstuk leer hoe hy dit doen.

---

21, 22. (a) Wat is 'n paar maniere waarop jy op Jehovah se goedheid wil reageer? (b) Watter eienskap sal ons in die volgende hoofstuk bespreek, en hoe verskil dit van goedheid?

HOOFSTUK 28

# "U alleen is lojaal"

KONING DAWID het eerstehandse kennis van dislojaliteit gehad. Op een stadium gedurende sy onstuimige bewind was hy omring deur intrige toe party van sy eie volksgenote teen hom saamgesweer het. Boonop is Dawid verraai deur persone wat 'n mens sou verwag sy intiemste metgeselle sou gewees het. Dink aan Migal, Dawid se eerste vrou. Sy was aanvanklik "verlief op Dawid" en het hom ongetwyfeld in sy koninklike pligte ondersteun. Maar later het sy "hom in haar hart begin verag" en selfs gemeen dat Dawid "net soos 'n verstandelose man" was. – 1 Samuel 18:20; 2 Samuel 6:16, 20.

2 Dan was daar Dawid se persoonlike raadgewer, Agitofel. Sy raad is beskou asof dit woorde direk van Jehovah af was (2 Samuel 16:23). Maar na verloop van tyd het hierdie vertroueling 'n verraaier geword en by die georganiseerde opstand teen Dawid aangesluit. En wie was die aanstigter van die sameswering? Absalom, Dawid se eie seun! Hierdie slinkse opportunis het "die harte van die manne van Israel bly steel" en hom tot 'n mededingende koning verhef. Absalom se opstand het so sterk geword dat koning Dawid vir sy lewe moes vlug. – 2 Samuel 15:1-6, 12-17.

3 Was daar niemand wat aan Dawid lojaal gebly het nie? Deur al sy ontberinge het Dawid geweet dat daar wel so iemand was. Wie? Niemand anders as Jehovah God nie. "Aan iemand wat lojaal is, is u lojaal", het Dawid van Jehovah gesê (2 Samuel 22:26). Wat is lojaliteit, en hoe stel Jehovah die voortreflikste voorbeeld in die betoning van hierdie eienskap?

---

1, 2. Waarom kan daar gesê word dat koning Dawid eerstehandse kennis van dislojaliteit gehad het?
3. Watter vertroue het Dawid gehad?



*Die maan word 'n getroue getuie genoem, maar net intelligente lewende skepsele kan waarlik Jehovah se lojaliteit weerspieël*

## Wat is lojaliteit?

4 "Lojaliteit" soos dit in die Hebreeuse Geskrifte gebruik word, is goedhartigheid wat hom liefdevol aan iets heg en dit nie laat los totdat sy doel daarmee bereik is nie. Dit behels meer as getrouheid. Iemand kan immers net uit pligsgevoel getrou wees. In teenstelling hiermee spruit lojaliteit voort uit liefde.* Daarbenewens kan die woord "getrou" ook op lewelose dinge toegepas word. Die psalmis het byvoorbeeld die maan "'n getroue getuie in die hemelruim" genoem omdat dit gereeld elke nag sy verskyning maak (Psalm 89:37). Maar die maan kan nie as lojaal beskryf word nie. Waarom nie? Omdat lojaliteit 'n blyk van liefde is – iets wat lewelose dinge nie kan betoon nie.

5 In die Bybelse sin is lojaliteit 'n hartlike eienskap. Die blote feit dat dit betoon word, dui aan dat daar 'n verhouding bestaan tussen die persoon wat die eienskap openbaar en die een teenoor wie dit betoon word. Sulke lojaliteit is nie wisselvallig nie. Dit is nie soos golwe van die see wat deur veranderende winde heen en weer gewaai word

---

* Dit is interessant dat die woord wat in 2 Samuel 22:26 met "lojaal" weergegee word, op ander plekke met "lojale liefde" vertaal word.

---

4, 5. (a) Wat is "lojaliteit"? (b) Hoe verskil lojaliteit van getrouheid?

nie. Inteendeel, lojaliteit, of lojale liefde, is so bestendig en sterk dat dit die gedugste struikelblok kan oorkom.

6 Sulke lojaliteit is vandag weliswaar seldsaam. Hegte vriende is dikwels geneig om 'mekaar te verwoes'. Ons hoor al hoe meer van mans of vrouens wat hulle huweliksmaat verlaat (Spreuke 18:24; Maleagi 2:14-16). Verraderlike dade is so algemeen dat ons moontlik vind dat ons soos die profeet Miga sê: "Die lojale het van die aarde af verdwyn" (Miga 7:2). Mense versuim dikwels om lojaliteit te betoon, maar nie Jehovah nie; hy is die beste voorbeeld van daardie kosbare eienskap. Trouens, die beste manier om uit te vind presies wat lojaliteit behels, is om te kyk hoe Jehovah hierdie wonderlike faset van sy liefde openbaar.

## Jehovah se weergalose lojaliteit

7 Die Bybel sê van Jehovah: "U alleen is lojaal" (Openbaring 15:4). Hoe kan dit wees? Het mense en engele nie al by tye merkwaardige lojaliteit geopenbaar nie? (Job 1:1; Openbaring 4:8). En wat van Jesus Christus? Is hy nie God se vernaamste "lojale kneg" nie? (Psalm 16:10). Hoe kan daar dan gesê word dat Jehovah *alleen* lojaal is?

8 In die eerste plek moet ons onthou dat lojaliteit 'n faset van liefde is. Wie kan, aangesien 'God liefde *is*' – omdat hy die verpersoonliking van hierdie eienskap is – dan in voller mate lojaliteit betoon as Jehovah? (1 Johannes 4:8). Ja, engele en mense kan God se eienskappe weerspieël, maar net Jehovah is lojaal in die oortreffende sin. As "die Oue van Dae" betoon hy al langer lojaliteit as enige skepsel, op die aarde of in die hemel (Daniël 7:9). Jehovah is dus die absolute verpersoonliking van lojaliteit. Hy openbaar hierdie

---

6. (a) Hoe seldsaam is lojaliteit onder mense, en hoe toon die Bybel dit? (b) Wat is die beste manier om uit te vind wat lojaliteit behels, en waarom?

7, 8. Hoe kan daar gesê word dat Jehovah alleen lojaal is?

eienskap soos geen skepsel dit kan doen nie. Kyk na 'n paar voorbeelde.

[9] Jehovah is "lojaal in alles wat hy doen" (Psalm 145:17). Hoe? Psalm 136 verskaf die antwoord. 'n Hele paar van Jehovah se reddingsdade word daar gemeld, onder andere die dramatiese verlossing van die Israeliete deur die Rooisee. Dit is betekenisvol dat elke vers van hierdie psalm onderbreek word met die uitdrukking: "Sy lojale liefde duur vir ewig." Hierdie psalm word genoem in die "Vrae om oor te peins" op bladsy 289. Wanneer 'n mens hierdie verse lees, kan jy nie anders as om beïndruk te wees deur al die maniere waarop Jehovah lojale liefde aan sy volk bewys het nie. Ja, Jehovah betoon lojaliteit teenoor sy getroue knegte deur hulle hulpgeroep te hoor en deur op die bestemde tyd op te tree (Psalm 34:6). Solank Jehovah se knegte lojaal bly teenoor hom, verflou sy lojale liefde vir hulle nie.

[10] Daarbenewens betoon Jehovah lojaliteit teenoor sy knegte deur getrou te bly aan sy standaarde. In teenstelling met party wispelturige mense, wat deur hulle giere en gevoelens gelei word, verander Jehovah nie in sy beskouing van wat reg en wat verkeerd is nie. Sy beskouing van dinge soos spiritisme, afgodediens en moord het deur die millenniums heen dieselfde gebly. "Selfs wanneer jy oud word, sal ek dieselfde wees", het hy deur sy profeet Jesaja gesê (Jesaja 46:4). Ons kan dus die vertroue hê dat dit ons tot voordeel sal strek as ons die duidelike sedelike leiding volg wat in God se Woord gevind word. – Jesaja 48:17-19.

[11] Jehovah toon ook lojaliteit deur sy beloftes getrou na te kom. Wanneer hy iets voorspel, gebeur dit. Jehovah het dus gesê: "My woord . . . wat uit my mond uitgaan . . . sal

9. Hoe is Jehovah "lojaal in alles wat hy doen"?
10. Hoe toon Jehovah lojaliteit met betrekking tot sy standaarde?
11. Gee voorbeelde om te toon dat Jehovah sy beloftes getrou nakom.

nie sonder resultate na my toe terugkeer nie, maar dit sal beslis doen wat ek wil hê, en dit sal beslis die doel bereik waarvoor ek dit gestuur het" (Jesaja 55:11). Deur sy woord getrou na te kom, betoon Jehovah lojaliteit teenoor sy volk. Hy laat hulle nie gretig wag op iets wat hy nie van voorneme is om te doen nie. Jehovah se reputasie in hierdie opsig is so onberispelik dat sy kneg Josua kon sê: "Nie een van al die goeie beloftes wat Jehovah aan die huis van Israel gemaak het, het onvervuld gebly nie. Dit het alles waar geword" (Josua 21:45). Ons kan dus vol vertroue wees dat Jehovah ons nooit sal teleurstel deur nie sy beloftes te hou nie. – Jesaja 49:23; Romeine 5:5.

12 Soos ons vroeër gesien het, sê die Bybel vir ons Jehovah se lojale liefde "duur vir ewig" (Psalm 136:1). Hoe so? Om maar een ding te noem, Jehovah se vergifnis van sondes is permanent. Soos in Hoofstuk 26 bespreek is, haal Jehovah nie vorige sondes op waarvoor iemand vergewe is nie. Aangesien 'niemand die heerlikheid van God volmaak kan weerspieël nie', moet elkeen van ons dankbaar wees dat Jehovah se lojale liefde vir ewig duur. – Romeine 3:23.

13 Maar Jehovah se lojale liefde duur ook in 'n ander opsig vir ewig. Sy Woord sê dat die regverdige "soos 'n boom [sal] wees wat by waterstrome geplant is, 'n boom wat vrugte op die regte tyd gee, waarvan die blare nie verlep nie. Alles wat hy doen, sal suksesvol wees" (Psalm 1:3). Stel jou 'n vrugbare boom voor waarvan die blare nooit verlep nie! Ons sal dan ook 'n lang, vreedsame en vrugbare lewe lei as ons werklik behae skep in God se Woord. Die seëninge wat Jehovah lojaal aan sy getroue knegte skenk, duur vir ewig. Ja, in die regverdige nuwe wêreld wat Jehovah sal bring, sal gehoorsame mense sy lojale liefde vir ewig geniet. – Openbaring 21:3, 4.

---

12, 13. In watter opsigte duur Jehovah se lojale liefde vir ewig?

## Jehovah "sal nie sy lojales verlaat nie"

14 Jehovah het sy lojaliteit keer op keer bewys. Aangesien Jehovah absoluut konsekwent is, neem die lojaliteit wat hy teenoor sy getroue knegte betoon, nooit af nie. Die psalmis het geskryf: "Ek was eens jonk en nou is ek oud, maar ek het nog nooit gesien dat 'n regverdige verlaat word of dat sy kinders na brood soek nie. Want Jehovah is lief vir geregtigheid, en hy sal nie sy lojales verlaat nie" (Psalm 37:25, 28). As die Skepper verdien Jehovah weliswaar ons aanbidding (Openbaring 4:11). Maar omdat hy lojaal is, is ons getroue dade vir Jehovah kosbaar. – Maleagi 3:16, 17.

15 In sy lojale liefde kom Jehovah sy volk herhaaldelik te hulp wanneer hulle in nood verkeer. Die psalmis sê vir ons: "Hy bewaar die lewe van sy lojales. Hy red hulle uit die hand van die goddeloses" (Psalm 97:10). Dink aan sy handelinge met die nasie Israel. Ná hulle wonderdadige verlossing deur die Rooisee het die Israeliete 'n lied tot Jehovah gesing: "In u lojale liefde het u die volk gelei wat u verlos het" (Eksodus 15:13). Die verlossing by die Rooisee was beslis 'n daad van lojale liefde van Jehovah se kant. Moses het dus vir die Israeliete gesê: "Dit was nie omdat julle die grootste van al die volke was dat Jehovah liefde aan julle betoon het en julle uitgekies het nie, want julle was die kleinste van al die volke. Maar dit was omdat Jehovah julle liefgehad het en getrou gebly het aan die eed wat hy aan julle voorvaders gesweer het. Daarom het Jehovah julle met 'n magtige hand uitgelei, om julle te verlos uit die huis van slawerny, uit die greep van Farao, die koning van Egipte." – Deuteronomium 7:7, 8.

---

14. Hoe toon Jehovah waardering vir die lojaliteit van sy knegte?
15. Verduidelik hoe Jehovah se handelinge met Israel sy lojaliteit beklemtoon.

16 As ’n nasie het die Israeliete natuurlik versuim om waardering vir Jehovah se lojale liefde te toon, want ná hulle verlossing het hulle “aangehou om teen [Jehovah] te sondig deur teen die Allerhoogste in opstand te kom” (Psalm 78:17). Hulle het deur die eeue heen herhaaldelik in opstand gekom en Jehovah verlaat en hulle tot valse gode en heidense gebruike gewend wat hulle verontreinig het. Nietemin het Jehovah nie sy verbond verbreek nie. Deur die profeet Jeremia het Jehovah sy volk eerder gesmeek: “Keer terug, o ontroue Israel . . . Ek sal nie kwaad na julle kyk nie, want ek is lojaal” (Jeremia 3:12). Maar soos ons in Hoofstuk 25 gesien het, het die meeste Israeliete nie verander nie. Inteendeel, “hulle het die boodskappers van die ware God bly spot, en hulle het sy woorde geïgnoreer en sy profete uitgelag”. Wat was die gevolg? Uiteindelik het ‘Jehovah vir sy volk woedend geword en was daar geen hoop dat hulle genees kon word nie’. – 2 Kronieke 36:15, 16.

17 Wat leer ons hieruit? Dat Jehovah se lojaliteit nie blind of goedgelowig is nie. Dit is wel so dat Jehovah “vol lojale liefde” is en dat hy daarin behae skep om genade te toon wanneer daar gronde daarvoor is. Maar wat gebeur wanneer dit duidelik word dat ’n oortreder verstok is in sy goddeloosheid? In so ’n geval bly Jehovah by sy regverdige standaarde en veroordeel hy die persoon. Soos daar vir Moses gesê is, sal Jehovah “beslis nie die skuldiges ongestraf laat bly nie”. – Eksodus 34:6, 7.

18 Wanneer God die goddeloses straf, is dit ook ’n daad

---

16, 17. (a) Watter skokkende gebrek aan waardering het die Israeliete geopenbaar, maar hoe het Jehovah nogtans medelye aan hulle bewys? (b) Hoe het die meeste Israeliete getoon dat daar “geen hoop was dat hulle genees kon word nie”, en watter waarskuwende voorbeeld verskaf dit aan ons?
18, 19. (a) Hoe is dit ook ’n daad van lojaliteit wanneer Jehovah die goddeloses straf? (b) Hoe sal Jehovah bewys dat hy lojaal is teenoor sy knegte wat tot die dood toe vervolg is?

*Jehovah sal dié wat selfs tot die dood toe lojaal gebly het, uit lojaliteit onthou en opwek*







***Bernard Luimes** (bo) en **Wolfgang Kusserow** (middel) is deur die Nazi's tereggestel*

***Moses Nyamussua** is deur 'n politieke groep met 'n spies doodgesteek*

van lojaliteit. Hoe so? Ons kry 'n aanduiding in die boek Openbaring in die bevele wat Jehovah aan sewe engele gee: "Gaan gooi die sewe bakke van die woede van God op die aarde uit." Wanneer die derde engel sy bak "in die riviere en die fonteine" uitgooi, word hulle bloed. Dan sê die engel vir Jehovah: "U, die Een wat is en wat was, *die Een wat lojaal is,* is regverdig, omdat u hierdie oordele gegee het, want hulle het die bloed van heiliges en van profete uitgestort, en u het vir hulle bloed gegee om te drink. Hulle verdien dit." – Openbaring 16:1-6.

19 Let daarop dat die engel in die middel van daardie oordeelsboodskap na Jehovah verwys as "die Een wat lojaal is". Waarom? Omdat Jehovah, deur die goddeloses te vernietig, lojaliteit betoon teenoor sy knegte, van wie baie tot die dood toe vervolg is. Jehovah is lojaal en hou hulle lewend in sy geheue. Hy verlang om hierdie getroue afgestorwenes weer te sien, en die Bybel bevestig dat dit sy voorneme is om hulle met 'n opstanding te beloon (Job 14:14, 15). Jehovah vergeet nie sy lojale knegte net omdat hulle nie meer lewe nie. Inteendeel, "vir hom lewe hulle

almal" (Lukas 20:37, 38). Jehovah se voorneme om dié op te wek wat in sy geheue is, is 'n kragtige bewys van sy lojaliteit.

## Jehovah se lojale liefde maak redding moontlik

[20] Jehovah het deur die geskiedenis heen merkwaardige lojaliteit teenoor getroue mense betoon. Trouens, Jehovah het duisende jare lank "voorwerpe van woede, wat vernietig sou word, geduldig verdra". Waarom? "Om die oorvloed van sy heerlikheid bekend te maak oor voorwerpe van genade, wat hy vooraf voorberei het om verheerlik te word" (Romeine 9:22, 23). Hierdie "voorwerpe van genade" is mense wat die regte gesindheid het en deur die heilige gees gesalf is om mede-erfgename met Christus in sy

20. Wie is die "voorwerpe van genade", en hoe betoon Jehovah lojaliteit teenoor hulle?



***Danksy Jehovah se lojaliteit het al sy getroue knegte 'n betroubare hoop vir die toekoms***

**Vrae om oor te peins**

**1 Samuel 24:1-22** Hoe het Dawid in sy handelinge met koning Saul die soort lojaliteit getoon wat Jehovah waardeer?

**Ester 3:7-9; 4:6–5:1** Hoe het Ester Goddelike lojaliteit teenoor haar volk geopenbaar, al het dit haar lewe in gevaar gestel?

**Psalm 136:1-26** Wat leer hierdie psalm ons omtrent Jehovah se lojale liefde?

**Obadja 1-4, 10-16** Hoe het Jehovah se lojaliteit teenoor sy volk hom beweeg om die Edomiete te straf vir hulle dislojale gedrag?

Koninkryk te wees (Matteus 19:28). Deur redding vir hierdie voorwerpe van genade moontlik te maak, het Jehovah lojaal gebly teenoor Abraham, aan wie hy hierdie verbondsbelofte gemaak het: "Deur middel van jou nageslag sal al die nasies van die aarde 'n seën vir hulleself verkry omdat jy na my stem geluister het." – Genesis 22:18.

21 Jehovah betoon soortgelyke lojaliteit teenoor "'n groot menigte" wat die vooruitsig het om uit "die groot verdrukking" te kom en om vir ewig op 'n paradysaarde te lewe (Openbaring 7:9, 10, 14). Hoewel sy knegte onvolmaak is, bied Jehovah hulle uit lojaliteit die geleentheid om vir ewig op 'n paradysaarde te lewe. Hoe doen hy dit? Deur middel van die losprys – die grootste blyk van Jehovah se lojaliteit (Johannes 3:16; Romeine 5:8). Jehovah se lojaliteit trek dié aan wat in hulle hart na regverdigheid smag (Jeremia 31:3). Voel jy nie nader aan Jehovah weens die intense lojaliteit wat hy betoon het en nog sal betoon nie? Aangesien dit ons begeerte is om nader aan God te kom, moet ons op sy liefde reageer deur ons voorneme te versterk om hom met lojaliteit te dien.

---

21. (a) Hoe betoon Jehovah lojaliteit teenoor "'n groot menigte" wat die vooruitsig het om uit "die groot verdrukking" te kom? (b) Wat beweeg Jehovah se lojaliteit jou om te doen?

# "Om die liefde van die Christus te ken"

HET jy al 'n seuntjie gesien wat soos sy pa probeer wees? Hy boots moontlik die manier na waarop sy pa loop, praat en optree. Die seun sal dalk mettertyd selfs sy pa se sedelike en geestelike waardes aanneem. Ja, die liefde en bewondering wat 'n seun vir 'n liefdevolle pa het, maak dat hy soos sy pa wil wees.

2 Wat van die verhouding tussen Jesus en sy hemelse Vader? 'Ek is lief vir die Vader', het Jesus by een geleentheid gesê (Johannes 14:31). Niemand anders kan Jehovah ooit liewer hê as hierdie Seun nie, wat by die Vader was lank voordat enige ander skepsel geskep is. Dié liefde het hierdie toegewyde Seun beweeg om soos sy Vader te wil wees. – Johannes 14:9.

3 In vroeëre hoofstukke van hierdie boek het ons bespreek hoe Jesus Jehovah se krag, geregtigheid en wysheid volmaak nagevolg het. Maar hoe het Jesus sy Vader se liefde weerspieël? Kom ons beskou drie fasette van Jesus se liefde – sy selfopofferende gees, sy tere medelye en sy vergewensgesindheid.

## "Niemand het groter liefde . . . nie"

4 Jesus het 'n uitsonderlike voorbeeld van selfopofferende liefde gestel. Selfopoffering beteken dat 'n mens die behoeftes en belange van ander op onselfsugtige wyse bo jou eie stel. Hoe het Jesus sulke liefde betoon? Hy het self verduidelik: "Niemand het groter liefde as iemand wat sy lewe vir sy vriende gee nie" (Johannes 15:13). Jesus het sy volmaakte lewe gewillig vir ons afgelê. Dit was die grootste liefdeblyk

---

1-3. (a) Wat het Jesus beweeg om soos sy Vader te wil wees? (b) Watter fasette van Jesus se liefde sal ons beskou?
4. Hoe het Jesus die grootste menslike voorbeeld van selfopofferende liefde gestel?

wat nog ooit deur 'n mens getoon is. Maar Jesus het ook op ander maniere selfopofferende liefde geopenbaar.

[5] In sy voormenslike bestaan het die eniggebore Seun van God 'n bevoorregte en verhewe posisie in die hemel gehad. Hy het hegte assosiasie met Jehovah en met 'n menigte geesskepsele geniet. Ondanks hierdie persoonlike voordele het hierdie geliefde Seun "alles opgegee en soos 'n slaaf geword en 'n mens geword" (Filippense 2:7). Hy het gewillig onder sondige mense kom lewe in 'n wêreld wat "in die mag van die Duiwel" is (1 Johannes 5:19). Was dit nie 'n liefdevolle opoffering deur God se Seun nie?

[6] Jesus het dwarsdeur sy aardse bediening op verskillende maniere selfopofferende liefde betoon. Hy was heeltemal onselfsugtig. Hy was so besig met sy bediening dat hy die normale geriewe waaraan mense gewoond is, prysgegee het. "Jakkalse het gate en voëls van die hemel het neste", het hy gesê, "maar die Seun van die mens het nêrens om sy kop neer te lê nie" (Matteus 8:20). As 'n vaardige timmerman kon Jesus van sy tyd gebruik het om vir hom 'n gerieflike huis te bou of om mooi meubels te maak om te verkoop sodat hy 'n bietjie ekstra geld kon hê. Maar hy het nie sy vaardighede gebruik om materiële dinge te verkry nie.

[7] 'n Waarlik roerende voorbeeld van Jesus se selfopofferende liefde is opgeteken in Johannes 19:25-27. Stel jou voor hoeveel dinge die middag van Jesus se dood swaar op sy verstand en hart moes gedruk het. Terwyl hy aan die folterpaal gely het, het hy hom bekommer oor sy dissipels, oor die predikingswerk en veral oor sy integriteit en hoe dit sy Vader se naam sou raak. Ja, die mensdom se hele toekoms het op sy skouers gerus! En tog het Jesus net oomblikke voor sy dood ook besorgdheid getoon oor sy ma, Maria, wat blykbaar toe

5. Waarom was dit 'n liefdevolle opoffering deur God se eniggebore Seun om die hemel te verlaat?

6, 7. (a) Op watter maniere het Jesus gedurende sy aardse bediening selfopofferende liefde betoon? (b) Watter roerende voorbeeld van onselfsugtige liefde is in Johannes 19:25-27 opgeteken?

al ’n weduwee was. Jesus het die apostel Johannes gevra om vir Maria te sorg asof sy Johannes se eie ma is, en die apostel het Maria daarna na sy huis geneem. So het Jesus reëlings vir sy ma se fisiese en geestelike welsyn getref. Wat ’n tere blyk van onselfsugtige liefde tog!

## “Hy het baie jammer . . . gevoel”

8 Soos sy Vader was Jesus medelydend. Die Skrif beskryf Jesus as iemand wat hom ingespan het om mense te help wat in nood verkeer, omdat hy baie jammer vir hulle gevoel het. Om Jesus se medelye te beskryf, gebruik die Bybel ’n Griekse woord wat weergegee word met “baie jammer . . . gevoel”. Een geleerde sê: “Dit beskryf . . . ’n emosie wat ’n mens tot in sy diepste wese raak. Dit is die sterkste woord in Grieks vir die gevoel van medelye.” Kyk na ’n paar situasies waarin Jesus deur diep medelye gedring is om op te tree.

9 *Beweeg om op geestelike behoeftes te reageer.* Die verslag in Markus 6:30-34 toon wat Jesus hoofsaaklik beweeg het om te wys dat hy baie jammer gevoel het vir mense. Stel jou die toneel voor. Die apostels was opgewonde, want hulle het pas ’n uitgebreide predikingsreis voltooi. Hulle het teruggekom by Jesus en gretig vertel wat hulle alles gesien en gehoor het. Maar ’n groot skare het bymekaargekom sodat Jesus en sy apostels nie eens tyd gehad het om te eet nie. Jesus, wat altyd opmerksaam was, het gesien dat die apostels moeg is. “Kom saam na ’n afgeleë plek waar julle alleen kan wees en ’n bietjie kan rus”, het hy vir hulle gesê. Hulle het in ’n boot geklim en oor die noordelike punt van die See van Galilea na ’n stil plek gevaar. Maar die skare het hulle sien vertrek. Ander het ook daarvan gehoor. Hulle het almal al langs die noordelike oewer gehardloop en nog voor die boot aan die ander kant gekom!

---

8. Wat beteken die Griekse woord wat die Bybel gebruik om Jesus se medelye te beskryf?
9, 10. (a) Watter omstandighede het Jesus en sy apostels ’n stil plek laat soek? (b) Hoe het Jesus gereageer toe sy privaatheid deur ’n skare versteur is, en waarom?

10 Was Jesus ontsteld dat sy privaatheid versteur is? Glad nie! Hy was diep geroer toe hy hierdie skare van duisende op hom sien wag. Markus het geskryf: "Hy [het] 'n groot skare gesien, en hy het baie jammer vir hulle gevoel, want hulle was soos skape sonder 'n herder. En hy het hulle baie dinge begin leer." Jesus het hierdie mense gesien as individue met geestelike behoeftes. Hulle was soos skape wat hulpeloos ronddwaal sonder enige herder om hulle te lei of te beskerm. Jesus het geweet dat die gevoellose godsdiensleiers, wat veronderstel was om liefdevolle herders te wees, die gewone mense verwaarloos het (Johannes 7:47-49). Sy hart het na die mense uitgegaan, en daarom het hy hulle "oor die Koninkryk van God" begin leer (Lukas 9:11). Let op dat Jesus baie jammer vir die mense gevoel het nog voordat hy hulle reaksie gesien het op wat hy hulle geleer het. Met ander woorde, tere medelye was nie die *gevolg* van sy onderrigting van die skare nie, maar eerder die *beweegrede* daarvoor.

11 *Beweeg om lyding te verlig.* Mense met verskillende kwale het besef dat Jesus medelye gehad het, en gevolglik het hulle tot hom aangetrokke gevoel. Dit was veral duidelik toe Jesus, met skares wat hom volg, deur 'n man "vol melaatsheid" genader is (Lukas 5:12). In Bybeltye is melaatses onder kwarantyn geplaas om ander mense teen besmetting te beskerm (Numeri 5:1-4). Met verloop van tyd het rabbynse leiers egter 'n hartelose beskouing van melaatsheid bevorder en hulle eie onderdrukkende reëls ingestel.* Maar let op hoe

* Rabbynse reëls het bepaal dat niemand nader as vier el (ongeveer 1,8 meter) aan 'n melaatse mag kom nie. Maar wanneer die wind gewaai het, moes die melaatse ten minste 100 el (ongeveer 45 meter) van ander bly. Die *Midrasj Rabba* vertel van een rabbi wat vir melaatses weggekruip het en van 'n ander wat melaatses met klippe gegooi het om hulle weg te hou. Melaatses was dus vertroud met die pyn van verwerping en die gevoel dat hulle verag word of onwelkom is.

11, 12. (a) Hoe is melaatses in Bybeltye beskou, maar hoe het Jesus gereageer toe hy deur 'n man "vol melaatsheid" genader is? (b) Hoe het Jesus se aanraking die melaatse moontlik laat voel, en hoe lig die ondervinding van 'n dokter dit toe?



Jesus die melaatse behandel het: "Daar het ook 'n melaatse na Jesus toe gekom, wat gekniel het en hom gesmeek het: 'As u net wil, kan u my gesond maak.' En omdat hy baie jammer gevoel het vir die man, het hy sy hand uitgesteek, aan hom geraak en vir hom gesê: 'Ek wil! Word gesond.' Sy melaatsheid het onmiddellik verdwyn" (Markus 1:40-42). Jesus het geweet dat die melaatse nie eens daar mag gewees het nie. Tog het Jesus hom nie weggestuur nie; hy was eerder so diep geraak dat hy iets ondenkbaars gedoen het. Jesus het hom aangeraak!

12 Kan jy jou voorstel wat daardie aanraking vir die melaatse moes beteken het? Kyk na 'n ondervinding om dit toe te lig. Dr. Paul Brand, 'n spesialis in melaatsheid, vertel van 'n melaatse wat hy in Indië behandel het. Gedurende die ondersoek het die dokter sy hand op die melaatse se skouer gesit en deur middel van 'n tolk verduidelik watter behandeling die man sou moes ondergaan. Skielik het die melaatse begin huil. "Het ek iets verkeerds gesê?" het die dokter gevra. Die tolk het die jong man in sy taal uitgevra en geantwoord: "Nee, dokter. Hy sê hy huil omdat jy jou hand om sy skouer gesit het. Totdat hy hierheen gekom het, het niemand in baie jare aan hom geraak nie." Vir die melaatse wat na Jesus toe gekom het, het dit selfs meer beteken dat hy aangeraak is. Ná daardie een aanraking het die siekte wat hom 'n uitgeworpene gemaak het, verdwyn!

13 *Beweeg om droefheid te verdryf.* Jesus is diep geraak deur ander se droefheid. Kyk byvoorbeeld na die verslag in Lukas 7:11-15. Dit het omtrent halfpad deur Jesus se bediening plaasgevind, toe hy die buitewyke van die Galilese stad Nain bereik het. Toe Jesus naby die stadspoort kom, het hy

---

13, 14. (a) Watter stoet het Jesus teëgekom toe hy naby die stad Nain gekom het, en wat het dit 'n besonder droewige situasie gemaak? (b) Wat het Jesus se medelye hom beweeg om vir die weduwee van Nain te doen?

***'Hy het sy hand uitgesteek en aan hom geraak'***

’n lykstoet teëgekom. Die omstandighede was besonder tragies. ’n Jong man, wat die enigste seun was, het gesterf, en die ma was ’n weduwee. Sy was waarskynlik al een keer tevore in so ’n stoet – dié van haar man. Hierdie keer was dit haar seun, wat dalk die enigste een was wat vir haar kon sorg. Die skare wat haar vergesel het, het moontlik bykomende rouklaers ingesluit wat klaagliedere gesing het en musikante wat treurige deuntjies gespeel het (Jeremia 9:17, 18; Matteus 9:23). Jesus se oë was egter gevestig op die bedroefde ma, wat ongetwyfeld naby die draagbaar geloop het waarop die lyk van haar seun gedra is.

14 Jesus het ‘baie jammer gevoel’ vir die bedroefde ma. Op ’n gerusstellende toon het hy vir haar gesê: “Hou op huil.” Hy het uit sy eie nader gegaan en aan die draagbaar geraak. Die draers – en moontlik die res van die skare – het gaan staan. Met ’n gesaghebbende stem het Jesus vir die lewelose liggaam gesê: “Jong man, ek sê vir jou: Staan op!” Wat het toe gebeur? “Die dooie man het regop gesit en begin praat” asof hy uit ’n diep slaap wakker gemaak is! Dan volg die uiters roerende woorde: “En Jesus het hom aan sy ma gegee.”

15 Wat leer ons uit hierdie verslae? Let in elke geval op die verband tussen medelye en optrede. Jesus kon nie die benarde situasie van ander aanskou sonder om baie jammer te voel nie, en hy kon nie sulke medelye voel sonder om op te tree nie. Hoe kan ons sy voorbeeld volg? As Christene het ons ’n verpligting om die goeie nuus te verkondig en om dissipels te maak. Ons word hoofsaaklik deur liefde vir God beweeg. Maar ons moet onthou dat hierdie werk ook medelye vereis. Wanneer ons, soos Jesus, meegevoel met mense het, sal ons hart ons beweeg om alles in ons vermoë te doen om die goeie nuus aan hulle bekend te maak (Matteus

---

15. (a) Watter verband tussen medelye en optrede kan gesien word in die Bybelverslae oor hoe jammer Jesus vir mense gevoel het? (b) Hoe kan ons Jesus in hierdie opsig navolg?

22:37-39). Wat van medelye met medegelowiges wat ly of treur? Ons kan nie fisiese lyding wonderdadig wegneem of die dooies opwek nie. Maar ons kan medelye daadwerklik betoon deur die inisiatief te neem om ons besorgdheid uit te spreek of gepaste praktiese hulp te verleen. – Efesiërs 4:32.

## "Vader, vergewe hulle"

16 Jesus het sy Vader se liefde op nog 'n belangrike manier volmaak weerspieël – hy het 'vryelik vergewe' (Psalm 86:5). Hierdie bereidwilligheid om te vergewe, was duidelik selfs toe hy aan die folterpaal gehang het. Waaroor het Jesus gepraat terwyl hy 'n skandelike dood in die gesig gestaar het en spykers sy hande en voete deurboor het? Het hy Jehovah aangeroep en hom gevra om sy teregstellers te straf? Inteendeel, van Jesus se laaste woorde was: "Vader, vergewe hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie." – Lukas 23:34.*

17 'n Voorbeeld van Jesus se vergifnis wat moontlik selfs aangrypender is, kan gesien word in die manier waarop hy met die apostel Petrus gehandel het. Daar bestaan geen twyfel dat Petrus Jesus baie liefgehad het nie. Op 14 Nisan, die laaste aand van Jesus se lewe, het Petrus vir hom gesê: "Here, ek is gereed om saam met u in die gevangenis in te gaan en

* Die eerste deel van Lukas 23:34 word uit sekere ou manuskripte weggelaat. Maar omdat hierdie woorde in baie ander gesaghebbende manuskripte verskyn, word dit in die *Nuwe Wêreld-vertaling* en talle ander vertalings ingesluit. Jesus het waarskynlik na die Romeinse soldate verwys wat hom doodgemaak het. Hulle het nie geweet wat hulle doen nie; hulle het nie geweet wie Jesus werklik was nie. Hy het dalk ook die Jode in gedagte gehad wat hom wou dood hê, maar wat later geloof in hom sou stel (Hand. 2:36-38). Die godsdiensleiers wat die aanstigters van die teregstelling was, was natuurlik baie laakbaarder, want hulle het doelbewus en kwaadwillig opgetree. Vir baie van hulle was geen vergifnis moontlik nie. – Johannes 11:45-53.

16. Hoe was Jesus se bereidwilligheid om te vergewe selfs duidelik toe hy aan die folterpaal gehang het?
17-19. Hoe het Jesus getoon dat hy die apostel Petrus vergewe het nadat hy drie keer gesê het dat hy hom nie ken nie?

selfs om saam met u te sterf." Maar net 'n paar uur later het Petrus drie keer ontken dat hy Jesus enigsins ken! Die Bybel vertel ons wat gebeur het toe Petrus dit die derde keer ontken het: "Die Here [het] omgedraai en reguit na Petrus gekyk." Verpletter deur die erns van sy sonde het Petrus "buitentoe gegaan en bitterlik gehuil". Toe Jesus later daardie dag gesterf het, het die apostel moontlik gewonder: 'Het my Here my vergewe?' – Lukas 22:33, 61, 62.

18 Dit was nie vir Petrus nodig om lank op 'n antwoord te wag nie. Jesus is die oggend van 16 Nisan opgewek, en blykbaar het hy Petrus daardie selfde dag persoonlik besoek (Lukas 24:34; 1 Korintiërs 15:4-8). Waarom het Jesus sulke spesiale aandag aan die apostel gegee wat so heftig ontken het dat hy hom ken? Jesus wou moontlik die berouvolle Petrus daarvan verseker dat sy Here hom nog liefhet en waardeer. Maar Jesus het nog meer gedoen om Petrus gerus te stel.

19 'n Ruk later het Jesus by die See van Galilea aan die dissipels verskyn. By hierdie geleentheid het Jesus Petrus (wat drie keer gesê het dat hy sy Here nie ken nie) drie keer gevra of Petrus hom liefhet. Ná die derde keer het Petrus geantwoord: "Here, u weet alles. U weet dat ek lief is vir u." Ja, Jesus, wat harte kan lees, was heeltemal bewus van Petrus se liefde en geneentheid vir hom. Maar Jesus het Petrus die geleentheid gegee om sy liefde te bevestig. Daarbenewens het Jesus Petrus beveel om sy 'skapies te voed' en 'as herder oor hulle toesig te hou' (Johannes 21:15-17). Petrus het vroeër 'n toewysing ontvang om te preek (Lukas 5:10). Maar nou, in 'n merkwaardige bewys van vertroue, het Jesus hom nog 'n gewigtige verantwoordelikheid gegee – om te sorg vir dié wat Christus se volgelinge sou word. Kort daarna het Jesus Petrus 'n belangrike rol in die bedrywighede van die dissipels gegee (Handelinge 2:1-41). Hoe verlig moes Petrus tog gewees het om te weet dat Jesus hom vergewe het en hom nog vertrou het!

## Vrae om oor te peins

**Matteus 9:35-38** Op watter belangrike manier het Jesus gewys dat hy baie jammer vir mense voel, of medelye met hulle het, en watter uitwerking moet dit op ons hê?

**Johannes 13:34, 35** Waarom is dit belangrik dat ons die liefde van die Christus weerspieël?

**Romeine 15:1-6** Hoe kan ons die onselfsugtige geestesgesindheid van Christus navolg?

**2 Korintiërs 5:14, 15** Hoe moet waardering vir die losprys ons lewensbeskouing, doelwitte en lewenswyse beïnvloed?

## Ken jy "die liefde van die Christus"?

20 Jehovah se Woord gee werklik 'n pragtige beskrywing van die liefde van die Christus. Maar hoe moet ons op Jesus se liefde reageer? Die Bybel spoor ons aan "om die liefde van die Christus te ken, wat beter is as alle kennis" (Efesiërs 3:19). Soos ons gesien het, leer die Evangelieverslae oor Jesus se lewe en bediening ons baie van Christus se liefde. Maar om "die liefde van die Christus" ten volle te ken, behels meer as om net te leer wat die Bybel oor hom sê.

21 Die Griekse term wat met "te ken" weergegee word, beteken om "prakties, deur ondervinding" te ken. Wanneer ons liefde betoon soos Jesus gedoen het – deur onselfsugtig ten behoewe van ander van onsself te gee, met medelye op hulle behoeftes te reageer, hulle uit ons harte te vergewe – dan kan ons sy gevoelens werklik verstaan. So leer ken ons deur ondervinding "die liefde van die Christus, wat beter is as alle kennis". En laat ons nooit vergeet nie: Hoe meer ons soos Christus word, hoe nader sal ons kom aan die een vir wie Jesus volmaak nagevolg het, ons liefdevolle God, Jehovah.

20, 21. Hoe kan ons "die liefde van die Christus" ten volle leer ken?

# "Hou aan om liefde te betoon"

"DIT maak 'n mens gelukkiger om te gee as om te ontvang" (Handelinge 20:35). Dié woorde van Jesus beklemtoon hierdie belangrike waarheid: Onselfsugtige liefde is op sigself lonend. Hoewel dit groot geluk verskaf om liefde te *ontvang,* verskaf dit selfs groter geluk om liefde aan ander te *gee,* of te *betoon.*

2 Niemand weet dit beter as ons hemelse Vader nie. Soos ons in die voorgaande hoofstukke van hierdie deel gesien het, is Jehovah die voortreflikste voorbeeld van liefde. Niemand het liefde op omvangryker maniere of oor 'n langer tydperk bewys as hy nie. Geen wonder dan dat Jehovah "die gelukkige God" genoem word nie. – 1 Timoteus 1:11.

3 Ons liefdevolle God wil hê dat ons soos hy moet probeer wees, veral wanneer dit by die betoning van liefde kom. Efesiërs 5:1, 2 sê vir ons: "Word . . . navolgers van God, as geliefde kinders, en hou aan om liefde te betoon." Wanneer ons Jehovah se voorbeeld van liefde navolg, ervaar ons die groter geluk wat dit verskaf wanneer 'n mens gee. Ons put ook bevrediging uit die wete dat ons Jehovah behaag, want sy Woord spoor ons aan "om mekaar lief te hê" (Romeine 13:8). Maar daar is nog ander redes waarom ons moet 'aanhou om liefde te betoon'.

## Waarom liefde noodsaaklik is

4 Waarom is dit belangrik dat ons liefde aan medegelowiges betoon? Kortom, liefde is die kern van ware Christelikheid. Sonder liefde kan ons nie 'n hegte band met mede-Christene hê nie, en nog belangriker, daarsonder is ons niks

1-3. Wat is die gevolg wanneer ons Jehovah se voorbeeld van liefde navolg?
4, 5. Waarom is dit belangrik dat ons selfopofferende liefde aan medegelowiges betoon?

werd in Jehovah se oë nie. Kyk hoe God se Woord hierdie waarhede beklemtoon.

5 Op die laaste aand van sy aardse lewe het Jesus vir sy volgelinge gesê: "Ek gee julle 'n nuwe gebod: Julle moet mekaar liefhê. Net soos ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê. So sal almal weet dat julle my dissipels is – as julle liefde vir mekaar het" (Johannes 13:34, 35). "Net soos ek julle liefgehad het" – ja, ons word beveel om dieselfde soort liefde as Jesus te betoon. In Hoofstuk 29 het ons gesien dat Jesus 'n voortreflike voorbeeld van selfopofferende liefde gestel het deur die behoeftes en belange van ander voor sy eie te stel. Ons moet ook onselfsugtige liefde openbaar, en dit moet so duidelik wees dat ons liefde selfs deur mense buite die Christengemeente gesien kan word. Ja, selfopofferende broederliefde is die kenmerk wat ons as ware volgelinge van Christus identifiseer.

6 Sê nou ons het 'n gebrek aan liefde? "As ek . . . geen liefde het nie", het die apostel Paulus gesê, "het ek 'n klinkende metaal of simbaal geword" (1 Korintiërs 13:1). 'n Klinkende simbaal veroorsaak 'n onaangename geraas. Wat van 'n klinkende metaal? Watter gepaste illustrasies tog! 'n Liefdelose persoon is soos 'n musiekinstrument wat 'n harde, steurende geluid maak wat 'n mens eerder afstoot as aantrek. Hoe kan so iemand 'n hegte verhouding met ander geniet? Paulus het ook gesê: "As ek . . . soveel geloof het dat ek berge kan verskuif, maar geen liefde het nie, is ek niks" (1 Korintiërs 13:2). Dink net, iemand wat geen liefde het nie, is "'n ronde nul", ondanks enige werke wat hy moontlik verrig! (*The Amplified Bible*). Is dit nie duidelik dat Jehovah se Woord groot waarde aan die betoning van liefde heg nie?

7 Maar hoe kan ons hierdie eienskap in ons handelinge met ander openbaar? Kom ons ondersoek Paulus se woorde

---

6, 7. (a) Hoe weet ons dat Jehovah se Woord groot waarde aan die betoning van liefde heg? (b) Op watter aspek van liefde vestig Paulus se woorde in 1 Korintiërs 13:4-8 die aandag?



***Liefde beweeg ons om vertroue in ons broers uit te spreek***

in 1 Korintiërs 13:4-8 om dit te beantwoord. Hierdie verse beklemtoon nie God se liefde vir ons of ons liefde vir God nie. Paulus het eerder die aandag gevestig op hoe ons liefde aan mekaar moet betoon. Hy het 'n beskrywing gegee van wat liefde is en wat dit nie is nie.

## Wat liefde is

8 *"Liefde is geduldig."* So, liefde beteken dat ons ander geduldig verdra (Kolossense 3:13). Het ons nie sulke geduld nodig nie? Omdat ons onvolmaakte mense is wat skouer aan skouer dien, is dit net realisties om te verwag dat ons Christenbroers ons soms sal irriteer en dat ons hulle soms sal irriteer. Maar geduld en verdraagsaamheid kan ons help om die ligte stampe en stote wat ons in ons handelinge met ander kry, te verwerk – sonder om die vrede van die gemeente te versteur.

---

8. Hoe kan geduld ons in ons handelinge met ander help?

9 *"Liefde is . . . goedhartig."* Goedhartigheid word deur behulpsaamheid en bedagsame woorde getoon. Liefde beweeg ons om na maniere te soek waarop ons goedhartigheid kan betoon, veral aan dié wat dit die nodigste het. Byvoorbeeld, 'n bejaarde medegelowige is dalk eensaam en het 'n bemoedigende besoek nodig. 'n Enkelma of 'n suster wat in 'n godsdienstig verdeelde huis woon, het miskien hulp nodig. Iemand wat siek is of deur moeilike tye gaan, het moontlik 'n behoefte aan vriendelike woorde van 'n lojale vriend (Spreuke 12:25; 17:17). Wanneer ons die inisiatief neem om op hierdie maniere goedhartigheid te betoon, bewys ons dat ons liefde opreg is. – 2 Korintiërs 8:8.

10 *"Liefde . . . is bly saam met die waarheid."* 'n Ander vertaling sê: "Die liefde . . . skaar hom met vreugde aan die kant van die waarheid." Liefde beweeg ons om die waarheid hoog te hou en om 'die waarheid met mekaar te praat' (Sagaria 8:16). As 'n geliefde byvoorbeeld 'n ernstige sonde begaan het, sal liefde vir Jehovah – en vir die oortreder – ons help om by God se standaarde te bly eerder as om die oortreding te probeer verberg, goed te praat of selfs leuens daaroor te vertel. Dit is wel soms moeilik om die feite te aanvaar. Maar as ons die belange van ons geliefde op die hart dra, sal ons wil hê dat hy God se liefdevolle dissipline moet ontvang en daarop moet reageer (Spreuke 3:11, 12). Daarbenewens wil ons, as liefdevolle Christene, "ons in alles eerlik gedra". – Hebreërs 13:18.

11 *"Liefde . . . verdra alles."* Hierdie uitdrukking beteken letterlik "dit bedek alles" (*Kingdom Interlinear*). Eerste Petrus 4:8 sê: "Die liefde bedek baie sondes." Ja, 'n Christen wat deur liefde gerig word, is nie gretig om die onvolmaaktheide en tekortkominge van sy Christenbroers openbaar te

---

9. Hoe kan ons goedhartigheid aan ander betoon?
10. Hoe help liefde ons om die waarheid hoog te hou en om die waarheid te praat, selfs wanneer dit nie maklik is nie?
11. Wat moet ons in verband met die tekortkominge van medegelowiges probeer doen, aangesien die liefde 'alles verdra'?

maak nie. In baie gevalle is die foute en tekortkominge van medegelowiges gering en kan dit met die mantel van liefde bedek word. – Spreuke 10:12; 17:9.

12 *"Liefde . . . glo alles."* Moffat se vertaling sê dat die liefde "altyd gretig is om die beste te glo". Ons is nie onnodig agterdogtig teenoor medegelowiges nie en bevraagteken nie al hulle beweegredes nie. Die liefde help ons "om die beste te glo" van ons broers en om hulle te vertrou.* Let op 'n voorbeeld in Paulus se brief aan Filemon. Paulus het geskryf om Filemon aan te spoor om die weglooperslaaf Onesimus, wat 'n Christen geword het, vriendelik te verwelkom wanneer hy terugkeer. Paulus het Filemon nie probeer dwing nie, maar het eerder 'n versoek op grond van liefde gerig. Hy het die vertroue uitgespreek dat Filemon die regte ding sou doen en gesê: "Ek is vol vertroue dat jy sal doen wat ek vra, en daarom skryf ek aan jou, want ek weet dat jy selfs meer sal doen as wat ek sê" (Vers 21). Wanneer liefde ons beweeg om sulke vertroue in ons broers uit te spreek, bring ons die beste in hulle te voorskyn.

13 *"Liefde . . . hoop alles."* Net soos die liefde vertroue openbaar, is dit ook hoopvol. Beweeg deur liefde, hoop ons die beste vir ons broers. As 'n broer byvoorbeeld "'n verkeerde rigting inslaan voordat hy daarvan bewus is", hoop ons dat hy sal reageer op liefdevolle pogings om hom reg te help (Galasiërs 6:1). Ons koester ook die hoop dat dié wat swak is in geloof, sal herstel. Ons is geduldig met hulle en doen alles in ons vermoë om hulle te help om weer sterk geloof op te bou (Romeine 15:1; 1 Tessalonisense 5:14). Selfs as 'n geliefde afdwaal, gee ons nie hoop op dat hy eendag tot besin-

---

* Christelike liefde is natuurlik geensins goedgelowig nie. Die Bybel vermaan ons: "[Pasop] vir dié wat verdeeldheid veroorsaak en ander laat struikel . . . , en vermy hulle." – Romeine 16:17.

---

12. Hoe het die apostel Paulus getoon dat hy die beste van Filemon geglo het, en wat kan ons uit Paulus se voorbeeld leer?
13. Hoe kan ons toon dat ons die beste vir ons broers hoop?

ning sal kom en tot Jehovah sal terugkeer soos die verlore seun in Jesus se illustrasie nie. – Lukas 15:17, 18.

14 *"Liefde . . . verduur alles."* Volharding stel ons in staat om standvastig te bly ondanks teleurstellings of ontberinge. Ons volharding word nie net buite die gemeente getoets nie. Soms word ons in die gemeente getoets. Omdat ons broers onvolmaak is, kan hulle ons soms teleurstel. 'n Onnadenkende opmerking kan ons gevoelens seermaak (Spreuke 12: 18). Miskien word 'n aangeleentheid in die gemeente nie hanteer soos ons dink dit hanteer moet word nie. Die gedrag van 'n gerespekteerde broer ontstel ons dalk en laat ons wonder: 'Hoe kan 'n Christen so optree?' Sal ons ons weens sulke situasies aan die gemeente onttrek en Jehovah ophou dien? Nie as ons liefde het nie! Ja, liefde voorkom dat ons ons so blind staar op die tekortkominge van 'n broer dat ons niks goeds meer in hom of in die gemeente as 'n geheel kan sien nie. Liefde stel ons in staat om aan God getrou te bly en die gemeente altyd te ondersteun ongeag wat 'n ander onvolmaakte mens sê of doen. – Psalm 119:165.

## Wat liefde nie is nie

15 *"Liefde is nie jaloers nie."* Ongepaste jaloesie kan veroorsaak dat ons afgunstig raak op wat ander het – hulle besittings, voorregte of vermoëns. Hierdie jaloesie is 'n selfsugtige, verwoestende emosie wat die vrede van die gemeente kan versteur as dit nie beheers word nie. Wat sal ons help om die neiging tot afguns te weerstaan? (Jakobus 4:5). In een woord, liefde. Hierdie kosbare eienskap kan ons help om bly te wees saam met ander wat blykbaar sekere voordele in die lewe het wat ons nie het nie (Romeine 12:15). Liefde help ons om nie afgehaal te voel as iemand geprys word oor 'n besondere vermoë of uitsonderlike prestasie nie.

---

14. Hoe kan ons volharding in die gemeente getoets word, en hoe sal liefde ons help om te reageer?
15. Wat is ongepaste jaloesie, en hoe help liefde ons om hierdie verwoestende emosie te vermy?

16 *"Liefde . . . praat nie groot nie, word nie trots nie."* Liefde weerhou ons daarvan om oor ons talente of prestasies te spog. Hoe kan ons, as ons ons broers werklik liefhet, gedurig spog oor wat ons in die bediening bereik of oor ons voorregte in die gemeente? Sulke grootpratery kan ander afbreek en hulle minderwaardig laat voel. Liefde laat ons nie spog oor wat God ons toelaat om in sy diens te doen nie (1 Korintiërs 3:5-9). Bowendien 'word liefde nie trots nie', of soos *The New Testament in Modern English* sê, dit "het nie 'n oordrewe beskouing van sy eie belangrikheid nie". Liefde voorkom dat ons te veel van onsself dink. – Romeine 12:3.

17 *"Liefde . . . gedra hom nie ongepas nie."* Iemand wat hom ongepas gedra, tree op 'n onbetaamlike of aanstootlike wyse op. Sulke gedrag is liefdeloos, want dit toon geen agting vir die gevoelens en welsyn van ander nie. Aan die ander kant is daar 'n minsaamheid in liefde wat ons beweeg om ander in aanmerking te neem. Liefde bevorder goeie maniere, gedrag wat God goedkeur en respek vir ons medegelowiges. Liefde sal dus nie toelaat dat ons ons skuldig maak aan "skandelike gedrag" – trouens, aan enige gedrag wat ons Christenbroers sal skok of aanstoot gee nie. – Efesiërs 5:3, 4.

18 *"Liefde . . . soek nie sy eie belang nie."* Die *Revised Standard Version* sê hier: "Die liefde dring nie daarop aan om sy sin te kry nie." 'n Liefdevolle persoon dring nie daarop aan dat alles op sy manier gedoen word, asof sy menings altyd reg is nie. Hy manipuleer ander nie deur sy oorredingskrag te gebruik totdat hy hulle uiteindelik kry om van mening te verander nie. Sulke eiesinnigheid openbaar 'n mate van trots, en die Bybel sê: "Trots lei tot ondergang" (Spreuke

---

16. Waarom sal ons nie spog oor wat ons in Jehovah se diens doen as ons ons broers werklik liefhet nie?
17. Hoe sal ons ander in ag neem as ons liefde het, en watter soort gedrag sal ons dus vermy?
18. Waarom dring 'n liefdevolle persoon nie daarop aan dat alles op sy manier gedoen word nie?

16:18). As ons ons broers werklik liefhet, sal ons hulle beskouings respekteer en sover moontlik toon dat ons bereid is om toe te gee. 'n Toegewende gees is in ooreenstemming met Paulus se woorde: "Laat elkeen nie sy eie voordeel bly soek nie, maar dié van die ander persoon." – 1 Korintiërs 10:24.

19 *"Liefde . . . raak nie gou kwaad nie . . . , hou nie boek van slegte dinge wat aan hom gedoen is nie."* Die liefde raak nie gou kwaad oor wat ander sê of doen nie. Dit is weliswaar doodnatuurlik om ontsteld te raak wanneer ander ons te na kom. Maar selfs wanneer ons rede het om ons te vererg, laat liefde ons nie kwaad *bly* nie (Efesiërs 4:26, 27). Ons sal nie boekhou van kwetsende woorde of dade asof ons dit in 'n register skryf sodat ons dit nie sal vergeet nie. Liefde beweeg ons eerder om ons liefdevolle God na te volg. Soos ons in Hoofstuk 26 gesien het, vergewe Jehovah wanneer daar 'n grondige rede daarvoor is. Wanneer hy vergewe, vergeet hy, dit wil sê, hy hou nie daardie sondes die een of ander tyd in die toekoms teen ons nie. Is ons nie dankbaar dat Jehovah nie boekhou van die slegte dinge wat ons doen nie?

20 *"Liefde . . . is nie bly oor onregverdigheid nie." The New English Bible* sê hier: "Die liefde . . . verlustig hom nie in ander se sondes nie." Moffat se vertaling sê: "Die liefde is nooit bly wanneer ander verkeerd doen nie." Die liefde skep geen behae in onregverdigheid nie; onsedelikheid is dus vir ons heeltemal onaanvaarbaar. Hoe reageer ons wanneer 'n medegelowige in sonde verstrik raak en as gevolg daarvan ly? Liefde sal keer dat ons ons daarin verbly, asof ons sê: 'Goed so! Hy verdien dit!' (Spreuke 17:5). Ons is egter bly wanneer 'n broer wat oortree het, stappe doen om van sy geestelike val te herstel.

---

19. Hoe laat liefde ons reageer wanneer ander ons te na kom?
20. Hoe moet ons reageer wanneer 'n medegelowige in oortreding verstrik raak en as gevolg daarvan ly?



*Jehovah se volk word geïdentifiseer deur hulle liefde vir mekaar*

## “’n Weg . . . wat ver beter is as enigiets anders”

21 *“Liefde faal nooit nie.”* Wat het Paulus met hierdie woorde bedoel? Soos die konteks toon, het hy die gawes van die gees bespreek wat die vroeë Christene gehad het. Hierdie gawes het gedien as tekens dat die pas gestigte gemeente God se guns geniet. Maar nie alle Christene kon genesings verrig, profeteer of in tale praat nie. Dit het egter nie saak gemaak nie; die wonderdadige gawes sou in elk geval eendag ophou. Maar iets anders sou bly, iets wat elke Christen kon aankweek. Dit was uitsonderliker, blywender as enige wonderdadige gawe. Trouens, Paulus het dit “’n weg . . .

---

21-23. (a) Wat het Paulus bedoel toe hy gesê het “liefde faal nooit nie”? (b) Wat sal in die laaste hoofstuk bespreek word?

### Vrae om oor te peins

**2 Korintiërs 6:11-13** Wat beteken dit om ons harte wyd oop te maak in ons geneenthede, en hoe kan ons hierdie raad toepas?

**1 Petrus 1:22** Hoe toon hierdie woorde dat ons liefde vir medegelowiges opreg en hartlik moet wees?

**1 Johannes 3:16-18** Hoe kan ons toon dat "die liefde vir God" in ons bly?

**1 Johannes 4:7-11** Wat is die sterkste beweegrede om liefde aan ons medegelowiges te betoon?

wat ver beter is as enigiets anders" genoem (1 Korintiërs 12:31). Wat was hierdie "weg . . . wat ver beter is as enigiets anders"? Dit was die weg van liefde.

22 Ja, die Christelike liefde wat Paulus beskryf het, "faal nooit nie", dit wil sê, dit sal nooit tot 'n einde kom nie. Vandag nog identifiseer selfopofferende broederliefde Jesus se ware volgelinge. Sien ons nie bewys van hierdie liefde in die gemeentes van Jehovah se aanbidders regoor die aarde nie? Hierdie liefde sal vir ewig duur, want Jehovah belowe ewige lewe aan sy getroue knegte (Psalm 37:9-11, 29). Laat ons steeds ons bes doen om 'aan te hou om liefde te betoon'. As ons dit doen, kan ons die groter geluk ervaar wat dit verskaf wanneer 'n mens gee. Wat meer is, ons kan vir ewig bly lewe – ja, bly liefhê – in navolging van ons liefdevolle God, Jehovah.

23 In hierdie laaste hoofstuk van die deel oor liefde het ons bespreek hoe ons liefde aan mekaar kan betoon. Maar in die lig van al die maniere waarop ons baat vind by Jehovah se liefde – asook by sy krag, geregtigheid en wysheid – kan ons ons gerus afvra: 'Hoe kan ek vir Jehovah wys dat ek hom waarlik liefhet?' Hierdie vraag sal in ons laaste hoofstuk bespreek word.

# 'Kom nader aan God, en hy sal nader aan jou kom'

DIT verskaf ouers groot vreugde om hulle pasgebore baba te sien glimlag. Hulle sit dikwels hulle gesig naby dié van die baba terwyl hulle liefkosend met hom gesels en vir hom glimlag. Hulle wil graag 'n reaksie sien. En kort voor lank kom dit – kuiltjies vorm in die baba se wange, sy lippe krul en 'n pragtige glimlag verskyn. Daardie glimlag is 'n unieke bewys van liefde, die ontluikende liefde van die baba in reaksie op die liefde van die ouers.

2 Die baba se glimlag laat ons aan iets belangriks in die menslike natuur dink. Ons natuurlike reaksie op liefde is liefde. Dit is nou maar eenmaal hoe ons gemaak is (Psalm 22:9). Namate ons groei, ontwikkel ons vermoë om op liefde te reageer. Miskien onthou jy hoe jou ouers, familielede of vriende liefde aan jou betoon het toe jy nog klein was. 'n Warm gevoel het in jou hart ontstaan, dit het gegroei en het tot dade gelei. Jy het hulle liefde beantwoord. Vind 'n soortgelyke proses in jou verhouding met Jehovah God plaas?

3 Die Bybel sê: "Ons het lief omdat hy ons eerste liefgehad het" (1 Johannes 4:19). In Deel 1 tot 3 van hierdie boek is jy daaraan herinner dat Jehovah God sy krag, sy geregtigheid en sy wysheid op liefdevolle maniere in jou belang uitgeoefen het. En in Deel 4 het jy gesien dat hy sy liefde vir die mensdom – en vir jou persoonlik – op merkwaardige maniere regstreeks betoon het. Nou ontstaan 'n vraag. In sekere sin is dit die belangrikste vraag wat jy jou kan afvra: 'Hoe sal ek op Jehovah se liefde reageer?'

---

1-3. (a) Wat kan ons van die menslike natuur leer deur die wisselwerking tussen ouers en hulle baba waar te neem? (b) Watter natuurlike proses vind plaas wanneer iemand liefde aan ons betoon, en watter belangrike vraag kan ons ons afvra?

## Wat dit beteken om God lief te hê

4 Jehovah, die Bron van liefde, weet goed watter groot krag liefde het om die beste in ander te voorskyn te bring. Ondanks die volgehoue opstandigheid van ontroue mense het hy dus bly vertrou dat party mense op sy liefde sou reageer. En miljoene het dan ook. Maar ongelukkig het die godsdienste van hierdie verdorwe wêreld verwarring onder mense veroorsaak oor wat dit beteken om God lief te hê. Tallose mense sê dat hulle God liefhet, maar hulle dink blykbaar dat sulke liefde bloot 'n gevoel is wat in woorde uitgedruk moet word. Liefde vir God begin miskien so, net soos 'n baba se liefde vir sy ouers aanvanklik deur 'n glimlag getoon word. Maar by volwassenes behels liefde meer.

5 Jehovah beskryf wat dit beteken om hom lief te hê. Sy Woord sê: "Die liefde vir God beteken dat ons sy gebooie gehoorsaam." Liefde vir God moet dus deur dade bewys word. Baie mense vind weliswaar nie die gedagte aan gehoorsaamheid baie aantreklik nie. Maar dieselfde vers voeg gerusstellend by: "En tog is [God se] gebooie nie swaar nie" (1 Johannes 5:3). Jehovah se wette en beginsels is bedoel om ons tot voordeel te strek, nie om ons te onderdruk nie (Jesaja 48:17, 18). God se Woord is vol beginsels wat ons help om nader aan hom te kom. Hoe so? Kom ons kyk na drie aspekte van ons verhouding met God. Dit behels kommunikasie, aanbidding en navolging.

## Kommunikasie met Jehovah

6 Hoofstuk 1 het begin met die vraag: "Kan jy jou voorstel dat jy 'n gesprek met God voer?" Ons het gesien dat dit nie

4. Waarom kan daar gesê word dat mense verward is oor wat dit beteken om God lief te hê?

5. Hoe beskryf die Bybel liefde vir God, en waarom behoort hierdie definisie tot ons hart te spreek?

6-8. (a) Hoe kan ons na Jehovah luister? (b) Hoe kan ons die Skrif laat *lewe* wanneer ons dit lees?

’n vergesogte idee is nie. Moses het in werklikheid so ’n gesprek gevoer. Wat van ons? Dit is nie nou Jehovah se tyd om sy engele te stuur om met mense te praat nie. Maar Jehovah het ’n uitstekende manier om vandag met ons te kommunikeer. Hoe kan ons na Jehovah luister?

7 Omdat “die hele Skrif . . . deur God geïnspireer [is]”, luister ons na Jehovah wanneer ons sy Woord, die Bybel, lees (2 Timoteus 3:16). Die psalmis het knegte van Jehovah dus aangespoor om dit “dag en nag” te doen (Psalm 1:1, 2). Dit verg groot inspanning van ons om dit te doen. Maar alle pogings in dié verband is die moeite werd. Soos ons in Hoofstuk 18 gesien het, is die Bybel soos ’n kosbare brief van ons hemelse Vader aan ons. Om dit te lees, moet dus nie ’n onaangename taak wees nie. Ons moet die Skrif laat *lewe* wanneer ons dit lees. Hoe kan ons dit doen?

8 Visualiseer Bybelverslae terwyl jy lees. Probeer om die Bybelkarakters as werklike mense te sien. Probeer om hulle agtergrond, omstandighede en beweegredes te verstaan. Dink dan diep na oor wat jy lees en vra jou vrae af soos: ‘Wat leer hierdie verslag my van Jehovah? Watter van sy eienskappe sien ek? Watter beginsel wil Jehovah hê moet ek leer, en hoe kan ek dit in my lewe toepas?’ Lees, peins en pas toe – as jy dit doen, sal God se Woord vir jou lewe. – Psalm 77:12; Jakobus 1:23-25.

9 Jehovah praat ook met ons deur middel van “die getroue en verstandige slaaf”. Soos Jesus voorspel het, is ’n klein groepie gesalfde Christenmans aangestel om gedurende hierdie moeilike laaste dae geestelike “voedsel op die regte tyd” te voorsien (Matteus 24:45-47). Wanneer ons lektuur lees wat saamgestel is om ons te help om akkurate kennis van die Bybel te verkry en wanneer ons Christelike vergaderinge en byeenkomste bywoon, word ons geestelik

9. Wie is “die getroue en verstandige slaaf”, en waarom is dit belangrik dat ons aandagtig na hierdie “slaaf” luister?

gevoed deur hierdie slaaf. Omdat dit Christus se slaaf is, pas ons Jesus se woorde wyslik toe: "Skenk . . . aandag aan *hoe* julle luister" (Lukas 8:18). Ons luister aandagtig, want ons erken die getroue slaaf as een van Jehovah se middele om met ons te kommunikeer.

10 Maar wat van kommunikasie met God? Kan ons met Jehovah praat? Dit is 'n ontsagwekkende gedagte. Gestel jy probeer die magtigste heerser in jou land nader om oor iets te praat wat jou kwel. Hoe waarskynlik is dit dat jy dit sal regkry? In party gevalle kan dit gevaarlik wees om dit selfs net te probeer doen! In die dae van Ester en Mordegai kon 'n persoon tereggestel word as hy die Persiese koning sonder 'n koninklike uitnodiging genader het (Ester 4:10, 11). Stel jou nou voor dat jy voor die Soewereine Heer van die heelal verskyn, in vergelyking met wie selfs die magtigste mense "soos sprinkane" is (Jesaja 40:22). Moet ons te bang wees om hom te nader? Glad nie!

11 Jehovah het 'n eenvoudige manier voorsien om hom vryelik te nader – gebed. Selfs 'n baie jong kind kan in Jesus se naam in geloof tot Jehovah bid (Johannes 14:6; Hebreërs 11:6). Tog stel gebed ons ook in staat om ons ingewikkeldste, intiemste gedagtes en gevoelens uit te spreek – selfs dié wat pynlik is en wat ons sukkel om in woorde uit te druk (Romeine 8:26). Dit help niks om Jehovah met hoogdrawende, deftige taal of met lang, omslagtige gebede te probeer beïndruk nie (Matteus 6:7, 8). Daarenteen stel Jehovah geen perke aan hoe lank of hoe dikwels ons met hom mag praat nie. Sy Woord nooi ons selfs om 'sonder ophou te bid'. – 1 Tessalonisense 5:17.

12 Onthou dat Jehovah alleen die "Hoorder van gebed" genoem word, en hy luister met opregte empatie (Psalm 65:2). Duld hy bloot die gebede van sy getroue knegte?

---

10-12. (a) Waarom is gebed 'n wonderlike gawe van Jehovah? (b) Hoe kan ons so bid dat dit Jehovah behaag, en waarom kan ons die vertroue hê dat hy ons gebede waardeer?

Nee, hy skep behae daarin. Sy Woord vergelyk sulke gebede met reukwerk, wat 'n soet, rustige geur laat opstyg wanneer dit gebrand word (Psalm 141:2; Openbaring 5:8; 8:4). Is dit nie bemoedigend om te dink dat ons opregte gebede eweneens na die Soewereine Heer opstyg en hom behaag nie? As jy dan nader aan Jehovah wil kom, moet jy dikwels, elke dag, nederig tot hom bid. Stort jou hart voor hom uit; moet niks verswyg nie (Psalm 62:8). Maak jou bekommernisse, jou vreugdes, jou dank en jou lof aan jou hemelse Vader bekend. Die band tussen jou en hom sal dan steeds al hoe sterker word.

## Aanbidding van Jehovah

13 Wanneer ons met Jehovah God kommunikeer, luister en praat ons nie bloot soos ons met 'n vriend of familielid sou doen nie. Kommunikasie met Jehovah is in werklikheid 'n daad van aanbidding, waardeur ons hom op eerbiedige wyse die eer gee wat hy volkome verdien. Ware aanbidding is ons hele lewe. Dit is hoe ons ons heelhartige liefde en toegewydheid aan Jehovah betoon, en dit verenig al Jehovah se getroue skepsele, hetsy in die hemel of op aarde. Die apostel Johannes het in 'n visioen 'n engel hierdie gebod hoor uitroep: "Aanbid . . . die Een wat die hemel en die aarde en die see en die fonteine gemaak het." – Openbaring 14:7.

14 Waarom moet ons Jehovah aanbid? Dink aan die eienskappe wat ons bespreek het, soos heiligheid, krag, selfbeheersing, geregtigheid, moed, genade, wysheid, nederigheid, liefde, medelye, lojaliteit en goedheid. Ons het gesien dat Jehovah die mees verhewe standaard van elke kosbare eienskap verteenwoordig. Wanneer ons die geheel van sy eienskappe probeer verstaan, besef ons dat hy baie meer as 'n groot, bewonderenswaardige Persoon is. Hy is

---

13, 14. Wat beteken dit om Jehovah te aanbid, en waarom is dit gepas dat ons dit doen?



***Christelike vergaderinge is genotvolle geleenthede om Jehovah te aanbid***

uiters glorieryk, oneindig hoër as ons (Jesaja 55:9). Jehovah is sonder twyfel ons regmatige Soewerein, en hy verdien beslis ons aanbidding. Maar hoe moet ons Jehovah aanbid?

15 Jesus het gesê: "God is 'n Gees, en dié wat hom aanbid, moet met gees en waarheid aanbid" (Johannes 4:24). Om God "met gees" te aanbid, moet ons sy gees hê en daardeur gelei word. Ons aanbidding moet ook in ooreenstemming met die waarheid, die akkurate kennis in God se Woord, wees. Ons het 'n kosbare geleentheid om Jehovah "met gees en waarheid" te aanbid wanneer ons saam met medeaanbidders vergader (Hebreërs 10:24, 25). Wanneer ons lofliedere aan Jehovah sing, saam tot hom bid en

---

15. Hoe kan ons Jehovah "met gees en waarheid" aanbid, en watter geleentheid bied Christelike vergaderinge ons?

na besprekings uit sy Woord luister en daaraan deelneem, toon ons liefde vir hom in rein aanbidding.

16 Ons aanbid Jehovah ook wanneer ons met ander oor hom praat en hom in die openbaar loof (Hebreërs 13:15). Ja, die verkondiging van die goeie nuus van Jehovah se Koninkryk is een van die grootste gebooie wat ware Christene opgelê is (Matteus 24:14). Ons gehoorsaam dit gretig, want ons het Jehovah lief. Wanneer ons dink hoe "die god van hierdie wêreld", Satan die Duiwel, "die verstande van die ongelowiges verblind" het en kwaadwillige leuens oor Jehovah versprei het, is dit dan nie ons innige begeerte om Getuies vir ons God te wees en hierdie laster reg te stel nie? (2 Korintiërs 4:4; Jesaja 43:10-12). En voel ons nie 'n begeerte in ons opwel om vir ander van Jehovah te vertel wanneer ons oor sy wonderlike eienskappe nadink nie? Daar kan inderdaad geen groter voorreg wees as om ander te help om ons hemelse Vader te leer ken en lief te kry soos ons hom ken en liefhet nie.

17 Ons aanbidding van Jehovah behels nog meer. Dit raak elke aspek van ons lewe (Kolossense 3:23). As ons Jehovah werklik as ons Soewereine Heer aanvaar, dan sal ons sy wil in alles probeer doen – in ons gesinslewe, ons sekulêre werk, ons handelinge met ander, ons vrye tyd. Ons sal Jehovah 'met ons hele hart', met integriteit, probeer dien (1 Kronieke 28:9). Sulke aanbidding laat geen ruimte vir 'n verdeelde hart of 'n dubbele lewe nie – dit wil sê om op skynheilige wyse voor te gee dat 'n mens Jehovah aanbid terwyl jy in die geheim ernstige sondes pleeg. Integriteit maak sulke skynheiligheid onmoontlik; liefde maak dit afstootlik. Vrees vir God sal ook help. Die Bybel verbind sulke ontsag met ons volgehoue hegte vriendskap met Jehovah. – Psalm 25:14.

---

16. Wat is een van die grootste gebooie wat ware Christene opgelê is, en waarom voel ons verplig om dit te gehoorsaam?
17. Wat behels ons aanbidding van Jehovah, en waarom moet ons met integriteit aanbid?

## Navolging van Jehovah

[18] Elke deel van hierdie boek het afgesluit met 'n hoofstuk oor hoe ons "navolgers van God, as geliefde kinders," kan word (Efesiërs 5:1). Dit is noodsaaklik om te onthou dat ons, hoewel ons onvolmaak is, waarlik die volmaakte manier kan navolg waarop Jehovah krag gebruik, geregtigheid uitoefen, in wysheid optree en liefde betoon. Hoe weet ons dat dit werklik moontlik is om die Almagtige na te volg? Onthou dat die betekenis van Jehovah se naam ons leer dat hy kan word wat hy ook al wil om sy voornemens te vervul. Hierdie vermoë vervul ons tereg met ontsag, maar is dit heeltemal buite ons bereik? Nee.

[19] Ons is na God se beeld gemaak (Genesis 1:26). Mense is dus anders as enige ander skepsel op aarde. Ons word nie bloot deur instink, gene of faktore in ons omgewing gedryf nie. Jehovah het ons 'n kosbare gawe gegee – vrye wil. Ondanks ons beperkings en onvolmaakthede is ons vry om te *kies* wat ons wil word. Verder moet ons onthou dat God se naam ook beteken dat hy sy aanbidders kan laat word wat hy ook al kies. So, wil jy 'n liefdevolle, wyse, regverdige persoon wees wat mag reg gebruik? Danksy die hulp van Jehovah se gees is dit presies wat jy kan word! Dink net aan al die goeie dinge wat jy daardeur kan bereik.

[20] Jy sal jou hemelse Vader behaag en sy hart bly maak (Spreuke 27:11). Jy kan Jehovah selfs 'in alles bly maak', want hy verstaan jou beperkings (Kolossense 1:9, 10). En terwyl jy aanhou om goeie eienskappe in navolging van jou geliefde Vader aan te kweek, sal jy met 'n groter voorreg geseën word. Jy sal 'n ligdraer wees in 'n donker wêreld wat van God vervreemd is (Matteus 5:1, 2, 14). Jy sal 'n aandeel daaraan hê om Jehovah se glorieryke persoonlikheid in die wêreld te weerspieël. Wat 'n eer is dit tog!

---

18, 19. Waarom is dit realisties om te dink dat onvolmaakte mense Jehovah God kan navolg?
20. Watter goeie dinge kan ons bereik wanneer ons Jehovah navolg?

## ‘Kom nader aan God, en hy sal nader aan jou kom’

21 Die eenvoudige aansporing wat in Jakobus 4:8 opgeteken is, is nie net ’n doelwit nie. Dit is ’n reis. Solank ons getrou bly, sal dié reis nooit eindig nie. Ons sal nooit ophou om steeds nader aan Jehovah te kom nie. Daar sal immers altyd meer wees om van hom te leer. Ons moenie dink dat hierdie boek ons alles van Jehovah geleer het nie. Ons het skaars begin om te bespreek wat die Bybel alles oor ons God sê! En selfs die Bybel vertel ons nie *alles* van Jehovah nie. Die apostel Johannes het veronderstel dat, as alles wat Jesus gedurende sy aardse bediening gedoen het, neergeskryf sou word, “die wêreld self nie die boekrolle wat geskryf is, sou kon bevat nie” (Johannes 21:25). As so iets van die Seun gesê kon word, hoeveel te meer dan van die Vader!

22 Al lewe ons vir ewig, sal ons nooit alles van Jehovah leer nie (Prediker 3:11). Dink dan aan die vooruitsig wat ons het. Nadat ons honderde, duisende, miljoene, ja, selfs

---

21, 22. Watter eindelose reis lê voor vir almal wat Jehovah liefhet?



***Mag jy altyd nader aan Jehovah kom***

**Vrae om oor te peins**

**Psalm 25:1-22** Hoe kan ons nader aan Jehovah kom, en watter vertroue kan ons dan hê?

**Hosea 6:3** Hoe toon hierdie vers dat dit inspanning verg en seëninge meebring om Jehovah te leer ken?

**Matteus 16:21-27** Wie se voorbeeld moet ons volg as ons Jehovah wil navolg, en watter gees moet ons openbaar?

**Openbaring 21:3, 4** Wat word jy beweeg om te doen as jy dink aan die seëninge wat Jehovah in die toekoms sal bring?

duisendmiljoene jare gelewe het, sal ons baie meer van Jehovah God weet as nou. Maar ons sal nog steeds voel dat daar 'n mag der menigte wonderlike dinge is om te leer. Ons sal gretig wees om meer te leer, want ons sal altyd rede hê om soos die psalmis te voel, wat gesing het: "Dit is vir my goed om nader aan God te kom" (Psalm 73:28). Die ewige lewe sal onbeskryflik sinvol en interessant wees – en om nader aan Jehovah te kom, sal altyd die lonendste aspek daarvan wees.

23 Mag jy nou op Jehovah se liefde reageer deur hom met jou hele hart, siel en verstand en met al jou krag lief te hê (Markus 12:29, 30). Mag jou liefde lojaal en onwankelbaar wees. Mag die besluite wat jy elke dag maak, van die kleinste tot die grootste, almal toon dat hulle deur dieselfde beginsel gerig word – naamlik dat jy altyd die weg sal kies wat jou tot 'n hegter verhouding met jou hemelse Vader sal lei. Mag jy bowenal steeds nader aan Jehovah kom, en mag hy steeds nader aan jou kom – tot in alle ewigheid!

---

23. Wat word jy aangemoedig om te doen?

Vir meer inligting gaan na **www.jw.org/af**
of kontak Jehovah se Getuies.